

SENDINGDRUKPERSE IN SUID-AFRIKA 1800 - 1875

'n Proefskrif ter verkryging van
die graad D. Phil. (Bibl.)
aangebied deur

P.J. Schutte, M.A. (Bibl.)

Potchefstroomse Universiteit vir C. H. O.
1969

VOORWOORD

1 Omvang

Onder die term „sendingdrukkers" word vir die doeleindes van hierdie studie verstaan 'n drukpers wat onder die beheer van 'n sendeling of 'n komitee van sendelinge was, wat die eiendom van 'n sendinggenootskap was, wat hoofsaaklik gebruik is om lektuur aan die sendingobjekte te voorsien, en waar die winsmotief heeltemal uitgeskakel was. Teen die einde van die tydperk onder behandeling het verskeie drukkerie as onderafdelings van industriële skole van sendings, met staatstoelae, op die toneel verskyn. Omdat sodanige drukkerie daarby ook nog private drukwerk onderneem het, was hulle nie sendingdrukperse in die ware sin van die woord nie. Nogtans is hulle werk en die bemoeiing van hulle eienaars in verband met lektuurvoorsiening aan die Bantoes en Kleurlinge in hierdie studie nie geïgnoreer nie. Toe die rol van die sendingperse haas uitgespeel was, het hulle 'n oorgang van die sendingperse na die kommersiële perse gevorm.

Die geskiedenis van sendingdrukperse in Suid-Afrika van 1800 tot 1875 is die geskiedenis van die sendelinge se bestudering van die verskillende volkstale, hulle vertaalwerk in daardie tale, en die druk van vertalings en ander werke. Prof. Venter het bevind dat dié drie sake, taalstudie, vertalings en drukwerk, hand aan hand gegaan het.¹⁾ Hierdie studie het dit bevestig dat die drie genoemde sake onafskeidbare komponente van die sendingpers is. Sonder die een was die ander nie moontlik nie.

1) Venter. Die rol van die drukpers, p.161; Id. Die rol wat die Engelse Kerke gespeel het, p.540.

Die sendelinge se eerste taak was om die verskillende volkstale tot skrif te reduseer. Voor hulle koms het 'n aantal reisigers enkele taalkundige waarnemings ten opsigte van die volkstale gedoen. Die bevindinge van die reisigers het eerwaarde Daniel Lindley laat opmerk: „Without being censorious, I may safely state that a great part of African travels might be put under three heads, Half true; not true at all; nonsense. These travelers have not published intentional mis-statements, but have erred in supposing that a residence of two days, or as many weeks with a naked savage people, was sufficient to give one a pretty good acquaintance with the men and things around him. How does he obtain information? Through an interpreter. What does the interpreter know?"²⁾ Lindley se woorde het betrekking op inligting deur reisigers in die algemeen, maar hulle geld ook vir die reisigers se taalkundige waarnemings.

In die eerste hoofstuk word 'n samevatting van die taalkundige waarnemings van reisigers gegee, met die doel om aan te toon dat hulle vir alle praktiese doeleindes in hierdie verband niks gedoen het nie. In die volgende hoofstuk word 'n oorsig van die sendelinge se taalstudies gegee. Waar dit van toepassing is, word vollediger inligting oor hierdie saak by die betrokke afdelings gegee. In hierdie oorsig is heelwat ruimte afgestaan aan eerwaarde John Appleyard se bydrae tot die vergelykende Bantoefilologie, en wel omdat dit van belang was vir alle Suid-Afrikaanse Bantoetale en dit gevolglik nie by een spesifieke afdeling later in die studie tuis hoort nie.

Omdat Bybelvertaling vir die sendelinge so 'n groot probleem was, word 'n oorsig van hulle probleme in hierdie verband in hoofstuk drie gegee.

2) Kotze. *Letters of the American missionaries*, p. 199.

Hulle vertaalwerk as sodanig, waarvan Bybelvertaling by verre die belangrikste en moeilikste was, word in die verskillende afdelings van hierdie studie behandel. Naas vertalings het die sendelinge ook oorspronklike werk in die verskillende volkstale gelewer, maar dit was van uiters geringe omvang en hoofsaaklik beperk tot elementêre skoolboekies en bydraes vir koerante in die volkstale. Van bydraes deur nie-blankes in hulle moedertale is daar ook haas geen sprake nie, behalwe weereens vir koerante.

In die verskillende afdelings word veel meer aandag aan die druk van die Bybel (waar dit van toepassing was) as aan die druk van ander werke gegee, omdat dit dié een groot ideaal van die sendelinge was. Dit was trouens die druk van die Bybel wat veroorsaak het dat die rol van die sendingperse nie eerder uitgespeel was nie. Teen die middel van die negentiende eeu was daar kommersiële drukperse binne die bereik van die sendelinge, waarop hulle die kleiner drukwerk soos skool- en liturgiese boeke kon laat druk. Teen ongeveer dieselfde tyd kon hulle ook die Bybel veel gouer en selfs goedkoper oorsee laat druk, maar dit was van belang dat die Bybel boek-vir-boek in die sendingveld gedruk word, sodat die sendelinge die proewe kon korrigeer, en elke boek in die praktyk uitgetoets kon word.³⁾ Rondom die jaar 1875 was die rol van die sendingpersers in hierdie verband uitgespeel en het hulle óf heeltemal verdwyn, óf die terrein van die kommersiële drukkerswese betree. Om hierdie rede, en ook omdat die fisiese omvang van hierdie studie andersins te groot sou wees, is die tydsbeperking op 1875 gestel.

3) Vgl. hoofstuk sewe, par.7.5 en hoofstuk tien, par.10.5.

Waar die een of ander aspek van die sendelinge se bedrywighede in verband met lektuurvoorsiening aan die nie-blankes meer ruimte in beslag geneem het as die ander aspekte, daar is dit bloot die geval omdat die sendelinge self in hulle werk en verslagdoening meer aandag daaraan gegee het. Omdat hierdie ondersoek die eerste van sy soort was, was dit die doel om die geskiedenis van sendingperse in sy geheel te ondersoek, sonder besondere verwysing na een spesifieke aspek daarvan. Vanuit 'n bibliografiese oogpunt beskou, was hierdie ondersoek teleurstellend, nie omdat die sendelinge nie gereeld opgawes van hulle publikasies verstrek het nie, maar omdat hulle selde die werklike titels daarvan opgegee het. In hulle notules en verslagdoening aan hulle genootskappe het hulle in die meeste gevalle slegs die aard van die publikasies omskryf, soos byvoorbeeld 'n kategismus, 'n leesboek of 'n liederbundel. Waar dit moontlik was, is hulle opgawes teen die gepubliseerde katalogi van die Greyversameling van boeke in Suid-Afrikaanse volkstale gekontroleer, en die aandag is op ontbrekings gevestig. Dit blyk egter dat die produkte van die sendingperse in die Bantoetale oor die algemeen goed bewaar gebly het.⁴⁾

2 Bronne

Die gewone bibliografiese hulpmiddele soos tydskrifindekse en bibliografieë het vir alle praktiese doeleindes niks opgelewer nie. Die gedrukte katalogus van die Missionary Research Library te New York⁵⁾ en 'n aantal studentebibliografieë van Suid-Afrikaanse universiteite het wel tot baie publikasies van en oor sendelinge in die betrokke tydperk in Suid-Afrika gelei,

4) Vgl. hoofstuk tien, par.10.5.

5) Dictionary catalog of the Missionary Research Library New York. Boston, G.K. Hall, 1968. 17 die.

maar oor die algemeen het sulke publikasies min oor die onderwerp onder behandeling bevat. Dit skyn asof die sendelinge om die een of ander rede baie beskeie was wanneer hulle oor hulle eie prestasies in verband met lektuurvoorsiening aan die sendingobjekte geskryf het. 'n Groot aantal reisbeskrywings sedert ongeveer 1820 is gelees, en hoewel verskeie reisigers by verafgeleë sendingstasies aangedoen het, het sendingdrukperse hulle skynbaar koud gelaat. Sommige het wel na sodanige perse verwys, maar 'n drukpers wat in die wildernis drukwerk in 'n byna barbaarse taal gelewer het, het hulle skynbaar nie naastenby so aangegryp nie, as byvoorbeeld die geklap met 'n ossweep op 'n Sondagoggend in plaas van die gebeier van 'n kerkklok.

Aan die ander kant was die gesamentlike katalogus van Suid-Afrikaanse proefskrifte en verhandelinge⁶⁾ 'n baie nuttige bibliografiese hulpmiddel. Deur middel hiervan is akademiese geskrifte veral op die terrein van die Suid-Afrikaanse Geskiedenis en die Opvoedkunde ten opsigte van die verskillende streke en inboorlingvolke opgespoor. Die voetnote en bibliografieë van sodanige geskrifte het tot waardevolle bronne, veral argivalia, gelei.

Twee baie nuttige bronne, waarna geen vorige verwysings in hierdie verband teëgekom is nie, is gevind sonder dat hulle gesoek is: die jaarverslae van die Religious Tract Society en van die British and Foreign Bible Society. In die vroeë stadium van die geskiedenis van die sendingperse, toe

6) Robinson, A.M.L. Katalogus van proefskrifte en verhandelinge vir grade deur die Suid-Afrikaanse universiteite goedgekeur. Kaapstad, 1943. Aangevul deur S.I. Malan en die Ferdinand Postma-Biblioteek, P.U. vir C.H.O., 1918-.

die klem nog hoofsaaklik op skoolwerk en die voorsiening van skoolboeke geval het, het die Tract Society hulp verleen aan die sendingperse by wyse van skenkings van papier en lettertypes. Wanneer die sendelinge om sodanige skenkings aansoek gedoen het, het hulle baie volledig verslag oor hulle taalstudie, vertaalwerk en die druk van die vertalings aan die Society gedoen. Uittreksels uit hierdie verslae is gereeld in die jaarverslae van die Society opgeneem. Toe daar op 'n latere stadium meer aandag aan die druk van die Bybel en Skrifgedeeltes gegee is, het dieselfde proses hom met die Bible Society herhaal.

Die argiewe van die verskillende sendinggenootskappe het waardevolle inligting opgelewer. Argivalia van die American Board of Commissioners for Foreign Missions word in die Natalse Argiefbewaarplek bewaar. Dié van die Wesleyaanse Sendinggenootskap en van die Mission Council of the Church of Scotland in South Africa is in die Cory-Biblioteek van die Rhodes-Universiteit gehuisves. Die inhoud van hierdie twee argiewe is baie gerieflik ontsluit in katalogi wat inskrywings vir elke afsonderlike item bevat. Die argief van die Londense Sendinggenootskap in Londen is tans op mikrofilm in die Kaapse Argiefbewaarplek beskikbaar. 'n Bruikbare indeks op hierdie argief, sowel as op die argiewe van twee ander genootskappe in Londen, is gepubliseer.⁷⁾

3 Bibliografie

Slegs die bronne waarna in die voetnote verwys is, is in die bibliografie opgeneem. Ander geraadpleegde bronne is weggelaat, nie alleen omdat dit

7) Hinchliff, P. Calendar of Cape missionary correspondence, 1800-1850. Pretoria, N.R.S.N., 1967. 255 p.

die bibliografie onnodig te lywig sou maak nie, maar ook omdat dit misleidend kan wees ten opsigte van die omvang van die literatuur oor die onderwerp onder behandeling. Ten opsigte van die enkele verwysings na Bybeltekste is daar met voetnootinskrywings volstaan. Om verwysing van die voetnote na die bibliografie te vergemaklik, is die inskrywings in die bibliografie in een alfabetiese volgorde gerangskik. Vir 'n aantal jaarverslae soos dié van die Glasgow Missionary Society en die Religious Tract Society is in die voetnote van afkortings soos G.M.S. en R.T.S. gebruik gemaak. Dieselfde afkortings gaan die inskrywings in die bibliografie vooraf. Inskrywings wat met sodanige afkortings begin, is by alfabetisering aan die begin van die betrokke letter geplaas.

4 Bedankings

Die toekenning van 'n bedrag van R500 deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, waardeur 'n deel van my verblyf-koste buite Potchefstroom tydens die ondersoek gedek is, word hiermee met opregte dank erken. Menings wat in hierdie proefskrif uitgespreek is, of gevolgtrekkings waartoe geraak is, moet in geen geval beskou word as 'n weergawe van die menings of gevolgtrekkings van die genoemde Raad nie.

Aan 'n groot aantal persone met wie ek onderhoude en korrespondensie gevoer het, en wat vriendelike hulp in biblioteke en argiewe aan my verleen het, betuig ek hiermee my dank. In hierdie verband wil ek spesiaal na die personeel van die Ferdinand Postma-Biblioteek, P.U. vir C.H.O., verwys. Geen moeite en onkoste om materiaal vir my te bekom, is ooit te groot geag nie.

Opregte dank word voorts aan prof. H.C. van Rooy, onder wie se leiding

hierdie studie onderneem is, betuig. Sy heldere insig en die simpatieke wyse waarop hy my belange op sy hart gedra het, word hiermee dankbaar vermeld. Ook aan dr. F.G. van der Riet en prof. J.S. du Plessis, wat as hulppromotors opgetree het, betuig ek my dank vir hulle raad en wenke. My opregte dank gaan ook aan mev. A. Lessing wat die tikwerk gedoen het.

Dit is met dankbaarheid dat ek kan vermeld dat my ouers tot in 'n baie hoë ouderdom gespaar is om die voltooiing van hierdie studie te belewe. Hulle volgehoue belangstelling was 'n inspirasie. Vir al hulle materiële opofferings, veral tydens my voltydse studie, betoon ek hiermee my nederige dank.

Ten slotte bedank ek graag my huisgenote wat op verskillende lewensterreine baie moes ontbeer ten einde hierdie ondersoek moontlik te maak. My vrou verdien spesiale dank vir die administratiewe hulp wat sy aan my verleen het.

Potchefstroom
Augustus 1969

INHOUDSOPGAWE

VOORWOORD

AFDELING A: TAAL- EN VERTALINGSPROBLEME 1-37

1 INBOORLINGTAAINSTUDIES VOOR DIE KOMS VAN SENDELINGE 1-11

- 1.1 Kennis van Hollands noodsaaklik 1
- 1.2 Aanleer van die volkstale 4
- 1.3 Taalkundige waarnemings van enkele reisigers 6
 - 1.3.1 Dr. Andrew Sparrman 6
 - 1.3.2 John Barrow 7
 - 1.3.3 Johannes Theodorus van der Kemp 7
 - 1.3.4 Heinrich Lichtenstein 8

2 BANTOETAALSTUDIES DEUR PIONIERSENDELINGE 12-24

- 2.1 Inleiding 12
- 2.2 Grammatikale en leksikografiese werk 13
 - 2.2.1 Xhosa 13
 - 2.2.1.1 John Bennie 13
 - 2.2.1.2 W.B. Boyce 15
 - 2.2.1.3 J.W. Appleyard 16
 - 2.2.2 Tswana 19
 - 2.2.2.1 James Archbell 19
 - 2.2.2.2 Eugène Casalis 20
 - 2.2.2.3 David Livingstone 21
 - 2.2.3 Zulu 21
 - 2.2.3.1 Hans Schreuder 22
 - 2.2.3.2 James Bryant 22

2.2.3.3 Lewis Grout 22

2.2.3.4 J.L. Döhne 23

3 PROBLEME IN VERBAND MET BYBELVERTALING 25-37

3.1 Inleiding 25

3.2 Ongeskrewe tale 26

3.3 Die noodsaaklikheid van Bybelvertaling 27

3.4 Vertalingsprobleme 30

3.4.1 Keuse van 'n alfabet 31

3.4.2 Vreemde woorde en uitdrukings 32

AFDELING B: DRUKWERK VIR DIE HOTTENTOTTE EN KLEURLINGE 38-130

4 HOTTENTOTTE 38-85

4.1 Herkoms 39

4.2 Die Bethelsdorpse pers 42

4.2.1 Die eerste sendingdruipers in Kaapstad 43

4.2.1.1 Die ontstaan van die Londense Sendinggenootskap 43

4.2.1.2 Die lewe van Van der Kemp tot 1799 44

4.2.1.3 Die stigting van die Suid-Afrikaanse Sendinggenootskap 46

4.2.1.4 Die druk van die brief van die Londense Sendinggenootskap 47

4.2.1.5 Die vonds in 1946 49

4.2.1.6 Die pers waarop die brief gedruk is 50

4.2.1.7 Gevolgtrekking 53

4.2.2 Die eerste sendingdrukkerwerk in die binneland 54

4.2.2.1 Taalprobleme en Van der Kemp se reis na die binneland 54

4.2.2.2 Drukkerwerk te Graaff-Reinet 57

4.2.2.3 Drukkerwerk te Bethelsdorp 60

4.3	Die Scheppmannsdorfse pers	74
4.3.1	Die stigting van die Rynse Sendinggenootskap	74
4.3.2	Taalprobleme	76
4.3.3	Drukwerk	80
5	KLEURLINGE	86-130
5.1	Herkoms en taal	86
5.2	Die Griekwastadse pers	94
5.3	Die Katrivierse pers	107
5.4	Die Genadendalse pers	112
5.4.1	Die Morawiese Broederkerk en Georg Schmidt	112
5.4.2	Taalprobleme	114
5.4.3	Die drukpers en sy produkte	116
AFDELING C: XHOSALITERATUUR		131-246
6	PIONIERSWERK VAN DIE SKOTSE SENDINGS	131-159
6.1	Sendelinge en sendingobjekte	131
6.2	Vroeë skoolonderrig	134
6.3	Taalstudies en vertalings	137
6.4	Geskiedenis van die Skotse sendingpers	145
6.5	Lovedale en Xhosaliteratuur	152
7	DIE WESLEYAANSE SENDINGPERS EN DIE XHOSABYBEL	160-246
7.1	Xhosataalwette ontdek en geformuleer	161
7.1.1	Tekortkominge van die tolke	161
7.1.2	Sukses met die studie van Xhosa	164
7.1.3	Vroegste drukwerk	170
7.2	Bybelvertaling	179

7.2.1	Vroegste pogings van die Wesleyane	180
7.2.2	Samewerking met ander genootskappe	182
7.2.3	Vertaalwerk aan Wesleyane oorgelaat	184
7.3	Die druk van die Xhosabybel	195
7.4	Die sogenoemde „Appleyard's Kafir Bible"	203
7.4.1	Bewerings in die „Introductory statement"	205
7.4.2	Appleyard se kritici en hulle mededeling	220
7.4.3	Die hersiening van Appleyard se hersiening van die Xhosabybel	240
7.5	Die verdere geskiedenis van die Wesleyaanse sendingpers	244

AFDELING D: DRUKWERK IN TSWANA EN SOTHO 247-321

8	DIE ONTSTAAN VAN 'N TSWANALITERATUUR	247-296
8.1	Die drukpers van die Wesleyaanse Betsjoeanasending	247
8.1.1	Die soektog na die Barolongstam	248
8.1.2	Die eerste drukwerk by Makwassie	251
8.1.3	Die drukpers by Platberg I	256
8.1.4	Thaba Nchu en Platberg II	258
8.2	Moffat en die Kurumanpers	266
8.2.1	Aanleer van Tswana	267
8.2.2	Onderwys en die opkoms van 'n leserspubliek	270
8.2.3	Vertaling en druk van die Bybel	279
8.2.4	Ander drukwerk	290
8.3	Die Anglikaanse sendingpers in die Oranje-Vrystaat	292
9	DIE SENDINGPERS VAN DIE PARYSE EVANGELIESE SENDING=GENOOTSKAP	297-321
9.1	Taalstudie	302
9.2	Die sendingpers by Berséba	305

9.3 Drukwerk by Betesda en Masitise 312

9.4 Mabilile se pers by Morija 313

9.5 Die sendingpers by Morija 317

9.6 Die Botshabelopers 320

AFDELING E: SENDINGPERSE IN NATAL EN ZULULAND 322-365

10 DIE SENDINGPERS VAN DIE AMERIKAANSE ZULUSENDING 322-348

10.1 Sendinggenootskap en sendingobjekte 322

10.2 Taalprobleme 324

10.3 Vroeë drukwerk 329

10.4 Hervatting van die sending- en drukwerk 334

10.5 Die Zulubybel 339

11 DRUKWERK DEUR SENDELINGE VAN DIE ANGLIKAANSE KERK 349-365

11.1 Biskop J.W. Colenso se pers 349

11.2 Die drukpers van dr. Henry Callaway 357

11.3 Ander perse van Anglikaanse sendelinge 363

BIBLIOGRAFIE 366-377

AFDELING A: TAAL- EN VERTALINGSPROBLEME

1 INBOORLINGTAALSTUDIES VOOR DIE KOMS VAN SENDELINGE

1.1 Kennis van Hollands noodsaaklik

Vir sendingwerk in Suid-Afrika aan die begin van die 19e eeu was kennis van die Hollandse taal 'n primêre vereiste. Die sendelinge het almal uit Europa en Amerika gekom, en slegs 'n klein persentasie van hulle was Hollandssprekend. In Suid-Afrika was Hollands die lingua franca, en dus ook die taal waarmee 'n mens met die meeste bevolkingsgroepe oor die weg kon kom. Die enigste mense wat met 'n mate van sukses as tolke gebruik kon word, was mense wat beide 'n Bantoetaal en 'n Europese taal kon praat, en is betrek uit die geledere van Hottentotte en Gqonas. As gevolg van hulle aanraking met blankes sowel as met die een of ander Bantoevolk kon sommige van hulle sogenoemde Hottentot-Hollands en 'n Bantoetaal praat. Om enigsins oor die weg te kom met die Hottentotte en Gqonas as tolke moes die sendelinge dus Hollands ken.¹⁾

Daarom is dit dat die pionierssendelinge met hulle aankoms in Suid-Afrika dadelik begin het om Hollands te leer. So het John Bennie van die Glasgowse Sendinggenootskap byvoorbeeld geen Hollands geken nie toe hy hom in November 1821 aan die Tyume ten ooste van die destydse Kaapkolonie gevestig het. Vroeg in 1822 kon hy egter reeds berig dat hy Hollands sodanig magtig is, dat hy deur medium daarvan kon preek en onderrig gee.²⁾

1) Shepherd. Lovedale and literature for the Bantu, p.1-2; G.M.S., 1823:8.

2) G.M.S., 1822:29.

Sommige sendinggenootskappe het hulle aspirant-sendelinge in Hollands onderrig nog voor hulle na Suid-Afrika gestuur is, want „over 't algemeen is de Hollandsche taal voor de Zendingen onmisbaar”.³⁾ So was die sendelinge van die Paryse Evangeliese Sendinggenootskap, wat die eerste sendelinge in Lesotho sou wees, t.w. Casalis, Arbousset en Gosselin, oorspronklik bestem om na Algiers te gaan, en met die oog daarop het hulle in Parys Arabies begin leer. Toe daar egter besluit is dat hulle na Suid-Afrika gestuur sou word, het hulle onmiddellik begin om Hollands te leer „such as is spoken by the Colonists at the Cape”.⁴⁾ Vanaf hulle aankoms in Suid-Afrika het hulle gereeld godsdiensoefeninge in Hollands vir hulle Hottentotdrywers gehou.⁵⁾ Enkele maande na hulle aankoms in Lesotho het Casalis aanddienste in Nederlands vir die geselskap van dr. Andrew Smith gehou.⁶⁾

Die Londense Sendinggenootskap het soveel waarde geheg aan kennis van die Hollandse taal dat elkeen van die eerste groepe sendelinge wat na Suid-Afrika gestuur is, vergesel was van een of meer Hollandssprekendes. By die eerste groep wat in 1799 hier aangeland het, was die twee Nederlanders J. T. van der Kemp en J. J. Kicherer, terwyl die tweede groep wat in 1800 voet aan wal gesit het, vergesél was van B. Tromp en A. A. van der Lingen.⁷⁾ Met hulle plasing in verskillende gebiede in Suid-Afrika was daar altyd een Hollandssprekende in elke groep. So is Van der

3) Groen van Prinsterer. Het Parijsche Zendinggenootschap werkzaam in Zuid-Afrika, p.22.

4) Casalis. My life in Basutoland, p.50.

5) Ibid., p.215.

6) Smith. The diary of dr. Andrew Smith... 1834-1836, 1:111.

7) Du Plessis. A history of Christian missions in South Africa, p.101, 105.

Kemp saam met Edmond na die oosgrens van die Kolonie om 'n sending=aksie onder die Xhosas en later onder die Hottentotte te begin, terwyl Kicherer saam met Edwards noordwaarts gegaan het om sendingwerk onder die Boesmans te doen.⁸⁾

Die verspreidwonende koloniste het ook gebaat by die pionierssendelinge se kennis van Hollands. Wanneer sendelinge op reis was en hulle op 'n boereplaas moes oornag, het hulle gereeld godsdiensoefeninge waargeneem. Boere op verafgeleë plase het sulke geleenthede met groot dankbaarheid benut. Hulle het hulle dankbaarheid nie alleen op 'n tasbare wyse bewys deur die aanbieding van vars spanne osse en geskenke nie, maar ook deur aandagtig te luister na die Woordbediening.⁹⁾ Selfs 'n man soos William Shaw wat van 1820 tot 1823 'n predikant van die Britse Setlaars was, en as sodanig seker nie veel rede gehad het om Hollands te leer nie, het dit as sy plig geag om ook aandag te skenk aan die gees=telike welsyn van die Hollandssprekende koloniste. So vroeg as September 1820 het hy in sy dagboek opgeteken dat hy homself nog nie bevoegd ag om 'n godsdiensoefening in Hollands waar te neem nie, hoewel hy die taal al goed kon lees en 'n gesprek daarin kon voer. Hy is egter van voorneme om sy kennis van Hollands so gou as moontlik te verbeter, „for I am anxious to impart to these Dutchmen some knowledge of God”.¹⁰⁾ Op Kersdag van dieselfde jaar het hy sy eerste preek in Hollands vir 'n groep Hottentotte op Grahamstad gelewer.¹¹⁾ Dis 'n bekende feit dat

8) Du Plessis, op.cit., p.103.

9) Clinton. The South African melting pot, p.17.

10) Shaw. Never a young man, p.31.

11) Ibid., p.32.

James Archbell vir 'n tydperk die geestelike bearbeiding van die Voortrekkers in die huidige Vrystaat behartig het. Die Amerikaner Daniel Lindley was selfs die voltydse predikant van die Voortrekkers in Natal.

1.2 Aanleer van die volkstale

Dit blyk uit die bostaande dat kennis van die Hollandse taal noodsaaklik was vir die pioniersendelinge. Indien hulle egter sukses wou behaal met die verkondiging van die Evangelie, en indien hulle die sendingobjekte verder geestelik wou opvoed deur die beskikbaarstelling van lektuur in die verskillende volkstale, moes hulle eenvoudig die betrokke volkstale aanleer. Daar was vir hulle wel twee weë om te volg: hulle kon hulle eie taal of Hollands vir die sendingobjekte leer en deur medium van daardie taal die sendingwerk doen, of hulle moes die taal van die sendingobjekte leer.¹²⁾ Die eersgenoemde weg is slegs in die geval van Hottentotte gevolg, en wel omdat hierdie ras sedert 1652 geleidelik ontstam is en selfs Kaapse Hollands as hulle taal aangeneem het. Toe die Morawiërs in 1792 die sendingwerk by Genadendal hervat het, kon die meeste van die Hottentotte minstens in 'n mate Hollands praat.¹³⁾ Ook in Namakwaland en Suidwes-Afrika het sommige sendelinge nie moeite gedoen om die Hottentot-taal te leer nie, omdat hulle vermoed het dat dit binnekort 'n „dooie” taal sou wees. In baie gevalle is skoolonderrig deur medium van Hollands gegaan.¹⁴⁾ In die geval van Bantoetale het die sendelinge die betrokke taal

12) Maurice. The history and administration of the education of the coloured peoples of the Cape 1652-1910, 2:178.

13) Baviaanskloof Diarium, Nov. 1792-Mrt. 1793.

14) Statement of the Committee of the Cape Town Auxiliary ... p.5-6.

van die sendingobjekte geleer. Aanvanklik kon die sendelinge die dienste van tolke nie ontbeer nie. Ten opsigte van materiële aangeleenthede het die tolke hulle ook goed van hulle taak gekwyd, maar in verband met godsdienslike sake het hulle vermoëns oor die algemeen te kort geskiet. Soos reeds aangetoon was die meeste van hulle Hottentotte. By die oudste sendingstasies soos Genadendal en Bethelsdorp het hulle 'n mate van onderwys ontvang. Opvoedkundig was hulle middelmatig toegerus, terwyl hulle karakters veel te wense oorgelaat het. „Their translations are best left to the imagination.”¹⁵⁾ Die Franse sendelinge in Lesotho het gekla dat hulle tolk feitlik niks geweet het van die taal van die godsdiens nie. In hierdie opsig was sy woordeskat feitlik beperk tot die woord „gebed”. Wanneer hulle gepraat het van geloof, skuldbelydenis of vroomheid het hy altyd teruggeval op die frase „moruti o re re rapele” (die sendeling sê ons moet bid). Op 'n keer het hy 'n sendeling laat sê, Christus is 'n saalmaker, omdat hy „Zaligmaaker” verwar het met „zadelmaaker.”¹⁶⁾

Dit alles dui daarop hoe noodsaaklik dit was dat sendelinge die volkstaal moes leer, veral as die sendingobjekte volke was wat totaal onbeskaafd was en geen letterkunde besit het nie. Verskeie pioniersendelinge het gekla dat hulle met 'n taal te doen het wat nog nooit voorheen tot skrif gereduseer is nie. Bennie van die Glasgowse Sendinggenootskap het aan sy hoofkantoor geskryf dat „the language of Caffraria has never been committed to writing.”¹⁷⁾ Volgens Shaw was daar geen „hieroglyphical or alphabetical signs in use among them (the Bantu) whereby the words of

15) Williams. When races meet, p.63-4.

16) Casalis, op.cit., p.213.

17) G.M.S., 1823:8.

their musical and copious language could be represented".¹⁸⁾ Dit is sekerlik waar dat hulle met tale te doen gehad het wat voorheen nog nie wetenskaplik bestudeer is nie, en dat hulle met ontsaglike taalkundige probleme geworstel het, ly geen twyfel nie. Om egter te beweer dat die een of ander Bantoetaal nog nooit voorheen geskryf is nie, is nie volkome korrek nie.

1.3 Taalkundige waarnemings van enkele reisigers

Teen die einde van die 18e eeu en die eerste dekades van die 19e eeu het verskeie reisigers Suid-Afrika deurreis en reisbeskrywings gepubliseer. Wanneer hulle beskrywings gee van die inboorlinge wat hulle teëkom, is dit logies om te verwag dat hulle ook een of ander beskrywing van die betrokke volkstaal sal gee. Verskillende binnelandse reisigers het dan ook woordelyste of ander inligting met betrekking tot die volkstale in hulle reisbeskrywings opgeneem. Wat hulle vir ons nagelaat het, is wel interessant, maar van weinig filologiese belang.

1.3.1 Een van die vroegste reisigers wat inligting oor Xhosa opgeteken het, is die Sweedse natuurkundige en reisiger dr. Andrew Sparrman.¹⁹⁾ Tussen die jare 1772 en 1776 het hy deur „the country of the Hottentots and Caffres" gereis, d.w.s. deur die gebied ten ooste van die destydse Kaapkolonie. In 'n aanhangsel tot die tweede deel van sy werk het hy 'n lys van 63 woorde opgeneem. Volgens Doke²⁰⁾ het Sparrman hierdie woorde

18) Shaw. The story of my mission, p. 537.

19) Sparrman. A voyage to the Cape of Good Hope... 1772-1776, 2:351-356.

20) Doke. Bantu language pioneers of the nineteenth century. Bantu Studies, 14:208-9, 1940.

verkeerd waargeneem en opgeteken. Ook sy opmerkings in verband met die klikklanke in Xhosa is foutief as hy onder andere opmerk dat die Xhosas nie soos die Hottentotte 'n geluid met die tong teen die verhemelte maak nie, maar dat hulle hulle woorde op 'n manlike en duidelike wyse, gewoonlik met 'n sterk aksent op die voorlaaste lettergreep uitspreek. Sparrman se aantekeninge is van geen filologiese waarde nie, en sy kort woordelys is slegs van historiese belang as die vroegste woordelys van Xhosa. Pioniersendelinge kon niks baat by sy waarnemings nie.

1.3.2 Terwyl hy die privaatsekretaris van Lord Macartney aan die Kaap was, het John Barrow²¹⁾ op verskillende plekke in sy reisbeskrywing 'n totaal van 34 Xhosawoorde met Hottentotwoorde vergelyk. Net soos die latere sendelinge het hy beslis ook ortografiese probleme gehad, want hy skryf bv. ooloanje vir ulwandle, ens. Nogtans is sy woorde herkenbaar vir 'n kenner van Xhosa. Hy het skynbaar nie veel moeite gedoen met Xhosa nie, en hy volstaan dan ook met die opmerking dat „their language appears to be the remains of something far beyond that of any savage nation". Volgens hom verskil Xhosa net so veel van Hottentots as wat laasgenoemde van Engels verskil.²²⁾

1.3.3 Die volgende persoon wat die een en ander oor Xhosa opgeteken het, is Johannes Theodorus van der Kemp. Hoewel hy nie 'n reisiger in die enger sin van die woord was nie, het hy as een van die eerste sendelinge van die Londense Sendinggenootskap in Suid-Afrika vanaf 1799 tot 1801 vir altesame ongeveer elf maande in die gebied van die Xhosakaptein

21) Barrow. Travels into the interior of Southern Africa. Veral 1:173.

22) Ibid., p.172.

Ngqika (Gaika) gereis en vertoef.²³⁾ In hierdie tyd het hy waarnemings in verband met Xhosa gedoen en opgeteken. Van der Kemp het later 'n kenner van die Hottentottaal geword en tussen 1801 en 1804 'n paar elementêre boekies en 'n kategismus in daardie taal gedruk. Sy kennis van Xhosa was egter karig. Sy waarnemings wat hy in verband met hierdie taal opgeteken het, bestaan vandag nog in die oorspronklike manuskripvorm²⁴⁾ en word in die Grey-versameling van die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad bewaar. Hierdie manuskrip beslaan iii en 9 bladsye waarvan p.i-iii die alfabet en reëls vir uitspraak bevat. Die volgende nege bladsye met vier kolomme per bladsy is 'n woordelys van ongeveer 600 woorde. Sy ortografie is vreemd, en vir die klikklanke gebruik hy die syfers 1, 2 en 3 wat bokant sekere letters geplaas word. Hierdie dokument is egter slegs van historiese waarde.

1.3.4 Heinrich Lichtenstein²⁵⁾ het belangrike waarnemings en opmerkings in verband met Xhosa gemaak. Aan die einde van deel 1 van sy reisbeskrywing verskyn 'n aanhangsel „Remarks upon the language of the Koossas accompanied by a vocabulary of their words” waarvan die bladsye ongenommer is. Hierin bespreek hy die uitspraak van Xhosaklanke en dui ook die klikklanke aan met die nommers 1, 2 en 3 „over the syllable which is so pronounced”. Hy kom tot die belangrike gevolgtrekking dat die Xhosaklikklanke oorgeneem is uit „Gonaaqua Hottentot”. Hoewel hy erken dat hy heelwat inligting van Van der Kemp verkry het, het hy tog 'n rede=

23) Clinton, op.cit., p.16.

24) Specimens of y^e Kaffra language.

25) Lichtenstein. Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806.

like diepgaande studie van Xhosa gemaak. Dit lei 'n mens af uit sy opmerkings oor die werkwoord is. Hy sê onder andere dat ek is nie in Xhosa uitgedruk kan word nie. „In a circumstance to be related, it is sufficient to put the personal pronoun to the word descriptive of the circumstance, without any intermediate verb." Aan die einde van die aanhangsel volg 'n sistematiese woordelys asook 'n lys van uitdrukkings. Van al die woordelyste van reisigers is dié van Lichtenstein die belangrikste.

Lichtenstein was ook verantwoordelik vir die vroegste woordelys in Tswana.²⁶⁾ In aanhangsel nr. 2 aan die einde van deel 2 van sy reisbeskrywing gee hy inligting oor Tswana onder die opskrif „Upon the language of the Beetjuans". Hy merk onder andere op dat, hoewel dit gesê word dat Tswana 'n dialek van die „Koossa"-taal is, vind 'n mens dat die verskille tussen die twee tale net so groot is as tussen twee dialekte van enige Europese taal. „The snorting of the Hottentots does not prevail among the Beetjuans." Sy woordelys het hy uit die mond van die Batswana self opgeteken.

Ook John Campbell²⁷⁾ het 'n aantal „Bootchuana words" in sy reisbeskrywing aangeteken. Dit beslaan ongeveer tagtig inskrywings van algemene terme en getalle en is van weinig filologiese waarde.

Hoewel sy reisbeskrywing verskyn het op 'n stadium toe verskeie sendelinge al met Tswana geworstel het, kan die bydrae van Burchell²⁸⁾ nie

26) Ibid., 2:477-88.

27) Campbell. Travels in South Africa... 2nd ed. p.221-2.

28) Burchell. Travels in the interior of Southern Africa. 2 dle.

oor die hoof gesien word nie. Hy het minstens die probleem van die so-
 genaamde allitererende konsonansie in Bantoetaale besef - iets waarmee
 die sendelinge veral ten opsigte van Xhosa jarelank sou worstel - hoewel
 hy die sleutel daartoe nie gesnap het nie, soos bv. uit die volgende op=
 merkings blyk: „ It would appear either that this people's love of euphony
 or smoothness of sound, induces them ... very frequently to sacrifice
 grammatical precision; or that this language possesses a variety of in=
 flections which follow perhaps no rule but that of present custom... The
 plural numbers of nouns are very frequently formed in a manner which
 appears reducible to no general form; and in substituting one letter for
 another, great licences are taken". ²⁹⁾ Hy gee ook 'n Tswana/Engelse
 lys van woorde en uitdrukkings, en hoewel die ortografie vreemd is, is
 die inligting betroubaar.

Dit val buite die omvang van hierdie studie om volledig na alle gramma=
 tikale en leksikografiese pogings van reisigers te verwys. Uit die be=
 staande voorbeelde blyk dit dat daar voor die koms van die pioniersende=
 linge wel iets in hierdie verband gedoen is. Dit is egter ook net so dui=
 delik dat die sendelinge wel deeglik rede gehad het om te kla dat hulle met
 tale te doen het wat in die lug sweef. Met behulp van die taalkundige inlig=
 ting wat deur reisigers opgeteken is, sou geen mens ooit 'n Bantoetaal
 kon leer nie.

Die eintlike Bantoetaalpioniers was die eerste sendelinge wat hulle in die
 verskillende streke van Suid-Afrika gevestig het. Met hulle koms het 'n
 tydperk begin waarin die Bantoetaale van Suid-Afrika tot vandag toe nog in=
 tensief bestudeer word. Aangesien hulle taalkundige bydraes in latere

29) Ibid., p.582-3.

hoofstukke vollediger bespreek sal word, sal dit in die volgende hoof=
stuk slegs opsommenderwys gedoen word.

2 BANTOETAALSTUDIES DEUR PIONIERSENDELINGE

2.1 Inleiding

Romeinse soldate het Christus aan die kruis vasgespyker. Die Evangelie van verlossing wat Hy gebring het, het aanvanklik versprei langs paaie wat deur dieselfde Romeinse soldate gebou is. In verskeie ander wêrelddele, soos die Ooste, het die Evangelie op die spoor van die beskawing gevolg. In Suid-Afrika, soos trouens in feitlik die hele Afrika, het die Evangelie en die beskawing hand aan hand gegaan. Sendelinge was die eerste blankes om nie-blanke gebiede binne te dring en daadwerklike pogings aan te wend om, naas Evangelieverkondiging, ook die nie-blankes te beskâaf. Indien hulle enige sukses met hulle sendingwerk wou behaal, moes hulle vir die sendingobjekte skoolonderrig gee. Sodra laasgenoemde kon lees en skryf, kon die drukpers as nuttige hulpmiddel ingespan word.

Hiervoor moes die sendelinge die Bantoetale aanleer. Dit is relatief maklik om 'n taal wat reeds 'n geskrewe letterkunde besit, aan te leer. Daarom het die pioniersendelinge dit noodsaaklik geag om die taalwette wat die Bantoetale beheer, vas te stel en grammatikas en woordeboeke saam te stel. Daardeur sou hulle nie alleen in staat gestel word om lektuur aan die Bantoe te voorsien nie, maar dit sou ook die sendelinge wat ná hulle kom, in staat stel om die betrokke tale wetenskaplik te bestudeer. Dit het dan ook gebeur dat latere sendelinge by hulle aankoms op die sendingveld reeds 'n redelike teoretiese kennis van die betrokke taal gehad het. Toe die Wesleyaanse sendeling W. J. Davis Engeland in 1839 besoek het, moes hy daar toesig hou oor die druk van 'n nuwe uitgawe van Boyce se Kaffir Grammar. Met sy terugkeer in dieselfde jaar saam met 'n groep nuwe sendelinge het hy hulle daaglik gedurende die seereis

in Xhosa onderrig gegee.¹⁾

In die latere afdelings, waar dit van toepassing is, sal meer besonderhede oor sendelinge se studie van die verskillende Bantoetale gegee word. Die bedoeling is om hier slegs 'n oorsigtelike beeld te gee van die grammatikale en leksikografiese werk van daardie sendelinge wat pioniers in die verskillende gebiede was.

2.2 Grammatikale en leksikografiese werk

2.2.1 Xhosa

Xhosa is een van die eerste Suid-Afrikaanse Bantoetale wat wetenskaplik bestudeer is.

2.2.1.1 Die eerste persoon wat 'n wetenskaplike studie van hierdie taal onderneem het, was John Bennie van die Glasgowsse Sendinggenootskap. Hy word dan ook tereg genoem „the father of Kafir literature”.²⁾ Hy het in November 1821 sendingwerk aan die Tyumerivier in Kafferland begin doen. Reg van die begin af het hy hom beywer om Xhosa magtig te raak en woorde versamel vir 'n woordeboek.³⁾ So vroeg as 18 November 1824

- 1) Doke. Bantu language pioneers of the nineteenth century. Bantu Studies, 14:220, 1940.
- 2) Godfrey. Rev. John Bennie, the father of Kafir literature. Bantu Studies, 8:123-34, 1934. Die woord „Kaffer” is van Arabiese oorsprong en beteken „ongelowige”. In die literatuur van die 19e eeu is hierdie woord gebruik om die Xhosaspreekende Bantoe en hulle taal aan te dui. Hulle land was bekend as „Kafferland”. Die inwoners en hulle taal sal in hierdie werk aangedui word met die term „Xhosa”, terwyl die naam „Kafferland” behou word omdat dit 'n historiese naam is wat 'n spesifieke gebied ten ooste van die 19e eeuse Kaapkolonie omskryf.
- 3) G.M.S., 1822:30; Shepherd. Lovedale and literature for the Bantu, p.2.

het hy berig dat hy die samestelling van 'n uitgebreide en sistematiese woordelys van Xhosa ontwerp het.⁴⁾ In 1826 het die werk verskyn onder die titel A systematic vocabulary of the Kaffrarian language in two parts; to which is prefixed an introduction to Kaffrarian grammar.⁵⁾ Die werk is op die Glasgowse sendingpers te Lovedale gedruk en beslaan 12 en 92 bladsye. Die grammatiese afdeling (p.1-12) handel hoofsaaklik oor uitspraak. Die tweede afdeling (p.1-92) met die opskrif „Kaffers and English” is die woordelys.

Behalwe hierdie gedrukte werk bestaan daar ook nog 'n grammatika in manuskrip van Bennie uit die jaar 1832.⁶⁾ Hierdie manuskrip getuig daarvan dat Bennie sy taalkundige navorsing baie verder gevoer het as wat sy gedrukte werkies weerspieël. Op verskeie plekke blyk dit dat hy op die punt was om die allitererende konsonansie te ontdek, maar dit het steeds buite sy bereik gebly. Sonder hierdie sleutel om die geheim van Xhosa te ontsluit, het hy onnodig te veel tyd en ruimte afgestaan aan reëls en uitsonderings. Binne 'n jaar of twee na die skryf van sy (Bennie se) grammatika sou W.B. Boyce⁷⁾ egter die geheim van die allitererende konsonansie opklaar in die eerste volledige, gedrukte Xhosagrammatika. Bennie was die eerste persoon wat die term „klas” in verband met selfstandige naamwoorde gebruik het. Oorspronklik het hy veertien naam=

4) G.M.S., 1825:(28); Godfrey, op.cit., p.123; Shepherd, op.cit., p.4.

5) 'n Kopie van hierdie werk word bewaar in die Greyversameling van die Suid-Afrikaanse Biblioteek.

6) Dit word bewaar in die Biblioteek van die Universiteitskollege van Fort Hare.

7) Kyk par. 2.2.1.2.

woordklasse vir Xhosa gehad.⁸⁾ Behalwe die manuskripgrammatika het Bennie ook manuskripgedeeltes van 'n „Kafir-English Dictionary” en 'n „English-Kafir Dictionary” nagelaat. Meer as 1200 van sy woorde is opgeneem in die tweede druk van A. Kropf se „A Kafir-English dictionary”, 1915.⁹⁾

2.2.1.2 Die eerste volledige gepubliseerde Xhosagrammatika staan tot die krediet van die Wesleyaanse sendeling W.B. Boyce, nl. sy Grammar of the Kafir language. Die werk beslaan viii en 54 bladsye en is die eerste belangrike boek wat op die Wesleyaanse sendingpers te Grahamstad in 1834 gedruk is.¹⁰⁾ Boyce word vandag onthou as die ontdekker van die allitererende konsonansie, of soos die sendelinge dit genoem het, die „euphonic concord”.¹¹⁾ In die voorwoord erken Boyce die hulp wat hy ontvang het van die sendelingseun Theophilus Shepstone. Die laasgenoemde, wie se vader ook 'n Wesleyaanse sendeling in Kafferland was, het van kleins af Xhosa gepraat. Na die koms van Boyce in 1830 het Theophilus by hom ingewoon om as tolk op te tree. In ruil vir sy dienste as tolk moes Boyce hom help met sy studie.¹²⁾

Hoewel Appleyard in 1850 'n omvattende Xhosagrammatika gepubliseer het,¹³⁾ het die werk van Boyce verskeie drukke beleef. Die drukke van

8) Doke, op.cit., p.217.

9) Godfrey, op.cit., p.132.

10) Shaw. The story of my mission, p.546.

11) Vir 'n vollediger bespreking van hierdie probleem, kyk hoofstuk sewe, par. 7.1.2.

12) Shaw, op.cit., p.544-5.

13) Kyk par. 2.2.1.3.

1839, 1844 en 1863 het steeds onder die naam van Boyce verskyn, maar W. J. Davis het dit geredigeer. In 1872 het dit onder die naam van Davis verskyn. Hierdie werk het vir baie jare die populêre praktiese handboek gebly vir studente in Xhosa, terwyl die werk van Appleyard beter geskik was vir gevorderde studente in Bantoeofilologie.¹⁴⁾ Afgesien van die vroeë pogings van Bennie, was Davis verantwoordelik vir die eerste werklike Xhosawoordeboek. In 1872 het sy Dictionary of the Kaffir language en in 1877 sy English and Kaffir dictionary verskyn.

2.2.1.3 Die uitstaande sendeling-grammatikus was die Wesleyaanse sendeling J. W. Appleyard. In 1840 het hy sendingwerk in Kafferland begin doen, maar weens sy swak gesondheid is daar besluit dat hy die superintendent van die Wesleyaanse pers- en vertalingsafdeling word.¹⁵⁾ Dit het hom in staat gestel om 'n behoorlike studie van Xhosa en vergelykende Bantoeofilologie te maak. Hy het heel gou 'n baie goeie begrip van inboorlingtale getoon sodat hy in 1847 'n reeks artikels kon publiseer wat getuig van sy wye belangstelling en insig ten opsigte van inboorlingtale.¹⁶⁾ In hierdie reeks van sewe artikels behandel hy onderwerpe soos Hottentotdialekte, Hottentotgrammatika en Boesmandialekte, allitererende konsonansie, Kongo- en Damaradialekte, die Tswanadialekte, die Xhosadialekte, en ongeklassifiseerde dialekte.

Aangesien hierdie reeks artikels die begin was van vergelykende filologie van Suid-Afrikaanse tale, word die inhoud van elke artikel kortliks weer=

14) Doke, op.cit., p.220.

15) Shaw, op.cit., p.550.

16) The South African Christian Watchman and Missionary Magazine, April-Oktober, 1847.

gegee.

Die eerste artikel, wat oor Hottentotdialekte handel, behandel die „click class" van Suid-Afrikaanse volkstale. Die Hottentottale word verdeel in egte Hottentots, d.i. Kaapse Hottentots, Namakwa en Koranna. Die artikel bevat vergelykende woordelyste van twintig woorde in elke van hierdie drie groepe Hottentots.

Die tweede artikel handel oor Hottentotgrammatika en Boesmandialekte. Dit verskaf 'n skets in breë trekke van Korannagrammatika wat Appleyard oorgeneem het uit 'n manuskripgrammatika van die Korannataal, saamgestel deur die sendeling Wuras.¹⁷⁾ Daarna volg 'n beknopte oorsig van die Boesmans en Appleyard kom tot die gevolgtrekking dat die Boesmans eintlik niks anders is as gedegenerereerde Hottentotte nie. Hierdie artikel bevat egter geen filologiese inligting oor die Boesmantale nie.

Die volgende artikel handel oor allitererende konsonansie en bevat talle voorbeelde daarvan in Xhosa. Die belangrikheid van klasonderskeiding by selfstandige naamwoorde word benadruk. Heelwat ruimte word afgestaan aan 'n bespreking van die moontlike herkoms van Bantoetale en Appleyard neig ietwat huiwerig na 'n moontlike Semitiese verwantskap, hoewel hy toegee dat die allitererende klasse uniek is.

In die vierde artikel gee Appleyard sy vierledige indeling van Bantoetale, nl. Kongo, Damara, Tswana en Xhosa. Dis interessant dat hy Damara verdeel in „Cattle Damara", d.i. Herero, en „Hill Damara", wie se taal

17) C.F. Wuras was 'n lid van die tweede groep sendelinge van die Berlynse Sendinggenootskap wat in 1836 in Suid-Afrika aangekom het. Wuras was gestasioneer by Betanie in die omgewing van die huidige Edinburg in die O.V.S. Die sendingobjekte daar was Korannas.

dieselfde is as dié van die Namakwas. Die laasgenoemde praat 'n Hot=tentotdialek.

Die vyfde artikel handel oor Tswanadialekte wat verdeel word in Oos- en Wes-Tswana. Eersgenoemde sluit in die Basotho, Batlokwa wat ook bekend is as Mantatees en die Batau. Die Westelike groep sluit sulke bekende stamme in soos die Barolong, Batlapi, die Baharutsi, die Bakhatla, die Bamangwato, ens. Hy gee ook vergelykende woordelyste van „Sisuto" en „Sitlapi", gevolg deur 'n oorsig van Tswanaletterkunde.

In die sesde artikel, wat handel oor Xhosadialekte, maak Appleyard 'n drievoudige verdeling in Xhosa, Zulu en Fingoe. Sy afleidings en gevolg=trekkings i.v.m. die laaste groep is interessant. Volgens hom is dit ge=praat deur die Fingoestam (wat tans Xhosa praat); die Bacastam op die grens tussen die Transkei en Natal, wat tans nog 'n dialek praat wat ver=want is aan Swazi; die Hlubistam¹⁸⁾ op die grens tussen die Transkei en Lesotho; en die Swazi's. Uit die vergelykende woordelyste wat hy gee, blyk dit dat Fingoe nader verwant is aan Zulu as aan Xhosa. Hierdie ar=tikel bevat ook 'n oorsig van Xhosaletterkunde.

In die laaste van die reeks artikels behandel Appleyard 'n aantal dialekte van die Ooskus. Vir hierdie inligting het hy hoofsaaklik gesteun op die werk van die sendeling Krapf.¹⁹⁾

- 18) Hierdie stam word deur Appleyard genoem die Matabele, maar dis nie die stam van Mzilikazi nie.
- 19) Die Duitser Johann Ludwig Krapf (1810-1881) het in 1837 sending=werk vir die Church Missionary Society in Abessinië begin doen. Na hy uit die land verban is, het hy hom in 1844 in Mombasa geves=tig. Hy het verskeie Bantoetale aan die Ooskus bestudeer en word met reg beskou as die vader van Swahili.

Tien jaar na sy aankoms in Kafferland het Appleyard se belangrikste filologiese publikasie in 1850 die lig gesien.²⁰⁾ Van sy The Kafir language sê 'n outoriteit soos Bleek o.a. die volgende: „It is almost unnecessary to state that this is a work of the highest importance and value for South African philology".²¹⁾ Hy het ook die wens uitgespreek dat ander tale op dieselfde omvattende en akkurate wyse behandel sal word.²²⁾ Die publikasie van die werk is om verskeie redes vertraag. Reeds in 1849 is 'n mosie van dank en gelukwensing aan Appleyard deur die jaarlikse distriksvergadering aanvaar.²³⁾ In dieselfde mosie word daar egter ook met waardering verwys na die pionierswerk van W.B. Boyce wat die sleutel was tot die standaardwerk van Appleyard. Met die verskyning van hierdie werk in 1850 was die taalprobleme t.o.v. Xhosa vir die sendelinge opgelos.

2.2.2 Tswana

In Tswana het daar gedurende die pionierstydperk geen grammatika verskyn van die kaliber van Appleyard se The Kafir language nie.

2.2.2.1 Die eerste Tswana grammatika het van die hand van die Wesleyaanse sendeling James Archbell verskyn. Hoewel hy reeds in 1819 na Suid-Afrika gekom het, het hy eers sedert 1826 met Tswanasprekende

20) Appleyard. The Kafir language; comprising a sketch of its history, which includes a general classification of South African dialects, ethnographical and geographical; remarks upon its nature; and a grammar. King William's Town, Wesleyan Missionary Society, 1850. xxiii, 390 p.

21) Bleek. The library of... Sir George Grey, vol.I, part 1. p.46.

22) Ibid.

23) Minutes of the annual District Meeting... 1849.

nasies te doen gekry. Enkele jare na die verskyning van Boyce se Grammar of the Kafir language het Archbell se A grammar of the Bechuana language in 1837 in Grahamstad by Meurant en Godlonton verskyn. Die werk beslaan xxii en 82 bladsye en bevat 'n lang inleiding deur W.B. Boyce. Daar hoef nie veel gesê te word oor Archbell se bydrae nie, want sy werk is afdeling vir afdeling (byna woord vir woord) gebaseer op Boyce se Xhosagrammatika. Naas die enkelvouds- en meervouds= vorme van selfstandige naamwoorde gee Archbell ook 'n dualis in Tswana. Die beste getuienisse dui egter daarop dat daar geen dualis in Tswana is nie.²⁴⁾

2.2.2.2 In 1841 het Eugene Casalis, een van die Franse pionierssendelinge in Lesotho, sy Etudes sur la langue Séchuana in Parys gepubliseer. Een van die latere Franse sendelinge, Jacottet,²⁵⁾ beweer dat Casalis se werk 'n grammatika van Suid-Sotho²⁶⁾ en nie van Tswana is nie. Sesotho en Tswana is nou verwant aanmekaar en die pionierssendelinge het Sesotho waarskynlik beskou as 'n dialek van Tswana. Daarom sê Casalis ook dat Sesotho nader verwant is aan Tswana as wat hulle aanvanklik gemeen het. Om die rede het hulle ook veel gebaat by die Tswanataalna= vorsing van Moffat, Lemue en Rolland in die omgewing van die huidige Kuruman.²⁷⁾ Casalis se werk beslaan lxiii bladsye as inleiding, terwyl die hoofwerk 103 bladsye beslaan. Die inleiding handel hoofsaaklik oor die vordering van die sendingwerk in Lesotho. Die beknopte taalkunde

24) Bleek, op.cit., p.136; Doke, op.cit., p.221.

25) Jacottet. A grammar of the Sesotho language, p.xiii.

26) Of Sesotho, die taal van Lesotho.

27) Casalis. My life in Basutoland, p.214.

beslaan slegs 51 bladsye, waarvan 41 oor grammatika handel en 10 oor sintaksis. Die oorblywende 52 bladsye bevat prysliedere, gesegdes en stories van die Basotho. Ten spyte van die beknoptheid daarvan, is Casalis se grammatikale waarnemings betroubaar en hy bewys homself as 'n beter en oorspronklikker grammatikus as Archbell.²⁸⁾

2.2.2.3 Hoewel hy nie 'n pioniersendeling was nie, was David Livingstone verantwoordelik vir die derde gedrukte²⁹⁾ grammatiese werk oor Tswana. Sy Analysis of the language of the Bechuanas is in 1852 geskryf, maar eers in 1858 gepubliseer. Toe hy in 1841 by Kuruman aangeland het, het verskeie sendelinge die Tswanataal al deeglik onder die knie gehad. Livingstone het trouens 'n besending Nuwe Testamente in Tswana met hom saamgebring uit Engeland, waar dit onder toesig van Moffat gedruk is. Dit verbaas dan ook nie dat 'n outoriteit soos Doke beweer dat Livingstone se werk oor Tswana 'n versigtige en akkurate oorsig van die taal is nie.³⁰⁾ In 'n kopie in die Gubbins-biblioteek van die Universiteit van die Witwatersrand het Livingstone self op die titelbladsy geskryf „Only 25 copies printed...”

2.2.3 Zulu

2.2.3.1 Hoewel die sendelinge van die American Board of Commissioners for Foreign Missions (A.B.C.F.M.) reeds sedert 1837 drukwerk

28) Doke, op.cit., p.222.

29) Daar bestaan ook 'n aantal grammatiese en leksikografiese werke in manuskripvorm, o.a. in die Suid-Afrikaanse Biblioteek te Kaapstad.

30) Doke & Cole. Contributions to the history of Bantu linguistics, p.37.

in Zulu gelewer het, was dit die Noorweegse sendeling Hans Schreuder wat verantwoordelik was vir die eerste Zulugrammatika. Sy Grammatik for Zulu Sproget is in 1850 te Christiania, Noorweë, gedruk. Van die viii + 88 bladsye beslaan die suiwer grammatikale deel ongeveer 80 bladsye. Die gebruiksomvang van die werk is erg beperk deur die feit dat dit in Noorweegs geskryf is. Biskop Colenso van die Anglikaanse sending in Natal het dit vir sy eie gebruik in Engels laat vertaal. Hierdie vertaling in manuskripvorm word in die Suid-Afrikaanse Biblioteek te Kaapstad bewaar.

2.2.3.2 Die voortreflikste grammatikale en leksikografiese werk in Zulu is deur sendelinge van die A.B.C.F.M. gelewer. James Bryant het in 1846 in Natal aangeland en hy was na slegs tien weke in staat om in Zulu te preek. Toe hy in 1850 oorlede is, het daar reeds verskeie vertalings in Zulu uit sy hand verskyn. Sy lewe en werk in Natal was te kort om 'n volledige Zulugrammatika te publiseer. Nogtans het daar kort voor sy dood 'n artikel „The Zulu language”³¹⁾ verskyn. Van hierdie artikel het Doke³²⁾ gesê: „for its size, (it) is one of the most accurate and concise accounts of Zulu ever given.”

2.2.3.3 Die Amerikaanse sendeling wat grammatikale werk gelewer het wat vergelykbaar is met dié van Appleyard, is Lewis Grout. Hy het in 1847 in Natal aangeland en soveel vordering gemaak met die aanleer van Zulu dat hy reeds in September 1848 benoem is as lid van 'n komi-

31) In Journal of the Oriental Society, 1:383-96, 1849.

32) Doke. Bantu language pioneers of the nineteenth century. Bantu Studies, 14:228, 1940.

tee wat traktate en 'n kategismus in Zulu moes saamstel.³³⁾ Enkele dae nadat Bryant sy artikel „The Zulu language”³⁴⁾ geskryf het, het Grout 'n lywige artikel „The Zulu and other dialects of Southern Africa” voltooi.³⁵⁾ 'n Deskundige is van mening dat hierdie artikel filologies van hoogstaande gehalte is.³⁶⁾

Grout se bekendste werk is egter sy „The Isizulu: a grammar of the Zulu language” wat in 1859 gepubliseer is. Hoewel moderne Bantoe=filoloë mag verskil met sommige van Grout se standpunte, is die algemene mening egter dat hy vir sy tyd voortreflike werk gelewer het, en „(he) had a wonderful grammatical grip of Zulu”.³⁷⁾

2.2.3.4 Die bekendste Zuluwoordeboek van die 19e eeu was J.L. Döhne se Zulu-Kafir dictionary, etymologically explained with copious illustrations and examples wat in 1857 gepubliseer is.

Döhne het in 1836 sendingwerk in Kafferland begin doen as 'n sendeling van die Berlynse Sendinggenootskap. Toe sy sendingstasie gedurende die oorlog van 1846 verwoes is, het hy vir Lindley opgevolg as predikant van die Voortrekkers in Natal. 'n Jaar later het hy aangesluit by die Amerikaanse sending in Natal. Hy is o.a. versoek om 'n Zuluwoorde=

33) N.A. I/1/2.

34) Kyk voetnoot 31 hierbo.

35) Gepubliseer in Journal of the Oriental Society, 1:397-433, 1849. Die oorspronklike manuskrip word bewaar in die Natalse argief=depôt.

36) Persoonlike onderhoud met dr. C.J.H. Kruger aan wie 'n kopie van die manuskrip voorgelê is.

37) Doke, op.cit., p.230.

boek saam te stel en in 1856 het hy 'n aanbod uit Kaapstad gekry vir die publikasie daarvan.³⁸⁾ Sy werk beslaan 417 bladsye met dubbel kolom= me. Die uitstaande kenmerke van sy werk is kortliks die volgende:

- a. Alle woorde is onder die stam gerangskik - 'n metode wat volgens Doke³⁹⁾ korrek is, maar tans selde gebruik word.
- b. Derivatiewe word eweneens onder die stam gerangskik en die etimologie word aangedui.
- c. Dit bevat baie idiomatiese uitdrukkings om die gebruik van woorde te illustreer.

2.3 Die bostaande is nie bedoel om 'n volledige weergawe te wees van die grammatikale en leksikografiese werk van vroeë sendelinge nie.⁴⁰⁾ So is daar bv. nie verwys na die werk van J.W. Colenso in verband met Zulu, en die werk van C.H. Hahn in verband met Herero nie. Hoewel Colenso waardevolle werk gelewer het, was dit nie pionierswerk nie, terwyl Hahn buite rekening gelaat is omdat daar in die tydperk onder behandeling geen drukwerk in Herero op 'n sendingpers gedoen is nie. Die bedoeling was slegs om in hierdie beknopte oorsig aan te dui dat die pioniersendelinge self die betrokke tale wetenskaplik moes bestudeer ten einde behoorlike vertalings- en drukwerk te kon doen.

38) N.A. I/1/3.

39) Doke, op.cit., p.233.

40) Hierdie onderwerp is volledig behandel deur o.a. C.M. Doke in sy werke waarna in hierdie afdeling verwys is.

3 PROBLEME IN VERBAND MET BYBELVERTALING

3.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk handel dit slegs oor probleme wat die sendelinge in Suid-Afrika ervaar het in verband met die vertaling van die Bybel en ander godsdienstige werke in die betrokke inboorlingtale.

Vertaalwerk vereis kennis van minstens twee tale, nl. dié waaruit en dié waarin die vertaling gedoen word. Die tale waaruit die Bybel vertaal word, is óf die oorspronklike tale van die Bybel, óf die vertaler se moedertaal, terwyl die tale waarin dit vertaal word óf die moedertaal van die vertaler, óf 'n vreemde taal is. In die vertalingsaktiwiteite van sendelinge gedurende die 19e eeu word twee fases onderskei, terwyl 'n derde fase in die jongste tyd geopen is:¹⁾

3.1.1 Die eerste fase was die vertaling van die Bybel in tale wat reeds tot skrif gereduseer was en gevolglik reeds 'n aansienlike literatuur gehad het. In hierdie verband word daar hoofsaaklik gedink aan Oosterse lande soos Sjina, Japan en Indië. Die eerste Sjinese vertaling van die Nuwe Testament is deur Robert Morrison voltooi en in 1814 gedruk.²⁾

Die eerste vertalings in Japannees is teen 1837 gedoen, hoewel dit beweerd word dat die Jesuïete die Nuwe Testament voor 1613 vertaal het.³⁾

1) Greenslade. red. The Cambridge history of the Bible, p.394-6.

2) Loc.cit.; North. The book of a thousand tongues, p.83.

3) Greenslade, loc.cit.; North, op.cit., p.180.

3.1.2 Die tweede fase van Bybelvertaling is geopen met die begin van sendingaktiwiteite in Afrika en staan direk in verband met die onderwerp van hierdie proefskrif. Die sendelinge het voor die probleem van onge=skrewe tale te staan gekom. Die tale moes nie alleen tot skrif gereduseer word nie, maar hulle was ook besonder arm aan abstrakte selfstandige naamwoorde. Daar is soms jarelank gesoek na die regte term om 'n eenvoudige Christelike begrip uit te druk.⁴⁾

3.1.3 Die derde fase in Bybelvertaling is in die jongste tyd geopen. Dit het soms gebeur dat die pioniersendelinge die Bybel en ander gods=diensstige geskrifte in die dialek van hulle sendingobjekte vertaal het. So het Moffat in 1831 'n kategismus in Sehlapi gedruk, terwyl Archbell in 1833 een in Serolong gedruk het. Sehlapi en Serolong is albei Tswana=dialekte. In die jongste tyd word daar gepoog om vertalings in 'n alge=mene- of standaardtaal, wat alle dialekte van daardie taal insluit, te doen. Hierdie fase val buite die omvang van hierdie proefskrif.

3.2 Ongeskrewe tale

Die vertaling van die Bybel in die moedertaal van die vertaler is moeilik. Daarom kan net die heel begaafste persone op hulle terrein dit met sukses deurvoer. Behalwe hulle eie kennis het sulke persone ook die ge=bruik van woordeboeke, grammatikas, Bybelse kommentare en ander hulpmiddele tot hulle beskikking. Ten opsigte van die Suid-Afrikaanse inboorlingtale, soos trouens byna alle tale in Afrika, het die pioniers=delinge geen woordeboek, geen grammatika, ja selfs geen alfabet gehad

4) Greenslade, op.cit., p.395.

om mee te begin nie. In die meeste gevalle het die inboorlinge nooit 'n boek of geskrif gesien voordat die sendelinge gekom het nie. Verskeie sendelinge het realistiese beskrywings nagelaat oor die verbasing van inboorlinge oor die swart tekens op wit papier wat kan praat.⁵⁾

In Suid-Afrika moes die pioniersendeling fonetikus, grammatikus en leksikograaf wees. Hy moes krities en akkuraat luister na klanke waar= aan sy ore en lippe nie gewoond was nie. Hy moes voortdurend sy aan= tekeningboek en potlood byderhand hê en vra: „Wat is hierdie?” Dit ver= baas glad nie dat die inboorlinge vir 'n sekere sendeling die naam gegee het van „die-witman-wat-'n-boek-dra-en-ons-kwel-met-vrae”.⁶⁾ Deur middel van hierdie metode en met behulp van 'n tolk het die sendelinge relatief gou daarin geslaag om die gewone omgangstaal te bemeester. Maar 'n mens kan nie die ekwiwalente van „liefde”, „haat”, „geloof”, „vergiffenis”, „krag”, „vrede” ens. vasstel deur daarna te wys en te vra: „Wat is hierdie?” nie.

3.3 Die noodsaaklikheid van Bybelvertaling

Die eerste Christelike sendelinge het skynbaar nie die taalkundige pro= bleme ervaar waarvoor die sendelinge van die 19e eeu in Suid-Afrika te staan gekom het nie. Met die uitstorting van die Heilige Gees het gods= dienstige manne uit elke nasie onder die hemel⁷⁾ die apostels elkeen in sy eie taal gehoor. Dat ons hier met 'n wonderwerk te doen het, ly geen twyfel nie, want die apostels het nie hierdie „vermoë” behou nie. Vol=

5) Vgl. bv. Moffat se beskrywing in R.T.S., 44:41, 1843.

6) North, op.cit., p.7.

7) Hiermee word waarskynlik bedoel die destydse bekende wêreld.

gens die inligting wat vir ons nagelaat is, het Paulus net daar gepreek waar Romeinse administrasie en Griekse denke gevestig was. Behalwe wanneer hy tot die Jode self gespreek het, was Grieks die taal waarmee hy homself in sy sendingwerk bedien het. Sy sendbriewe, selfs ook die een aan die Romeine, is in Grieks geskryf. Daar is nog geen bewyse gevind dat die Frigiese en Likaoniese volkere in hulle moedertaal ge-evangeliseer is nie. „The Christians seem to have been all expected to read the Scriptures in Greek.”⁸⁾ Miskien is dit ook die rede waarom die Christene van Klein-Asië oorweldig is deur die Islam.

Die pionierssendelinge in Suid-Afrika moes die saak anders benader. Daar was geen taal wat vir hulle sowel as hulle sendingobjekte bekend was nie, soos dit wel die geval was met Paulus en sy sendingobjekte. Hulle het slegs 'n keuse tussen twee alternatiewe gehad, nl. moet hulle die moedertaal van die sendingobjekte leer, of moet hulle hulle eie taal vir die sendingobjekte leer. Met ander woorde, moet een mens (of miskien 'n paar mense) 'n nuwe taal leer, of moet duisende dit doen. Die weg wat die sendelinge in Suid-Afrika moes volg, is voor die handliggend. Dit sou baie jare duur om vir 'n hele volk Engels, of Duits, of Frans te leer. Die sendeling kon 'n vreemde taal binne enkele jare aanleer. Selfs al sou die ander weg gekies word, dan sou hy nogtans die volkstaal moes leer om dit te gebruik as medium om sy eie taal vir die betrokke volk te leer.

Maar die aanleer van die volkstaal is nie alleen die mees praktiese weg om te volg nie, dis ook noodsaaklik. Sendelinge is mense met 'n baie belangrike boodskap wat oorgedra moet word. Veral in die beginjare van

8) Ramsay. St. Paul, the traveller and the Roman citizen, p.132.

sendingwerk in Suid-Afrika het die sendelinge fisies geweldig baie opge-
 offer om die Evangelie van Christus aan die inboorlingvolke te verkon-
 dig. Volgens 'n ervare Suid-Afrikaanse sendeling was al die sendelinge
 daarvan oortuig dat hulle belangrike boodskap slegs verstaan en aanvaar
 kon word, as dit in die moedertaal van die inboorlinge oorgedra sou
 word.⁹⁾ Gevolglik was hulle die slowe van die sendingveld. Hulle moes
 die erts ontgin en louter waaruit hulle wapens gesmee is.¹⁰⁾ Die hele
 saak van die verspreiding van die Christelike waarheid berus op woorde.
 Die sukses van die evangelis, die prediker, die onderwyser en selfs die
 geneesheer berus op sy vermoë om woorde korrek te gebruik.

As 'n mens aan sendingwerk dink, is jy geneig om daaraan te dink as die
 mondelingse verkondiging van die Evangelie. Die gesproke woord is wel
 basies in sendingwerk, maar dis nie genoeg nie, en wel omdat die ge-
 sproke woord beperkings het. Dit is 'n hoogs verganklike kommoditeit.
 As die hoorder dit nie onmiddellik vir homself toe-eien sodra dit ge-
 spreek word nie, is dit vir altyd verlore, tensy dit herhaal word. Ge-
 volglik is daar van die vroegste tye af weë en metodes gesoek om per-
 manentheid aan woorde te verleen. Hiervan was skrif die waardevolste
 metode. Skrif giet 'n boodskap in 'n redelike permanente vorm. Daarby
 maak skrif dit moontlik dat die boodskap na plekke kan gaan waar die le-
 wende boodskapper nie kan nie. 'n Geskrewe boodskap kan oor en oor ge-
 lees word; dit kan behoorlik bestudeer word; die leser kan dit vergelyk
 met ander boodskappe; hy kan dit selfs kopieer en aan ander oorhandig.
 Met behulp van literatuur het die leser meer as een onderwyser. Elke

9) Smith. The shrine of a people's soul, p.27.

10) Ibid., p.115.

outeur is 'n ander onderwyser. Elkeen besien die waarheid vanuit 'n ander hoek. Wanneer hierdie verskillende perspektiewe saamgevoeg word, verleen dit diepte aan die beeld wat geskilder is. Hierteenoor neem die persoon wat net van een onderwyser leer gewoonlik die vooroordeel van daardie onderwyser aan. Die een wat van verskillende onderwysers leer, het 'n beter kans om tot sy eie gevolgtrekkings te geraak. Daarom was dit so noodsaaklik dat die pioniersendelinge 'n eie literatuur in die volkstaal moes skep, aanvanklik met vertalings, maar later ook deur oorspronklike werk deur beide sendelinge en sendingobjekte.

Dit kan dan ook verwag word dat literatuur die fondament sal lê vir 'n stabiele kerk. Daarmee word nie bedoel dat literatuur sal waarborg dat die kerk sal voortbestaan nie. Die teendeel het al gebeur. Onder 'n Indiese stam van Sentraal-Amerika, wat Skrifgedeeltes in hulle eie taal besit, kon 'n sendeling onlangs geen enkele gelowige meer vind nie.¹¹⁾ Nogtans maak literatuur dit waarskynliker dat die kerk sal voortbestaan. Daarby open dit ook weë vir die nuwe Christene om geestelike voedsel te bekom vir die groei van die kerk, selfs in afwesigheid van 'n sendeling.

As die pioniersendelinge enige sukses op hulle arbeid wou sien, moes hulle geestelike lektuur veral in die vorm van vertalings van Skrifgedeeltes in die volkstale voorsien.

3.4 Vertalingsprobleme

In hoofstuk twee is die pioniersendelinge se grammatikale en leksikografiese aktiwiteite kortliks geskets. Om egter slegs die fonologie van 'n taal en die betekenis van woorde te ken, is nie genoeg om lektuur in die

11) Cook. *Missionary life and work*, p.303.

volkstale te verskaf nie. Die tale moet ook geskryf word, met ander woorde, 'n skryfwyse of ortografie vir die volkstaal moet neergelê word.

3.4.1 Keuse van 'n alfabet

In Suid-Afrika is die Romeinse alfabet gebruik om die inboorlingtale tot skrif te reduseer. Die basiese beginsel was om foneties te skryf, dit wil sê om te skryf soos jy praat. Dis egter makliker gesê as gedoen. Daarby dien moderne westerse tale ook nie as 'n voorbeeld van hierdie basiese beginsel nie. Watter sin is daarin om in Afrikaans te sê zjaanre terwyl ons genre skryf? Of om in Engels bau te sê terwyl dit bough geskryf word? Veral vir Engels- en Franssprekende sendelinge het hulle onderskeie moedertale nie juis as 'n voorbeeld van 'n fonetiese skryfwyse gedien nie.

'n Verdere probleem is om 'n aantal klanke met 'n kleiner aantal skryftekens voor te stel. In Zulu is daar bv. sewe eenvoudige vokaalklanke, vier diftonge, ses-en-dertig eenvoudige konsonante en nege klikkonsonante - 'n totaal van ses-en-vyftig klanke, sonder dat verskillende modifikasies getel is.¹²⁾ Hoe moet hierdie groot aantal klanke deur die ses-en-twintig letters van die Romeinse alfabet verteenwoordig word? Die ideaal sou wees om vir elke spraakklank 'n skryfteken te hê. Maar selfs die wetenskaplikste fonetiese sisteem sal nie daarin slaag om elke klank en elke modifikasie van klank wat gehoor mag word, te verteenwoordig nie. Indiwidue se uitspraak verskil, en selfs die uitspraak van een persoon kan van tyd tot tyd varieer.

12) Doke. The phonetics of the Zulu language, p.15.

Nieteenstaande die tekortkominge daarvan, is daar tog besluit dat die Romeinse alfabet die gerieflikste en geskikste is vir die skryf en druk van lektuur in Suid-Afrikaanse Inboorlingtale. Die klankwaarde wat aan klinkers gegee is, was in ooreenstemming met die praktyk in die meeste tale van Suid-Europa. By die konsonante was die klankwaarde dieselfde as in Engels, behalwe dat g altyd hard uitgespreek is soos in die Engelse give. Vir die Bantoetale wat klikklanke het, is die letters c, q en x daar= voor gebruik, terwyl minstens in Xhosa die letter r gebruik is vir 'n klank gelyk aan die g in Afrikaans.¹³⁾ Hoewel die Romeinse alfabet ook gebruik is om die Hottentottaal tot skrif te reduseer, het die groot aantal klik= klanke daarin baie meer probleme opgelewer as die Bantoetale.¹⁴⁾

3.4.2 Vreemde woorde en uitdrukkings

Die ideale vertaler is 'n persoon wat ten volle tweetalig is. 'n Mens kan hierby voeg dat die vertaler ook die mense in wie se taal hy vertaal, moet ken. Soos Smith¹⁵⁾ dit gestel het, „... the translator from Hebrew into Zulu needs both a Hebrew and Zulu mind". Hierdie is 'n baie hoë vereiste, maar mense wat van kindsbeen af eweveel met albei tale en volke te doen gehad het, kan wel aan hierdie hoë eis voldoen. Sulke men= se was die pioniersendelinge in Suid-Afrika egter nie. Hulle moes binne 'n kort tydsbestek die tale sowel as die mense wat die tale praat, leer ken - iets wat vir 'n volwassene sonder grammatikale en leksikografiese hulpmiddele haas onmoontlik is.¹⁶⁾ Tog was die pioniersendelinge ver=

13) Shaw. The story of my mission, p.538.

14) Vgl. hoofstuk vier, par. 4.3.2.

15) Smith, op.cit., p.138.

16) Shaw. The story of my mission, p.537.

plig om feitlik onmiddellik na die loodsing van 'n nuwe sendingaksie vertalings te maak van kategismusse, die Onse Vader, die Tien Gebooe, gedeeltes van die liturgie en selfs Skrifgedeeltes. Van hoe daar te werk gegaan is, het die Wesleyaanse sendeling W.J. Shrewsbury 'n beskrywing nagelaat.¹⁷⁾

Na hy slegs vier jaar lank in Suid-Afrika was, het hy hom al met Bybelvertaling in Xhosa besig gehou. Met behulp van sy Hottentottolk, wat geen enkele reël kon lees nie, en wie se kennis van geestelike sake uiters beperk was, moes hy die moeisame taak aanpak. Eerstens moes die Engelse of Nederlandse teks van die Bybel vertaal word in sogenoemde „Hottentots-Hollands” sodat die tolk die betekenis kon begryp. Daarna vertel die tolk vir die sendeling hoe die „Hottentots-Hollands” in Xhosa bewoord moet word. Op hierdie wyse vereis elke vers 'n dubbele vertaling. Gevolglik is die vordering stadig en die resultaat in baie gevalle onbevredigend. Uit hierdie vertaling moet die sendeling gedurende 'n godsdiensoefening voorlees, want sy tolk kan nie lees nie. Sy verkeerde uitspraak en misverstand van die kant van die gehoor maak sy moeite in baie gevalle tevergeefs, sodat miskien 'n klein gedeelte van wat bereik is vir die toehoorders verstaanbaar is. In 'n poging om sommige gebreke te oorbrug, gee die sendeling deur middel van die tolk eers 'n oorsig van die inhoud van 'n onduidelike vers voor hy dit lees. Ook by woorde met 'n moeilike uitspraak het die tolk die korrekte uitspraak net na die sendeling gegee.

Dit verbaas nogtans watter mate van vordering gemaak is, nieteenstaande

17) Shrewsbury. Memorials of the rev. William J. Shrewsbury, p.342-3.

die veelvuldige pligte van sendelinge en probleme met vertalings nie. Op 18 Sept. 1830 het Shrewsbury aangeteken dat hy besig was om die eerste drie hoofstukke van die Brief aan die Hebreërs te vertaal.¹⁸⁾ Op die 15e Des. van dieselfde jaar was die vertaling van Hebreërs voltooi.¹⁹⁾

Mettertyd kon die pioniersendelinge die betrokke volkstale redelik goed praat, al het hulle nog nie al die taalwette van die tale beheer nie. Dit was egter nie die oplossing van al hulle vertalingsprobleme nie. Watter woord moes hulle bv. gebruik vir God? Die woorde wat die sendingob=jekte gebruik, is almal gebaseer op hulle eie idees. Moontlik het hulle geen begrip of denkkeeld van 'n God soos die wat deur Christene aanbid word nie. As hulle geen begrip het nie, het hulle ook geen woord daar=voor nie. Meeste van die Suid-Afrikaanse inboorlingvolke het egter 'n naam gehad vir die wese wat volgens hulle die hemel en die aarde gemaak het. Gewoonlik is dié naam gebruik om God te vertaal. In Xhosa is bv. die woord uTixo gebruik, wat waarskynlik afgelei is van die Hottentot=woord Thuickwe²⁰⁾ wat Van der Kemp in sy kategismus gebruik het.²¹⁾ Die eerste sendelinge onder die Zulus het die Xhosawoord uTixo gebruik, maar later is die woord uNkulunkulu ingevoer.²²⁾ Ook die Basotho, Batswana en Bapedi het 'n naam gehad vir die „oorsaak van alle verskyn=sels, die bron van alle goed en kwaad“²³⁾ nl. Modimo (Molimo). Die ver=

18) Ibid., p.342.

19) Ibid., p.346.

20) Van der Kemp se spelling van Tuiqoa.

21) Du Toit. Die kerstening van die Bantoe, p.76; Smith. African ideas of God, p.99.

22) Smith, op.cit., p.103.

23) Du Toit, op.cit., p.76.

taling van God was dus nie 'n baie groot probleem nie.

Maar hoe moes die pioniersendelinge sulke geestelike waarhede soos genade, liefde, barmhartigheid ens. in tale uitdruk, waar gemeenskap=pe hierdie begrippe nie geken het nie? Die mense het woorde net vir daardie dinge wat hulle ervaar en waaroor hulle dink. Vir nuwe idees, nuwe uitvindings en nuwe ervarings moet nuwe woorde gevind word, of anders moet die betekenis van bestaande terme verander word. Dis egter nie net die abstrakte terme wat vertalingsprobleme lewer nie. Hoe moet die Skrifgedeelte oor die Goeie Herder vertaal word in 'n streek waar die inboorlinge nog nooit 'n skaap gesien het nie? Mag die woord „luiperd" gebruik word in streke waar geen wolwe is nie? Hoe moes gebruike geïnterpreteer word wat algemeen was in antieke Palestina, maar waarvan die sendingobjekte nog nooit gehoor het nie? Daarby gebeur dit dikwels dat 'n woord verskillende betekenisse het, en dat eners= luidende woorde verskillende betekenisse het. Sulke probleme het talle vertalingsflaters tot gevolg gehad. So het eerwaarde Tiyo Soga bv. vir Appleyard daarvan beskuldig dat hy „provinsie" vertaal het met 'n woord wat beteken „toon".²⁴⁾ Wat moes die skok en teleurstelling wees van die sendeling wat later uitgevind het dat hy 'n bekende Skrifgedeelte so vertaal het dat dit beteken Jesus het die kindertjies in sy arms geneem en hulle geknyp?²⁵⁾ 'n Ander weer het die wilde-esels les hulle dors so vertaal dat dit beteken die kannibaalvarke drink water om op te hou hik.²⁶⁾

24) The Kafir Bible. Rev. J.W. Appleyard's version judged by missionaries of various denominations and others, p.8.

25) North, op.cit., p.7.

26) Smith. The shrine of a people's soul, p.95.

Omdat sang so 'n belangrike rol speel in die Christelike godsdiens het verskillende pioniersendelinge gewyde liederes in die Inboorlingtale voorberei. Dit het selde gebeur dat 'n sendeling beide 'n digter en 'n musikus was. Gevolglik is liederes uit hulle moedertaal in die volkstaal vertaal. Die vertaling as sodanig is moeilik, net soos dit die geval is by Bybelvertaling. Dis egter nog moeiliker en soms onmoontlik om die vertaling by die musiek van die oorspronklike lied te laat inpas. Liederes in inboorlingtale is dan ook selde op hierdie wyse geskep. Gewoonlik het sendelinge die vertaling van 'n lied so goed as moontlik gedoen, en dan 'n wysie gesoek wat by die versmaat pas.²⁷⁾

Die bostaande paar voorbeelde van vertalingsprobleme kan vermenigvuldig word. Dit laat 'n mens wonder of dit ooit moontlik kan wees om die Bybel in 'n heidense taal te vertaal. Tog is hierdie moeisame werk soms binne twintig jare afgehandel, en dan in enkele gevalle deur een enkele persoon. Dit het nie alleen taalkundige werk van hoogstaande wetenskaplike gehalte geveer nie. Nuwe woorde moes gevind word vir idees wat vir die sendingobjekte nuut is. Ou woorde met 'n oppervlakkige materialistiese betekenis moes 'n dieper geestelike betekenis kry. Seker die wetenskaplikste sendingvertaler van die 19e eeu in Suid-Afrika, J.W. Appleyard het die saak soos volg gestel: „For the most solemn, the most sacred, the augustest mysteries of our redemption, words will have to be employed which have little, if anything, of solemn or sacred, or august about them, - words which have sometimes almost to be picked out of the mire, in the hope that they may be cleansed, may little by little be filled with a higher sense, a holier meaning, than any which before

27) Cook, op.cit., p.315.

their adoption into this sacred service they knew. And so, no doubt, they will at last".²⁸⁾

Dit is een van die wonders van Bybelvertaling in Suid-Afrikaanse inboorlingtale dat daar altyd 'n weg gevind is om die geestelike waarhede in die betrokke tale uit te druk. Aanvanklik is daar baie flaters begaan, maar deur versigtige navorsing, met die hulp van 'n goeie inboorlinghelper, 'n deeglike kennis van die taal, en deur wetenskaplike oordeel, het die essensiële Bybelse waarhede nie vir die sendingobjekte verlore gegaan nie.

28) Appleyard. An apology for the Kafir Bible, p.3.

4 HOTTENTOTTE

Hierdie mense het hulleself „Khoi-Khoib" en hulle ras „Khoi-Khoi" genoem. Volgens Theal¹⁾ beteken „Khoi-Khoib" „mens van die mense". Hierdie benaming sou dan dui op die Hottentot se meerderwaardigheid teenoor die Boesman. Vedder²⁾ verwerp egter hierdie verklaring. Om in die Hottentottaal die egtheid van 'n saak uit te druk, word die hoofwoord verdubbel. So beteken „Gôas" 'n mes, terwyl „Gôas-gôas" 'n egte mes beteken, d.w.s. nie 'n klipmes nie. Daarom beteken „Khoi-Khoib" 'n egte Hottentot sonder vreemde bloedvermenging. „Khoi-Khoi" beteken dus mense van suiwer bloed, rasegte mense.³⁾

Die oorsprong van die woord „Hottentot" is onbekend. Die woord is waarskynlik die eerste keer gebruik toe Hollanders teen ongeveer die middel van die 17e eeu (nog voor die aankoms van Van Riebeeck) hierdie naam gegee het aan die inboorlinge wat hulle in Suidelike Afrika teëgekom het. Die woord „Ottentoo" kom bv. voor in 'n brief wat Jan van Teylingen op 25.2.1652 in Tafelbaai geskryf het.⁴⁾

Die naam „Hottentotte" is teen die middel van die 17e eeu aan hierdie

1) Theal. Ethnography and condition of S.A. before 1505, p.90.

2) Vedder. Zur Vorgeschichte der Eingeborenen Völkerschaften von Südwest-Afrika. Joernaal van die S.W.A. Wetenskaplike Vereniging, 1:39, 1925-26.

3) Schulze. Aus Namaland und Kalahari, p.322.

4) Godee-Molsbergen. Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandsche tijd, 1:4.

volk gegee deur die blankes. Volgens Dapper,⁵⁾ en verskeie skrywers ná hom, is die naam afgelei van 'n 17e eeuse Nederlandse woord „horentot", die benaming vir iemand wat hakkell of stammel. Hierdie teorie is gebaseer op die „belemmerheit en wanhebbelikeit"⁶⁾ van die Hottentotte se taal. „Hun sprake gaet geduurigh met klokken, als de kal=koensche hanen, klappende, of klatzende over het ander woort op hun mont ... zoo dat hun mont byna gaet als een ratel ..."⁷⁾

Hoewel die herkoms van die woord „Hottentot" nog steeds 'n omstrede saak is, word Dapper se teorie vandag oor die algemeen verwerp. Prof. J. du Plessis, wat al die teorieë teen mekaar opgeweeg het, het tot die gevolgtrekking gekom dat die woord afgelei is van die Hottentotwoord „hautitou" (hottentoo), wat vrylik gebruik is in hulle maanligdanse.⁸⁾

4.1 Herkoms

Die beste getuienis dui daarop dat die Hottentotte hulle ontstaan iewers langs die Rooi See in die omgewing van die huidige Somaliland gevind het.⁹⁾ Hulle het waarskynlik ontstaan uit 'n vroeë kruising tussen Hamitiese mans en Boesmanvroue.¹⁰⁾ Uit Somaliland het hulle suid-weswaarts beweeg tot in die gebied van die groot mere in Midde-Afrika. Onder druk

5) Dapper, e.a. The early Cape Hottentots ... p.v.

6) Ibid., p.6.

7) Ibid., p.70.

8) Du Plessis. Origin and meaning of the name „Hottentot". South African journal of science, 14:192, 1917.

9) Theal, op.cit., p.84; Schapera. The Khoisan peoples of South Africa, p.42; Vedder, op.cit., p.45.

10) Schapera, op.cit., p.42.

van Bantoestamme het hulle verder weswaarts beweeg tot hulle die Atlantiese Oseaan bereik het. Vandaar het hulle suidwaarts langs die westkus van Suidelike Afrika afgetrek. Die behoefte aan meer en beter weiveld het hulle oor die Oranjerivier laat trek. Nadat hulle die „Plek van die slange" (die latere Kaap die Goeie Hoop)¹¹⁾ bereik het, het hulle ooswaarts beweeg tot ongeveer by die suidelike grens van die huidige Natal, waar hulle teen die Bantoe gestuit het.¹²⁾ Hierdie aanraking met die Bantoe moes 'n geruime tyd intiem voortgeduur het, want die Bantoe het nie alleen sekere klikklanke van die Hottentotte oorgeneem nie, maar daar is selfs in Zulu en Xhosa woorde met dieselfde stamme as in Hottentots, bv. „Uthixo" (God) in Xhosa en „Tuiqoa" (God) in Hottentots.¹³⁾

Met die volksplanting in 1652 het die Hottentotte yl verspreid langs die kusgebiede gewoon vanaf Walvisbaai in die noorde tot by die Umtamvuna in die Ooste.¹⁴⁾ Die koms van die blankes het 'n ingrypende en vernietigende invloed uitgeoefen op die voortbestaan van die Hottentotras. Sommige Hottentotte moes die noodlottige gevolge van hierdie aanraking besef het, want dié van hulle wat 'n afsonderlike selfstandige bestaan wou voer, het die natuurlike suidwaartse migrasie in trurat gesit en teruggetrek na die noorde en noordweste.¹⁵⁾ Reeds teen die einde van die 17e eeu was dit duidelik dat die Hottentotstamme, wat met die blankes in aanraking gekom het, in 'n staat van verval was. Daar is verskillende oor=

11) Vedder. The Nama, p.112.

12) Theal, op.cit., p.89.

13) Du Toit. Die kerstening van die Bantoe, p.76.

14) Theal, op.cit., p.89.

15) Vedder. The Nama, p.114.

sake vir hierdie verval wat uiteindelik uitgeloop het op die algehele verdwyning van die Hottentotte as 'n ras.¹⁶⁾

Een van die belangrikste oorsake was die geleidelike verarming van die Hottentotte. Hulle groot troppe vee, wat die blankes nie van hulle gekwansel het nie, is deur siektes afgemaai.¹⁷⁾ In die digter bewoonde gebiede van die kolonie het wild al skaarser geword; vir landbou het die Hottentot nog sin nog aanleg getoon; hulle afsku vir werk is algemeen bekend. Geen wonder dus dat die Hottentotstamme gereduseer is tot groepies nooddruftiges.¹⁸⁾

'n Tweede oorsaak vir hierdie verval moet gesoek word in die feit dat die Hottentotte gewoonlik net deur tabak en brandewyn tot handarbeid beweeg kon word. Daarby was hierdie bedwelmende en gewoontevormende middels ook 'n gesogte ruilmiddel vir hulle vee. Toe die volksplanting slegs 'n paar maande oud was, het die Hottentotte al tabak gebedel as hulle niks in ruil kon aanbied nie.¹⁹⁾ Hoewel die eerste brandewyn eers in 1672 in die Kaap gestook is,²⁰⁾ is voorrade vroeër gereeld uit Nederland ontvang. By geleentheid is die Hottentotte ook daarop getrakteer. Op Hemelvaartdag 1660 is 'n oop vaatjie brandewyn en 'n matroosbeker in die middel van die vierkant van die fort geplaas vir die Hottentotte om te

16) Die enigste uitsondering is die Nama in Suidwes-Afrika, wat vandag nog as 'n ras bestaan.

17) Du Plessis. A history of Christian missions in South Africa, p.44.

18) Loc.cit.

19) Van Riebeeck. Journal of ... 1:78, 31.10.1652.

20) Du Plessis. A history of Christian missions ... p.45.

drink.²¹⁾ Dit het ongetwyfeld die demoralisering van hierdie ras verhaas.

'n Derde belangrike oorsaak vir die verval van die Hottentotte, was die verwoestende pokke-epidemies van 1713, 1755 en 1767.²²⁾ Die klein getalle Kaapse Hottentotte wat hierdie epidemies oorleef het, „sank into the position of a landless proletariat - labourers or vagrants on the lands of their ancestors”.²³⁾

Die ontstamming van die Hottentotte het ook die verdwyning van hulle taal veroorsaak. Hierdie feit was van belang vir sendingwerk in die algemeen en lektuurvoorsiening in die besonder.

4.2 Die Bethelsdorpse pers

Dit is opmerklik dat die eerste drukwerk vir die Hottentotte gedoen is in 'n gebied waar die blanke beskawing nog nie sy invloed op die Hottentotte laat geld het nie. In hoofstuk vyf sal aangetoon word, dat waar die blankes en Hottentotte in noue aanraking met mekaar gekom het, die Hottentottaal feitlik onmiddellik deur Hollands vervang is. Teen die einde van die 18e en begin van die 19e eeue het die blankes nog baie verspreid in die omgewing van Graaff-Reinet en die latere Port Elizabeth gewoon. In hierdie gebied sou die eerste drukwerk vir die Hottentotte gedoen word, en wel op 'n tydstip toe die ontstamming van hierdie ras nog nie sover gevorder het, dat hulle taal plek moes maak vir Hollands nie.

21) Van Riebeeck, op.cit., 3:215, 6.5.1660.

22) Marais. The Cape coloured people, p.6-7.

23) Ibid., p.7.

4.2.1 Die eerste sendingdrukkers in Kaapstad

Die eerste sendingdrukkers en trouens een van die heel eerste perse in Suid-Afrika het behoort aan die sendeling Johannes Theodorus van der Kemp van die Londense Sendinggenootskap. Net soos daar menige polemiek gevoer is oor die sendingwerk en veral die metodologie van Van der Kemp en James Read wat later by hom aangesluit het, net so was die kwessie van hulle drukkersaktiwiteite steeds 'n raaisel. Waar een navorsers ontken dat hulle ooit drukwerk gedoen het, daar probeer 'n ander bewys dat hulle wel drukwerk gedoen het. Vandag kan daar met 'n groot mate van sekerheid gesê word dat hulle wel drukwerk gedoen het, maar verskillende aspekte van hulle werk bly nog 'n raaisel, soos bv. wie het die drukwerk gedoen - hulle self of bedrewe ambagsmanne? Hoe het hulle aan hulle pers of perse gekom? Wat het van hulle pers of perse geword? Was hulle drukwerk geïllustreer? Indien wel, hoe het hulle aan die blokke gekom om illustrasies te druk?

Voor die drukkersaktiwiteite van hierdie twee sendelinge nagespeur word, is dit nodig om eers kortliks te let op wie hulle was en wie hulle hierheen gestuur het.

4.2.1.1 Die ontstaan van die Londense Sendinggenootskap

Die Londense Sendinggenootskap wat sulke prominente manne soos Van der Kemp, Philip, Moffat en Livingstone na Suid-Afrika gestuur het, is in 1795 in Londen gestig, en wel op 'n interkerklike basis. Mettertyd het die Episkopale en Presbiteriaanse Kerke, wat hierdie genootskap gesteun het, hulle eie sendinggenootskappe gestig en die Londense Sendinggenootskap het prakties die sendinggenootskap van die Independent of Kongregasionalistiese Kerk geword.

Die ontdekkingsreisiger Kaptein Cook se beskrywing van die inboorlinge van die Suidseegebied het die direkteure van die Londense Sendinggenootskap laat besluit om hulle eerste sendelinge na die verafgeleë eilande in die Stille Oseaan te stuur. Die volgende groep sendelinge is na Afrika gestuur, en wel na Sierra Leone. As gevolg van die dodelike klimaat het hierdie sending rampspoedig geëindig.

Die feit dat die Kaap die Goeie Hoop in 1795 Britse besit geword het, het die direkteure van die Londense Sendinggenootskap die moontlikheid laat oorweeg om 'n sendingveld in die nuwe Kolonie te open. Daar mag ook 'n ander rede wees waarom die direkteure hulle aandag op die Kaap begin toespits het, nl. die feit dat 'n onbekende Hollander, J. T. van der Kemp, in 1797 vanuit Dordrecht (Nederland) aan die Genootskap geskryf het en sy dienste as 'n sendeling aan hulle aangebied het. 'n Hollandssprekende sou ideaal wees om sendingwerk in die nuwe kolonie te begin, want een van die eerste taalprobleme sou daardeur opgelos wees. Uit die sendinggeskiedenis van Suid-Afrika blyk dit dat die pioniersendelinge eerstens Hollands aangeleer het²⁴⁾ en dan met behulp van tolke die betrokke inboorlingtale moes bemeester.

Op hierdie stadium was Van der Kemp, wat in 1748 gebore is, 'n man van reeds byna vyftig jaar. Sy veelbewoë lewe vereis dat daar kortliks aandag aan gegee moet word.

4.2.1.2 Die lewe van Van der Kemp tot 1799

Johannes Theodorus van der Kemp is in 1748 in Rotterdam gebore as die

24) Vgl. hoofstuk een, par. 1.1.

seun van 'n predikant van die Lutherse Kerk. Na sy skoolloopbaan het hy in die geneeskunde begin studeer, maar voor hy hom finaal as geneesheer bekwaam het, het hy by die leër aangesluit waar hy vinnig opgang gemaak het. Na sestion jaar as soldaat is hy na die Universiteit van Edinburgh waar hy binne twee jaar sy studies in die geneeskunde voltooi het. Terug in Holland het hy in Middelburg as geneesheer gepraaktiseer. In hierdie tyd het hy homself beskryf as 'n deïs wat dit as sy plig beskou het om Christus en die Heilige Skrif te verloën. Hierdeur sou hy soos Saulus van ouds 'n weldaad aan God bewys.

Terwyl hy en sy familie op 'n dag oor 'n rivier gevaar het, het die boot omgeslaan en sy vrou en enigste kind het verdrink. Hierdie gewelddadige gebeurtenis het 'n omwenteling in sy lewe gebring en 'n week later is hy bekeer. Sy vrye tyd het hy bestee aan die studie van Oosterse letterkunde en die samestelling van 'n kommentaar op die Brief van die Apostel Paulus aan die Romeine, waaraan hy reeds etlike jare besig was. 'n Toespraak oor buitelandse sending wat die Londense Sendinggenootskap gedruk en versprei het, het daartoe aanleiding gegee dat hy sy dienste as sendeling aan hulle aangebied het.

Van der Kemp was 'n knap student wat die Bybel deeglik bestudeer het en besondere aanleg vir tale gehad het. Teoreties was hy goed toegeerus vir die werk van 'n sendeling. Ook die feit dat hy 'n geneesheer was, het hom uiters geskik gemaak om die bygeloof van heidene en die praktyke van toordokters te bekamp. Daarom het die Londense Sendinggenootskap geen oomblik gehuiwer om sy aanbod te aanvaar en dit aan hom opgedra om hulle sendingaksie in Suid-Afrika van stapel te stuur.

Voor sy vertrek na Suid-Afrika het hy 'n leidende rol gespeel met die

stigting van die Nederlandse Sendinggenootskap. Hy het ook 'n jong Nederlandse predikant, Johannes Jacobus Kicherer, as 'n sendeling vir die Londense Sendinggenootskap gewerf. In Desember 1798 het hierdie twee Hollanders vergesel van twee Engelssprekende sendelinge, John Edmond en William Edwards, aan boord van die skip Hillsborough na die Kaap vertrek. Op 31 Maart 1799 het hulle na vele ontberinge in Tafelbaai geland.²⁵⁾

4.2.1.3 Die stigting van die Suid-Afrikaanse Sendinggenootskap

Met sy aankoms in Suid-Afrika het Van der Kemp 'n brief van die Londense Sendinggenootskap aan die Christene van die Kaap die Goeie Hoop met hom saamgebring. In twee opsigte sou hierdie brief van die uiterste belang word in die godsdienstige en kulturele geskiedenis van Suid-Afrika. Dit het naamlik die aanleiding gegee tot die stigting van die Suid-Afrikaanse Sendinggenootskap, en 'n Hollandse vertaling van hierdie brief was in die ware sin van die woord die eerste boek²⁶⁾ wat in Suid-Afrika gedruk is. Wat meer is, dit is op 'n sendingdrukkers gedruk.

Hierdie brief is vanaf die kansels in Kaapstad en Roodezand (Tulbagh) voorgelees. Dit het onder andere berig hoe daar 'n oplewing vir sendingwerk in Engeland en Nederland plaasgevind het, en wat tot gevolg gehad het die stigting van die Baptistesendinggenootskap in 1792, die Londense Sendinggenootskap in 1795 en „Het Nederlandsche Zendeling Genootschap

25) Die bostaande gegewens oor die lewe van Van der Kemp is hoofsaaklik geneem uit die werk van Du Plessis. A history of Christian missions in South Africa, p.100-01.

26) Soos onderskei van klein almanakke en biljettes wat wel voorheen in Suid-Afrika gedruk is.

ter voortplanting en bevordering van het Christendom onder de Heidenen". Vervolgens word daar 'n beroep gedoen op die Christene aan die Kaap om sendingbewus te raak. In Christelik-godsdienstige kringe het hierdie brief aanleiding gegee tot entoesiasme vir 'n sendingaksie. Geld het begin instroom, en een persoon alleen, nl. mev. M.A. Möller het R2,500 geskenk²⁷⁾ - vir daardie tyd 'n buitengewone groot bedrag. Daar was egter ook vermanings teen oorhaastigheid, maar Van der Kemp het alle besware voor hom weggeveeg en sy doel bereik. Met die goedkeuring van die konstitusie deur goewerneur Dundas, na voorlegging aan die fiskaal Van Ryneveld, het die Suid-Afrikaanse Sendinggenootskap op 22 April 1799 tot stand gekom, en het bekend gestaan as „Het Zuid Afrikaansche Genootschap ter bevordering van de uitbreiding van Christus Koningrijk".

Met die stigting van die Suid-Afrikaanse Genootskap het Van der Kemp sy doel bereik om die Kapenaars sendingbewus te maak. Hy was nou gereed om te vertrek na sy voorgestelde sendingveld nl. die Xhواسprekende volke ten ooste van die Kaapkolonie. Vooraf moet daar egter eers aandag gegee word aan die druk van die brief van die Londense Sendinggenootskap wat hy na Suid-Afrika saamgebring het, en wat op godsdienstige gebied so effektief was.

4.2.1.4 Die druk van die brief van die Londense Sendinggenootskap

Voor 1946 was skynbaar niemand daarvan bewus dat Van der Kemp die brief van die Londense Sendinggenootskap vertaal en laat druk het nie. In geen bibliografie van vroeë Suid-Afrikaanse drukke word daarna verwys nie. Self die grootste snuffelaar in die geskiedenis van africanaver-

27) Du Plessis, op.cit., p.92.

sameling, Sir George Grey, het skynbaar nie 'n kopie van die gedrukte brief raakgeloop nie. Ook die pionier op die gebied van die Suid-Afrikaanse persgeskiedenis, A.C.G. Lloyd²⁸⁾ was nie bewus van hierdie drukwerk nie. Du Plessis²⁹⁾ wat in 1911 geskryf het, verwys na die brief en haal ook daaruit aan. Hy meld ook dat die brief gedruk is en in alle dele van die Kaapkolonie versprei is, maar nie dat dit in Hollands vertaal is nie. Dit is jammer dat Du Plessis nie die bron noem waar hy die inligting oor die druk van die brief gekry het nie. Dis egter te betwyfel of hy die inligting uit enige ander bron kon gekry het as uit die Transactions of the Missionary Society,³⁰⁾ want geen ander bron wat hy in sy bibliografie noem, verwys na die druk van die brief nie. Indien Du Plessis die belangrikheid daarvan vir die geskiedenis van die drukkuns in Suid-Afrika besef het, sou hy vir Van der Kemp aangehaal of sy woorde vollediger weergegee het. Die brief is gedruk, want op 13 Mei 1799 het Van der Kemp soos volg aan die Londense Sendinggenootskap geskryf:

„A Dutch translation of your letter is printed on our press, and given to the new-created Society. This is the first religious publication in Africa, of which every copy, though not containing more than five pages, will be sold at two shillings English”.³¹⁾

Voor 1946 het geen navorser van die Suid-Afrikaanse persgeskiedenis die Transactions of the Missionary Society sodanig ondersoek dat Van der Kemp se verwysing na die vertaling en druk van die brief „on our press”

28) Lloyd. The birth of printing in South Africa. Suid-Afrikaanse Biblioteke, 1:11-8, 1933. Hierdie artikel is 'n hersiene herdruk van sy artikel wat in 1914 verskyn het in The Library, 3rd series, 5:31-43.

29) Du Plessis, op.cit., p.91-3.

30) Transactions of the Missionary Society; 2nd ed., 1:370, 1804.

31) Loc.cit.

teëgekom is nie. Dit was wel vroeër al bekend dat die brief in Hollands vertaal was, want in 1843 is dit opgeneem in die blad De Honigbij, 5:82-4.

4.2.1.5 Die vonds in 1946

In 1946 het die Suid-Afrikaanse Biblioteek te Kaapstad in besit gekom van 'n pakkie bevattende manuskripte wat vroeër aan Daniël Krynauw behoort het. Krynauw was 'n welbekende inwoner van die Kaap en het 'n rol gespeel met die stigting van die Suid-Afrikaanse Genootskap in 1799.³²⁾ Tussen hierdie manuskripmateriaal was 'n gedrukte pamflet van agt bladsye³³⁾ van 18.3 cm by 11.5 cm. Die titelbladsy van die pamflet is soos volg saamgestel:

BRIEF
van het
ZENDELINGS GENOOTSCHAP
te LONDON
Aan de Godsdienst-lievende ingeze-
tenen
van de CAAP DE GOEDE HOOP
uit 't Engelisch vertaald
en door V:A: SCHOONBERG ge-
drukt voor 't
ZUID — AFRICAANSCH GE-
NOOTSCHAP
ter uitbreiding van CHRISTUS KO-
ningryk
MDCCXCIX

32) Varley. An early Cape printing discovery. Kwartaalblad van die Suid-Afrikaanse Biblioteek, 1:7-12, 1946.

33) Vgl. Transactions of the Missionary Society, loc.cit. waar vyf bladsye genoem word. Indien Van der Kemp die titelbladsy asook die laaste bladsy, wat hoofsaaklik 'n naskrif van die drukker bevat, buite rekening gelaat het, dan beslaan die teks nogtans ses bladsye.

Die tipografie van die werk is onnet en dit dui op die werk van 'n leek. Die papier is handvervaardig en dra die watermerk 1796. Die brief is onderteken deur J: EYRE Secr^t: wat destyds die sekretaris van die Londense Sendinggenootskap was.

Dat die bestudering van die titelbladsy van hierdie pamflet verbasing uitgelok het, is vanselfsprekend. Die enigste bestaande drukwerk wat voor 1800 aan die Kaap gedoen is, is net 'n almanak vir 1796 en 'n militêre proklamasie van 26 Februarie 1799. Sonder dat iemand daarna gesoek het, is die derde oudste drukwerk in Suid-Afrika gevind. As daaraan gedink word dat die almanak en proklamasie nie boeke in die ware sin van die woord is nie, dan is hierdie vonds van 1946 die oudste gedrukte boek in Suid-Afrika.

4.2.1.6 Die pers waarop die brief gedruk is

Van der Kemp was 'n sendeling van die Londense Sendinggenootskap. As hy dus skryf dat die brief gedruk is „on our press”, dan het ons hier met 'n sendingdrukkers te doen. Dit kon 'n pers gewees het wat Van der Kemp van Engeland af saamgebring het, maar daar is nog geen dokumente gevind wat hierdie vermoede bevestig nie.

Daar is ook die moontlikheid dat hy 'n pers aan die Kaap bekom het. Sover ons huidige kennis strek, was daar in 1799 net een pers in die Kaap, nl. die klein swak toegeruste handpersie van Johann Christian Ritter.³⁴⁾ As hy die pers aan die Kaap bekom het, kon dit net die pers van Ritter gewees het. Hierdie moontlikheid dien kortliks ondersoek te word.

34) Lloyd, op.cit., p.11-3.

Soos reeds opgemerk was Ritter se pers swak toegerus. In Januarie 1799 het die meesterdrukker Harry Harwood Smith uit Engeland in die Kaap geland om hom daar as drukker in diens van die goewerment te vestig. Hy het 'n deel van sy drukkersmateriaal saamgebring, maar die ander deel van sy volledige drukkersuitrusting het hy nog uit Engeland verwag. Lloyd³⁵⁾ kom tot die logiese gevolgtrekking dat die militêre proklamasie van 26 Februarie 1799 deur Smith gedruk is op Ritter se pers, aangevul met die materiaal wat Smith saamgebring het. Omdat die Here Sewentien voor die verowering van die Kaap deur Engeland in 1795 vir Ritter belo= we het dat hy die superintendent van die toekomstige goewermentspers sou word, het sy pers in die goewermentskantoor gestaan.³⁶⁾

Op die titelbladsy van die brief word gemeld dat dit gedruk is deur V.A. Schoonberg. Valentinus Alexius Schoonberg wat 'n stigterslid van die Suid-Afrikaanse Genootskap was, het minstens toegang tot 'n pers ge= had as hy nie self een besit het nie. Uit die notule van die Suid-Afrikaan= se Genootskap blyk dit dat die komitee dit oorweeg het om 'n drukpers aan te skaf, maar „dat er reeds een door Br. Schoonberg was opgegeven welke gem. Broeder aan 't Genoodschap zoude overlaaten, waar in de Vergadering beruste".³⁷⁾ Dit is verder bekend dat Schoonberg se seun Valentinus Alexius jr. as setter in diens was by die goewermentskantoor waar Ritter se pers gestaan het. Dit kan dus ook wees dat Schoonberg jr. die brief gedruk het. Die moontlikheid dat die brief en die militêre pro= klamasie op dieselfde pers gedruk is, nl. die pers van Ritter, word ver=

35) Ibid., p.12-3.

36) Varley, op.cit., p.9-10.

37) Notule van de Z.A. Genootschap, 18 Mei, 1799. N.G. Kerkargief, Kaapstad.

sterk deur die feit dat die lettertypes en die watermerk van die papier van albei dokumente dieselfde is. Verder moet ook vermeld word dat Ritter en Schoonberg (oorspronklik Schönberg) albei van Duitse afkoms uit Beiere is, en hulle was waarskynlik goed bevriend.³⁸⁾

Hoewel die Suid-Afrikaanse Genootskap op 18 Mei 1799 besluit het om nie 'n pers aan te koop nie, omdat Schoonberg 'n pers tot hulle beskikking gestel het, is dit eienaardig dat hulle twee dae later wel 'n pers uit Londen bestel het. Dit laat die vraag ontstaan of Van der Kemp dalk tussen 18 en 20 Mei 1799 in besit gekom het van die pers van Schoonberg of die pers waartoe Schoonberg toegang gehad het (Ritter se pers). Uit 'n ondersoek van die korrespondensie van die Suid-Afrikaanse Genootskap blyk dit dat die Genootskap wel op 20 Mei 1799 aan die Londense Sendinggenootskap geskryf het.³⁹⁾ Daarin word egter geen melding gemaak van 'n pers nie, maar dis wel moontlik dat die bestelling vir die pers as 'n aanhangsel aan hulle brief geheg was. Op 8 Junie 1799 het hulle weer aan die Londense Sendinggenootskap geskryf, en in 'n naskrif verwys na hulle vorige brief (dit is die brief van 20 Mei 1799) en die bestelling van die pers gekanselleer.⁴⁰⁾ Hierop het die Londense Sendinggenootskap ongeveer nege maande later gereageer en laat weet dat die bestelling nie meer uitgevoer sal word nie.⁴¹⁾ Dis interessant om daarop te let dat die bestelling vir die pers gekanselleer is, nie omdat die Suid-Afrikaanse Genootskap nie langer 'n pers benodig het nie, maar omdat die owerheid aan die

38) Varley, op.cit., p.10.

39) Zuid-Afrikaansche Genootschap. Uitgaande Briewen, 20 Mei 1799.

40) Ibid., 8 Junie 1799.

41) Zuid-Afrikaansch Genootschap. Inkomende Briewen, 25 Maart 1800.

Kaap geweier het om toestemming te gee vir die invoer van die pers. Die fiskaal Van Ryneveld het vir hulle toestemming „ten eene maal ont= zegt, want dat het gouvernement alhier nooit zulks heeft toegestaan, dat iemand particulier mogt Drukken".⁴²⁾

4.2.1.7 Gevolgtrekking

Tussen 1 April en 13 Mei 1799 is 'n Hollandse vertaling van 'n brief van die Londense Sendinggenootskap aan die godsdienstiewende inwoners van die Kaap deur V.A. Schoonberg gedruk. Die tipografie en die watermerk van die papier dui daarop dat die brief op dieselfde pers gedruk is as 'n militêre proklamasie van 26 Februarie 1799. Hierdie pers was baie waar= skynlik die pers wat voorheen aan J.C. Ritter behoort het, of nog aan hom behoort het. Dit kan wees dat die pers soos volg van eienaar verwissel het:- van Ritter na Schoonberg na Van der Kemp; of van Ritter na Van der Kemp. Die feit dat die Suid-Afrikaanse Genootskap op 18 Mei 1799 besluit het dat hulle nie 'n pers hoef te bestel nie, en toe tog op 20 Mei 1799 een bestel het, verleen steun aan die hipotese dat Van der Kemp tussen 18 en 20 Mei 1799 in besit gekom het van die pers wat tot die be= skikking van die Suid-Afrikaanse Genootskap was. Hierby moet egter nie uit die oog verloor word nie dat Van der Kemp reeds op 13 Mei 1799 aan die Londense Sendinggenootskap geskryf het dat hulle brief gedruk is „on our press". Hoewel dit baie onwaarskynlik is, kan dit tog moontlik wees dat Van der Kemp homself, as die stigter van die Suid-Afrikaanse Ge= nootskap, beskou het as 'n lid van die genoemde genootskap. In so 'n ge=

42) Naskrif tot die Suid-Afrikaanse Genootskap se brief van 8 Junie 1799 aan die Londense Sendinggenootskap. Kyk voetnoot nr. 40.

val kon hy met „our press” bedoel het die pers van die Suid-Afrikaanse Genootskap. Ook die bewering dat die brief en die militêre proklamasie moontlik op dieselfde pers gedruk is, kan nie sonder meer aanvaar word nie. Soos hierbo aangedui, het Lloyd tot die gevolgtrekking gekom dat die militêre proklamasie deur Smith gedruk is met Ritter se drukkersuitrusting wat aangevul is met materiaal wat Smith met hom saamgebring het. Indien Ritter se materiaal aangevul is deur Smith, en indien die brief op dieselfde pers gedruk is as die proklamasie (d.w.s. op Ritter se pers) dan is dit onverklaarbaar waarom Schoonberg in 'n naskrif onderaan die brief op 'n subtiële wyse verskoning maak dat hy hier en daar 'n s in plaas van 'n z moes gebruik.⁴³⁾

Daar is dus nog nie genoegsaam getuienis gevind om die identiteit van die pers waarop Van der Kemp se eerste drukwerk gedoen is, onomstootlik te bepaal nie. Al wat tans 'n voldonge feit is, is dat Van der Kemp 'n drukpers gehad het. Daar is geen rede om sy woorde „our press” te betwyfel nie. Trouens dit sal hieronder aangetoon word dat hy nog meer drukwerk gedoen het, en dit honderde myle ver van die Kaap waar die enigste ander drukpers in Suid-Afrika op daardie tydstip was.

4.2.2 Die eerste sendingdrukwerk in die binneland

4.2.2.1 Taalprobleme en Van der Kemp se reis na die binneland

Een van die grootste primêre taalhindernisse waarmee die pioniersende-linge te kampe gehad het, was die aanleer van Hollands. Sodra 'n sende-

43) Brief van het Zendinglings Genootschap te London. Laaste bladsy:- „N.B. De s, welke de drukker hier en daar uit gebrek van z heeft moeten gebruiken, gelieve de lezer te versoonen”.

ling Hollands magtig was, kon hy met behulp van 'n tolk oor die weg kom. In die meeste gevalle het Hottentotte opgetree as tolke.⁴⁴⁾ Hierdie priemêre taalhindernis het vir Van der Kemp nie bestaan nie omdat Nederlands sy moedertaal was. Hy moes slegs 'n geskikte tolk vind.

Op 22 Mei 1799 het Van der Kemp en Edmond na Kafferland vertrek om sendingwerk onder die Xhosas te gaan doen. Op hulle reis het hulle naby die huidige Caledon by Genadendal aangedoen om oorleg te pleeg met die sendelinge van die Morawiese Broederkerk. Daar het hulle ook die dienste verkry van die kleurling Bruntjee wat 'n bekende olifantjagter was, en wat as gids en tolk sou dien.⁴⁵⁾

Binne een maand na hulle vertrek uit Kaapstad, het die geselskap Graaff-Reinet bereik, waar hulle 'n paar weke gerus het en toe die reis voortgesit het na die kraal van die Xhosakaptein Ngqika⁴⁶⁾ wat in daardie tyd voortdurend in botsing was met die grensboere. Om hierdie rede het die geselskap Ngqika se kraal eers in September 1799 bereik. Voor die end van daardie jaar het Edmond die geselskap verlaat en teruggekeer na die Kaap om vandaar na Bengalië te gaan as sendeling. Sy rede vir hierdie stap gee hy aan as „not liking Kaffirs”.⁴⁷⁾

Daar bestaan rede om te vermoed dat Bruntjee slegs as tolk by die Hottentotte kon optree, en nie Xhosa magtig was nie. Daarom het Van der

44) Vgl. hoofstuk een, par. 1.1.

45) Nederlandsch Zendinggenootschap. Levensberigt van I. T. van der Kemp, p.22.

46) Deur Engelssprekendes omvorm tot Gaika.

47) Edmonds aan die Londense Sendinggenootskap, gedateer te Kaapstad 20.2.1800. L.S.G.-argief.

Kemp by sy ontmoeting met Ngqika gevra of daar iemand was wat Hol-lands verstaan en as tolk sou dien. „Hierop kwam iemand als een Euro-peaan gekleed, dien wij hoorden, dat Buis heette te voorschijn en plaat-ste zich aan de linkerhand des Konings.”⁴⁸⁾ Die man „dat Buis heette” is Coenraad Buys, van wie Du Plessis sê „he was a man of great bodily strength and some little mental ability, and had in consequence acquired a position of influence with Gaika”.⁴⁹⁾ Buys het vir Van der Kemp gewys op die gevaar waaraan hy blootgestel is en hom afgeraai om sendingwerk by Ngqika te doen. Ngqika self het Van der Kemp se koms met agterdog bejeen, sodat laasgenoemde gevoel het dat die geleentheid om 'n sending-aksie onder die Xhosas te begin, hom nie gegun is nie.

Van der Kemp het vir 'n geruime tyd tussen die Tyume- en Buffelsrivier rondgetrek terwyl hy hom besig gehou het met die aanleer van Xhosa en die onderrig van 'n klein groepie volgeling. Hy het Xhosa uiters moeilik gevind.⁵⁰⁾ Nogtans moes hy 'n mate van sukses behaal het met die aan-leer van Xhosa, want voor die einde van 1799 het hy 'n Xhosa-alfabet en -woordelys aan sy hoofkantoor gestuur.⁵¹⁾ Die groepie volgeling wat hy onderrig het, het bestaan uit vyf heidense vroue (waarskynlik Xhosa-vrouens) twee Hottentotkinders, twee Xhosakinders en sewe kleurlinge („bastards”) - 'n totaal van sestien.⁵²⁾ Benewens onderrig in die ele-

48) Nederlandsche Zendelinggenootschap, op.cit., p.26.

49) Du Plessis, op.cit., p.122.

50) Van der Kemp aan dr. Haweis. 14.5.1800. L.S.G.-argief.

51) Van der Kemp aan die Londense Sendinggenootskap. Geen datum, maar waarskynlik tussen 12.8.1799 en 3.9.1799. L.S.G.-argief. Vgl. ook hoofstuk een, par. 1.3.3.

52) Dagboek van Van der Kemp Julie tot September 1800. L.S.G.-argief. Du Plessis, op.cit., p.122 gee die totaal aan as agtien.

mentêre beginsels van die Christelike leer, het hy sy volgelinge ook Hollands en Xhosa geleer.⁵³⁾

Op 31 Desember 1800 het Van der Kemp Kafferland verlaat toe dit vir hom duidelik was dat die tyd nog nie ryp was vir 'n sendingaksie daar nie. Na= dat hy enkele maande tussen die blankes op die oosgrens rond geswerf het, het hy hom in Mei 1801 in Graaff-Reinet gevestig waar James Read by hom aangesluit het.

4.2.2.2 Drukwerk te Graaff-Reinet

In Graaff-Reinet het Van der Kemp en Read sendingwerk onder die Hot=tentotte begin doen. Skoolonderrig was 'n belangrike deel van hulle werk en teen September 1801 het hulle reeds twee-en-sestig kinders in die skool gehad.⁵⁴⁾ Hulle het egter geen geskikte skoolboeke in die volks= taal gehad nie, en hierdie probleem moes dadelik die aandag van die twee sendelinge geniet het. Hulle het begin om skoolboekies in die volkstaal op te stel, en hierin moes Bruntjee 'n belangrike rol gespeel het. Hulle het ook 'n drukpers besit wat waarskynlik dieselfde pers is as wat vroeër aan Ritter behoort het. So vroeg as 24 Junie 1801, d.w.s. binne twee maande na die aanvang van die Hottentotsending by Graaff-Reinet, het Van der Kemp berig dat hulle 'n spellys gedruk het. „As the children in our school had become numerous, brother Read and I printed four hun=dred copies of a spelling table, for their instruction, whilst we prepared a more complete spelling-book.”⁵⁵⁾ Binne enkele maande was ook die

53) Du Plessis, op.cit., p.122.

54) Ibid., p.124.

55) Transactions of the Missionary Society, 1:481.

vollediger spelboek gedruk, want op 11 November 1801 het Van der Kemp vanaf Graaff-Reinet aan goewerneur Dundas geskryf: „The number of children in our reading school amounts to one hundred and twelve, of whom however seldom more than seventy are present. We have been obliged to print a spelling-book for their use, and we hope that your Excellency will permit us to print and to sell little school books for the benefit of the future establishment, and to educate some of our young men in the art of printing, as a peculiar branch of their employments".⁵⁶⁾

Die sendelinge se drukpers moes primitief gewees het, en was hoogstens geskik vir die druk van klein spellyste en spelboeke. Daarom het Van der Kemp aan sy hoofkantoor geskryf dat „a printing press (is) needed for books".⁵⁷⁾

Uit die bostaande is dit duidelik dat Van der Kemp en Read skool- en veral leesonderrig hooggeskat het. Ten einde die Evangelie met vrag te kon verkondig, moes die sendingobjekte geleer word om te lees sodat geskikte leesstof in die vorm van godsdienstige traktate, kategismusse en later selfs Skrifgedeeltes aan hulle verskaf kon word. Hulle sukses blyk uit die vinnige groei van hulle leerlingtal. Ook die verskaffing van literatuur as onderrigshulpmiddel het hulle ernstige aandag geniet. In Mei 1801 het hulle te doen gekry met 'n taal wat nog nooit voorheen tot skrif gereduseer is nie, en wat wemel van klikklanke wat in geen Europese taal voorkom nie. Nogtans kon hulle reeds in Junie 1801 berig dat hulle

56) Ibid., 1:499.

57) Van der Kemp aan die Londense Sendinggenootskap, gedateer te Graaff-Reinet 4.10.1801. Hierdie feit verleen ook steun aan die moontlikheid dat Van der Kemp in besit gekom het van Ritter se pers.

'n spellys gedruk het. Minder as vyf maande later is 'n vollediger spel=boek gedruk. Soos alle ander pioniersendelinge het hulle ook oor die dienste van 'n tolk beskik, maar Bruntjee kon Hottentots en Hollands slegs praat. 'n Skryfwyse vir Hottentots moes Van der Kemp en Read self vind. Dit moes ander pioniersendelinge ook doen, maar dit het etlike jare geduur voor hulle die eerste drukwerk in die betrokke volks=taal gelewer het.

Aangespoor deur hulle vroeë sukses het Van der Kemp en Read uit die staanspoor groot beplan. Hulle was nie tevrede om te volstaan met 'n spellys en spelboekie nie, en daarom het Van der Kemp op 11 November 1801 goewerneur Dundas se toestemming gevra „to print and to sell little school books”.⁵⁸⁾

Daar bestaan ook rede om te vermoed dat hulle self die drukwerk gedoen het. Sover vasgestel kon word, het nóg Van der Kemp, nóg Read enige ervaring van drukwerk in Europa opgedoen. Hulle moes dus waarskynlik die drukkuns aanleer volgens die lukraakmetode. Op 6 April 1803 het Van der Kemp dan ook aan die Nederlandse Sendinggenootskap geskryf „we want a printer who can remain constantly at his work”.⁵⁹⁾ Ten einde genoegsame hoeveelhede drukwerk in Hottentots te lewer, en omdat hulle nie oor die dienste van geskoolde drukkers beskik het nie, het Van der Kemp in sy brief van 11 November 1801 ook goewerneur Dundas se toestemming gevra „to educate some of our young men in the art of printing”. Dis vanselfsprekend dat Van der Kemp toestemming sou vra om drukwerk te doen, want hy was bewus van die owerheid se houding teen=

58) Transactions of the Missionary Society, 1:499.

59) Ibid., 2:93-4.

oor privaat drukwerk.⁶⁰⁾ Dundas was waarskynlik van mening dat drukwerk in die Hottentottaal die regering nie in verleentheid sou kon stel nie, en daarom het hy nie Van der Kemp se versoek afgewys nie. Hy het egter ook nie spesifiek toestemming gegee dat die gevraagde drukwerk gedoen mag word nie.⁶¹⁾

Voor 1946 is daar nooit in enige bibliografie of 'n ander werk verwys na die spellys en spelboek wat in 1801 te Graaff-Reinet gedruk is nie. Van hierdie twee oudste gedrukte Hottentotboekies is daar nog geen eksemplaar gevind nie. Dat sulke boekies gou uit druk en selfs heeltemal verlore sou wees, lê voor die hand, want hulle is in die hande geplaas van kinders wat vir die eerste keer in aanraking met die beskawing gekom het. Eers met die vonds in 1946 van die gedrukte brief van die Londense Sendinggenootskap aan die godsdiensliewende inwoners van die Kaap, het Varley⁶²⁾ 'n deeglike soektog in die Transactions of the Missionary Society uitgevoer. Hy is waarskynlik ook reg as hy beweer dat die gedeeltes oor die drukpers van Van der Kemp nog nooit voorheen aangehaal is nie.⁶³⁾

4.2.2.3 Drukwerk te Bethelsdorp

Van der Kemp en Read se rustige verblyf en arbeid by Graaff-Reinet was van korte duur. Die Hottentotprobleem in die oostelike deel van die Kolonie het sulke afmetings aangeneem, dat die regering besluit het om 'n Hottentotnederstelling op 'n geskikte plek te vestig. Die keuse vir so 'n

60) Kyk par. 4.2.1.7 voetnoot 42.

61) *Transactions of the Missionary Society*, 1:499.

62) Varley, op.cit., p.7-12.

63) *Ibid.*, p.10.

nedersetting het geval op die plaas van ene Botha aan die Swartkopsrivier naby die huidige Port Elizabeth. Die twee sendelinge en 'n groep Hottentotte het Graaff-Reinet aan die begin van Maart 1802 verlaat en 'n week later hulle bestemming bereik.⁶⁴⁾ Van der Kemp was skynbaar in sy skik met die plek, want hy verwys na die oorvloed van gras, timmerhout en kalksteen daar. Daar was ook 'n woonhuis met drie vertrekke, nog 'n gebou wat geskik was om te dien as 'n kerkgebou en skool, asook 'n derde gebou „where we placed our printing office”.⁶⁵⁾ Met hulle aankoms by Botha se plaas was daar 160 Hottentotte by hulle. Behalwe die verkondiging van die Evangelie is daar ook dadelik aandag gegee aan skoolonderrig. „Twice a day we gave instruction in reading and writing, for which we printed a little spelling-book of 3138 monosyllables.”⁶⁶⁾

Die twee sendelinge het reeds by Graaff-Reinet 'n spelboek gedruk.⁶⁷⁾ Varley⁶⁸⁾ neem dit as vanselfsprekend aan dat die „spellingbook of 3138 monosyllables” dieselfde is as die een wat by Graaff-Reinet gedruk is, m.a.w. dit is nie by Botha se plaas gedruk nie. Daar kon geen moontlike gronde vir Varley se bewering gevind word nie. Daar kan net so wel beweer word dat die „spelling-book of 3138 monosyllables” by Botha se plaas gedruk is. Volgens Martin⁶⁹⁾ is dit dan ook wel die geval. Hy het dit egter mis as hy beweer dat dit Suid-Afrika se eerste boek was.

64) Martin. Dr. Vanderkemp, p.118-9.

65) Transactions of the Missionary Society, 2:82; Martin, loc.cit.

66) Loc.cit.

67) Transactions of the Missionary Society, 1:499.

68) Varley, op.cit., p.11.

69) Martin, op.cit., p.119.

Net soos by Graaff-Reinet was die bestaan van die nedersetting by Botha se plaas van korte duur. As gevolg van siektes en plundertogte deur roofsgtige Hottentotte aan die Sondagsrivier was die nedersetters verplig om veiligheid in Fort Frederick te gaan soek. Daar het hulle gebly totdat die regering 'n plaas van byna 7 duisend morge aan hulle geskenk het, en wat voortaan bekend sou wees as Bethelsdorp. Op 2 Junie 1803 het Van der Kemp en Read met hulle volgelingen hierdie nuwe stasie betrek.⁷⁰⁾

Behalwe skoolonderrig het kategetiese onderrig by Bethelsdorp nou ook 'n plek in die weeklikse roetine gekry. Daar was kategismusklassies vir kinders sowel as vir volwassenes, en dis deur Van der Kemp self behartig.⁷¹⁾ Daar was nog steeds 'n tekort aan geskikte leesstof. In 'n brief van 6 April 1803 aan familie in Nederland het Van der Kemp gekla dat daar geen boeke is nie vir die hele aantal Hottentotte wat reeds goed kan lees.⁷²⁾ Die twee sendelinge se tyd moes in so 'n mate deur die gewone sendingwerk in beslag geneem gewees het, dat daar van die druk van boeke nie veel tereg kon kom nie. Op 6 April 1803 het Van der Kemp dan ook aan die Nederlandse Sendinggenootskap geskryf en die volgende versoek gerig: "We want a Printer who can remain constantly at his work..."⁷³⁾

Kort na hulle vestiging by Bethelsdorp moes die sendelinge al besig gewees het met die samestelling van 'n kategismus in Hottentots. Van der

70) Ibid., p.124.

71) Ibid., p.140.

72) Transactions of the Missionary Society, 2:93.

73) Ibid., p.93-4.

Kemp en Read het skynbaar niks berig in verband met die samestelling van die kategismus nie. Al wat bekend is, is dat dit in 1804 gedruk is.

Hoewel Van der Kemp in sy jaarverslag vir 1804 berig het dat hulle 'n kategismus gedruk het,⁷⁴⁾ was Suid-Afrikaanse navorsers tot 1946 onbewus van sy aankondiging. Sedert 1858 word daar kennis gedra van die kategismus, dog nie deur Van der Kemp se jaarverslag nie, maar deur Bleek se katalogus van die biblioteek van Sir George Grey.⁷⁵⁾ Inskrywingnr. 27 in die katalogus lui soos volg:

„Tzitzika Thuickwedi mika Khwekhwenama (Principles of the Word of God for the Hottentot nation.)
Printed at Bethelsdorp in 1805 or 1806.

A Catechism in the Hottentot Language, by the Reverend Dr. van der Kemp and J. Read, missionaries of the London Missionary Society. His Excellency has not yet succeeded in finding a copy of this Catechism, although every effort has been made, both in the Colony and in Europe, to ascertain if a copy of it is in existence."

In sy artikel The birth of printing in South Africa beweer die vader van Suid-Afrikaanse historiese bibliografie, A.C.G. Lloyd,⁷⁶⁾ dat dit onmoontlik was dat Van der Kemp en Read die kategismus kon gedruk het. Hoewel Varley⁷⁷⁾ in 1946 gereageer het op Lloyd se bewering, is dit tog nodig dat daar weer ingegaan sal word op Lloyd se argumente, aangesien

74) Transactions of the Missionary Society, 2:239.

75) Bleek. The library of ... Sir George Grey ... p.25.

76) Lloyd, op.cit., p.15-6.

77) Varley. The Bethelsdorp Catechism of 1804. Africana aantekeninge en nuus, 4:3-8, 1946.

Varley minstens een saak in sy teenargumente en gevolgtrekking misgesien het. Lloyd se argumente kom op die volgende neer:

Bethelsdorp was die tweede plek in Suid-Afrika wat 'n drukpers gehad het. Daar heers groot onsekerheid oor die datum wanneer die pers opgerig is. Bleek het 'n inskrywing „Tzitzika Thuickwedi mika Khwekhwenama” wat in 1805 of 1806 te Bethelsdorp gedruk is. 'n Rhodesiese versamelaar het aan Lloyd vertel dat hy bewus is van 'n eksemplaar wat in privaat besit in Engeland is. Nieteenstaande dit is Lloyd baie skepties t.o.v. die bestaan van so 'n publikasie te eniger tyd, en hy betwyfel nog meer die plek en datum van publikasie. Hy beweer verder dat die kategismus nie genoem word in die biografie van Van der Kemp of in die rapporte van die Londense Sendinggenootskap nie. Volgens die rapporte van hierdie Genootskap is daar ook nie 'n pers voor 1816 by Bethelsdorp opgerig nie. In 1805 het die betrokke genootskap wel 'n pers aan dr. Van der Kemp gestuur, maar die boot waarop dit was, het tussen Kaapstad en Algoabaai gesink. In 1808 het Van der Kemp 'n werk oor die Sendbrief aan die Romeine en 'n verhandeling oor verloskunde na Holland gestuur om gedruk te word. As hy 'n pers by Bethelsdorp gehad het, sou hy nie die werke so ver weggestuur het om gedruk te word nie.

In die lig van die huidige kennis kan feitlik elke bewering en argument van Lloyd betwis word. Hy noem Bethelsdorp as die tweede plek in Suid-Afrika wat 'n drukpers gehad het. Vroeër in hierdie hoofstuk⁷⁸⁾ is aangetoon dat drukwerk by Graaff-Reinet en Botha se plaas gedoen is voor

78) Kyk par.4.2.2.2.

Bethelsdorp bestaan het. Hierdie inligting is verkry uit bronne wat tot Lloyd se beskikking was, en juis uit daardie bronne waarvan hy beweer het dat dit nie sodanige inligting bevat nie. Die onsekerheid oor die datum waarop die pers opgerig is, bestaan vandag nie meer nie.

Lloyd haal die titel van die kategismus soos volg uit Bleek aan: „Tzitzika Thuickwedi mika Khwekhwenama (Principles of the Word⁷⁹⁾ of God for the Hottentot nation)". Hierdie „vertaling" (in werklikheid is dit geen vertaling nie) van die titel in ronde hakies is egter nie die enigste wat Bleek gee nie. Soos by alle inskrywings in 'n inboorlingtaal in sy katalogus gee hy interlineêr 'n woordelike vertaling van die titel. By hierdie inskrywing is die woordelike vertaling „God's words⁸⁰⁾ Hottentots-for". Oor die kwessie van „Word" en „words" het Varley⁸¹⁾ hom heelwat bemoei. Van der Kemp se eie „vertaling" van die titel is „Principles of the words (met 'n kleinletter w) of God for the Hottentot nation".⁸²⁾ Varley haal Van der Kemp se „vertaling" aan met 'n hoofletter W.⁸³⁾ Van der Kemp het egter nie probeer om 'n vertaling van die oorspronklike titel te gee nie, want die ekwivalent vir die woord „principles" kom nie in die oorspronklike titel voor nie. Wat Van der Kemp naas die oorspronklike titel in ronde hakies geplaas het, is slegs 'n beskrywing van die omvang van die werk. Sy gebruik van die meervoudsvorm „words of God" in plaas van „Word of God" kan verklaar word uit die feit dat dit in die oorspronklike titel in die meervoud staan. Dit sou trouens dwaas wees om in die

79) My kursivering.

80) Id.

81) Varley. The Bethelsdorp catechism, p.4-5.

82) Transactions of the Missionary Society, 2:239.

83) Varley. The Bethelsdorp catechism, p.5.

begin van die 19e eeu met onbeskaafde sendingobjekte te praat van die Woord van God. Wat hulle betref is dit baie woorde - nie net een woord nie. Vir beskaafde mense is die Bybel bekend as die Woord van God, en dit kan die rede wees waarom Bleek naas die direkte vertaling („God's words Hottentots-for") ook „(Principles of the Word of God for the Hottentot nation)" geplaas het. Uit hierdie „fout" van Bleek wou Varley probeer vasstel hoe Bleek aan die titel gekom het as daar geen eksemplaar van die Kategismus bestaan nie. Hy kom dan tot die gevolgtrekking dat Bleek die titel van eerw. William Thompson gekry het, en dat laasgenoemde dit moontlik foutief uit die Transactions of the Missionary Society afgeskryf het. Hy noem ook die moontlikheid dat Thompson die titel vanaf die kategismus self afgeskryf het. Dit is egter baie onwaarskynlik, want dan sou die woorde „(Principles etc.)" nie genoem gewees het nie, omdat dit beslis nie op die titelbladsy van 'n werk in Hottentots sou staan nie. Van der Kemp se aankondiging van die publikasie beslaan net die vier kursiefgedrukte Hottentotwoorde. Dit wat daarna in romeinse drukletters en in ronde hakies volg, is bloot 'n omskrywing van die omvang van die werk vir lesers van die Transactions ... in Engeland en elders. 'n Mens hoef in Thompson se „fout" niks meer te soek as 'n taalkundige verbetering van wat in die Transactions staan nie. 'n Blou strokie papier in die Suid-Afrikaanse Biblioteek met die woorde „Mr. Thompson has ascertained that the title of the said catechism was 'Tzitzika ...' (Principles of the Word ...)” verklaar die hele saak, en maak al die redenasies en spekulasies oorbodig.⁸⁴⁾ 'n Mens kan daaruit eintlik net

84) Varley. The Bethelsdorp catechism, p.4-5. Die betrokke strokie blou papier maak dit duidelik dat Bleek die titel van Thompson verkry het, en dat Thompson dit uit die Transactions ... afgeskryf het - nie van die kategismus self nie.

aflei dat Lloyd en Varley die inskrywing in Bleek se katalogus onvolledig gelees het, of nie op hoogte was van die vorm waarin Bleek die inskrywings gegiet het nie.

Lloyd beweer voorts dat die kategismus nie in die biografie van Van der Kemp of in die rapporte van die Londense Sendinggenootskap genoem word nie. Hy skryf van „the Biography of Van der Kemp”⁸⁵⁾ wat op 'n spesifieke biografie dui, maar hy toon nie aan watter een nie. Sy artikel is oorspronklik in 1914 geskryf, maar hy het dit hersien vir plasing in Suid-Afrikaanse Biblioteke in 1933.⁸⁶⁾ Teen 1933 was daar al verskeie biografieë van Van der Kemp, waarvan twee vroeër in hierdie hoofstuk aangehaal is. Een van die biograwe, nl. Martin, het teen 1931 geskryf van „a Catechism ... being printed at the mission press in 1804”.⁸⁷⁾

Die volgende aanhaling weerlê Lloyd se bewering dat die kategismus nie genoem word nie in die rapporte van die Londense Sendinggenootskap. „As there are several of the baptised, besides others among our people who understand no other language than the Hottentot, we have drawn up and printed in that language, the outlines of the Christian religion in the form of a catechism, under the title of Tzitzika Thuickwedi mika Khwekhwenama (Principles of the words of God for the Hottentot nation).”⁸⁸⁾ Hierdie aanhaling dien ook as bewys dat Thompson die titel wat hy aan

85) Lloyd, op.cit., p.16.

86) Ibid., p.11, voetnoot.

87) Martin, op.cit., p.140.

88) Annual report of the missionary establishment Bethelsdorp, near Algoa Bay, South Africa for the year 1804. Aangehaal uit Transactions of the Missionary Society, 2:239.

Bleek verstrek het, uit die Transactions... moes afgeskryf het, anders sou hy nie geweet het dat hy hier met 'n kategismus te doen het nie. Die woord „catechism“, of die Hottentotekwivalent daarvan, kon nêrens in die titel voor nie, maar Van der Kemp sê self in sy jaarverslag, wat opgeneem is in die Transactions..., dat die werk opgestel is in die vorm van 'n kategismus. Dit weerlê ook Lloyd se bewering dat volgens die rapporte van die Londense Sendinggenootskap daar nie 'n pers voor 1816 by Bethelsdorp opgerig is nie.

Hoewel daar nou genoegsaam aangetoon is dat Van der Kemp sedert 1799 'n pers gehad het, en dat die Hottentotkategismus in 1804 gedruk is, moet 'n verdere bewering van Lloyd in hierdie verband reggestel word. Sy he=le betoog gaan daarom om aan te toon dat Van der Kemp nie 'n kategis=mus in 1805 of 1806⁸⁹⁾ kon gedruk het nie. Daarom sê hy dat die Lon=dense Sendinggenootskap in 1805 'n pers aan Van der Kemp gestuur het, maar dat die boot wat dit vervoer het, gesink het. Alles is waar, behal=we dat hierdie dinge in 1803 en nie in 1805 gebeur het nie. Dit is jammer dat sy artikel so swak gedokumenteerd is, maar hy het sy inligting waar=skyklik verkry uit die elfde rapport van die Londense Sendinggenootskap wat die datum 9 Mei 1805 dra. Ten opsigte van Bethelsdorp bevat hier=die rapport inligting oor gebeurtenisse in 1803 en nie 1805 nie. Die feite in verband met die pers en die sink van die boot is kortliks die volgende:

Terwyl Van der Kemp nog by Graaff-Reinet was, het hy aan die Londense Sendinggenootskap geskryf en gevra dat 'n nuwe pers vir hom gestuur

89) Die waarskynlike publikasiedatum soos aangegee deur Bleek, op.cit., p. 25.

moet word.⁹⁰⁾ Dis nie bekend wanneer die pers verskeep is nie, maar teen Februarie 1803 was dit reeds in Kaapstad. In 'n brief aan die Nederlandse Sendinggenootskap het Van der Kemp op 6 April 1803 geskryf dat hulle (die sendelinge te Bethelsdorp) baie benodigdhede, waaronder 'n volledige pers, uit Londen ontvang het.⁹¹⁾ As hy skryf dat die voorraad ontvang is, dan bedoel hy dat dit in Kaapstad aangekom het en wag op versending na Algoabaai. Op dieselfde dag wat hy aan die Nederlandse Sendinggenootskap geskryf het, het Van der Kemp aan 'n neef van hom in Den Haag geskryf en gemeld dat daar 'n verbod op die pers geplaas is.⁹²⁾ Dit verklaar waarom die pers so lank in Kaapstad gehou is voor dit verskeep is na Algoabaai. Op 12 September 1803 is die voorraad na Algoabaai verskeep in die Hollandse brik John. „Op den 16 dezer is tusschende Kleineriviersmond in de sogenaamde Fransche Kraal, aande zijde van Kaap Aquillas gestrand het Hollandsch Brikschip John, Capt. Richard Kelly, gedestineerd naar de Algoa-Baay. Van de Equipage zijn slegts vijf Man gered.”⁹³⁾ Op 12 Oktober 1803⁹⁴⁾ het goewerneur Janssens aan Van der Kemp geskryf en hom meegedeel dat die boot met die voorraad gesink het en dat Irwin⁹⁵⁾ verdrink het. Hierdie brief is op

90) Van der Kemp aan die Londense Sendinggenootskap, gedateer te Graaff-Reinet 4.10.1801. L.S.G.-argief.

91) Transactions of the Missionary Society, 2:93.

92) 'n Engelse vertaling van die brief in die L.S.G.-argief.

93) Kaapsche Courant, 1.10.1803.

94) L.S.G.-argief.

95) Daar is min bekend oor Irwin, maar hy is waarskynlik na Bethelsdorp gestuur om onder andere die drukwerk te behartig. Hy was 'n losgekoopte soldaat van een van die Kaapse regimente.

1.11.1803 by Bethelsdorp ontvang.⁹⁶⁾ Met die volgende posgeleentheid het Van der Kemp die tragiese gebeure aan die Londense Sendinggenootskap meegedeel.⁹⁷⁾

Uit die bostaande is dit duidelik dat Lloyd mislei is deur die rapport van 1805. Hierdie rapport bevat inligting oor Bethelsdorp vir 1803; die Bethelsdorpse inligting is saamgestel in 1804; hierdie inligting was betyds in Londen vir die Londense Sendinggenootskap se vergadering van Mei 1805.

Ten slotte moet nog aandag gegee word aan Lloyd se bewering, dat as Van der Kemp 'n drukpers gehad het, hy nie in 1808 (sic) sy werke oor die Sendbrief aan die Romeine en oor verloskunde na Nederland sou gestuur het om gedruk te word nie. Van der Kemp het in der daad die twee werke voltooi. „Niettenstaande zijn uitgebreiden werkkring, vond onze Van der Kemp nog tijd, om een reeds in Holland aangevangen werk over den brief van Paulus aan de Romeinen te voltoojen: hij zond hetselfe naar het Nederland, waar het onder den titel van Theodicée van Paulus in het licht verscheen. In denzelfden tijd stelde hij, ten dienste van Bethelsdorp, een vrij uitvoerig werk over de vroedkunde op.”⁹⁸⁾

Theodicée van Paulus is 'n omvangryke werk in drie dele waaraan Van der Kemp kort na sy bekering begin werk het, en waarvan die eerste deel reeds in 1799 in Nederland verskyn het. Die finale deel het hy in

96) Transactions of the Missionary Society, 2:164.

97) Van der Kemp aan die Londense Sendinggenootskap, gedateer te Bethelsdorp 29.2.1804. L.S.G.-argief.

98) Nederlandsch Zendinggenootschap. Levensberigt van I. T. van der Kemp, p.35-6.

1807 (nie 1808 soos Lloyd beweer nie) voltooi. Dit is vanselfsprekend dat hy 'n werk van so 'n omvang nie op sy primitiewe sendingpersie sou druk nie, maar dit na Nederland sou stuur om in dieselfde formaat as die ander dele te verskyn. Uit die slotsin van die aanhaling hierbo blyk dit dat Van der Kemp die werk oor verloskunde opgestel het, maar dit word nie gesê of hy dit na Nederland gestuur het om gedruk te word nie. Lloyd het weereens nie die bron genoem waaruit hy sy inligting gekry het nie, maar dis waarskynlik weer die Transactions...⁹⁹⁾ Daarin het 'n brief verskyn wat Read op 3.10.1807 aan die Londense Sendinggenootskap geskryf het en waarin hy melding maak van die twee betrokke boeke van Van der Kemp.¹⁰⁰⁾ Ten opsigte van die werk oor verloskunde maak Read ook geen melding dat die werk na Nederland gestuur is om gedruk te word nie. Dis te betwyfel of hierdie werk ooit gedruk is, want tot dusver kon nog geen bewys daarvoor gevind word nie.

Lloyd het nie daarin geslaag om grondige redes aan te voer waarom hy dit betwyfel of die Bethelsdorpse kategismus ooit gedruk is nie. Die beste primêre getuienis waaroor ons beskik, is dié van die drukkers Van der Kemp en Read, en daarvolgens is die kategismus in 1804 op hulle sendingpers gedruk.

Bleek het erken dat Sir George Grey nie 'n eksemplaar van die kategismus gesien het nie, en hierbo is ook aangedui dat Thompson van die kategismus in die Transactions of the Missionary Society moes gelees het. Die beste kontemporêre getuienis ten gunste van dr. Van der Kemp se

99) Transactions of the Missionary Society, 3:154.

100) Die ongeleerde Read verwys na „The Odyssey of Paul” i.p.v. „Theodicée of Paul”.

drukkersaktiwiteit het ons van Heinrich Lichtenstein, wat nie alleen 'n tydgenoot was nie, maar wat ook in aanraking met hom was, onder andere saam met generaal Janssens gedurende sy amptelike besoek aan die oosgrens en Bethelsdorp. Lichtenstein sê die volgende oor die Bethelsdorpse kategismus en drukkerij: „Herr Van der Kemp, ein gelehrter Missionar, der sich noch jetzt unter den Hottentotten aufhält, und der sich ihre Sprache so ganz zu eigen gemacht hat, dass er in Stande war, einen Catechismus in ihrer Sprache mit einer kleinen Handdruckerei selbst zu drucken, unterscheidet ausser diesen drei Zungenschlägen, noch drei andere weniger merkbare, und hat dafür Schriftzeichen erfunden.“^{100a)} Daar kan min twyfel bestaan dat Lichtenstein hierdie kategismus gesien en hanteer het, want hy is ten volle op hoogte met Van der Kemp se skryf- wyse van die klikklanke. „Le Vaillant made use of signs invented by himself to express these sounds; but I think they will be more easily comprehended by following Van der Kemp's method, and employing the numbers 1, 2, 3, to distinguish the degrees of the sound.“^{100b)} Lichtenstein skeep egter ook verwarring as hy na die publikasiedatum van die kategismus verwys. „This enthusiastic converter of the Hottentots, printed, with his own hands, in the year 1806, a catechism in the Hottentot language for the use of the missionaries.“^{100c)} Dis egter onmoontlik dat Lichtenstein in 1806 in aanraking was met Van der Kemp. Teen die einde van 1805 was hy terug in Kaapstad waar hy gebly het tot sy vertrek na Europa vroeg in Maart 1806.^{100d)} Met die datum 1806 moes daar ie-

100a) Aangehaal uit Nienaber. *Hottentots*, p.154-5.

100b) Lichtenstein. *Travels...* 2:465.

100c) Loc.cit., voetnoot

100d) Ibid., 2:454-5.

wers 'n fout ingesluit het.

Nog 'n persoon wat na die drukwerk van Van der Kemp verwys het, is dr. John Philip.¹⁰¹⁾ Dis egter duidelik dat hy aangehaal het uit 'n brief van Van der Kemp aan goewerneur Dundas wat opgeneem is in die Transactions...¹⁰²⁾ Dit is dus baie waarskynlik dat Philip geen produkte van Van der Kemp se pers gesien het nie.

Uit 'n ietwat onverwagte oord is daar in die vroeë vyftiger jare van die vorige eeu verwys na die Bethelsdorpse kategismus. Teen daardie tyd het die Committee of the South African Auxiliary Bible Society by wyse van 'n vraelys 'n opname gemaak van vertalings- en drukwerk in inboorlingtale. Die vraelyste is aan sendelinge en ander belangstellendes in Suid-Afrika gestuur. Die Wesleyaanse sendeling te Warmbad (Nisbet Bath) in Suidwes-Afrika, H. Tindall, het op die vraelys geantwoord dat hy bewus is van „a part of a Catechism which was published at Bethelsdorp by the learned Dr. Van der Kemp”.¹⁰³⁾ Tindall praat hier van 'n deel van die kategismus van 1804 asof dit nie volledig is. As hy bloot van die kategismus gehoor het, (dit met ander woorde nie gesien het nie) dan is dit eienaardig dat hy verwys na „a part of a Catechism”. Die moontlikheid kan dus nie uitgesluit word nie dat Tindall in besit was van 'n kleiner of groter brokstuk van die Bethelsdorpse kategismus, of dit dan minstens by iemand anders gesien het.

101) Philip. Researches in South Africa, 1:76.

102) Kyk voetnoot 58 hierbo.

103) Tindall aan Morgan 28.11.1853. Gepubliseer in Correspondence between the committee of the South African Auxiliary Bible Society and various missionaries and others... p.3.

Byna honderd-en-vyftig jaar na die verskyning van Van der Kemp se kategismus het die sendeling E.W. Smith ook verwys na hierdie kategismus wat vir die Hottentotte van Bethelsdorp geskryf is.^{103a)}

4.3 Die Scheppmannsdorfse pers

Sover dit vasgestel kon word, is, behalwe die produkte van Van der Kemp se sendingpers, die enigste ander drukwerk in die Hottentottaal deur sendelinge van die Rynse Sendinggenootskap in Suidwes-Afrika gedoen. Hierdie gebied is as 'n sendingveld ontgin op 'n stadium toe vervoerprobleme grootliks opgelos is met die koms van stoomskepe. Gevolglik het die sendelinge in hierdie gebied nie veel moeite gedoen om self lektuur vir hulle sendingobjekte te druk nie. Hulle het dit geriefliker gevind om die drukwerk in Kaapstad en selfs in Duitsland te laat doen.

4.3.1 Die stigting van die Rynse Sendinggenootskap

In 1799 het twaalf vrome en godsdienstige persone in Elberfeld in die Rynprovinsie van Duitsland 'n gebedskring gestig. Hulle het een keer per maand byeen gekom om te bid vir die uitbreiding van die Koninkryk van God. Met gereelde tussenposes het hulle selfs hulle eie sendingtydskrif uitgegee, nl. Nachrichten von der Ausbreitung des Reiches Jesu. Met verloop van tyd is soortgelyke gebedskringe in naburige dorpe en stede soos Barmen, Wesel en Keulen gestig. Behalwe gereelde gebede het hulle nou ook belangstelling gewek vir die sending en bestaande sendinggenootskappe daadwerklik gesteun. In 1828 het die vier genoemde gebedskringe soveel steun geniet dat hulle die Rynse Sendinggenootskap gestig

103a) Smith. *African ideas of God*, p.99; Du Toit. *Die kerstening van die Bantoe*, p.76.

het onder die naam van „Vereinigte Rheinische Missionsgesellschaft". Hulle doel was nou die opleiding en stuur van Christelike sendelinge na nie-Christelike volkere, en van die begin af het hulle Suid-Afrika in die oog gehad as 'n moontlike sendingveld. Terwyl dr. Philip van die Londense Sendinggenootskap in 1829 in Engeland was, het hy Duitsland besoek. Onder sy sorg het die eerste vier sendelinge van die nuwe genootskap in Julie 1829 na Suid-Afrika vertrek en in Oktober in Kaapstad geland.

Die vroegste Rynse sendelinge het hulle op verskillende plekke in die destydse Kaapkolonie gevestig. In 1840 het Kleinschmidt hom by Schmelen van die Londense Sendinggenootskap by Kommagas in Klein-Namakwaland gevestig. Hulle het steeds die oog gehou op die gebied ten noorde van die Oranjerivier wat tans bekend is as Suidwes-Afrika. In 1842 is hierdie gebied dan ook betree en wel deur Hans Christiaan Knudsen. In hierdie landstreek het hulle te doen gekry met verskillende volke wat Hottentots praat, asook met die Herero, 'n Bantoestam. Ander pioniersendelinge van die Rynse Genootskap in Suidwes-Afrika was naas Kleinschmidt ook nog Krönlein, Hahn, Rath en Kolbe. Laasgenoemde drie het hoofsaaklik die Herero as sendingobjekte gehad, terwyl Kleinschmidt en Krönlein onder die Namas (Hottentotte) gearbei het.¹⁰⁴⁾

104) Du Plessis. A history of Christian missions, p.200-6.

4.3.2 Taalprobleme

Die pioniersendeling in die Noordweste was die Duitser J.H. Schmelen wat in die diens van die Londense Sendinggenootskap was. Net soos dit die geval was met Van der Kemp en Read, wat sukses behaal het met die aanleer van die Hottentottaal, het Schmelen ook met 'n Hottentotssprekende getrou.¹⁰⁵⁾ Die Hottentotte in die Noordweste was in die begin van die 19e eeu nog nie tot so 'n mate onder die invloed van die blanke beskawing dat hulle hulle taal ten koste van gebroke Hollands prysgegee het nie.¹⁰⁶⁾ Gevolglik het Schmelen dit nodig geag om met die hulp van sy vrou die taal te leer en vertalings daarin te doen. Sy sukses word weerspieël in die feit dat hy in 1831 die vier Evangelies en 'n gesangeboek in Hottentots op die kommersiële pers van Bridekirk in Kaapstad laat druk het.¹⁰⁷⁾ As gevolg van hierdie prestasie het Vedder vir Schmelen die eerste volwasse blanke wat die Nama-Hottentottaal aangeleer het, genoem.¹⁰⁸⁾ Vedder was skynbaar nie bewus van Van der Kemp se kennis van, en drukwerk in Hottentots nie. Die aandeel van Schmelen se Hottentotvrou hierin moet nie gering geskat word nie. In 1830 het sy haar man na Kaapstad vergesel toe hy die vier Evangelies laat druk het. „Na voltooiing van die werk, waarby sy baie hulp verleen het, keer albei na die Noorde terug. Op die plaas van Lodewyk Botma by Tulbach is sy oorlede. Haar laaste woorde was: „Ek het die werk voltooi wat jy my opgedra het om te doen.”

105) Ibid., p.118. Vgl. ook Correspondence between the committee of the S.A. Auxiliary Bible Society and various missionaries and others ... p.3.

106) Du Plessis. A history of Christian missions, p.206.

107) Bleek, op.cit., p.16-7.

108) Vedder. South West Africa in early times, p.240.

Sy het daarby gedink aan die vertaling van die evangelies in die Nama-taal."¹⁰⁹⁾

Die hulp wat hy van sy vrou gekry het, laat die vermoede ontstaan dat Schmelen nie veel moeite gedoen het om taalkundige probleme te probeer oplos nie. Met vertalingswerk kon sy baie help, maar omdat sy ongeleerd was, kon sy byvoorbeeld nie ortografiese probleme help oplos nie. Dit is waarskynlik die rede waarom Schmelen sy vertalings laat druk het sonder 'n aanduiding van die klikklanke. Dit is dan ook die belangrikste beswaar wat ingebring is teen sy vertalings. Volgens Tindall¹¹⁰⁾ was hierdie vertalings onleesbaar sonder die klikke, behalwe miskien vir Schmelen self. Dit is dieselfde as 'n Engelse boek waarin die helfte van die konsonante weggelaat is. Volgens Zohn¹¹¹⁾ kon die Hottentotte nie hierdie vertalings lees nie. Dit verbaas dan ook nie dat Tindall geeneen van Schmelen se vertalings in die besit van Hottentotte gesien het nie.¹¹²⁾

Die Rynse sendeling Knüdsen het taalkundig veel meer moeite gedoen as Schmelen. In 1845 en 1846 het hy 'n elementêre skoolboekie (A.B.C.-boekie), 'n spellys en die evangelie van Lukas by Pike en Philip in Kaapstad laat druk.¹¹³⁾ Hy het die klikke deur middel van leestekens aangedui, en sy vertalings is gebruik te Bethanië, Rehoboth en Scheppmanns=

109) Id. Die voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika, p.225-6.

110) Correspondence between the committee of the South African Auxiliary Bible Society and various missionaries and others ... p.5.

111) Aangehaal in Bleek, op.cit., p.17.

112) Correspondence ... p.3.

113) Ibid., p.2; Bleek, op.cit., p.13-4, 18.

dorf.¹¹⁴⁾ Knüdsen se metode van aanduiding van die klikke is skerp gekritiseer deur Tindall.¹¹⁵⁾ Volgens hom sou dit beter wees as Knüdsen gebruik gemaak het van die stelsel wat in Xhosa gebruik word, nl. c, q en x om die klikke voor te stel. Dit moet egter nie uit die oog verloor word nie dat Tindall 'n Wesleyaanse sendeling was, en dat hy moontlik beïnvloed is deur die sendelinge van sy Genootskap wat op die voorpunt gestaan het in Kafferland ten opsigte van Xhosataalkunde en -drukwerk. In die huidige Nama-ortografie word daar in elk geval nie gebruik gemaak van die bogenoemde letters om die klikke voor te stel nie.

Knüdsen se vertalings het 'n baie gunstige ontvangs gehad. Bleek het o.a. daarvan gesê: „This version of Luke's Gospel is, as yet, the surest and best source for a knowledge of the Hottentot language... it is acknowledged by those who are most able to judge regarding it, to be not only faithful but quite idiomatic".¹¹⁶⁾ Net soos Schmelen het Knüdsen ook hulp gekry van Hottentotte. In sy voorwoord tot Lukas erken hy die hulp wat hy gekry het van sy twee Hottentottolke Jacob en Johannes.¹¹⁷⁾

Nog Rynse sendelinge wat moeite gedoen het om Hottentots magtig te raak, was Kleinschmidt en Krönlein. Eersgenoemde was verantwoordelik vir die enigste bekende drukwerk in Hottentots op 'n sendingpers in Suidwes-Afrika. Hieroor sal meer inligting gegee word in par.4.3.3. Krönlein het bekend geword vir sy vertaling van die hele Bybel in Hottentots.¹¹⁸⁾ Sy verta=

114) Correspondence... p.2-3.

115) Ibid., p.5; Statement of the committee... p.7.

116) Bleek, op.cit., p.18.

117) Loc.cit.; Correspondence... p.3.

118) Du Plessis. A history of Christian missions... p.209.

ling het egter nooit in druk verskyn nie.

Die bostaande is geïsoleerde gevalle van sendelinge wat moedige pogings aangewend het om die Hottentottaal te bemagtig, en om lektuur aan die Hottentotte beskikbaar te stel. Teen die helfte van die vorige eeu het die meeste sendelinge weinig aandag gegee aan die studie van Hottentots. Volgens Tindall¹¹⁹⁾ het die sendelinge oor die algemeen net soveel van die taal geleer as wat nodig was om hulle nuuskierigheid te bevredig. Sommige is afgeskrik deur die uiters moeilike taal en veral die uitspraak. Ander weer het gemeen dat die taal te barbaars is, en dat die sendingobjekte liewers 'n beskaafde taal geleer moes word. Onder die sendelinge was daar ook diegene wat gehoop het dat Hottentots spoedig 'n dooie taal sou wees. Nieteenstaande die bemoeiinge van enkele sendelinge was daar in 1853 geen Hottentot wat in sy moedertaal kon lees nie.¹²⁰⁾ In die skole is die kinders deur medium van Hollands onderrig.

Maar nie net die sendelinge was teësinnig om Hottentots te leer nie. Ook die Hottentotte self wou nie hulle kinders deur medium van hulle moeder-taal laat onderrig nie. Die onderrigsmiddele moes Hollands wees, want, het hulle gesê, die blankes in Kaapstad en die Oorlamstam praat Hollands.¹²¹⁾ Een Hottentotkaptein, Dawid Christiaan, het gevoel dat hy uit skaamte onder 'n bos wil inkruip as hy sy eie taal praat.¹²²⁾

Hierdie gesindheid teenoor die Hottentottaal mag daarvoor verantwoorde-

119) Correspondence... p.4-5; Statement... p.6.

120) Loc.cit.

121) Vedder. South West Africa in early times, p.241; Bruwer. South West Africa, p.60.

122) Vedder. South West Africa in early times, p.241.

lik wees dat daar net een werkjie in hierdie taal op 'n sendingpers gedruk is. Hierdie taal het egter nooit in Suidwes-Afrika 'n dooie taal geword nie, soos wat sommiges gehoop en verwag het. Hiervan is die publika-sie van die Namabybel enkele jare gelede die bewys.

4.3.3 Drukwerk

Die enigste drukwerk in Suidwes-Afrika op 'n sendingpers in die onder-hawige tydperk word verbind aan die naam van die Rynse sendeling Klein-schmidt. Hy en Hugo Hahn is in 1842 na Suid-Afrika gestuur om die sen-dingstasie Bethanië te heropen. Hierdie stasie is gesluit toe Schmelen van die Londense Sendinggenootskap dit in 1834 verlaat het.¹²³⁾ Hulle het egter verder noordwaarts gegaan en hulle by Windhoek gevestig.¹²⁴⁾ Intussen is Kleinschmidt getroud met Schmelen se dogter, wie se moe=der 'n Hottentot was. Hierdie Kleurlingdogter het die Hottentottaal waar-skyklik goed geken.¹²⁵⁾ By 'n sendingkonferensie wat op 9.4.1845 te Otjikango gehou is, is Kleinschmidt toegewys aan Rehoboth.¹²⁶⁾ Hier het hy onder andere gewerk aan 'n Hollands-Nama woordeboek, maar dis nooit gedruk nie.¹²⁷⁾

Die idee van 'n eie sendingdrukkers het sy ontstaan by die sendeling Kolbe gehad. Hy was tevrede dat groter drukwerk in Kaapstad en later selfs in

123) Rohden. Geschichte der rheinischen Missionsgesellschaft, p.149.

124) Vedder. South West Africa in early times, p.221.

125) Loc.cit.

126) Ibid., p.222; Dagboek van Kleinschmidt, 9.4.1845 in Vedder, Quellen zur Geschichte von Südwest-Afrika. Manuskrip.

127) Vedder. South West Afrika... p.241; Bruwer, op.cit., p.60.

Barmen (Duitsland) gedoen kon word, maar hy het die plan gekoester om klein skoolboekies in Herero en Hottentots self te druk. Derhalwe is die eerste „handdrukery“ in 1850 ingevoer en by Rooibank opgerig. Die naam Rooibank is later verander na Scheppmannsdorf, ter ere van die sendeling Scheppmann wat tot sy dood in 1847 daar gewerk het. Dis digby Walvisbaai geleë en word beskryf as 'n ware oase in die woestyn.¹²⁸⁾ Volgens Vedder¹²⁹⁾ het die pers „bevredigende werk gelewer totdat dit tydens 'n Nama-oorrompeling vernietig en van die lettertypes koeëls gegiet is.“ Vedder se woorde skep die indruk dat die pers voortdurend in werking was, maar die enigste bekende produk van die pers is die kategismus wat in 1855 gedruk is. Voor die oprigting van hulle eie drukpers in 1850 het die Rynse sendelinge gereeld drukwerk in Kaapstad laat doen, bv. in 1845, 1846 en 1849. Dit is egter opvallend dat hulle vanaf 1850 tot 1853 geen drukwerk in Kaapstad laat doen het nie. Gedurende hierdie tyd het hulle moontlik klein elementêre boekies, miskien in losbladvorm, gedruk en nie veel versamelaarswaarde daaraan geheg nie. Moontlik het hulle ook nie sulke drukwerk soos spellyste as boeke beskou nie, en gevolglik nie kopieë daarvan aan Sir George Grey se biblioteek gestuur nie. Uit die sending- en algemene geskiedenis van Suidwes-Afrika blyk dit dat die Rynse sendelinge moontlik 'n liederebundel (gesangeboek) self kon gedruk het. As Rohden¹³⁰⁾ in een enkele sin na die bestaan van die drukpers verwys, sê hy onder andere „und Kolbe fertigte gar an 50 geistliche Lieder in der Damrasprache an, die sie beim

128) Moritz. Vier kerke het alreeds op Rooibank gestaan; Scheppmannsdorf se ou dae. Namib Times, 26.7.1968, p.20.

129) Vedder. Die voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika, p.434.

130) Rohden, op.cit., p.224.

Gottesdienst singen woltten". Ook Vedder¹³¹⁾ verwys na dieselfde bundel as hy sê „Kolbe het... die eerste liederebundel in die Herero-taal (1851), wat 50 nommers bevat het, saamgestel". Nie een van hierdie skrywers sê spesifiek dat hierdie boekie op die Rynse sendingpers gedruk is nie, maar dit is ook nie in Kaapstad gedruk nie, want dan sou daar sekerlik 'n kopie in Sir George Grey se biblioteek beland het. Grey het 'n reëling gehad met alle sendelinge en uitgewers om 'n eksemplaar van alle boeke in en oor Suid-Afrikaanse inboorlingtale aan sy biblioteek te laat toekom.¹³²⁾ Daar is nêrens in die literatuur 'n verwysing na 'n bindery van die Rynse sending nie. Dit verleen steun aan die hipotese dat die sendelinge wel boekies in losbladformaat gedruk het, en dat sodanige boekies nie bewaar of nog nie gevind is nie. Die pioniersendelinge het ook baie gou besef dat die inboorlinge van Suid-Afrika lief is vir sang, en hierdie eienskap is ten volle benut om die inboorlinge geïnteresseerd te kry in die Christelike godsdiens. Gevolglik het die vertaling en beskikbaarstelling van geestelike liedere voorrang geniet. Dit kan dus wees dat Kolbe se liederebundel wel op die Rynse sendingpers gedruk is.

Vedder verwys ook na 'n Hottentotse Bybelse geskiedenis wat Vollmer „laat verskyn" het in 1853.¹³³⁾ Sy woorde dui daarop dat dit gedruk is. Dit is baie onwaarskynlik dat hierdie werkie in Kaapstad gedruk is, want dan sou daar stellig 'n kopie in Grey se biblioteek gewees het. Hierdie drukwerk kon dus ook op die sendingpers gedruk gewees het.

131) Vedder. Die voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika, p. 434.

132) Jenkins private papers, p. 263; Bleek. Omsendbrief aan B. Ross. C.L. MS8829.

133) Vedder. Die voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika, p. 433.

Aan die ander kant bestaan daar egter ook rede om te vermoed dat die sendingpers vanaf 1852 tot 1855 buite werking was. Scheppmannsdorf wat feitlik in die bedding van die Kuisibrivier geleë is, is in Februarie 1852 oorstroom en byna alle geboue is vernietig.¹³⁴⁾ Dis moontlik dat die drukker ook in die slag gebly het, want Kleinschmidt het in sy dagboek aangeteken dat hy en Bam (die sendeling by Scheppmannsdorf) die kategismus nog beter kon gedruk het indien hulle van die begin af al die lettertypes gehad het wat Bam later gevind het.¹³⁵⁾ Lettertypes by 'n werkende drukpers word nie ontdek nie. Hierdie vermoede word ook versterk deur die feit dat die reisiger Andersson in 1854 'n Hottentotleesboekie van die sendeling Vollmer met hom na Kaapstad saamgeneem het en vir die druk daarvan gesorg het. As die sendingpers in 'n werkende toestand was, kon hierdie boekie net so goed daarop gedruk gewees het, want die fisiese omvang daarvan is min of meer dieselfde as die kategismus wat die volgende jaar daarop gedruk is.

Van die enigste bekende produk van die Rynse sendingpers, die klein kategismus van Luther in Hottentots, het verskeie kopieë bewaar gebly. Volgens Bleek se katalogus¹³⁶⁾ is hierdie kategismus deur Kleinschmidt van die Rynse sendingstasie Rehoboth vertaal en gedruk. Volgens Vedder¹³⁷⁾ is dit in 1854 vertaal deur Krönlein van Berseba en Kreft van Bethanië. Oor die drukker bestaan daar geen twyfel nie.

134) Rohden, op.cit., p.219.

135) Dagboek van Kleinschmidt 4.6.1855. In Vedder, Quellen zur Geschichte von Südwest-Afrika.

136) Bleek, op.cit., p.15.

137) Vedder. Die voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika, p.432.

Scheppmannsdorf was die sentrale waarheen alle vraggoedere vanaf Walvisbaai geneem is om daar geberg te word, totdat die sendelinge uit die binneland dit daar kon kom haal.¹³⁸⁾ Nie slegs om hierdie rede nie het Kleinschmidt en sy familie in April 1855 die tog van ongeveer 150 myl vanaf Rehoboth na Scheppmannsdorf aangepak, want in sy dagboek het hy aangeteken „Das Verlangen, auf der dortigen Handpresse den Luther. Katechismus in Namaquasch zu drucken, bewogte mich zu diesem Schritt“.¹³⁹⁾ Hy en Bam, die plaaslike sendeling, moes met die oog op drukwerk baie voorbereidings tref. Die pers was nie alleen in 'n swak toestand nie,¹⁴⁰⁾ maar albei van hulle het ook geen ervaring van tipografiese werk gehad nie. Gevolglik het dit hulle drie weke geneem¹⁴¹⁾ om 300 eksemplare¹⁴²⁾ van die kategismus van 17p.¹⁴³⁾ te druk. Soos 'n mens van lekedrukkers kan verwag, het die drukwerk algaande verbeter. Die laaste bladsye het selfs redelike goeie drukwerk bevat. Kleinschmidt was spyt dat hulle nie van die begin af al die nuwe drukletters gehad het wat Bam later gevind het nie, want dan sou hulle duideliker drukwerk kon lewer. Hy was in elk geval tevrede dat die boekie wel gebruik kon word.¹⁴⁴⁾

Dis nie bekend of die Scheppmannsdorfse pers na 1855 enige verdere

138) Rohden, op.cit., p.219.

139) Dagboek van Kleinschmidt 20.4.1855. In Vedder, Quellen zur Geschichte von Südwest-Afrika.

140) Id. 4.6.1855.

141) Loc.cit.

142) Anon. Rooibank - Walvisbaai; tussen duine en water. Immanuel 5(6): 8-14, 1966.

143) Bleek, op.cit., p.15.

144) Dagboek van Kleinschmidt 4.6.1855.

drukwerk gelewer het nie. Dit lot van hierdie drukpersie was dieselfde as dié van 'n paar ander Suid-Afrikaanse sendingperse. Toe die Hottentotte Schepmannsdorf in Desember 1867 aangeval en verwoes het, is die pers vernietig, terwyl die lettertipes gesmelt is om koeëls van te vorm.¹⁴⁵⁾

145) Vedder. Die voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika, p.487-8.

5 KLEURLINGE

Vir die doeleindes van hierdie studie word met kleurlinge bedoel een van die gekleurde bevolkingsgroepe in Suid-Afrika, wat van 'n gemengdbloedige oorsprong is, met slawe (van Oos-Indiese en Negerherkoms), Suid-Afrikaanse inboorlinge (Hottentotte, Boesmans en Bantoe) en blankes as die vernaamste bestanddele.¹⁾

5.1 Herkoms en taal

In verband met die „Hottentotte“ onder wie die Morawiese sendelinge in 1737 en weer in 1792 sendingaksies begin het, is beweer dat die sendelinge een van twee weë kon volg: hulle kon die taal van die Hottentotte leer, die Bybel en liturgiese werke daarin vertaal en deur medium van Hottentots die Evangelie verkondig; of hulle kon hulle taal vir die Hottentotte leer.^{1a)} Dit is voorts beweer dat die sendelinge, Hendrik Marsveld (’n Hollander), Daniël Schwinn en Johann Kühnel (albei Duitsers), geen poging aangewend het om die taal van die Hottentotte te leer nie. Intendeel het hulle kort na hulle aankoms ’n skool opgerig en die „Hottentot“-kinders geleer om Hollands te lees en te skryf.^{1b)} Hierbo is verwys na hulle taal. Waarom het die sendelinge dan nie vir die „Hottentot“-kinders Duits geleer nie? Uit die notules van hulle vergaderings en die Baviaans=kloof Diarium blyk dit dat hierdie drie sendelinge onderling slegs Duits

1) Bester. Die etiologiese agtergrond van die gedragsafwykende Kleurlingkind en die implikasies daarvan vir sy heropvoeding, 1:47.

1a) Maurice. The history and administration of the education of the coloured peoples of the Cape, 1652-1910, 2:178. Kursivering.

1b) Ibid., 2:162.

gepraat het. Hieronder sal aangetoon word dat die sendingobjekte van die Morawiërs Hollandssprekende Kleurlinge was.

Kort na die volksplanting in 1652 is 'n arbeidstekort aan die Kaap ondervind. Die koste verbonde aan blanke arbeiders was hoog,²⁾ terwyl die Hottentotte nie vir werk te vinde was nie. Na ongeveer een jaar van aanraking met hulle het Van Riebeeck hulle 'n „botte, plumpe, ende luye, stinckende natie“³⁾ genoem. Gevolglik is die toevlug geneem tot die invoer van slawe.

Naas bloedvermenging tussen blankes en Hottentotte het blanke mans en slavinne die grootste bydrae tot die ontstaan van kleurlinge gelewer. Weens dié aanvanklike afwesigheid van 'n kleurskeidslyn is daar in die begin verskeie huwelike tussen blankes en vrygestelde slavinne voltrek. Dit het geskied na belydenis van die Christelike geloof deur die slavinne. In sulke gevalle is die betrokke persone op gelyke voet in die blanke maatskappy opgeneem.⁴⁾ Die eerste sodanige huwelik is voltrek op Sondag 21 Mei 1656 tussen Jan Woutersen en Catarina Anthonis, 'n „eerbare jong meisie“ uit Salagon in Bengale.⁵⁾ Die tweede huwelik van hierdie aard is twee jaar later voltrek tussen die vryburger Jan Zacharias van Amsterdam en Maria van Bengale, wat hy spesiaal vir dié doel vrygekoop het van die destydse sieketrooster Pieter van der Stael.⁶⁾ Huwelike tussen blankes en volbloedslawe is in 1685 verbied, maar huwelike

2) Bester, op.cit., 1:95.

3) Leibbrandt. Letters dispatched, 1:123, 14.4.1653.

4) Du Plessis. A history of Christian missions... p.32.

5) Van Riebeeck. Journal of... 2:35, 21.5.1656.

6) Ibid., 2:315, 21.7.1658.

tussen blankes en halfbloedslawe kon onverhinderd voortgaan. Gedurende die 17e eeu is nog twintig gevalle van gemengde huwelike in die huweliksregisters van die Hollandse Kerk in Kaapstad vasgestel.⁷⁾

Die grootste bydrae tot die ontstaan van Kleurlinge uit blankes en slawe het egter buite-egtelik geskied. Gedurende die eerste twintig jaar na die volksplanting was 75% van die kinders van slavinne kleurlinge.⁸⁾ Die rede hiervoor was nie alleen die skaarste aan blanke vrouens nie, maar slawe met blanke bloed in hulle are is as veel beter beskou as die res. Gevolglik het slawe-eienaars omgang tussen slavinne en blankes aangemoedig. Die geval word selfs genoem van 'n slawe-eienaar wat 'n Ier in diens geneem het vir geen ander doel „than to improve his stock”.⁹⁾ Besoekende soldate en matrose het ook hulle deel bygedra. „Female slaves are always ready to offer their bodies for a trifle; and towards evening one can see a string of soldiers and sailors entering the Company's slave lodge where they misspend their time until the clock strikes nine.”¹⁰⁾ Hierdie bloedvermenging het nie net op groot skaal in slawekwartiere en private huishoudings plaasgevind nie, maar selfs onbeskaamd langs publieke weë (strate).¹¹⁾ Die massa getuienisse van hierdie wettige en onwettige bloedvermenging het Bester laat besluit, „As gemengde huwelike en kohabitasie die Kleurling in sy duisende laat ontstaan het, dan het toevallige gemeenskap hulle in hul tienduisende in aansyn

7) Hoge. Rassenmischung in Süd-Afrika, p.146.

8) Marais. The cape coloured people, p.9.

9) Ibid., p.10,

10) Mentzel. A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope, 2:109, 125.

11) Vgl. Bester, op.cit., p.177-91.

geroep."¹²⁾

Die volgende groot bydrae tot die ontstaan van die Kleurling was deur bladvermenging tussen blankes en Hottentotte. In hierdie verband is daar veel minder gevalle op rekord geplaas as wat dit die geval was tussen blankes en slawe. Die rede hiervoor moet gesoek word in die feit dat die Hottentotte nie deel was van die geordende blanke maatskappy, soos dit wel die geval met die slawe was nie. Vanweë die afstand vanaf die regeringshoofkwartier het omgang met die Hottentotte hom nie tot dokumentering geleen nie.

Wettige huwelike tussen blankes en volbloed Hottentotte was seldsaam. Uit die aanvangsjare van die volksplanting is daar trouens slegs een sodanige geval bekend, naamlik dié tussen Van Meerhoff en Eva in 1664 nadat hulle 'n geruime tyd in ontug saamgeleef het.¹³⁾ As vergoeding vir haar dienste as tolk, het die Kompanjie ten tye van haar huwelik aan haar "... een somme van vyftigh rijcxdaelders, ende ... een vrolijcken maeltijt"¹⁴⁾ gegee. Dis nie bekend hoeveel kinders uit hierdie huwelik gebore is nie, maar daar was reeds twee voor die huwelik voltrek is.¹⁵⁾

Laat in die 18e eeu word daar nog na enkele huwelike met Hottentotte verwys,¹⁶⁾ maar dit kon nie 'n groot rol gespeel het in die totstandko-

12) Ibid., p.184.

13) Du Plessis, op.cit., p.28.

14) Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Kaap, 1:316.

15) Bester, op.cit., p.172.

16) Vgl. Thunberg. Travels in Europe, Africa and Asia, 1:179; De Jong. Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, 1:75.

ming van die Kleurlingbevolking nie. Toevallige bloedvermenging het hierin 'n baie groter rol gespeel.

Die tekort aan blanke vroue aan die Kaap het aanleiding gegee tot ontug=pleging met Hottentotte. Selfs prostitusie het heel gou sy kop uitgesteek toe Hottentotvroue ontdek het dat hulle 'n onafhanklike lewensbestaan uit hierdie soort van aktiwiteite kon maak, en dit nie vir hulle langer nodig sou wees om vir die koloniste te werk nie. Volgens Bester¹⁷⁾ het Hottentotvroue in groepe van agt tot tien hulle eie huishoudinge opgebou, waarvandaan hulle hulself ook aan kroë, herberge en ander huise van ontug verbind het om 'n bestaan te maak. Nieteenstaande streng maat=reëls en swaar boetes van owerheidsweë het verbastering op hierdie wyse voortgeduur.¹⁸⁾

Verder weg van die arms van die gereg in die binneland, waar daar ook 'n kroniese tekort aan blanke vroue was, het bloedvermenging tussen blankes en Hottentotte op 'n nog groter skaal as in die Kaap plaasgevind. Drosters en misdadigers het dikwels hulle vryheid in die binneland gaan soek, waar hulle met die inboorlinge vermeng het.¹⁹⁾ Die sogenoemde Orlams-Hottentotte is hiervan 'n bewys. Hulle was Hottentotte wat met die blankes in aanraking was, maar wie se drang na selfbehoud hulle natuurlike beweging suid- en ooswaarts in trurat geplaas het. Voor die in=trekkende koloniste het hulle noordwaarts getrek om langs die Oranje=rivier en in Suidwes-Afrika 'n bestaan te vind. Hierdie mense met blanke

17) Bester, op.cit., p.193.

18) Ibid., p.194.

19) Van der Merwe. Die trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie, p.42.

bloed in hulle are was nie alleen bekend met die gebruik van perde en vuurwapens nie, maar hulle het ook soos blankes aangetrek en op 'n manier die Christelike godsdiens bely.²⁰⁾ Net soos die Orlams het ook die Griekwas blanke bloed in hulle are gekry voordat hulle deur Adam Kok saamgetrek is.²¹⁾

Hoewel die Hottentotte in die beginjare van die volksplanting die slawe gehaat het, het daar spoedig 'n verandering ingetree en het die sedelike losheid van die Hottentotte 'n seksuele heenkome vir die ledige slawe meegebring. Hierdie toestand van sake is voor die hand liggend as daar= aan gedink word dat so laat as 1708 die verhouding tussen manlike en vroulike slawe ses tot een was.²²⁾ Baie slawe het gedros en na die ver= derafgeleë Hottentotgemeenskappe ontvlug en daarin opgegaan. Weens die verarming en ontstamming van die Hottentotte is hierdie proses verhaas toe hulle en slawe in dieselfde status verval het, naamlik dié van diens= bode en plaasarbeider. Met die vrystelling van die slawe is hierdie pro= ses natuurlik aansienlik bespoedig.

Behalwe blankes, slawe en Hottentotte het verskeie ander rasse tot 'n mindere of meerdere mate tot die ontstaan van die Kleurlingbevolking bygedra. Daar is nog sulke bestanddele soos Boesmans, Bantoe en Asiate, maar vermenging tussen blankes en Bantoe, en Kleurlinge en Bantoe het op 'n latere stadium plaasgevind. Gevolglik vorm hulle geen of slegs 'n geringe bestanddeel van daardie Kleurlinge wat die objek van hierdie stu= die is.

20) Lichtenstein. Travels in South Africa, 2:203.

21) Bester, op.cit., p.196; Marais, op.cit., p.36.

22) Marais, op.cit., p.12-3.

Die taal waarin die sendelinge lektuur aan die Kleurlinge voorsien het, was Hollands. Hollands was trouens die taal van die Kleurlinge. Wanneer twee persone uit verskillende volke in die huwelik tree, dan word die taal van die moeder gewoonlik die taal van die kinders. In die beginjare van die volksplanting was die moeders van Kleurlingkinders hoofsaaklik Hottentotte en slawe. Hierdie moeders het almal Hollands gepraat. Daar is geen rekords dat die koloniste ooit 'n poging aangewend het om die taal van hulle slawe aan te leer nie. Die grootskeepse invoer van slawe het op 28 Maart 1658 begin toe die eerste honderd-en-sewentig aan wal gelaat is.²³⁾ Hierdie eerste besending slawe was hoofsaaklik jong seuns en meisies en sou vir die volgende paar jaar van weinig arbeidsnut wees. Hierdie feit het waarskynlik aanleiding gegee tot die stigting van die eerste skool in Suid-Afrika. Omdat hulle te jonk was vir handarbeid is daar besluit om hulle in 'n skool te onderrig in die beginsels van die Christelike leer.²⁴⁾ Die sieketrooster Pieter van der Stael was verantwoordelik vir die onderrig „because he reads Dutch well and correctly”.²⁵⁾ Hieruit moet afgelei word dat daar binne drie weke na die koms van die eerste besending slawe daadwerklik begin is om vir hulle Hollands te leer.

Met die Hottentotte was dit nie veel anders gesteld as met die slawe wat reg van die begin af Hollands moes leer nie. Daar is eweneens geen rekords dat die vroeë koloniste pogings aangewend het om Hottentots te leer nie. Ten einde hulle vee aan die blankes te kon verruil, moes die

23) Van Riebeeck. Journal of... 2:251, 28.3.1658.

24) Ibid., 2:258, 17.4.1658.

25) Loc. cit. Hoewel dit die doel was om die jong slawe „Christian prayers” te leer, is hulle na die skool gelok met 'n daaglikse rantsoen van 'n sopie brandewyn en twee duim tabak.

Hottentotte Hollands leer. Ten tye van die koms van Van Riebeeck was daar die Hottentotkaptein Harry wat gebroke Engels kon praat. Aanvanklik het hy vir die blankes as tolk opgetree. Die eerste tolk wat Hollands en Hottentots kon praat, was die Hottentotmeisie Eva. Kort na die volksplanting het sy Maria van Riebeeck se diensmeisie geword en Hollands besonder gou magtig geword.²⁶⁾ Vir 'n hele aantal jare was sy die blankes se amptelike tolk.

As gevolg van die kontak van die Hottentotte met die blankes het hulle op 'n vroeë stadium reeds Hollands begin praat. Daarom kon Van Riebeeck reeds so vroeg as 15 Junie 1656 aanteken dat die Hottentotte, en veral die jong kinders, Hollands goed begin praat.²⁷⁾ Enkele maande later het hy aangeteken dat sommige van hulle Hollands so goed praat, dat 'n tolk oorbodig is.²⁸⁾

Hieruit moet afgelei word dat die slawe en Hottentotmoeders van Kleurlingkinders Hollands moes en kon praat. Verder weg van die nedersetting waar die Hottentotte nie gereeld in aanraking met die blankes gekom het nie, het dit wel langer geduur voor hulle Hollands kon praat. Nogtans het die Morawiese sendeling Georg Schmidt in 1737 by Genadendal aan die destydse buitewyke van die blanke beskawing dit nie nodig gevind om Hottentots te leer nie en gevolglik die Hottentotte deur medium van Hollands onderrig. Die Hottentottaal sou weldra tot so 'n mate van die toneel verdwyn dat selfs die Namaquas, wat hulle rug op die beskawing gedraai

26) Du Plessis, op.cit., p.26-7.

27) Ibid., p.25; Van Riebeeck, op.cit., 2:40, 15.6.1656.

28) Van Riebeeck, op.cit., 2:89, 20.2.1657.

het deur medium van Hollands onderrig is.²⁹⁾ Daardie Kleurlinge wat die objek van hierdie studie is, se moedertaal was dus tot 'n groot mate Hollands.

5.2 Die Griekwastadse pers

Die eerste Kleurlinge wat moontlik kon deel in die voorregte van 'n drukpers, was die Griekwas. Hoewel hulle vernoem is na 'n Hottentotstam met die naam Chariguriqua of Grigriqua, is hulle in werklikheid Kleurlinge.³⁰⁾ Die grondlegger van die Griekwastam, Adam, die kok van die destydse Goewerneur van die Kaap, was self 'n Kleurling vanweë die blanke bloed in sy are,³¹⁾ hoewel hy in werklikheid 'n slaaf was. Teen ongeveer 1740-1745 is hy vrygestel as slaaf en het hy toestemming gekry om hom in die omgewing van Piketberg te vestig. Daar het hy 'n groot aantal gemengdbloediges en Hottentotte om hom versamel.³²⁾ In sy noordwaartse beweging het baie Grigriquas hulle by hom aangesluit voor hy hom by die huidige Griekwastad gevestig het. Op hierdie stadium het hulle hulleself „Basters" genoem. Dit was eers in 1813 wat Campbell van die Londense Sendinggenootskap hulle oorreed het „to call themselves Griquas instead of Bastards".³³⁾

In verskillende opsigte is daar 'n merkwaardige ooreenkomst tussen die geskiedenis van die Griekwastadse drukpers en die Bethelsdorpse druk-

29) Statement of the committee... p.6.

30) Halford. The Griquas of Griqualand, p.15; Du Plessis, op.cit., p.109.

31) Halford, op.cit., p.16.

32) Ibid., p.16-7.

33) Marais, op.cit., p.36.

pers.³⁴⁾ Albei drukperse was onder beheer van pioniersendelinge van die Londense Sendinggenootskap;³⁵⁾ albei die perse het diens gelewer op die uithoeke van die destydse blanke beskawing in Suid-Afrika; net soos daar van die Bethelsdorpse pers nog geen produkte gevind is nie, is daar waarskynlik ook nog geen produkte van die Griekwastadse pers gevind nie; ten opsigte van albei perse is daar nog tergende vrae waarop geen antwoord gegee kan word nie; die bestaan van albei die perse is deur vroeëre skrywers betwyfel. Die enigste produk van die Griekwastadse drukpers wat tans bekend is, is nie ten behoeve van die Griekwastadse sendingaksie gedruk nie.

Hoewel die bestaan van die Griekwastadse drukpers deur sommige betwyfel is, het verskillende skrywers Griekwastad genoem as een van die drie eerste plekke naas Kaapstad waar die drukkuns in Suid-Afrika beoefen is.³⁶⁾ Lloyd noem die „Directors of the London Missionary Society”³⁷⁾ as sy bron van inligting oor die Griekwastadse pers, m.a.w. hy het sy inligting baie waarskynlik uit die Transactions of the Missionary Society gekry. Laidler se bron word aangedui met Grey (Bleek), wat beteken „listed by Bleek as in Grey Collection but not so far rediscovered”.³⁸⁾ Hier word waarskynlik nie verwys na Bleek se The library of His Excel=

34) Kyk hoofstuk vier.

35) In hoofstuk vier is die ontstaan van die Londense Sendinggenootskap kortliks geskets.

36) Lloyd. The birth of printing in South Africa, p.17; Laidler. The Pre-Victorian products of the Cape press, p.18; Smith. Chronological list... p.68.

37) Lloyd, op.cit., p.16.

38) Laidler, op.cit., p.v.

lency Sir George Grey; philology, vol. 1, part 1 nie, want onder die Tswanadialekte noem Bleek in hierdie werk geen produk van die Griekwastadse pers nie. Mej. Smith het vir haar lys die inligting uit Laidler verkry.

Die vroegste gepubliseerde inligting oor hierdie pers is waarskynlik in die Transactions of the Missionary Society vervat. Daarin word soos volg berig:

„There is a printing press here (at Griqua Town), and Mr. Helm has printed some copies of a spelling-book in the Bootchuana language.“³⁹⁾

Hoewel hierdie getuinis oortuigend klink, het Lloyd skepties daarteenoor gestaan, net soos dit die geval was met die Bethelsdorpse kategismus.⁴⁰⁾ Sy redes waarom hy dit betwyfel het of daar ooit 'n spelboek by Griekwastad gedruk is, kom kortliks op die volgende neer:

Daar is nog geen eksemplaar van die spelboek gevind nie. In 1826 was Moffat by Kuruman (redelik naby aan Griekwastad) gestasioneer. In dieselfde jaar het hy 'n Tswanaspelboek na Londen gestuur om gedruk te word. As daar by Griekwastad 'n pers was waarop vroeër 'n spelboek gedruk is, dan was dit vir Moffat onnodig om 'n manuskrip na Londen te stuur om gedruk te word. Die pos moes in elk geval deur Griekwastad na Kaapstad gaan om vandaar per boot na Engeland gestuur te word. Ten slotte beweer hy dat as daar 'n Tswanaspelboek bestaan het, dan sou dit nie uit beskrywings van Moffat se lewe en werk geblyk het dat daar geen Tswanaliteratuur

39) Transactions of the Missionary Society, Jan. 1821, p.35.

40) Kyk hoofstuk vier, par.4.2.2.3.

was om hom te help om Tswana te leer nie.⁴¹⁾

In die korrespondensie van sendelinge met die Londense Sendinggenootskap was die Griekwastadse pers en die spelboek verskeie kere ter sprake. Daaruit blyk die volgende:

In September 1800 het die tweede groep sendelinge van die Londense Sendinggenootskap in die Kaap geland. Die groep het bestaan uit twee Nederlanders, B. Tromp en A.A. van der Lingen, en twee Engelse, James Read en William Anderson.⁴²⁾ Albei die laasgenoemde persone sou 'n rol speel in die geskiedenis van die drukkuns in Suid-Afrika.⁴³⁾ Voor hulle vertrek uit Europa het dr. T. Haweis van die Londense Sendinggenootskap aan Ledeboer in Nederland geskryf dat hy mnr. Anderson, 'n drukker uit Edinburgh, saam met die sendelinge na Suid-Afrika stuur.⁴⁴⁾ Na 'n tydjie van omswerwing het Anderson hom by Klaarwater (later Griekwastad genoem) gevestig. Hierdie stasie het mettertyd die middelpunt van die Griekwasending geword. In November 1811 het die sendeling Henry Helm in die Kaap geland om hom mettertyd by Anderson te Griekwastad aan te sluit.

Op 7 Maart 1818 het Helm berig dat Read besig is om 'n Tswanaspelboek

41) Lloyd, op.cit., p.16.

42) Du Plessis, op.cit., p.105.

43) Read het vir Van der Kemp met drukwerk gehelp, (kyk hoofstuk vier) terwyl Anderson die drukker by Griekwastad was.

44) Haweis aan Ledeboer, gedateer 27.1.1800, te Londen. L.S.G.-argief.

op te stel.⁴⁵⁾ Sestien maande later, op 5 Julie 1819, het die sendelinge van Griekwastad aan hulle hoofkantoor geskryf dat hulle die spelboek van Read gedruk het.⁴⁶⁾ Dit was in die „Bootchuana” taal en benodig deur die „brethern at Lattakoo”, wat dit na Griekwastad gestuur het om gedruk te word. In 1819 was James Read en Robert Hamilton die sendelinge op Lattakoo. Hierdie spelboek is ongetwyfeld die eerste drukwerk wat ooit in Tswana gedoen is. Tot dusver kon daar nog nie 'n eksemplaar daarvan gevind word nie. In 1824 het Isaac Hughes brokstukke van die Onse Vader in Tswana by Griekwastad gevind.⁴⁷⁾ Die Onse Vader kon moontlik as 'n aanhangsel in die spelboek gedruk gewees het. Hierdie gebed was een van die eerste Skrifgedeeltes wat deur pioniersendelinge vertaal, gedruk en vir die sendingobjekte geleer is. Verskeie van die vroegste spelboeke in Bantoetale het dan ook 'n vertaling van die Onse Vader bevat. So het die spelboek in Xhosa, wat deur die sendelinge van die Glasgowse Sendinggenootskap te Tyume in 1824 gedruk is, die Onse Vader as aanhangsel bevat.⁴⁸⁾ Hierteenoor is die moontlikheid natuurlik ook nie uitgesluit nie, dat die brokstukke van die Onse Vader in Tswana die oorblyfsels kan wees van ander drukwerk. Omdat dit egter by Griekwastad gevind is (waar die taal van die sendingobjekte nie Tswana nie, maar Hollands was) en omdat die sendelinge van Griekwastad na geen ander drukwerk in hulle korrespondensie verwys het nie, is dit waarskyn-

45) Helm aan die Londense Sendinggenootskap, gedateer 7.3.1818 te Griekwastad. L.S.G.-argief.

46) Anderson en Helm aan die Londense Sendinggenootskap, gedateer 5.7.1819 te Griekwastad. L.S.G.-argief.

47) Sandilands. The ancestor of Tswana grammars. African Studies, 17:192, 1958.

48) 'n Eksemplaar van hierdie spelboek word in die Greyversameling van die Suid-Afrikaanse Biblioteek bewaar.

liker dat die brokstukke van die Onse Vader oorspronklik deel van die Griekwastadse spelboek was.

Reeds in 1820 was Anderson in Kaapstad onderweg na Pacaltsdorp. Hoewel hy die opgeleide drukker was, het hy nie die pers met hom saamge= neem nie, want in 1821 het Helm nog gewag vir onderdele vir die pers.⁴⁹⁾ Teen Oktober 1825 was Helm ook weg van Griekwastad,⁵⁰⁾ maar dis nie bekend of hy die drukpers saamgeneem het na Bethelsdorp nie. Op hier= die stadium was die laaste woord oor die Griekwastadse drukpers nog nie gesê nie, maar daaroor volg later meer.

In die lig van die bostaande kan daar nou ingegaan word op die argumente van Lloyd. Eerstens is dit duidelik dat die betrokke spelboek in 1819 ge= druk is, en nie in 1821 nie.⁵¹⁾ Die vraag ontstaan egter, hoe het Lloyd (en andere) aan die datum 1821 gekom? Dit is duidelik dat ons hier met dieselfde soort vergissing te doen het as dié waaraan Lloyd hom in sy on= derhawige artikel skuldig gemaak het in verband met die nuwe drukpers wat die Londense Sendinggenootskap in 1805 aan Van der Kemp en Read sou gestuur het.⁵²⁾ Varley het daarop gewys dat die betrokke inligting in die rapport van Mei 1805 betrekking het op die gebeurtenisse by Bethels=

49) Helm aan die Londense Sendinggenootskap, gedateer 26.1.1821 te Griekwastad. L.S.G.-argief

50) Sass aan die Londense Sendinggenootskap, gedateer 13.10.1825 te Griekwastad. L.S.G.-argief.

51) Verskeie van die vroeëre skrywers, waaronder Lloyd en Smith, noem die datum 1821.

52) Kyk hoofstuk vier, par.4.2.2.3.

dorp in 1803.⁵³⁾ In die geval van die Griekwastadse spelboek geld dieselfde. Die Transactions of the Missionary Society van Januarie 1821 kon onmoontlik inligting bevat oor dinge wat in 1821 op Griekwastad plaasgevind het. Die brief waarin die druk van die spelboek vermeld word, is gedateer 5 Julie 1819. Dit is nie uitgesluit nie dat daar ná hierdie datum nog gewag moes word vir 'n „posgeleentheid" (per ossewa) na Kaapstad. In Kaapstad moes die pos waarskynlik ook nog wag vir 'n boot om op die drie maande lange reis na Engeland te vertrek. Die verskyningsstusseposes van die Transactions... en al die redaksionele probleme in ag genome, is dit niks buitengewoons dat die inligting eers in Januarie 1821 gepubliseer kon word nie.

Daar bestaan ook geen rede om Helm te noem as die drukker van die spelboek nie. Dit is wel so dat Helm in die Transactions of the Missionary Society genoem word as die drukker,⁵⁴⁾ maar dit is waarskynlik gedoen omdat hy as die ge-ordende sendeling as die hoof van die sendingaksie te Griekwastad beskou is. Anderson was 'n handlanger of lekesendeling. Die brief van Julie 1819 is in elk geval onderteken deur Anderson en Helm. Aangesien Anderson die opgeleide en ervare drukker was, kan daar eerder aangeneem word dat hy die drukwerk gedoen het.

In verband met Moffat se drukwerk wat in 1826 in Londen gedoen is, moet die volgende opgemerk word. Moffat het die betrokke manuskripte op 25 November 1825 aan dr. Philip in Kaapstad gestuur om daar gedruk

53) Varley. The Bethelsdorp catechism of 1804. Africana Aantekeninge en Nuus, 4:3-8, 1946.

54) Kyk voetnoot 39.

te word.⁵⁵⁾ Dr. Philip, wat vroeg in 1826 na Engeland gegaan het, het sonder dat Moffat daarvan bewus was, die manuskripte na Engeland saamgeneem, waar dit nog dieselfde jaar gedruk is. Teen die tyd wat Moffat die manuskripte gereed gehad het (1825) was beide Anderson en Helm al weg van Griekwastad af. Die nuwe sendeling, Sass, het moontlik geen tipografiese kennis en ervaring gehad nie, en dit mag wees dat Moffat nie die drukwerk in die hande van 'n leek wou laat nie. Die moontlikheid dat Helm die pers met hom saamgeneem het na Bethelsdorp is ook nie uitgesluit nie. Die waarskynlikste is dat die pers buite werking was, want die laaste wat op hierdie stadium daarvan verneem is, was Helm se brief in 1821 aan die Londense Sendinggenootskap⁵⁶⁾ toe hy geskryf het dat hy nog wag vir „parts of the printing press”. Dit dui beslis daarop dat die pers buite werking was. Lloyd se argument, dat as daar 'n pers in Griekwastad was, dan sou Moffat nie drukwerk in Londen laat doen het nie, gaan dus ook nie op nie.

Vervolgens enkele opmerkings oor Lloyd se argument, dat, as die spelboek by Griekwastad gedruk is, dan sou Moffat wel oor Tswanaliteratuur beskik het om hom te help met die aanleer van die taal. Moffat het in 1817 in die Kaap geland. In 1820 was hy wel by die „Kroemanrivier” om 'n sendingaksie onder die Batswana te begin, maar sy eerste verblyf daar het slegs drie maande geduur. Eers in 1824 het Moffat hom gaan vestig by New Latakoo waar die huidige Seodin (digby Kuruman) geleë is. Selfs toe kon hy nie veel aandag aan taalstudie gee nie. „After... working under a burning sun, standing on the saw pit, labouring at the anvil, treading

55) Moffat. Apprenticeship at Kuruman, pp.191, 226 en 272.

56) Kyk voetnoot nr.49.

clay, or employed in cleaning a water ditch, it may be imagined that I was in no fit condition for study, even when a quiet hour could be obtained in the evening for that purpose."⁵⁷⁾ Hy het eintlik eers in 1827 ernstig aandag begin gee aan die studie van Tswana toe hy hom vir agt weke tussen die Batswana gaan afsonder het. By geleentheid het hy wel gekla dat daar geen Tswanagrammatikas en -woordeboeke is nie, maar die Griekwastadse spelboek sou hierdie probleem in elk geval nie kon oplos nie. Dit moet ook in gedagte gehou word dat in 1819 „some copies" van die spelboek gedruk is. Dit was dus waarskynlik nie 'n groot oplaag nie. As Hughes, wat ook intens belanggestel het in die Tswana taal en stellig veel moeite sou gedoen het om 'n eksemplaar van die spelboek te vind, nie daarin kon slaag nie, dan verbaas dit geensins dat Moffat moontlik nie gebaat het by die publikasie van hierdie eerste boekie in Tswana nie.

Hierbo is opgemerk dat die laaste woord oor die Griekwastadse pers nog nie gesê is nie. Ná 1821 word daar wel nie weer verwys na die pers in die korrespondensie van die sendelinge nie, maar 'n onlangse werk van Christofersen⁵⁸⁾ skep die indruk dat Griekwastad in die dertigerjare van die vorige eeu wel nog 'n sendingdrukkers gehad het. Daarin word beweer dat die drie Amerikaanse sendelinge Lindley, Venable en Wilson wat onderweg was na Mosega, „... a spelling book in Sindebele..." by Griekwastad laat druk het. As bron van sy inligting verwys Christofersen na Kotzé.⁵⁹⁾

57) Robert Moffat's journals, 28.3.1827. Staatsargief, Salisbury. Aangehaal uit Northcott, C. Robert Moffat, p.116.

58) Christofersen. Adventuring with God, p.14.

59) Kotzé. Letters of the American missionaries 1835-1838, p.105.

Indien die betrokke brief van Wilson aan Anderson (sekretaris van die American Board of Commissioners for Foreign Missions) nie in sy geheel gelees word nie, skep dit wel die indruk dat die Amerikaners hulle spelboek by Griekwastad laat druk het. Wilson berig daarin dat hulle gedurende hulle verblyf in Griekwastad 'n man ontmoet het wat „Sitibela" geken het. Van hom het hulle 1,700 woorde in daardie taal verkry en neergeskryf, „... and prepared and printed lessons in spelling".⁶⁰⁾ Dit skyn dus asof die drukwerk in Griekwastad gedoen is. Enkele reëls verder aan skryf Wilson egter soos volg: „I should mention that the brethern here⁶¹⁾ have kindly let us have the use of their press, and gave us such instructions about setting the type, etc., as we needed, besides which they kindly furnished us with paper for printing".⁶²⁾ Die sleutelwoord tot die opklaring van hierdie onduidelikheid is die woord „here" in die bostaande aanhaling. Die betrokke brief is op Kuruman geskryf. Die taalkennis is wel tydens hulle verblyf op Griekwastad opgedoen, maar die spelboek is in Kuruman op Moffat se pers gedruk.

Verdere ondersoek van die briewe van die Amerikaanse sendelinge het tot nog 'n verwarring gelei toe daar nogeens na hulle spelboek verwys is. In 'n brief van Lindley aan Anderson, gedateer 28 Desember 1835 te Griekwastad⁶³⁾ word na dieselfde drukwerk verwys as Lindley skryf: „From the Sitebeli words given us by Puti at Griqua Town, we have prepared a small spelling-book, which we hope to print in a few days, with the as=

60) Loc.cit.

61) My kursivering.

62) Kotzé, op.cit., p.105-6.

63) Ibid., p.85-7.

sistance of our brethern here ..."⁶⁴ Kotze het reeds uitvoerig aange-
toon dat die pleknaam in die aanhef van die brief, nl. Griekwastad, be-
slis foutief is, en Kuruman moet wees.⁶⁵ Gevolglik is dit nie nodig om
hier verder in te gaan op argumente en bewyse wat reeds deur hom aan-
gevoer is nie.

Dit is opmerklik dat Lindley in sy brief verskeie kere verwys na Grie-
kwastad, bv. „when we reached Griqua Town ...” „At Griqua Town ...”
„... words given us ... at Griqua Town ...” As die brief by Griekwastad
geskryf is, dan sou dit oorbodig gewees het om voortdurend na „Griqua
Town” te verwys. Die plek kon dan ewe goed aangedui gewees het met
woorde soos „here”, „at this place”, ens. Maar nou is dit opvallend en
ook verwarrend dat Lindley wel soms die woorde „here” en „at this place”
gebruik. Die tweede paragraaf van die brief begin met „Mr. Hughes, of
this place ...” Teen 1835 was Hughes, 'n sendeling van die Londense
Sendinggenootskap, verbonde aan die sendingstasie te Griekwastad.⁶⁶
Die woorde „this place” het dus betrekking op Griekwastad. In die vyfde
paragraaf gebruik Lindley weer die woorde „here” en „at this place”, bv.
„Our wives we shall leave at this place ...” „Dr. Wilson will also remain
here ...” Die oplossing vir die verwarring moet in hierdie laaste twee
aanhalings gesoek word. Dit is 'n bekende feit dat die Wilson-familie,
asook die families van Lindley en Venable in Kuruman agtergebly het toe
laasgenoemde twee na Moselekatse gegaan het, en nie in Griekwastad nie.

Die finale beslissing oor waar die drie Amerikaners hulle spelboek laat

64) Ibid., p.86.

65) Ibid., p.85n.

66) Sandilands, op.cit., p.193.

druk het, word egter deur Moffat en hulleself gevel. In 'n brief aan die Londense Sendinggenootskap het Moffat onder andere geskryf oor die druk van lesse in „Sentebele" en oor die vertrek van Lindley en Venable na Moselekatse.⁶⁷⁾ In hulle eerste sogenoemde „Joint Letter" vanaf Mosega het Lindley, Venable en Wilson in verband met die drukwerk die volgende geskryf: „We have some printed sheets, which were prepared at Kuruman, from the collection of Sitebele words which we obtained from a man at Griqua Town".⁶⁸⁾

Die vraag ontstaan egter hoe dit gebeur het dat sendelinge sulke foute in hulle korrespondensie begaan het. Die antwoord hierop moet gesoek word in hulle metode van verslagdoening aan hulle onderskeie hoofkantore. Behalwe die jaarlikse formele rapport is dit van sendelinge verwag om voortdurend by wyse van korrespondensie verslag te doen oor hulle werk. Aangesien daar geen gereelde posdiens was nie en sommige sendelinge ver in die binneland miskien een keer of hoogstens 'n paar keer per jaar 'n posgeleentheid na Kaapstad gekry het, het hulle dagboeke gehou. Wanneer daar wel 'n posgeleentheid was, het hulle die dagboeke geraadpleeg en 'n brief opgestel. So het dit waarskynlik gebeur dat Lindley op Kuruman sy dagboek geraadpleeg het om die brief van 28 Desember 1835 op te stel. Omdat hulle pas by Kuruman aangekom het, en omdat meeste van die inskrywings in die dagboek by Griekwastad gedoen is, is dit menslik dat dit kon gebeur het dat Lindley sy adres aangegee het as Griekwastad in plaas van Kuruman. Sulke foute kom meermale voor in die korrespondensie van

67) Moffat en Edwards aan die Londense Sendinggenootskap, gedateer 22.7.1836 te Kuruman. L.S.G.-argief.

68) Lindley, Venable en Wilson aan Anderson, gedateer 18.8.1836 te Mosega. In Kotze, op.cit., p.142.

sendelinge, veral as hulle op reis is.

Daar is nou reeds heelwat geskryf oor die Griekwastadse sendingpers, maar die druk van die eerste boekie in Tswana op hierdie pers, sowel as die verwarring in verband met die eerste Ndebeleboekie, staan in so 'n mate op die voorgrond dat dit byna uit die oog verloor word dat hierdie pers opgerig is om lektuur aan die Griekwas in hulle moedertaal, Hollands, te lewer. Dit is een van die tragedies in Suid-Afrika se historiese bibliografie, dat met die uitsondering van koerante en tydskrifte, haas geen vroeë persprodukte in Hollands behoue gebly het nie. Min mense, indien enigiemand, weet vandag watter elementêre skoolboekies ons voorouers 'n eeu en selfs minder gelede gebruik het. Geen enkele produk bestaan vandag van twee van die drie 19e eeuse sendingperse wat lektuur in Hollands vir Kleurlinge gelever het nie. Hierteenoor gee die katalogus van Sir George Grey se versameling van literatuur in Suid-Afrikaanse Bantoetale, aangevul deur die katalogi van enkele biblioteke wat hulle toegelê het op die versameling van produkte van sendingperse, 'n byna volledige beeld van die produkte van Bantoesendingperse in die vorige eeu. Vir hierdie toedrag van sake moet daar 'n rede wees. Tot 1858 het Sir George Grey gesorg dat 'n eksemplaar van haas elke Bantoetaalproduk van sendingperse aan hom geskenk word en sodoende behoue gebly het. Daar was egter niemand met die versamelywer van 'n Grey wat hom ontferm het oor die produkte van bv. die Griekwastadse en Katrivierse sendingperse nie. Van die Katrivierse pers is enkele produkte bekend,⁶⁹⁾ hoewel niks daarvan behoue gebly het nie, maar van moontlike Hollandse produkte van die Griekwastadse pers is niks bekend nie. Tog is dit moei-

69) Kyk par. 5.3 hieronder.

lik om te glo dat hierdie pers geen literatuur vir die Griekwas gelewer het nie. Hoewel die sendelinge daar niks van meld in hulle korrespondensie nie, het hierdie pers baie waarskynlik tog elementêre Hollandse skoolboekies, kategismusse, godsdienstige traktate en ander geskrifte wat nodig was vir die algemene skool- sowel as die kategetiese onderrig gelewer. Dit is haas ondenkbaar dat hulle drukwerk vir die sendingaksie by Kuru-man sou onderneem, en vir hulleself geen drukwerk doen nie. Miskien het die sendelinge dit nie vermeld nie omdat hulle dit as geen prestasie beskou het nie om elementêre drukwerk in 'n ou kultuurtaal soos Hollands te lewer. Met drukwerk in 'n Bantoetaal wat voorheen nog nie tot skrif gereduseer was nie, was dit sekerlik 'n ander saak.

5.3 Die Katrivierse pers

Met die totstandkoming van die Katriviernedersetting in 1829 is uitvoering gegee aan 'n plan van Stockenström, die destydse Kommissaris-Generaal van die Oostelike Provinsie. Die tweeledige doel van die nedersetting was die verbetering van die lewensomstandighede van die „Hottentotte“, en die opknapping van die Kolonie se verdediging teen die Xhosas.⁷⁰⁾ Vir die laasgenoemde doelstelling is ook blankes op die nedersetting gevestig.

Hoewel daar in die literatuur na die nie-blankes by die Katriviernedersetting verwys word as „Hottentotte“, was hulle geen rasegte Hottentotte wat Hottentots gepraat het nie. Hulle was van gemengdbloedige oorsprong en voldoen aan die definisie van Kleurlinge wat aan die begin van hierdie hoofstuk vir die doeleindes van hierdie studie gegee is. Hoewel die woord „Hottentot“ nog vir baie jare daarna gebruik is, is daar eintlik van so

70) Marais, op.cit., p.216.

vroeg as 1816 nie meer sprake van rasegte Hottentotte in die destydse Kaapkolonie nie. Na aanleiding van die verhoor en vonnis van twee Koloniste wat in 1816 jong meisies op Genadendal gemolesteer het, spreek Krüger⁷¹⁾ sy verbasing uit dat die landdros nog steeds die terme „Christene" en „Hottentotte" gebruik. Inderwaarheid was die woord „Hottentot" toe reeds 'n aanstootlike en beledigende woord.⁷²⁾

Die geestelike versorging van die Kleurlinge is deur die koloniale regering toegewys aan William Thompson van die Glasgowsse Sendinggenootskap te Tyume, wat voortaan as 'n sendeling van die Nederduitse Gereformeerde Kerk sou arbeid, terwyl dr. Philip vir James Read aangewys het as sendeling van die Londense Sendinggenootskap op die nedersetting. Aan die begin van die 19e eeu het Read vir Van der Kemp gehelp om Hottentotlektuur te druk. Ongeveer veertig jaar later sou hy verantwoordelik wees vir lektuurvoorsiening aan die Kleurlinge op die Katriviernedersetting, hierdie keer in die Hollandse taal waarmee hy, in die geselskap van Van der Kemp, goed vertrouud geraak het. Al die Kleurlinge het nou Hollands gepraat, net Hollands van die preekstoele af gehoor, en kon slegs Hollands lees.⁷³⁾

Dis nie bekend hoe Read aan die Katrivierse pers gekom het en wat die uiteindelijke lot van die pers was nie. Die eerste wat verneem is van sy drukkersaktiwiteite was toe hy saam met dr. Philip en twee nie-blankes in 1836 in Engeland was.⁷⁴⁾ Read het van hierdie geleentheid gebruik

71) Krüger. The pear tree blossoms, p.127.

72) Anshelm. Bischof Hans Peter Hallbeck, 1:83.

73) Canton. A history of the British and Foreign Bible Society, 2:304.

74) Ibid., 2:300.

gemaak om by die komitee van die Religious Tract Society aan te klop om 'n skenking van papier, waardeur hy in staat gestel sal word om by sy terugkeer in Suid-Afrika 'n reeks skoolboekies te druk.⁷⁵⁾ Hoewel hy 'n skenking van sewe-en-sewentig riem papier ontvang het,⁷⁶ skyn dit nie asof hy dit binne die volgende paar jaar gebruik het nie. In 1842 het hy aan die Religious Tract Society geskryf, dat, as hy 'n drukker gehad het, hy onmiddellik met drukwerk kon begin het.⁷⁷⁾ Intussen het hy wel met behulp van sy sendingobjekte 'n behoorlike gebou opgerig waarin die drukkerij gehuisves is.⁷⁸⁾ Vroeg in 1843 het hy die Londense Sending=genootskap versoek om vir hom 'n drukker te stuur.⁷⁹⁾

Read het baie idealisties beplan. As hy net eers 'n drukker kon kry, kon sy drukkersaktiwiteite onmiddellik begin, en was hy van plan „(to) supply the country with tracts, school materials, etc.”⁸⁰⁾ Met sy terugkeer uit Engeland het hy 'n voorraad godsdienstige traktate met hom saamgebring, maar hierdie voorraad is intussen uitgeput. 'n Gevoel van skaamte het hom daarvan weerhou om aansoek te doen om 'n nuwe besending. Buitendien het hy verwag om intussen traktate vanaf sy eie pers te voorsien.⁸¹⁾

Read se versoek aan die Londense Sendinggenootskap om vir hom 'n druk=

75) R.T.S. Annual report, 38:55, 1837.

76) Ibid., 39:40, 1838.

77) Ibid., 44:39, 1843.

78) Loc.cit.

79) Read aan die Londense Sendinggenootskap, gedateer 9.1.1843 te Philipton. L.S.G.-argief.

80) R.T.S. Annual report, 44:39, 1843.

81) Loc.cit.

ker te stuur, het skynbaar op dowe ore geval. Hoewel nie deur bemiddel-
 ling van sy Genootskap nie, het hy tog tussen 1843 en 1845 die dienste van
 'n drukker bekom, en wel in die persoon van Alfred Essex. Essex is in
 1818 in Londen gebore. Na sy opleiding as 'n drukker het hy in 1843 na
 Suid-Afrika gekom en hom in die Oostelike Kaapkolonie gevestig. Die te-
 kort aan drukkers en die hoë lone het hom daartoe gelei om 'n pos as
 drukker by die Katrivierse pers te aanvaar.⁸²⁾

Volgens Marais het die Londense Sendinggenootskap teen 1846 'n drukpers
 op die Katriviernedersetting opgerig.⁸³⁾ Uit die korrespondensie van Read
 met die Religious Tract Society, wat opgeneem is in hulle jaarverslae,⁸⁴⁾
 blyk dit egter dat die pers teen 1842 al opgerig en behoorlik gehuisves was.
 Dit mag wees dat Marais die jaar 1846 noem omdat hy onder die indruk
 verkeer het dat die pers in daardie jaar drukwerk begin lewer het. Dit is
 egter duidelik dat die pers minstens in 1845 al drukwerk begin lewer het.
 In daardie jaar het Read aan die Religious Tract Society geskryf: „Long
 before this arrives, you will have received a copy of the report of our
 last anniversary meeting, printed at out press ...”⁸⁵⁾ In dieselfde brief
 meld hy ook dat hulle reeds 'n aantal Hollandse kaarte⁸⁶⁾ en elementêre
 boeke vir skoolgebruik gedruk het. Hy beweer ook dat daar nie net by die
 skole op die nedersetting 'n behoefte aan sodanige drukwerk bestaan nie,
 maar ook by ander sendingstasies binne en buite die grense van die Kolo-

82) Essex, e.a. Record of a pioneer family, p.1.

83) Marais, op.cit., p.228.

84) Kyk voetnoot nr.77.

85) R.T.S. Annual report, 47:35, 1846.

86) Waarskynlik leeskaarte.

nie. Van sommige sendelinge is alreeds aansoeke om sodanige drukwerk ontvang, en baie meer word nog verwag. Dit word ook in die vooruitsig gestel om van die Religious Tract Society se beste traktate te vertaal, te vereenvoudig en te druk, benewens traktate wat hulle self sou saamstel. Een van sy groot ideale was die publikasie van 'n tydskrif vir die Kleurlinge.⁸⁷⁾

Dis nie bekend hoeveel daar tereggekom het van Read se voornemens en verwagtings nie. Daar bestaan vandag skynbaar geen produkte van die Katrivierpers nie. Vanaf April 1846 tot Desember 1847 het die Oorlog van die Byl tussen die Xhosas en die Kolonie gewoed. Die Katriviernedersetting wat gedien het as 'n buffer tussen Kafferland en die Kolonie, was ten nouste betrokke by hierdie oorlog, waarin alle normale aktiwiteite, en seker ook die drukkersaktiwiteite, tot stilstand gekom het.⁸⁸⁾ In hierdie tyd het die drukker Essex ook uit die diens van die Katrivierpers getree om dergelike betrekkings elders te aanvaar en later die eienaar van die Graaff-Reinet Herald te word.⁸⁹⁾ Teen die einde van 1848 het Read se seun aan die Londense Sendinggenootskap geskryf dat hulle 'n drukker benodig.⁹⁰⁾ Hoewel die Xhosas groot verwoesting op die Nedersetting aangerig het, en selfs geboue afgebrand het, is die drukkerie nie verwoes nie.⁹¹⁾ Baie van die uitrusting en materiaal is begrawe en ná die oorlog weer veilig teruggevind. Sommige van die papier is wel beskadig met die

87) R.T.S., 47:35, 1846.

88) Marais. op.cit., p.228-30.

89) Essex, loc.cit.

90) Read jnr. aan die Londense Sendinggenootskap, gedateer 30.11.1848 te Katrivier. L.S.G.-argief.

91) R.T.S., 50:43, 1849.

vervoer daarvan ná en van die wegsteekplek. Teen 1848 is die drukkers=aktiwiteite nog nie hervat nie, hoewel dit die voorneme was om voort te gaan met die drukwerk. Teenoor die Religious Tract Society het Read die hoop uitgespreek dat hy binnekort weer die dienste van 'n drukker sou verkry.⁹²⁾

Dis egter te betwyfel of die drukkery ooit weer sy werksaamhede hervat het. In 1850 het die Nedersetting 'n rebellie beleef, en 'n jaar later is dit tydens die Agtste Xhosa-Oorlog heeltemal verwoes. In 1852 is Read oorlede.

5.4 Die Genadendalse pers

Die meeste sukses met die drukpers as 'n sendinghulpmiddel vir die Kleurlinge is behaal deur die sendelinge van die Morawiese Broederkerk by Genadendal. Hoewel die pers al in 1834 opgerig is, is dit eers vanaf 1859 intensief gebruik. Sedertdien lewer hierdie pers nog steeds 'n onafgebroke stroom lektuur hoofsaaklik vir die Kleurlinge.

5.4.1 Die Morawiese Broederkerk en Georg Schmidt

Die Ou Boheemse Broederkerk is in 1457 gestig, maar moes geweldig vervolging deur die Roomse Kerk verduur, sodat dit mettertyd ondergronds moes gaan.⁹³⁾ In 1722 het 'n aantal Duitssprekende vlugteling van die Ou Broederkerk 'n toevlugsoord gevind op die landgoed van graaf von Zinzendorf in Sakse. Op hierdie landgoed wat later Herrnhut genoem

92) Loc. cit.

93) Schreuder. Die opvoedkundige bedrywighede van die Morawiese Broederkerk in Suid-Afrika, p. 1-16.

is, het die vlugteling skuil en geloofsvryheid gevind.⁹⁴⁾ Mense van verskillende kerkgenootskappe en sektes het by hulle aangesluit en in so 'n mate aangegroei dat Zinzendorf sy betrekking in Dresden neergelê het en die leiding van die gemeente op hom geneem het.⁹⁵⁾

Sedert die „herstigting“ van die Morawiese Broederkerk het die Broeders bekendheid verwerf vir hulle sendingywer. Binne die eerste tien jaar van hulle bestaan het hulle met georganiseerde sendingwerk begin.⁹⁶⁾ Hulle was spoedig oor die hele Europa bekend, en in 1736 het twee Amsterdamse predikante vir Zinzendorf versoek om sendelinge na die Kaap die Goeie Hoop te stuur om die Hottentotte te evangeliseer. Binne enkele dae na die ontvangs van die versoek was 'n jong Morawiese Broeder onderweg na Nederland. Sy naam was Georg Schmidt, wat die eerste sendeling in Suid-Afrika sou word. Op 9 Julie 1737 het hy in Tafelbaai voet aan wal gesit, en nadat alle voorbereidings getref is, het hy per ossewa na die anderkant van die Hottentots-Hollandberge vertrek. Aan die buitewyke van die destydse beskawing het hy hom in die vallei van die Riviersonderend gevestig waar „the Hottentots came with music to meet me, and showed their joy at my arrival“.⁹⁷⁾

Op hierdie stadium het die Hottentotte wat nog nie in aanraking met die blanke beskawing was nie, nog Hottentots gepraat. Schmidt het egter nie veel moeite gedoen om hulle taal aan te leer nie omdat hy een van die drie

94) Ibid., p.18; Krüger, op.cit., p.13.

95) Schreuder, op.cit., p.19; Krüger, loc.cit.

96) Schreuder, op.cit., p.32-3.

97) Cape Cyclopaedia, 1:199.

klikklanke te moeilik gevind het.⁹⁸⁾ Gevolglik het hy begin om met behulp van sy tolk Africo vir die Hottentotte Hollands te leer. Sy enigste ander onderrigshulpmiddel was 'n paar „Hollandse ABC-boeke wat hy in Kaapstad gekry het".⁹⁹⁾ Sy werk en verblyf in Suid-Afrika was van kort duur, want na sewe jaar het hy die land in 1744 verlaat.¹⁰⁰⁾

5.4.2 Taalprobleme

Vir die doeleindes van hierdie studie was Schmidt se werk in een opsig van groot belang. As gevolg van sy bemoeiinge het die sendelinge wat na hom gekom het, haas geen taalprobleem gehad nie deurdat hy sy sending=objekte Hollands geleer het. Agt-en-veertig jaar na sy vertrek uit Suid-Afrika het die Broederkerk sy sendingaktiwiteite hier hervat met die koms van die sendelinge H. Marsveld, D. Schwinn en J.C. Kühnel in 1792. Hulle het hulle op Schmidt se ou sendingstasie Baviaanskloof (later Genadendal genoem) gaan vestig.¹⁰¹⁾

Van Schmidt se vroeëre verblyf het slegs enkele spore oorgebly. Hieronder was 'n peerboom in volle drag wat deur hom eiehandig geplant is. Die belangrikste spoor van sy arbeid was die nou so bekende Ou Lena wat vyftig jaar vantevore deur hom gedoop is. Deur al die jare het sy ook 'n Hollandse Nuwe Testament wat Schmidt aan haar geskenk het, met die grootste sorg bewaar. Toe die drie nuwe sendelinge haar besoek het, kon sy

98) Krüger, op.cit., p.21.

99) Loc.cit.

100) Vollediger inligting oor Schmidt se lewe en werk is te vinde in haas enige werk oor die Suid-Afrikaanse sendinggeskiedenis, die geskiedenis van die Morawiese Broederkerk, of die geskiedenis van Kleurlingonderwys.

101) Krüger, op.cit., p.52.

weens swak gesig self nie meer lees nie, maar 'n vrou wat leesonderrig van haar ontvang het, het vloeiend voorgelees uit die tweede hoofstuk van Mattheüs.¹⁰²⁾ Hierdie Nuwe Testament is vandag nog in besit van die Morawiese Kerk te Genadendal. Hoewel dit 'n laat 17e eeuse druk is, is dit byna ongeskonde. Dit word tans bewaar in 'n houtkissie wat kunstig deur die drie nuwe sendelinge van 1792 vervaardig is uit hout van Schmidt se peerboom.¹⁰³⁾

Uit die voorafgaande moet afgelei word dat Schmidt daarin geslaag het om vir sy sendingobjekte Hollands te leer, en dat laasgenoemde ook vir hulle nakomelinge Hollands geleer het. Daarby moet in gedagte gehou word dat Genadendal met die hervatting van die sending in 1792 nie meer aan die buitewyke van die beskawing geleë was nie, maar midde in die blanke beskawing. Ten einde aan die lewe te kon bly, het die Hottentotte by koloniste in die omgewing gewerk,¹⁰⁴⁾ en sodoende Hollands geleer. Daarom verbaas dit nie dat die drie sendelinge wat die sending in 1792 hervat het, in hulle dagboek kon aanteken dat die taalprobleem, wat een van die grootste hindernisse vir pionierssendelinge was, vir hulle feitlik nie bestaan het nie. Die meeste van die Hottentotte kon Hollands praat.¹⁰⁵⁾

Ook Schulze het bevind „eigene sprachwissenschaftliche Arbeiten kamen für die Brüdermissionare in diesem Missionsgebiet nicht in Betracht". Hy verwys ook na „Africaans als der geläufigen Umgangssprache".¹⁰⁶⁾

102) Du Plessis, op.cit., p.72-3.

103) Besigtig tydens 'n besoek aan Genadendal in 1968.

104) Schreuder, op.cit., p.67.

105) Baviaanskloof Diarium, Nov. 1792 - Mrt. 1793.

106) Schulze. 200 Jahre Brüdermission, p.404.

Uit die bostaande sou 'n mens wou aflei dat die Hottentottaal aan die begin van die 19e eeu in die omgewing van Genadendal reeds 'n dooie taal was. Dit was egter nog nie die geval nie. 'n Geringe aantal van die ouer mense het slegs Hottentots gepraat en verstaan. Dit was egter nie vir die sendelinge 'n onoorkomelike probleem nie. Aan die einde van godsdiens-oefeninge het 'n tolk die preek in Hottentots herhaal.¹⁰⁷⁾ Die skrif was egter reeds aan die muur en weldra sou die Hottentottaal by Genadendal 'n dooie taal wees. Saam met hulle taal sou die laaste rasegte Hottentotte ook binne afsienbare tyd uitsterf. Gemengde huwelike tussen koloniste en Hottentotte het voorgekom.¹⁰⁸⁾ Ook buite-egtelike bloedvermenging het plaasgevind, want Kühnel het gekla „that women might have children from various Colonists, slaves and Hottentots, but no husband and people might change their marital association at will”.¹⁰⁹⁾ Hoewel die term „Hottentot” in die Kaapkolonie algemeen gebruik is tot ongeveer 1838 met die vrystelling van die slawe, toe dit vervang is met die term „Kleurling”,¹¹⁰⁾ was dit reeds teen 1816 nie meer die geval by Genadendal nie.¹¹¹⁾ „In fact, 'Hottentot' has already become an offensive word in the settlement.”¹¹²⁾

5.4.3 Die drukpers en sy produkte

Die Morawiese sendelinge of Hernnhüters soos hulle vroeër in Suid-Afrika

107) Missionskonferenz, 7.5.1802.

108) Krüger, op.cit., p.63.

109) Ibid., p.55.

110) Ibid., p.12n.

111) Anshelm, op.cit., 1:83.

112) Krüger, op.cit., p.127.

genoem is,¹¹³⁾ was deeglik bewus van die rol wat die drukpers in send-
dingwerk kan speel, asook van die waarde van stigtelike lektuur „nicht
nur zur Privat-Erbauung ... sondern auch zur Erweckung, resp.
Bekehrung".¹¹⁴⁾ Ten opsigte van Bybels en ander liturgiese werke het
hulle nie die probleme gehad van sendelinge wat onder die Bantoevolkere
gearbei het nie. Bybels en gesangeboeke was maklik bekombaar. In 1822
was dit wel nodig dat hulle 'n Hollandse vertaling van Luther se Klein Ka-
tegismus in Zeist moes laat druk.¹¹⁵⁾ Die eintlike behoefte was egter aan
algemene stigtelike lektuur in 'n taal en styl wat aanpas by die Kleur=
linge.¹¹⁶⁾ Oor hierdie saak het B. Marx baie sterk gevoel toe hy by die
Brethern's society for the furtherance of the Gospel gepleit het vir 'n nuwe
drukkers. Hy het onder andere gesê: „You send us books, papers etc.,
but of what use are they to our people? If, however, we can get them to
read tracts, books, and magazines, printed expressly for them, and
adapted for their use, the beneficial effect on their minds will, by the
blessing of the Lord, be very great."¹¹⁷⁾

Die vader van die Genadendalse drukpers was biskop J.P. Hallbeck, wat
superintendent van die Morawiese sending in Suid-Afrika was vanaf 1817
tot 1840.¹¹⁸⁾ Op aandrang van goewerneur Somersset het die Morawiers
in 1828 'n sendingaksie in Kafferland begin. Tydens 'n inspeksiebesoek

113) Vgl. die Afrikaanse benaming „herneutermes" vir 'n snoeimes wat
in die 19e eeu by Genadendal vervaardig is.

114) Beschlüsse der allgemeinen Missions-Conferenz, p.7.

115) Krüger, op.cit., p.143.

116) Ibid., p.270.

117) Periodical Accounts, 23:372-3.

118) Du Plessis, op.cit., p.243.

aldaar het Hallbeck in aanraking gekom met die Skotse sendelinge by Tyume en Lovedale. Hy was besonder beïndruk deur hulle drukpers en die goeie werk wat dit gelewer het.¹¹⁹⁾

Een van sy ideale, nl. om boekies vir kerk- en skoolgebruik te druk soos die sendelinge by Lovedale, is vervul toe die Broeders in Zeist in 1834 'n klein drukpers aan Genadendal geskenk het.¹²⁰⁾ Volgens Krüger is die pers weggebêre omdat niemand daarmee kon werk nie. As bewys hiervoor voer hy die feit aan dat Hallbeck sy Litanijen en Gezangen in 1839 in Zeist laat druk het.¹²¹⁾ Dit is wel so, maar daar moet in gedagte gehou word dat die bogenoemde werk fisies van 'n redelike omvang was, en dat Hallbeck dit nie sou waag om die druk van so 'n werk op 'n primitiewe houtpersie en met ou en defektiewe¹²²⁾ drukletters te onderneem nie. Dit is in elk geval moeilik om te glo dat Hallbeck, wat so reikhalsend uitgesien het na 'n drukpers, dit ongebruik sou weggebêre. Hoewel daar geen bewyse is dat die pers aanvanklik intensief gebruik is nie, is dit tog deur Hallbeck gemonteer en met geleenthede gebruik.¹²³⁾ Schreuder fouteer ook as hy beweer dat „daar in 1859 'n drukpers te Genadendal opgerig (is)”.¹²⁴⁾ Dit moet egter toegegee word dat die pers voor 1859 nie intensief gebruik is nie. Die uitgediende drukpers wat tans in die kerkargief te Genadendal staan, is ook verkeerd ge-etiket as die pers wat vanaf 1859 tot 1962

119) Krüger, op.cit., p.166-9.

120) Ibid., p.179.

121) Loc.cit.

122) Periodical Accounts, 23:272-3.

123) Nachrichten aus der Brüdergemeine, 1836:6

124) Schreuder, op.cit., p.145.

in gebruik was. Soos dit verderaan in hierdie afdeling sal blyk, is die betrokke pers eers in 1885 aangeskaf.

By Genadendal kon geen produkte van hulle eerste drukpers voor 1859 opgespoor word nie. Die aanvanklike drukwerk van Hallbeck het waarskynlik niks meer behels as elementêre onderrigshulpmiddele van geringe finansiese omvang soos spelkaarte, elementêre leesboekies ensovoorts nie.

Die Genadendalse pers het sy groot rol as sendinghulpmiddel eers in 1859, ná die koms van sendeling Benno Marx, begin speel. Hy is in Duitsland opgelei as 'n skrynwerker en het sy kerk daar ook gedien as 'n onderwyser en orrelis.¹²⁵⁾ In 1855 het hy die hoof geword van die opleidingskool¹²⁶⁾ te Genadendal. Marx het 'n drukkerij beskou as deel van die opleidingsskool sodat leerlinge opgelei kan word in die boekdrukkuns en bindwerk as 'n alternatief vir vakleerlingskap in die een of ander bedryf.¹²⁷⁾ In Desember 1859 is berig dat 'n drukpers, wat solank gelede as 1837¹²⁸⁾ uit Holland ontvang is, maar weens gebrek aan ruimte vir 'n lang tyd nie gebruik is nie, geïnstalleer is.¹²⁹⁾ Terwyl Marx in die een vertrek drukwerk gedoen het, het sy kollega G. Hettasch en drie assistente die bindwerk in 'n ander vertrek gedoen.¹³⁰⁾ In die drukkerij is twee leerlinge geleer om te help met die setwerk, terwyl 'n aantal ander leerlinge

125) Krüger, op.cit., p.269.

126) Met opleidingskool word bedoel 'n ambagskool. Vgl. die Duitse benaming „Gehilfenschule“.

127) Schulze, loc.cit.

128) Dit moet 1834 wees.

129) Periodical Accounts, 23:434.

130) Krüger, op.cit., p.270.

op ander wyses behulpsaam was.¹³¹⁾

Slegs sewentien dae nadat Marx die ou drukpers weer in werking gestel het, het hy by die Brethern's society ... voorbrand begin maak vir 'n nuwe drukpers. Op 17 Desember 1859 het hy met 'n groot omhaal van woorde aan die Vereniging geskryf wat hy alreeds gedruk het, wat nog gedruk moet word, en wat die waarde van goeie lektuur vir die Kleurlinge is. Hy berig verder dat hy geen praktiese drukker is nie. Al wat hy van die drukkuns weet, is wat hy in boeke gelees het en deur na drukperse in Kaapstad te kyk. Buiten hierdie nadeel is sy pers 'n ou houtpersie, „which an Englishman would laugh at". Daarby is die lettertipes oud en baie defektief, en hy was verplig om die onkoste aan te gaan om nuwe lettertipes in Kaapstad te koop. Eers dan sê hy: „I feel assured that no more important benefit could be conferred on this Mission, than a new and improved printingpress".¹³²⁾

Marx se drukkersuitrusting was inderdaad primitief en ontoereikend. As gevolg hiervan moes enkele uitgawes van die tydskrif De Bode¹³³⁾ in Kaapstad gedruk word. Nogtans word daar na sy pogings verwys as 'n „successfull effort" om te voorsien in die behoefte na populêre lektuur.¹³⁴⁾ Sy pleidooi vir 'n nuwe en verbeterde drukpers was ook suksesvol. Binne ses maande is een aan hulle belowe. Op 17 Mei 1860 het die boekbinder Hettasch in die afwesigheid van Marx die Brethern's society ... bedank vir die pers wat hulle belowe het, en wat hulle binne afsienbare tyd kon

131) Periodical Accounts, 23:372-3.

132) Loc.cit.

133) Ibid., p.507.

134) Ibid., p.368.

verwag.¹³⁵⁾ Teen 9 Julie 1860 is die pers afgelewer en geïnstalleer.¹³⁶⁾

Na ontvangs van die nuwe drukkersuitrusting het die hoeveelheid en gehalte van die drukwerk skerp toegeneem. Selfs die publikasie van 'n weekblad vir kinders is in die vooruitsig gestel - 'n voorneme wat in Januarie 1861 werklikheid geword het met die verskyning van Maandbladje voor kinderen.¹³⁷⁾ Die Brethern's society het reeds in hierdie vroeë stadium van die drukkersaktiwiteite met waardering gewag gemaak van die vaardigheid waarmee leerlinge van die ambagskool met die pers werk.¹³⁸⁾ Ook die voorbeelde van drukwerk wat hulle van Genadendal af ontvang het, het hulle besonder verdienstelik gevind, veral as in aanmerking geneem word dat Marx en die leerlinge wat met die pers werk, geen opleiding in, of praktiese ervaring van die boekdrukuns gehad het nie.¹³⁹⁾

Intussen moes Hettasch en drie leerlinge van die ambagskool die bindwerk behartig met uitrusting wat geensins vir dié doel ontwerp en vervaardig is nie. Nogtans kon die bindery die 500 teksboeke¹⁴⁰⁾ wat in 1860 gedruk is, binne 'n paar weke bind. Sommige kopieë is op bestelling in kalfsleer met goudrand gebind.¹⁴¹⁾ Teen Junie 1861 moes die sendelinge egter die beëlofte van behoorlike bindersuitrusting gehad het, want Marx het die hoop

135) Ibid., p.430.

136) Ibid., p.507.

137) Ibid., p.582-3.

138) Periodical accounts, 24:xiii.

139) Ibid., p.10-1.

140) Dagboeke met 'n Bybelteks uit die Ou en Nuwe Testament vir elke dag van die jaar.

141) Periodical accounts, 23:582-3.

uitgespreek dat Hettasch binnekort die uitrusting, wat hy so dringend nodig het, sou ontvang. Daar was veral behoefte aan 'n groot boekpers wat ook in die drukkerij nuttig sou wees.¹⁴²⁾ Toe Hettasch en sy helpers in Oktober 1861 al besig was om die teksboeke vir 1862 te bind, het hulle nog steeds nie die bindersuitrusting ontvang nie. Daar is egter nou spesifiek na die skenking van 'n staanpers en 'n snymasjien, deur die Brethern's society, verwys.¹⁴³⁾ Ongeveer 'n maand later kon boekbin= der Hettasch egter sy weldoeners bedank vir die gewaardeerde geskenk. Dit was 'n groot verbetering in die bindery, en Hettasch het nou eers be= sef hoeveel tyd en arbeid verlore gegaan het deurdat hy elke eksemplaar van 'n boek afsonderlik met die hand moes sny. Die werk kon ook nie so netjies gedoen word as wat hy dit graag wou hê nie. Nou kon hy die sny= werk laat doen deur dié leerlinge wat hom help, terwyl hy homself nut= tig kon besig hou met ander werk. Hy moes wel nog van tyd tot tyd die lemme van die snymasjien slyp.¹⁴⁴⁾

Teen die einde van 1861 het die Genadendalse pers ook 'n ander terrein betree, naamlik die druk van boeke in Xhosa. Die Morawiese sendelinge in Kafferland het wel 'n Xhosavertaling gehad van 'n werkjie wat gedurende die Passieweek gebruik is.¹⁴⁵⁾ Dit is 'n uittreksel uit die vier Evangelies, en beskryf die lyding, dood, opstanding en hemelvaart van Christus. Die betrokke sendelinge wou hierdie werk graag in druk sien sodat dit aan al

142) Ibid., 24:144-5.

143) Ibid., p.228.

144) Hettasch aan die Brethern's Society, gedateer 17.11.1861 te Genadendal. Genadendalse argief.

145) Ukubandezelwa nokufu nokuvuka, kwe-nkosin nomsindisi U-Yesu Kristu ...

hulle sendingobjekte wat kan lees, gegee kon word. Omdat ander sending=genootskappe nie hierdie werk gebruik het nie, was dit onekonomies om dit in Kafferland op een van die bestaande sendingperse te laat druk. Gevolglik is die druk daarvan by Genadendal onderneem. Omdat daar ook Xhosaseuns uit Kafferland in die skool op Genadendal was,¹⁴⁶⁾ het Marx een van hulle geleer om te set. 'n Paar ander Xhosaseuns het die druk=kersproewe gelees en verbeter. Omdat die hoofletter Y min gebruik word in Hollandse drukwerk, maar baie voorkom in Xhosa, het die Genadendalse drukkery 'n ernstige tekort daaraan ondervind. Gelukkig het 'n goedgesin=de drukker in Kaapstad 'n voorraad daarvan aan Marx geleen.¹⁴⁷⁾

Die laaste uitgawe van die kinderblad „Maandbladje” vir 1861 het vir die eerste keer 'n illustrasie bevat.¹⁴⁸⁾ Dit was moontlik as gevolg van 'n skenking, deur vriende in Amerika, van 120 galvano's. 'n Belangrike gevolg van die illustrasies in die kinderblad was dat die intekenaretal onmiddellik van 700 tot meer as 1000 gestyg het.¹⁴⁹⁾

Die wêreldwye depressie gedurende die sewende dekad van die vorige eeu het verskeie ekonomiese beperkings tot gevolg gehad. Hoewel die ambagskool gelyk het onder die beperkings, het dit nie die drukpers direk geraak nie. Die jaarlikse teksboek is wel vir etlike jare gestaak omdat dit nie winsgewend was nie,¹⁵⁰⁾ maar die pers kon voortgaan met die voorsiening van skoolboeke en stigtelike lektuur.

146) Schulze, op.cit., 2:391.

147) Periodical Accounts, 24:228.

148) Ibid., p.284.

149) Ibid., p.618.

150) Krüger, op.cit., p.278.

Die drukpers wat in 1860 as 'n geskenk van die Brethern's society ontvang is, het 25 jaar lank diens gelewer. In 1885 is dit vervang met 'n moderne drukpers,¹⁵¹⁾ en die drukkery het meer geld verdien as gevolg van bestellings wat van buite ontvang en uitgevoer is. Dit is 'n roltype pers, maar is nie kragaangedrewe nie. Met behulp van 'n groot slinger is dit deur arbeiders met die hand gedraai. Dit word beweer dat hierdie pers vir 'n lang tyd die enigste pers in die land was waarop musiek gedruk kon word.¹⁵²⁾ Dit is nie heeltemal duidelik wat presies met hierdie bewering bedoel word nie. As die bedoeling is dat dit die eerste pers was waarop musiek in Suid-Afrika gedruk kon word, dan is die bewering fout. In die vroeë vyftigerjare van die 19e eeu is daar saam met die stoomdrukkers ook musiektekens ingevoer sodat die musiek van plaaslike komponiste in Kaapstad gedruk is.¹⁵³⁾ Om een of ander onbekende rede is die meeste Suid-Afrikaanse musiek egter van voor 1880 af oorsee gedruk,¹⁵⁴⁾ en het die Kaapse drukkers Solomon & co. en Van de Sandt de Villiers & co. skynbaar geen musiekdrukwerk meer onderneem nie. Moontlik is dit die bedoeling dat die Genadendalse pers juis in hierdie tyd die enigste in die land was waarop musiek gedruk kon word. Die moontlikheid dat musiek ook op die Genadendalse pers, wat in 1860 opgerig is, gedruk kon word, kan nie uitgesluit word nie. Die Kleurlinge was lief vir sang, en verskeie gesangbundels is in die sestigerjare by Genadendal gedruk, byvoorbeeld De kleine zang-vriend en Lydensgezenen over de zeven

151) Hierdie „Bremner Machine" vervaardig deur Harrild & sons word tans in die Genadendalse museum bewaar.

152) Periodical Accounts, nr.68, 1906.

153) Van der Merwe. Suid-Afrikaanse musiekbibliografie, p.18.

154) Loc.cit.

kruiswoorden.¹⁵⁵⁾ Die sendeling Kropf van die Berlynse Sendinggenoot=
skap bevestig ook die vermoede dat die Morawiërs in die sestigerjare
musiek kon druk. Toe hy 'n Xhosagesangboek in Kaapstad laat druk het,
het hy tot sy spyt te laat uitgevind dat hy dit op Genadendal kon laat druk
het „wo man ... auf dergleichen Drucke eingerichtet zu sein scheint”.¹⁵⁶⁾

Nadat hulle in die basiese behoeftes ten opsigte van onderrigshulpmidde=
le voorsien het, het die meeste sendingdrukkerse in diens van die verskil=
lende Bantoevolke hulle dit ten doel gestel om die Bybel in die betrokke
volkstaal te druk. Dit was vir die Genadendalse pers nie nodig om 'n der=
gelike doel na te streef nie, want die Bybel en ander liturgiese geskrifte
in Hollands was maklik bekombaar. In plaas daarvan het hierdie pers
hom onderskei deur die lewering van populêre geestelik opbouende lees=
stof in die vorm van tydskrifte en traktate.

Van die heel eerste drukwerk van hierdie pers sedert sy „her-oprigting”
in 1859 is die maandblad De Bode; Berigten uit de Heiden-wereld wat
sedert Desember 1859 verskyn. Die aanvanklike oplaag was driehonderd
kopieë en die jaarlikse intekengeld het 20 sent beloop. Sedert 1914 is die
titel van hierdie blad verander na De Huisvriend,¹⁵⁷⁾ onder welke titel
dit tans (1968) nog verskyn. Die kolomme van hierdie blad is van die be=
gin af gevul met nuus oor sendingwerk in die algemeen, sketse uit die
geskiedenis van die Christelike kerk, en godsdienstige artikels.¹⁵⁸⁾ In

155) Periodical Accounts, 24:228.

156) Berliner Missionsberichte, 1863:282.

157) Schreuder, op.cit., p.171.

158) Krüger, op.cit., p.270.

die eerste nommer is die hoop uitgespreek dat die blad die leesgewoonte, sowel as belangstelling in die uitbreiding van die Koninkryk van God, sal aanmoedig.¹⁵⁹⁾ In 1863 het die sendelinge gekla dat die aanvraag vir die blad so gering is dat dit nie eens die koste aan papier, drukwerk en posgeld betaal nie. „There is not yet sufficient taste for literature among our people.”¹⁶⁰⁾ Hierby moet die feit gevoeg word dat die blad nie net in Genadendal versprei is nie, maar ook sy weg gevind na menige huise van blanke lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.¹⁶¹⁾

Voorsiening in die leesbehoefte van kinders het nie lank uitgebly nie. In Januarie 1861 het die eerste nommer van Maandbladje voor kinderen verskyn.¹⁶²⁾ Die intekengeld het 5c per jaar beloop, terwyl die aanvanklike opslaag sewehonderd was. Toe hierdie blad van die begin van 1862 af geïllustreerd is, en die formaat daarvan ook vergroot is, het die intekenare=¹⁶³⁾ tal onmiddellik met driehonderd gestyg. Die inhoud daarvan het bestaan uit godsdienstige vertellings en vermanings aan die jeug. In 1863 is die titel verander na De Kinder Vriend,¹⁶⁴⁾ en in 1914 het dit deel geword van die populêre godsdienstige Sondagblad De Huisvriend.¹⁶⁵⁾

Een van die heel belangrikste publikasies van die Genadendalse pers was Het Tekst-boek der Broederkerk. Dit was 'n dagboek met 'n teks uit die

159) Periodical Accounts, 23:434.

160) Ibid., 24:550.

161) Ibid., 25:35; Krüger, op.cit., p.270.

162) Periodical Accounts, 24:14.

163) Ibid., p.618.

164) Ibid., p.547.

165) Schreuder, op.cit., p.171.

Ou Testament asook een uit die Nuwe Testament vir elke dag van die jaar. Hierdie gevleuelde woorde is sedert die tyd van Zinzendorf vir die hele Broederkerk gepubliseer en in 'n groot aantal tale vertaal en gedruk.¹⁶⁶⁾ By Genadendal is die teksboek die eerste keer in 1860 vir 1861 gedruk en die oplaag van vyfhonderd was binne enkele weke uitverkoop.¹⁶⁷⁾ Ongelukkig moes die publikasie daarvan 'n aantal jare lank gestaak word omdat die druk daarvan nie lonend was nie.¹⁶⁸⁾ Toe ekonomsiese toestande verbeter het, is die publikasie hervat en teen 1968 het dit nog steeds verskyn.

Die Morawiese sendelinge het baie moeite gedoen om sosiale ewels, veral drankmisbruik, te bekamp. Hierin het hulle pers 'n belangrike rol gespeel deur traktaatjies te druk, waardeur getrag is om nie alleen die algemene kennis van Gods Woord nie, maar ook die sedelike peil van die gemeentelede te verhoog. Voorbeelde van sulke traktaatjies is die volgende: De Drank; Wat zegt God van den drank; Gaat gij in den oogst?; De dag van heden; Onmatigheid; Mijd de kantien; ens.

Benewens godsdienstige traktaatjies is ook besondere aandag aan sangbundels vir gebruik in skool en kerk gegee. Die Kleurlinge was lief vir sang en het gedurig gesing terwyl hulle werk.¹⁶⁹⁾ Aan die begin van 1860 is 'n oplaag van vierhonderd van 'n keur van gesange vir Vas- en Paastyd gedruk, „but (we) could easily have disposed of 1000”.¹⁷⁰⁾ Nog

166) Krüger, op.cit., p.271.

167) Periodical Accounts, 23:582-3; 24:14. Krüger, loc.cit. gee die datum van die eerste verskyning foutief aan as 1861 vir 1862.

168) Krüger, op.cit., p.278.

169) Periodical Accounts, 24:144-5.

170) Ibid., 23:507.

dieselfde jaar het 'n tweede druk met 'n oplaag van tweeduisend ver=
skyn.¹⁷¹⁾ Die volgende jaar is 'n bundel liederes vir skoolgebruik gepu=
bliseer onder die titel De kleine zang-vriend. Hierdie bundel het sy weg
gevind na menige huis buite die Morawiese sendingstasie. Dit blyk onder
andere uit die feit dat die amptelike orgaan van die Nederduitse Gerefor=
meerde Kerk, De wekker, in 1861 met hoë lof daarvoor geskryf het en dit
ook aanbeveel het.¹⁷²⁾ In 1861 is ook die Lydensgezangen over de zeven
kruiswoorden gekomponeer en gepubliseer vir gebruik in die godsdiens=
tige vergaderings gedurende die Passietyd.

Ander godsdiensstige geskrifte voor 1875 sluit onder andere in: Handlei=
ding voor de lydensweek; Handleiding voor Doop en Avondmaal; Zaad
korreltjies; Hoofinhoud der Christelijke heilsleer; De kleine katechis=
mus.¹⁷³⁾

Ten opsigte van skoolonderrig het die pers ook sy deel bygedra. Een van
die vroegste produkte van hierdie pers was Eenvoudige lessen ten gebruik
van kleinkinder-scholen. Die eerste oplaag van tweehonderd in Desember
1859 was hopeloos te klein, en 'n tweede druk moes feitlik onmiddellik na
die eerste druk gedruk word.¹⁷⁴⁾ Ander skool- en opvoedkundige boeke
sluit onder andere die volgende in: Eenmaal een tafel; De school I - III;
Het godsdiensstige onderricht; Onderwijs voor schoolmeesters en lessen
en ordeningen ten gebruik in scholen.¹⁷⁵⁾

171) Ibid., p.582-3.

172) Ibid., 24:228.

173) Schmidt, Die Kweekskool, p.21.

174) Periodical Accounts, 23:372.

175) Schmidt, loc.cit.

Die produkte van die Genadendalse pers was tipografies goed versorg. Die Brethern's society, aan wie gereeld voorbeelde van die pers se produkte gestuur is, het verskeie kere verwys na die voortreflikheid van die drukwerk. In 1861 het hulle opgemerk dat die leerlinge 'n verdienstelike mate van vaardigheid in drukwerk bereik het. „The printing and publication of a monthly missionary periodical ... does much credit both to the director and the pupils of the institution.”¹⁷⁶⁾ Na die voorbeelde van die drukwerk is verwys as baie verdienstelik, veral as in gedagte gehou word dat hulle wat met die pers gewerk het geen praktiese opleiding in die drukkuns gehad het nie.¹⁷⁷⁾ Nadat die nuwe pers opgerig is, is in 1863 opgemerk dat die drukwerk van Genadendal „... would not discredit a London firm”.¹⁷⁸⁾

Hoewel dit nie meer voldoen aan die definisie van 'n sendingdrukkers nie, bestaan die Genadendalse drukpers vandag nog. Reeds meer as 'n eeu lank lewer dit 'n onafgebroke stroom lektuur hoofsaaklik vir die Kleurlinge. Aangesien die Morawiese Broederkerk ook sendingaksies in die destydse Kaferland gehad het, is dit logies om te vermoed dat Genadendal ook drukwerk in Xhosa sou lewer. In hierdie verband dink 'n mens veral aan spesiale geestelike liedere en Skrifgedeeltes wat die Morawiërs gedurende die Lysdensweke en Paasfees gesing en gelees het - sodanige werke as wat nie deur ander genootskappe gedruk en gebruik is nie. Daar is egter weinig produkte van die Genadendalse pers in Xhosa van voor 1875 bekend. Daarom is dit treffend dat dit in 1944 vir mej. A.H. Smith „interessant (was) om te sien dat die drukpers van Genadendal wat gedurende die neëntiende

176) Periodical Accounts, 24:xiii.

177) Ibid., p.10-1.

178) Ibid., p.547.

een soveel boekies in die naturelle tale uitgegee het vandag verantwoor=
delik is vir allerlei Afrikaanse pamflette, veral van 'n godsdienstige
aard". 179)

179) Smith, Die Afrikaanse versameling in die Johannesburgse Openbare
Biblioteek. Africana aantekeninge en nuus, 1(2):17, 1944.

6 PIONIERSWERK VAN DIE SKOTSE SENDINGS

6.1 Sendelinge en sendingobjekte

In opvolging van 'n wenk van dr. R.H.W. Shepherd¹⁾ word die benaming Skotse sendings in hierdie hoofstuk gebruik. Die eerste Skotse sendelinge is na Suid-Afrika gestuur deur die Glasgow Missionary Society. As gevolg van die sogenaamde „Ten Years Conflict" was die mense in Skotland in twee kampe verdeel, te wete dié wat voorstaanders was van 'n „staatskerk", en dié wat die onafhanklikheid van die kerk voorgestaan het. Hierdie konflik het gelei tot die ontbinding van die oorspronklike Glasgow Missionary Society en die stigting van twee sendinggenootskappe, naamlik The Glasgow Missionary Society adhering to the Principles of the Church of Scotland en The Glasgow South African Missionary Society. Die sendelinge en hulle Xhosahelpers in Suid-Afrika kon self besluit aan watter genootskap hulle wou behoort. Sonder dat daar in Suid-Afrika ooit sprake was van 'n dergelike konflik as dié in Skotland, het die Skotse sendelinge op 17 Mei 1838 vergader, en vier van die destydse ses sendelinge in Suid-Afrika het verkies om sendelinge van die eersgenoemde Genootskap te wees, terwyl die ander twee lede van die laasgenoemde Genootskap geword het. Eersgenoemde genootskap sou voortaan onder die sorg staan van die Free Church of Scotland, terwyl die United Presbyterian Church die laasgenoemde genootskap vir sy rekening geneem het. Hierdie skeiding het geen noemenswaardige uitwerking op die sendingaksie in Suid-Afrika gehad nie. Die sendelinge het trouens besluit „... to pursue our work as

1) Tydens 'n persoonlike onderhoud op 12.9.1967 te Alice, K.P.

if the event had never occurred".²⁾

Die eerste Skotse sendelinge wat in November 1821 in die destydse Kaferland aangeland het, was W.R. Thomson en John Bennie. Thomson het later op uitnodiging van die Kaapse regering 'n sendeling van die Nederduitse Gereformeerde Kerk op die Katriviernedersetting geword. Bennie was die taalkundige en tipografiese pionier van die Skotse sendings. La=ter is hy tereg genoem „the father of Kafir literature”.³⁾

Die objekte van die Skotse sendings was die Xhosasprekende stamme wat een van die vier hoofgroepe van die Bantoe=stamme in die Republiek van Suid-Afrika is. Die term „Bantoe” word tans algemeen gebruik om daar=die inboorlinge in Suidelike Afrika aan te dui wat nie Boesmans of Hot=tentotte is nie. In die vorige eeu het dit vir taalkundiges duidelik geword dat die inboorlingtale van Suidelike Afrika (met die uitsondering van die Boesman- en Hottentottaal) almal tot een groot familie van tale behoort. Hoofsaaklik deur die werk van dr. W.H.I. Bleek, bibliotekaris van Sir George Grey, wat die verskillende volkstale wetenskaplik bestudeer het, het dit duidelik geword, dat, hoewel die verskillende tale aansienlik ver=skil ten opsigte van woordeskat en tot 'n geringer mate ten opsigte van uit=spraak, hulle grammatiese struktuur in hoofsaak dieselfde is. In opvolging van 'n wenk van Grey, het Bleek aan hierdie familie van tale die naam „Bantoe” gegee.⁴⁾

2) Laing. Memorials of the missionary career of the Rev. ..., p.79-80.

3) Godfrey. Rev. John Bennie, the father of Kafir literature. Bantu Studies, 8:123-34, 1934. Vgl. ook hoofstuk twee, par.2.2.1.1.

4) Werner. Myths and legends of the Bantu, p.15.

Om egter as gevolg van die grammatiese eendersheid te praat van 'n Bantoeras, is misleidend. Die Bantoesprekende volkere verskil fisies baie van mekaar. Sommige van hulle verskil byna niks van die Negers van Wes-Afrika nie, terwyl ander weer Hamitiese trekke toon. Ook ten opsigte van kleur verskil die Bantoestamme heelwat. Dit varieer van 'n donker bruin kleur tot verskillende skakerings van brons of koper. Selfs binne dieselfde stam kan kleur verskil. Volgens Werner⁵⁾ is dit onwaarskynlik dat die verskillende Bantoestamme ooit deel was van een familie. Dit kan egter aanvaar word dat 'n aansienlike groep, wat dieselfde taal gepraat het, eeue gelede uit die omgewing van die Groot Mere suid- en ooswaarts begin trek het. Soos wat hulle voortbeweeg het en in verskillende rigtings van mekaar geskei het, het die verskillende tale ontwikkel.

In hulle suidwaartse beweging het die Bantoestamme in aanraking gekom met die Boesmans en Hottentotte. Die Boesmans het weggevlug voor die Bantoestamme, maar die Hottentotte wat met die speerpunt van die Bantoetoe in aanraking gekom het, het tot 'n mate met hulle vermeng. Hiervan getuig die klikklanke in die Ngunigroep tale.

Die huidige groot Bantoestamme van die Republiek van Suid-Afrika is die Xhosa, Zulu, Sotho en Tswana. Eersgenoemde was die speerpunt van die suidwaarts-bewegende stamme wat die Keirivier teen ongeveer die einde van die sewentiende eeu oorgesteek het.⁶⁾ Teen die tyd wat die Skotse sendelinge hulle in die omgewing van die Tyume gevestig het, het die Xhosa in groot getalle ten ooste van die Visrivier gewoon. Die Xhosa het uit verskillende groepe of stamme bestaan. Naby die Visrivier was die

5) Ibid., p.16.

6) Ibid., p.28.

stam van Ngqika; ten ooste van hulle dié van Ndlambe; en verder oos=waarts dié van Gcaleka. Ten noorde van hierdie stamme het die Tembu en Pondo gewoon. Al die opperhoofde van hierdie Xhosastamme het aanspraak gemaak op afkoms van 'n gemeenskaplike voorvader met die naam van Xhosa.⁷⁾

6.2 Vroeë skoolonderrig

In Junie 1820 het John Brownlee hom as sendeling⁸⁾ in die Tyumevallei tussen die mense van Ngqika gevestig. In November 1821 het die eerste twee Skotse sendelinge Thomson en Bennie hulle by Brownlee aangesluit. Een van die eerste stappe wat die drie sendelinge geneem het, was die stigting van 'n skool vir kinders. Onderrig in skryf en veral lees is deur alle sendinggenootskappe as een van die eerste opdragte aan hulle sendelinge gegee. As die sendingobjekte kan lees, dan is die weg gebaan vir 'n stabiele sendingkerk.⁹⁾ Die skool by Tyume is onder die toesig van Bennie geplaas. In Februarie 1822, slegs drie maande na sy aankoms, was sy leerlingtal veertig, en in Maart het dit aangegroei tot tussen vyftig en sesig.¹⁰⁾ Sonder die gedrukte woord moes leesonderrig haas onmoontlik gewees het. So gou as wat dit moontlik was, het hy en sy kollegas met die hulp van tolke vertalings in Xhosa gemaak van die Onse Vader, 'n oggend=gebed, dertig kort vrae, 'n deel van die geloofsbelydenis, 'n lofsang, en

7) Shepherd. Lovedale South Africa, p.39.

8) Hy is na Suid-Afrika uitgestuur as 'n sendeling van die Londense Sendinggenootskap, maar is deur Somerset benoem as goewerments=verteenvoortreder by Ngqika.

9) Vgl. hoofstuk drie, par.3.2.

10) G.M.S., 1822:29.

'n deel van Psalm 23. Bennie het die skoolkinders hierdie vertalings elke dag laat nasê totdat hulle dit van buite geken het.¹¹⁾

Die feit dat daar geen geskikte hulpmiddele in die vorm van Xhosaboeke was nie, het leesonderrig nie geheel en al agterweê laat bly nie. Teen September 1822 is berig dat Bennie leesonderrig gegee het met behulp van „sand-boards, according to the Lancasterian plan”.¹²⁾ Terwyl Bennie die kinders onderrig het, het Brownlee die mans, en Thomson die vrouens so gereeld as wat dit moontlik was, byeengeroep vir leesonderrig.¹³⁾ Hoe groot die behoefte aan hulpmiddele by die leesonderrig was, blyk uit die feit dat die heel eerste drukwerk wat die sendelinge gedoen het, vyftig kopieë van die alfabet was.¹⁴⁾

Die eerste groot gebeurtenis in die geskiedenis van die Skotse sendings in Suid-Afrika was die doop van die eerste vyf katkisante op 29 Junie 1823. Twee van hulle, wat die name Robert Balfour (vernoem na die eerste sekretaris van die Glasgowse Sendinggenootskap) en Charles Henry (die voorname van goewerneur Somerset) gekry het, sou voortaan 'n belangrike rol speel as onderwysers.¹⁵⁾ In dieselfde jaar het die eerste versterking vir die Skotse sendelinge by Tyume aangeland in die persoon van John Ross.¹⁶⁾ Die stigting van nog 'n sendingstasie is nou ernstig oorweeg. Die keuse vir so 'n stasie het geval op 'n plek ongeveer twaalf myl

11) Ibid., p.30.

12) Ibid., 1823:8-9.

13) Shepherd, op.cit., p.58.

14) G.M.S., 1824:27.

15) Shepherd, op.cit., p.59-61.

16) G.M.S., 1823:24.

suidoos van Tyume, en was vir 'n kort tyd bekend as Incehra. Met die dood van dr. John Love, sekretaris van die Glasgowse Sendinggenootskap, in 1825 is die naam van die stasie verander na Lovedale. Robert Balfour het by Tyume aangebly as onderwyser, terwyl Charles Henry in dieselfde hoedanigheid na die nuwe stasie is.¹⁷⁾ Hierdie twee Xhosa-onderwysers se werk was baie effektief. „They are acquainted with all the associations and springs of action which lie hid in the bosom of a Caffer from the eye of a stranger, and therefore they are enabled to wake up many a sympathy and come upon them by many a mode of appeal which foreigners could never employ.”¹⁸⁾

Gedurende die eerste helfte van die 19e eeu het Bantoe-opperhoofde in die meeste gevalle hulle onderdane aangemoedig om deur die sendelinge onderrig te word. Gewoonlik het hulleself egter skepties gestaan teenoor onderrig en die Christelike geloof. Die Skotse pioniersendelinge het egter die onderskeiding behaal dat hulle vir opperhoof Ngqika sover gekry het dat hy hom deur hulle laat onderrig het. Hy het gereeld Skrifgedeeltes wat die sendelinge vertaal en gedruk het, gelees. Kort voor sy dood in 1829 het hy 'n oogsiekte opgedoen, en sommige van sy volgelinge het hom verwyt dat dit die gevolg was van die Woord van God wat hy lees.¹⁹⁾ Hoewel die bevolkings van die twee stasies besonder klein was, het die skool te Tyume teen 1825 reeds sewentig leerlinge gehad, terwyl dertig leerlinge by Lovedale onderrig ontvang het.²⁰⁾ Hierdie getalle sluit nie volwas=

17) Shepherd, op.cit., p.71.

18) G.M.S., 1827:15.

19) Shepherd, op.cit., p.76.

20) G.M.S., 1826:11.

senes in wat van tyd tot tyd leesonderig ontvang het nie. Hierdie voorde= ring op onderwysgebied het nie alleen daartoe bygedra dat die direkteure in Skotland goedkeuring geheg het aan die sendelinge se plan om Xhosa- onderwysers en -helpers op te lei nie, maar dit het ook die noodsaaklik= heid van vertalings en die gedrukte woord onderstreep.

6.3 Taalstudies en vertalings

Behalwe 'n aantal reisigers²¹⁾ wie se pogings kwalik van enige nut was, het niemand voor die Skotse pioniersending, John Bennie, die Xhosataal sistematies bestudeer nie. By geleentheid is hy dan ook tereg genoem „a linguistic genius”²²⁾ en „the father of Kafir literature”.²³⁾ Nog voor hy sy vaderland verlaat het, het hy al die verskaffing van Xhosaliteratuur beplan. Met die oog hierop het die Religious Tract Society 'n aantal Hol= landse en Engelse godsdienstige traktaatjies aan hom gegee. „I wish they could give us a few in the Caffre language too, but alas! there is not a morsel for my poor Caffres.”²⁴⁾ Hy moes toe reeds ook al die verta= ling van die Bybel in Xhosa in gedagte gehad het, want met die oog hierop het die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap vir hom 'n Hebreeuse Bybel, 'n Hollandse Bybel, 'n Siriese Nuwe Testament en 'n Arabiese Nuwe Tes= tament en psalmboek gegee. Hierbenewens het hy ook vyf-en-twintig Hol= landse en vyf-en-twintig Engelse Bybels ontvang om op die sendingveld te versprei.²⁵⁾

21) Kyk hoofstuk een.

22) Shepherd. Bantu literature and life, p.26.

23) Kyk voetnoot nr.3.

24) G.M.S., 1821:11-2.

25) Loc.cit.

Voor hy egter Xhosaliteratuur kon voorsien, moes hy eers oor 'n groot struikelblok kom, naamlik die aanleer van Hollands en Xhosa. Hoewel hy niks van die Hollandse taal geweet het nie voor hy Skotland verlaat het, het hy die taal binne enkele maande in so 'n mate magtig geraak dat hy dit kon praat en deur medium daarvan onderrig kon gee.²⁶⁾ Met die Xhosataal was die geval anders. Hy het wel bevind „it is a fine, soft agreeable language, and uncommonly musical”,²⁷⁾ maar dit was 'n taal wat nog nie voorheen tot skrif gereduseer was nie, en „which hitherto floated in the wind”.²⁸⁾ Hy het besef dat die aanleer daarvan 'n baie moeilike taak sou wees, maar omdat dit vir die Xhosas van soveel nut sou wees, het hy nooit kleinmoedig geword nie. Aan sy broer in Skotland het hy geskryf „I learn the Caffre language daily”.²⁹⁾ Vir die skryf van die taal was hy verplig gewees om hoofsaaklik die Hollandse klanke van die letters te gebruik. Hy noem onder andere die feit dat hy geen oorbodige klinker in enige woord gebruik nie soos dit byvoorbeeld die geval is met die Engelse woorde love en time. Genoemde twee woorde sou hy bloot lov en tim skryf.³⁰⁾ Behalwe die verskillende klikklanke beskou hy as een van die grootste probleme by die aanleer van Xhosa „the ignorance of the Caffres concerning hundreds of objects, and by consequence of their names, with which the civilized world is familiar”.³¹⁾

Etlike dekades na die koms van Bennie het baie sendelinge nog die woord

26) G.M.S., 1822:29.

27) Ibid., p.30.

28) Ibid., 1825:12.

29) Ibid., 1822:30.

30) Loc.cit.

31) Ibid., p.31.

uTixo vir God gebruik.³²⁾ Hierdie woord was van Hottentotse oorsprong, en die sendelinge het algemeen aanvaar dat daar in Xhosa geen naam is vir God nie. Bennie het egter binne die eerste jaar van sy verblyf in Kaferland uitgevind dat die Xhosas hom nie verstaan as hy van Utikla³³⁾ praat nie. Op 'n dag het hy egter vir die kaptein van 'n kraal gevra, wie het die son, maan en sterre gemaak? Die antwoord wat hy gekry het, was Ruthlanga. Sedertdien het hy hierdie woord gebruik en die Xhosas het hom verseker dat dit die naam is van die Groot Wese wat alle goeie dinge gemaak het.³⁴⁾

Nieteenstaande al die probleme verbonde aan die aanleer van 'n ongeskrewe taal, het Bennie nogtans verbasend goeie vordering gemaak. Na slegs 'n paar maande in die sendingveld het hy aan 'n familielid geskryf dat hy al 'n endjie gevorder het met die samestelling van 'n Xhosawoordelys. Daarby het hy en sy kollegas al reeds die Onse Vader, 'n oggendgebed, dertig kort vrae, 'n deel van die geloofsbelydenis, 'n lofsang en psalm 23 vertaal. Hierdie vertalings het hy vir die skoolkinders van buite geleer, en elke dag moes hulle dit opse.³⁵⁾ Vroeg in 1824 het die eerste elementêre skoolboekie verskyn,³⁶⁾ maar voor daar sprake kon wees van 'n onafgebroke vloei van Xhosaliteratuur, moes die taalwette eers behoorlik geformuleer word. So vroeg as 20 Desember 1824 kon hy berig dat hy besig is om sy Xhosawoordelys in 'n sistematiese vorm te verwerk, en dat 'n grammatika hulle volgende taak sou wees, „for which we have a

32) Vgl. hoofstuk drie, par.3.3.2.

33) Bennie se spelling van uTixo.

34) G.M.S., 1822:29.

35) Ibid., p.30.

36) Kyk par.6.5.

considerable quantity of materials."³⁷⁾

Die drukpers wat intussen van Tyume na Lovedale (Incehra) verskuif is, het in 1826 sy eerste ambisieuse werk gelewer met die verskyning van A systematic vocabulary of the Kaffrarian language in two parts; to which is prefixed an introduction to Kaffrarian grammar.³⁸⁾ Hierdie werk van 104 bladsye was van groot nut vir nuwe sendelinge. Benewens hierdie gedrukte werk bestaan daar ook 'n manuskrip A dictionary in Kafferse and and English van Bennie. Kenners het dit beskryf as „a remarkable work which is of value to-day”.³⁹⁾ Hy het ook 'n grammatika in manuskripvorm nagelaat. Dit is gedateer 1832 – twee jaar voor die verskyning van die eerste volledige Xhosagrammatika. Dit blyk uit hierdie manuskrip dat Bennie op die punt was om die sogenaamde allitererende konsonansie te ontdek, maar dit het hom steeds ontwyk.⁴⁰⁾

'n Belangrike gebeurtenis in verband met die redusering van Xhosa tot skrif het in Januarie 1830 plaasgevind toe verteenwoordigers van die Wesleyaanse, die Londense en die Skotse sendinggenootskappe by Buffal=⁴¹⁾ vergader het „for the purpose of fixing rules for writing the language”.⁴²⁾ Hulle het Bennie se skryfwyse as basis geneem, maar het verskillende veranderings aangebring. Sy woordelys is hierdeur ontwrig, maar nogtans was die veranderings 'n verbetering.

37) G.M.S., 1825:(28) Appendix.

38) Bleek. The library of sir George Grey, p.47.

39) Shepherd. Lovedale and literature, p.4.

40) Loc.cit.

41) Later King William's Town.

42) G.M.S., 1831:18-9.

Een van die opdragte van die Glasgowse Sendinggenootskap aan sy pionier= sendelinge was dat hulle 'n deel van elke dag (behalwe Sondag) aan die aanleer van die betrokke volkstaal moes wy, sodat hulle mettertyd in staat sou wees om Skrifgedeeltes te kan vertaal. As voorbeelde van Skrif= gedeeltes wat eerste vertaal behoort te word, noem hulle die Evangelie van Johannes en Psalms 23, 72, 110 en 121.⁴³⁾ Dit is vroeër opgemerk dat die Skotse sendelinge na slegs 'n paar maande in Kafferland reeds vertalings gemaak het van gebede, die geloofsbelofte, Psalm 23 enso= voorts. Na mate hulle taalkennis vermeerder het, het hulle meer en meer vertalings gedoen, maar sover dit lektuurvoorsiening aangaan, was die vertaling van die hele Bybel die sendelinge se hoofsaak. Met die oog hier= op is so vroeg as 1824 berig dat die vertaling van die Evangelies van Johannes en Matteüs respektiewelik aan Thomson en Brownlee opgedra is.⁴⁴⁾ Met die oog op die noodsaaklikheid van 'n akkurate vertaling, en die probleme in verband met die vertaling van so 'n suiwer geestelike boek soos die Bybel in die taal van mense wat net bekend is met mate= riële sake, is besluit om die grootste versigtigheid aan die dag te lê al= vorens die vertaling na die pers gaan. Die vertaling van elke sendeling moes deur al die ander sendelinge gekontroleer en gedurende godsdiens= oefeninge gelees word. Daardeur is nie alleen foute tot 'n groot mate uit= geskakel nie, maar dit het ook tot nuttige besprekings oor die taal gelei. Wanneer so 'n vertaling in druk verskyn het, sou dit voor die oë van die sendingobjekte en die hele wêreld die stempel en outoriteit van die Skotse sending as geheel, gedra het.⁴⁵⁾

43) Shepherd. Lovedale, South Africa, p.25-6.

44) G.M.S., 1825:12.

45) Loc.cit.

Behalwe die Evangelies van Johannes en Mattheüs, wat onderskeidelik deur Thomson en Brownlee vertaal is, het Brownlee teen 1829 ook reeds die Evangelie van Markus vertaal.⁴⁶⁾ In sy eerste gedrukte vorm is Markus egter deur Bennie vertaal.⁴⁷⁾ Ook die Handeling van die Apostels het van die pen van Bennie verskyn.⁴⁸⁾ Vir die vertaling van hierdie twee Boeke is Bennie onthef van sy gewone pligte as sendeling. Met hierdie doel voor oë het hy en 'n Xhosa-assistent hulle tydelik in Somerset-Oos gaan vestig.⁴⁹⁾ Die eerste Sendbrief van Johannes is vertaal deur Ross, maar om een of ander rede het dit nie gou in druk verskyn nie. Teen 1828 is berig dat hierdie Sendbrief gereed is om gedruk te word,⁵⁰⁾ dog op 3 September 1829 was dit nog nie gedruk nie.⁵¹⁾ Eers teen 1832 was die kategeet William Chalmers besig om dit by Tyume te druk.⁵²⁾ By die vertaling van die Nuwe Testament het die Skotse sendelinge gebruik gemaak van die oorspronklike Grieks, die Latynse vertaling van Beza, die ge-outoriseerde Engelse vertaling, asook van die Nederlandse Bybel.⁵³⁾

Die Skotse sendelinge met hulle veelvuldige pligte het weldra besef

46) G.M.S. Quarterly paper, 5:10.

47) Bleek, op.cit., p.67.

48) Laing. Memorials, p.339. Bleek noem nie hierdie werk in die katalogus van sir George Grey nie.

49) G.M.S., 1837:18.

50) G.M.S., 1829:18.

51) G.M.S. Quarterly paper, 5:10.

52) G.M.S., 1832:17. Vir hierdie werk is daar eweneens geen inskrywing in die katalogus van sir George Grey nie.

53) G.M.S. Quarterly paper, 13:3.

dat die vertaling van die Bybel 'n te groot taak vir hulle was. Daarom het hulle in 1831 met verteenwoordigers van die Londense en Wesleyaanse genootskappe gekonfereer om aandag te gee aan die moontlikheid van samewerking. Daar is ook besluit om 'n brief aan die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap te skryf, waarin geldelike steun gevra word vir die druk van die Nuwe Testament, of 'n groot deel daarvan, in Xhosa.⁵⁴⁾

In Julie 1832 het die Skotse sendingring (-sinode) 'n paneel van sendelinge benoem om die Nuwe Testament in Xhosa te vertaal en te publiseer.⁵⁵⁾

By die ringsvergadering van die volgende jaar (1833)⁵⁶⁾ is soos volg verslag gedoen: Daar is dadelik begin met die vertaling van daardie gedeeltes van die Nuwe Testament wat nog nie voorheen vertaal is nie. Met die oog hierop is sendelinge van ander genootskappe in Kafferland gevra om vertalings waaroor hulle mag beskik aan die Skotse sendelinge af te staan. Op hierdie versoek het slegs een sendeling gereageer. Dit het op daardie stadium geblyk dat ongeveer die helfte van die Nuwe Testament nog nie vertaal was nie.

Die sukses wat tot hiertoe behaal is met die vertaling en druk van die Xhosabybel, is feitlik geheel en al ongedaan gemaak in die Kafferoorlog van 1834-'35, toe baie besittings van sendelinge, waaronder die drukpers en drukkersuitrusting, verwoes is.⁵⁷⁾ Van drukwerk deur die Skotse sendelinge sou daar voortaan tot 1861 weinig teregkom. Vir die volgende bykans halwe eeu sou die sendingpers van die Wesleyaanse Sendinggenoot=

54) G.M.S., 1832:17.

55) G.M.S. Quarterly paper, 13:3.

56) Loc.cit.

57) Ibid., 15:3.

skap die toneel oorheers.

In 1839 het die Skotse sendelinge nogeens 'n moedige poging aangewend om die Nuwe Testament in Xhosa te vertaal. Met die oog hierop is die sendelinge James Laing en William Chalmers aangewys om 'n plan van aksie op te stel. Op 5 November 1839 het hulle 'n werksverdeling aan die hand gedoen, waarvolgens die ondergenoemde sendelinge die betrokke boeke van die Nuwe Testament sou vertaal en/of persklaarmaak:

1. John Bennie - die vier Evangelies, Handeling en Openbaring;
2. John Ross, indien sy oë dit toelaat - Romeine en die Sendbriewe van Johannes en Judas;
3. William Chalmers - die Sendbriewe aan die Korinthiërs;
4. James Laing - die Sendbriewe aan die Galasiërs, Efesiërs, Filippense, Kolossense, Thessalonicense en die eerste aan Timotheüs;
5. Robert Niven - die restant van die Nuwe Testament, te wete II Timotheüs, Titus, Felémon, Hebreërs, Jacobus en Petrus.^{57a)}

Bennie het Mattheüs, Johannes, Handeling en Openbaring wel vertaal, maar dit het nooit in druk verskyn nie. Die eerste Sendbrief van Johannes, wat deel was van die opdrag aan John Ross, is deur sy seun Bryce Ross vertaal en teen 1841 op 'n kommersiële pers in Grahamstad gedruk. Laing het sy opdrag ten volle uitgevoer, en al die betrokke boeke, behalwe Galasiërs, is tussen 1840 en 1841 in Grahamstad op 'n kommersiële pers gedruk.^{57b)} Daar bestaan geen rekords dat Chalmers en Niven enige deel

57a) M.S.8865, Argief van die Church of Scotland, Cory Biblioteek, Rhodes Universiteit.

57b) Appleyard. An apology for the Kafir Bible, p.7 en 9; Bleek, op.cit., p.68-9.

van hulle opdrag uitgevoer het nie. Geeneen van die bogenoemde vertalings deur Skotse sendelinge is opgeneem in die eerste volledige uitgawe van die Nuwe Testament nie waarvan die druk in 1846 op die Wesleyaanse sendingpers te Newtondale voltooi is.^{57c)}

6.4 Geskiedenis van die Skotse sendingpers

Hoewel die Skotse sendingaksie eers laat in 1821 in Kafferland van stapel gestuur is, moes die sendelinge Thomson en Bennie reeds op 'n baie vroeë stadium die behoefte aan 'n drukpers gevoel het. In 1823 het die komitee van die Glasgowse Sendinggenootskap in hulle jaarverslag na hierdie dringende behoefte verwys, en ook aangekondig dat stappe gedoen is om in hierdie behoefte te voorsien.⁵⁸⁾ 'n Eertydse vriend van Bennie, na wie se koms na Suid-Afrika hy verlangend uitgesien het,⁵⁹⁾ John Ross, was op die punt om na Suid-Afrika te vertrek om hom by Thomson en Bennie aan te sluit. Hy sou 'n klein Ruthvendrukpers en genoegsame hoeveelheid lettertypes, papier en ink met hom saamneem, waarmee die sendingskool voorsien kon word van elementêre skoolboekies. Dit sou die sendelinge selfs in staat stel om Skrifgedeeltes en ander godsdienstige boeke in 'n taal waarin nog nie voorheen geskryf of gedruk was nie, te druk en te sirkuleer.⁶⁰⁾

Na 'n angsvolle seereis⁶¹⁾ het Ross op 4 September 1823 in Tafelbaai ge-

57c) Appleyard, op.cit., p.8.

58) G.M.S., 1823:24.

59) Ibid., 1822:31.

60) Ibid., 1823:24.

61) Die skip is deur 'n Suid-Amerikaanse roofskip bedreig. G.M.S., 1824:24.

land. Op daardie tydstip was John Brownlee van die Londense Sendinggenootskap te Tyume, wat soveel jare hartelik saamgewerk het met die Skotse sendelinge, weens swak gesondheid in Kaapstad. In plaas van per skip van Kaapstad na Algoabaai te reis, het Ross saam met Brownlee per ossewa na Tyume gereis - 'n reis van ongeveer duisend myl en wat drie maande sou duur.⁶²⁾ Intussen was die twee sendelinge by Tyume bewus van die koms van Ross en dat hy 'n drukpers met hom saambring. In 'n brief van 14 November 1823 (ongeveer 'n maand voor Ross se aankoms by Tyume) besing Thomson hulle blydschap oor die pers wat onderweg is. As sy stem hulle net kon bereik, sou hy elke donateur wat dit vir die Genootskap moontlik gemaak het „to send out this valuable appendage to our Mission”,⁶³ wou bedank. Die pers is ook net op die regte tydstip uitge= stuur, want „by having it sooner, we would probably have set its stamp upon many errors; and if later, our exertions must have been considerably cramped, from the difficulty of multiplying written lessons”.⁶⁴⁾ Ook vir Bennie „it was not an every-day joy”.⁶⁵⁾ Ongeveer tagtig myl van Tyume af het hy vir Ross en sy geselskap tegemoet gery. Op 16 Desember 1823 het hulle Tyume bereik. Hulle ywerigheid om die pers op te rig en in werking te stel, blyk uit 'n brief wat Bennie op 20 Desember 1823 geskryf het. „On the 17th, we got our Press in order; on the 18th the alphabet was set up; and yesterday (the 19th) we threw off 50 copies ... Through your instrumentality a new era has commenced in the history of the Kaffer

62) Ibid., p.25, 27.

63) Ibid., p.25-6.

64) Ibid., p.26.

65) Loc.cit.

nation."⁶⁶⁾ Die waarheid van hierdie laaste profetiese woorde van Bennie word miskien vandag eers behoorlik besef. Dis nie bekend of Bennie enige kennis van die drukkuns gehad het nie, maar Thomson en Ross het wel so 'n mate van kennis daarvan gehad dat hulle hierdie magtige hulpmiddel in diens van die sending sou kon stel.⁶⁷⁾

Gedurende die eerste twee jaar van die bestaan van die pers is daar hoofsaaklik gepoog om in die dringendste behoeftes ten opsigte van onderrighulpmiddele te voorsien. Behalwe die alfabetblaaië waarna hierbo verwys is, is ook 'n elementêre leesboekie, 'n deel van Brown se klein kategismus en 'n aantal gesange gedruk.⁶⁸⁾ In November 1824 het Bennie en Ross die nuwe sendingstasie Incehra⁶⁹⁾ (later Ou Lovedale) gestig. Hulle het die pers met hulle saamgeneem, en hoewel geen sodanige drukwerk bekend is nie, kan aanvaar word dat hulle by Ou Lovedale ook elementêre skoolboekies gedruk het. Die eerste ambisieuse werk is in 1826 by die nuwe stasie gedruk onder die titel A systematic vocabulary of the Kaffrarian language in two parts; to which is prefixed an introduction to Kaffrarian grammar.

Volgens Shepherd⁷⁰⁾ is die drukpers afwisselend by Tyume en Ou Lovedale gebruik, al na dit vir die sendelinge gerieflik was. Teen 1829

66) Ibid., p.27. Bleek, op.cit., p.49 noem die verskyningsdatum van hierdie alfabet 1 Jan. 1824.

67) Ibid., 1823:24.

68) Ibid., 1825:11-2.

69) Die volgende jaar herdoop tot Lovedale. Om dit te onderskei van die huidige Lovedale, sal daarna verwys word as Ou Lovedale.

70) Shepherd. Lovedale, South Africa, p.399.

moes dit weer by Tyume gewees het,⁷¹⁾ terwyl dit voor die Kafferoorlog van 1834-35 weer by Ou Lovedale moes gewees het waar dit tydens die oorlog verwoes is.

In die eerste tien jaar van sy bestaan het hierdie pers slegs 'n klein hoeveelheid Xhosaliteratuur gelewer. As rede hiervoor word aangevoer dat die drukwerk gestrem is deur 'n tekort aan sekere lettertipes. Tydens die versending van die pers uit Engeland is die stelle lettertipes saamgestel volgens die verhouding van klanke in die Engelse taal, en nie volgens die klankverhouding in Xhosa nie.⁷²⁾

In Desember 1834 is die lewens van alle sendelinge in Kafferland in gevaar gestel toe duisende Xhosas langs die hele oosgrens die Kolonie binnegeval het. Die sendelinge moes na veiligheid vlug en die meeste sendingsstasies is verwoes.⁷³⁾ Na die oorlog is Ou Lovedale toegewys aan die sendeling William Chalmers. Op 19 Oktober 1835 het hy 'n opname gemaak van die toestand op die stasie. In verband met die drukpers het hy gesê hy kon geen spoor daarvan, sowel as van die papier, ink en lettertipes vind nie.⁷⁴⁾ Dr. Shepherd het meer as 'n eeu later naby die terrein van Ou Lovedale 'n stuk metaal gevind wat in 'n vuurherd ingemessel is, wat moontlik 'n deel van die pers kan wees.⁷⁵⁾ Hoewel Chalmers dit aan die diskresie van die Direkteure in Skotland oorgelaat het om te besluit of hulle 'n groter pers gaan uitstuur, laat hy tog duidelik blyk dat dit die

71) Boyce. A grammar of the Kafir language, p.2.

72) G.M.S., 1826:11.

73) Du Plessis. A history of Christian missions... p.184-5.

74) G.M.S. Quarterly paper, 15:3.

75) Persoonlike onderhoud 12.9.1967.

aangewese ding is om te doen. Die sendelinge kon wel die drukwerk in Grahamstad op kommersiële perse laat doen, maar dit sou duur en die korrigerings van proewe moeilik wees. Indien hulle sou besluit om 'n nuwe pers uit te stuur, dan kon hulle dit oorweeg om dit saam met die nuwe sendeling Robert Niven te stuur, mits hy nog nie na Suid-Afrika onderweg was nie. Niven het in 1836 in Suid-Afrika aangekom sonder 'n drukpers.⁷⁶⁾

In plaas van die verwoeste stasie by Ou Lovedale te herstel, het die sendelinge besluit om 'n nuwe stasie vier myl na die weste op die oostelike oewer van die Tyume op te rig.⁷⁷⁾ Hierdie nuwe stasie is ook Lovedale genoem en bestaan vandag nog as die Lovedale-Instituut.

In 1839 is 'n nuwe pers uit Skotland ontvang. Die geskiedenis van hierdie pers is tans nog tot 'n groot mate in duisternis gehul. Vir daardie tyd moes hierdie 'n redelike groot pers gewees het, soos blyk uit 'n stuk meetaal afkomstig van die pers, en wat tans in 'n kluis by die Lovedale drukkerij bewaar word.⁷⁸⁾ Daar is nie eens sekerheid oor die standplaas van hierdie pers nie. Shepherd⁷⁹⁾ sê „(it) was operated mostly at Chumie". Die pers kon dus ook op ander stasies gebruik gewees het. Daar bestaan egter geen produkte van hierdie pers met 'n ander plek van uitgawe as net Tyume nie. Die enigste noemenswaardige produkte van hierdie pers is vier nommers van 'n klein tydskrif in Engels en Xhosa wat tussen Augustus 1844 en Desember 1845 onder die titel Ikwezi⁸⁰⁾ by Tyume verskyn het. Net soos

76) G.M.S. Quarterly paper, 15:3-4.

77) Ibid., 16:2.

78) Besigtig tydens 'n besoek op 12.9.1967.

79) Shepherd. Lovedale, South Africa, p.399.

80) „Die môrester".

die eerste drukpers is hierdie een ook verwoes, en wel gedurende die Oorlog van die Byl van 1846-47. Die Koloniale troepe het die lettertypes gesmelt en voorlaaierkoeëls daarvan gevorm.⁸¹⁾ William Chalmers was in bevel van hierdie tweede Skotse sendingpers, en is bygestaan deur 'n Xhosa met die naam Dukwana, 'n seun van Ntsikana.⁸²⁾

Die volgende vyftien jaar sou die Skotse sendings nie oor 'n eie drukpers beskik nie. Dit is juis in hierdie tyd wat die sendingpers van die Wesleyaanse Sendinggenootskap in Kafferland 'n onafgebroke stroom Xhosalite=ratuur, waaronder die Xhosabybel, gelewer het. Juis toe die rol van die meeste sendingperse haas uitgespeel was en dit vanweë vinniger vervoer=middels gouer en goedkoper was om sendingdrukwerk op groot kommer=siële perse elders te laat doen, het die Skotse sendelinge weer 'n druk=pers by Lovedale opgerig. Die pers en uitgewery van die Presbiteriaanse Bantoekeerk van Suid-Afrika te Lovedale bestaan vandag nog.

In 1841 is die Lovedale Missionary Institution geopen met William Govan as die eerste hoof daarvan. Vanaf 1855 is nywerheidsonderrig ingevoer en in 1861 het Govan op sy eie inisiatief en sonder staatshulp 'n drukkerij en boekbindery by die bestaande nywerheidsrigtings gevoeg.⁸³⁾ Met hier=die doel voor oë het hy R2000 by oorsese vriende gekollekteer. 'n Opge=leide drukker, Robert Stocks, is uit Skotland ingevoer, terwyl eerwaarde Bryce Ross benoem is as vertaler en as redakteur van skoolboeke en die Xhosatydskrif Indaba. Terselfdertyd is ook 'n boekwinkel geopen, waar

81) Shepherd. Lovedale, South Africa, p.400.

82) 'n Xhosasiener, gesangdigter en waarskynlik die eerste Xhosabekeer=ling tot die Christelike geloof.

83) Shepherd. Lovedale, South Africa, p.400.

nie alleen Lovedalepublikasies nie, maar ook boeke van elders verkoop is.^{83a)} Sedert 1861 is die Lovedalepers dus nie meer 'n sendingpers in die ware sin van die woord nie. Hoewel dit nog tot 'n groot mate die sending en skool gedien het, het dit die terrein van die kommersiële drukkerswese betree. Dit sou voortaan ook vir tipografiese opleiding voorsiening maak. In hierdie opsig is heelwat probleme ondervind. Die Xhosa was traag om die tipografie as 'n wyse van broodwinning te aanvaar. Die rangskikking van stukkies lood in rye was vir hulle net nie die werk van 'n man nie. Hulle het die tipografie ook as 'n ongesonde ambag beskou. Dit verbaas 'n mens in elk geval nie as jy die kelder waarin die drukwerk gedoen is, betree nie.⁸⁴⁾

In die tydperk onder behandeling het die Lovedalepers nooit groot hoeveelhede drukwerk gelewer nie, maar die doel was voortdurend om drukwerk van goeie gehalte te lewer. Die meeste van die publikasies was utiliteitsdrukwerk, dog enkele groter werke wat nie direk die doelstellings van formele onderwys en die sending gedien het nie, verdien vermelding. In 1866 het die uitmuntende Xhosavertaling van Bunyan se Pilgrim's progress deur Tiyo Soga verskyn. In die 19e eeu alleen het hierdie werk 'n hele aantal herdrukke by Lovedale beleef.⁸⁵⁾ Die eerste historiese werk van die latere beroemde historikus G.M. Theal is vroeg in die sewentigerjare by Lovedale gedruk. Sy Compendium of South African history and geography is grotendeels deur hom eiehandig geset. Van 1871 tot 1877 was

83a) Shepherd, Lovedale and literature for the Bantu, p.11.

84) Loc.cit.

85) S.A.B.W., 1:793.

Theal 'n drukker-instrukteur by Lovedale.⁸⁶⁾ Nog 'n produk van die Lovedalepers wat van redelike groot fisiese omvang was, is Lovedale past and present. Hierdie werk van bykans sewehonderd bladsye bevat kort biografieë van ongeveer tweeduisend nie-blankes en 'n paar honderd blankes wat voor 1887 hul opleiding op Lovedale ontvang het, asook 'n relaas van hulle doen en late nadat hulle Lovedale verlaat het.⁸⁷⁾ Sedert dr. James Stewart in 1870 prinsipaal van die Lovedale Instituut geword het, het tegniese onderwys, waaronder ook die boekdrukkuns, 'n bloei=tydperk beleef. Dr. G.M. Theal het hierdie sukses toegeskryf aan Stewart se belangstelling en leiding. Te midde van drukke werksaamhede het dr. Stewart homself meester gemaak van die meganiese aspekte van die verskillende ambagte. As die nood dit vereis het, het hy self sy artikels geset en gedruk. Hierdeur het hy die agting van die tipografiese werkers en leerlinge afgedwing. Hy is meer as eenmaal gesien met die sethaak in sy hand terwyl hy vir 'n jong Xhosa wys hoe spasiëring gedoen behoort te word. Die gevolg hiervan was dat verskeie goeie setters by Lovedale opgelei is, hoewel min van hulle die tipografie beoefen het nadat hulle die Instituut verlaat het.⁸⁸⁾

6.5 Lovedale en Xhosaliteratuur

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die drukpers van die Skotse sendings in die pionierstydperk nie verantwoordelik was vir 'n opspraakwekkende vloei van Xhosaliteratuur nie. Dit sou onbillik wees om meer van hulle te verwag as wat hierdie pioniers gelewer het. Tot 1823, toe Wil=

86) Shepherd. Lovedale and literature for the Bantu, p.15.

87) Loc.cit.; S.A.B.W., 1:806.

88) Wells. Stewart of Lovedale, p.219.

liam Shaw die Kafferlandssending van die Wesleyaanse Sendinggenootskap geloods het, was twee Skotse sendelinge en een van die Londense Sendinggenootskap in Kafferland werksaam. Tot hiertoe kon hulle in hulle verblyf van ongeveer twee jaar in die streek nie veel meer vermag nie as om in die dringendste behoeftes te voorsien ten opsigte van wonings, kerken en skoolgeboue, en kennis te maak met die taal, karakter en gebruike van barbaarse sendingobjekte. Daar is wel so goue as wat dit enigsins moontlik was aandag gegee aan skoolonderrig, met die klem op leesonderrig, maar selfs die moedigste pogings van 'n klein groepie sendelinge sou nie verseker dat daar binne die bestek van 'n tiental jare 'n aansienlike leerskorps sou wees nie.

Dit sou dus onbillik wees om te verwag dat die eerste Skotse sendingspers⁸⁹⁾ 'n redelike hoeveelheid lektuur vir die Xhosa moes lewer. Die geringe aantal lesers het dit eenvoudig nie regverdig nie. Daarby kom ook die probleem van lektuurvoorsiening in 'n taal wat nog nie wetenskaplik bestudeer was nie. Die pioniersendelinge het Xhosa wel mettertyd leer praat, maar van taalkundig korrek geskrewe literatuur kon daar eers sedert 1834 sprake wees, toe die eerste Xhosagrammatika gepubliseer is ná die ontdekking van die allesoorheersende allitererende konsonansie in die Bantoetale.

Die taak van die eerste Skotse sendingdrukkers was daarom die verskaffing van hulpmiddels vir die daarstelling van 'n Xhosalesserspubliek. Hierdie baanbrekerswerk kan moeilik oorskat word. Kort nadat die pers die eerste onderrigshulpmiddel in die vorm van 'n alfabetblad op 19 Desember 1823 gelewer het, verskyn die eerste Xhosaboekie onder die titel

89) Die eerste pers is reg aan die einde van 1823 opgerig en in 1834 verwoes. Kyk par. 6.4.

Incwadi yokugala ekuteteni gokwamaxosa⁹⁰⁾ in April 1824. Hoewel die titel van hierdie boekie verraaï dat die outeurs⁹¹⁾ daarvan die Xhosataal nog nie behoorlik magtig was nie, is die ortografie sodanig dat dit teen 1858 met slegs enkele wysigings nog net so gebruik is. Dit spreek boek=dele vir die vier pioniersendelinge, veral as daaraan gedink word dat ten tye van die publikasie daarvan Ross slegs enkele weke in Kafferland was, terwyl Thomson en Bennie pas twee jaar en Brownlee minder as vier jaar daar werksaam was. Die boekie van vier-en-twintig bladsye bevat bene=wens spellesse en eenvoudige sinne ook 'n oggend- en aandebed, „dank voor die ete" en „dank na die ete". Twee addisionele blaaië wat aan die boekie geheg is, bevat die Tien Gebooie en die Onse Vader.⁹²⁾ Groter leerlingtalle en die groei van die Skotse sendelingskorps moes tot gevolg gehad het dat verskeie elementêre skoolboekies tussen 1824 en 1834 gepubliseer is. Bleek spreek ook hierdie moontlikheid uit, maar in die Greyversameling is slegs 'n fragment van so 'n boekie.⁹³⁾ Boyce verwys ook na 'n skoolboekie van Bennie wat in 1829 by Tyume gepubliseer is.⁹⁴⁾ Dit is opvallend dat verskeie skoolboeke van die Skotse sendelinge in 1839 en 1840 op 'n kommersiële pers in Grahamstad gedruk is,⁹⁵⁾ terwyl hulle op daardie stadium oor nuwe drukkersuitrusting beskik het.

90) Letterlik: Die boek om te begin in die taal van die Xhosas.

91) John Brownlee van die Londense Sendinggenootskap en William Thomson, John Bennie en John Ross van die Skotse sendings.

92) Bleek, op.cit., p.50.

93) Loc.cit.

94) Kyk voetnoot nr. 71.

95) Bleek, op.cit., p.51-2.

Voor die Wesleyaanse sendelinge in 1833 hulle eie drukpers bekom het, het hulle ook gebaat by die vroeë pogings van die Skotse sendelinge. William Shaw vermeld met dankbaarheid dat, hoewel die Skotte se pers baie klein en die voorraad lettertypes uiters beperk was, die Wesleyane bly was om gebruik te kon maak van die „small but useful publications issued from the press at Chumie”.⁹⁶⁾

Op taalkundige gebied het die Skotse sendingpers slegs een werk gelewer, maar dit was 'n werk van 'n redelike fisiese formaat (104 bladsye) en een wat van die uiterste belang was vir sendelinge: A systematic vocabulary of the Kaffrarian language in two parts; to which is prefixed an introduction to Kaffrarian grammar.⁹⁷⁾

Sakraal-liturgiese literatuur is onmisbaar in sendingwerk. In hierdie behoefte het die Skotse sendingpers reg van die begin af probeer voorsien. Afgesien van gebede en gesange is van tyd tot tyd kort skrifgedeeltes gedruk. In dieselfde jaar (1824) waarin die eerste Xhosaboekie verskyn het, is ook 'n kategismus van vyftien bladsye gedruk.⁹⁸⁾ Dit bevat 107 vrae en antwoorde, asook die Tien Gebooie, die Onse Vader en die Geloofsbelijdenis. Hierdie was die eerste van vele kategismusse wat in die verskillende Bantoetale verskyn het. Vanweë die Xhosas (soos trouens alle Bantoevolke) se voorliefde vir sang is daar op 'n vroeë stadium gesangboekie gedruk. Ongelukkig bestaan daar tans slegs fragmente van sodanige publikasies, waarvan nie een 'n datum dra nie.⁹⁹⁾ Die eerste van hierdie ge-

96) Shaw. The story of my mission... p.547-8.

97) Kyk par.6.3 voetnoot nr.38.

98) Bleek, op.cit., p.55.

99) Ibid., p.59-60.

sangboeke kan egter met veiligheid so vroeg as 1824 gedateer word.¹⁰⁰⁾
Dit begin met 'n gesang wat gedig is deur Ntsikana, en is die eerste
Christelike lied wat deur 'n Bantoe gedig is. Tussen 1839 en 1856 het die
Skotse sendelinge verskeie gesangboeke elders laat druk.¹⁰¹⁾

Al die probleme van pionierssendelinge in ag genome, het die Skotse sendelinge 'n redelike mate van sukses behaal met die vertaling van die Bybel in Xhosa. Voor hierdie belangrike werk oorgegaan het in die hande van hoofsaaklik die Wesleyaanse sendelinge, het die Skotte ongeveer die helfte van die Nuwe Testamentiese boeke in Xhosa vertaal.¹⁰²⁾ Slegs enkele van hierdie boeke is op die Skotse sendingpers gedruk. Bleek¹⁰³⁾ bevat nie een inskrywing vir vertaling van 'n Nuwe Testamentiese boek wat deur die Skotte self op hulle eie pers gedruk is nie. Sover vasgestel kon word, is die eerste Sendbrief van Johannes beslis op hulle sendingpers gedruk.¹⁰⁴⁾ Die moontlikheid dat Bennie se vertaling van Handelinge wel op hulle pers gedruk is,¹⁰⁵⁾ kan nie uitgesluit word nie. In latere jare was die Lovedale=pers verantwoordelik vir die druk van Xhosavertalings van 'n aantal gewilde godsdienstige traktate, waaronder Newman Hall se Follow Jesus onder die titel Mlandele u-yesu asook sy Come to Jesus onder die titel Yika ku yesu.¹⁰⁶⁾

100) G.M.S., 1825:12. Die verslag van 1825 het betrekking op gebeure in Kafferland in 1824.

101) Bleek, op.cit., p.60-1.

102) Kyk par. 6.3.

103) Op.cit., p.67-9.

104) Kyk par.6.3, voetnoot nr.52.

105) Kyk par.6.3, voetnoot nr.48.

106) Young. African wastes reclaimed, p.84.

Op die gebied van tydskrifliteratuur het die Skotse sendingpers nie alleen 'n pioniersrol gespeel nie, maar gee tans nog in sekere opsigte die toon aan. Tussen Augustus 1844 en Desember 1845 het die tydskrif Ikwezi by Tyume verskyn.¹⁰⁷⁾ In 1862 is begin met die publikasie van Indaba,¹⁰⁸⁾ 'n tydskrif wat vir twee-derdes in Xhosa en die res in Engels was. Een van sy doelstellings was om die studie van Engels onder die Xhosa te stimuleer. Na agtien maande is die publikasie hiervan gestaak.¹⁰⁹⁾ In 1870 het dr. Stewart 'n maandelikse tydskrif, The Kafir Express, in Xhosa en Engels begin uitgee.¹¹⁰⁾ Die Xhosastudente van die Lovedale Instituut het 'n aandeel gehad in hierdie publikasie. Die Engelse gedeeltes van die blad, wat moontlik interessant kon wees vir hulle eie mense, moes hulle in Xhosa vertaal. Dit is ook van hulle verwag om algemene nuus oor Suid-Afrika te versamel en persklaar te maak.¹¹¹⁾ In 1876 het hierdie tydskrif opgehou om te bestaan, dog nie weens gebrek aan belangstelling van die kant van die leserspubliek nie, maar om voortaan as twee afsonderlike blaie te verskyn. Die Engelse gedeelte sou voortaan selfstandig verskyn as The Christian Express, terwyl die Xhosagedeelte Isigidimi Samaxosa¹¹²⁾ nou 'n selfstandige weekblad onder die redaksie van Xhosas geword het.¹¹³⁾ In sy agtiende jaargang het hierdie blad op=

107) Laing. Memorials, p.351-2. Shepherd gee die aanvangsdatum foutief aan as 1841. Vgl. sy Lovedale and literature for the Bantu, p.11.

108) Die Nuus.

109) Young, op.cit., p.83-4.

110) Bokwe. Struggles of the Native press... p.171.

111) Loc.cit.

112) Die Xhosaboodsapper.

113) Shepherd. Lovedale and literature for the Bantu, p.12.

gehou om te bestaan. The Christian Express, wat sedert 1922 bekend is as South African Outlook, verskyn tans nog, en sal in 1970 honderd jaar lank bestaan. In hierdie Xhosa en Engelse blaaie is nie alleen 'n hoë standaard van joernalistiek gehandhaaf nie, maar dis selfs beweer dat daar tipografies geen beter versorgde blaaie in Suid-Afrika of Engeland was nie.¹¹⁴⁾

Uit die bostaande oorsig van die Skotse sendings se hydrae tot die voorsiening van Xhosaliteratuur val een saak baie skerp in die oog: sedert ongeveer 1840 het hulle geen aandeel geneem in die vertaling van die Bybel in Xhosa nie. In 1866 het daar egter 'n klein werkje¹¹⁵⁾ by Lovedale verskyn wat van die uiterste belang was vir Lovedale se literêre geskiedenis. Hierdie boekie bevat in 39 bladsye (p.7-45) van 3½" x 6½" die „mass of Evidence”¹¹⁶⁾ van twee-en-dertig persone wat fout gevind het met die sogenaamde Appleyard's Kafir Bible.¹¹⁷⁾ Hoewel Appleyard in sy antwoord¹¹⁸⁾ op so 'n wyse afgereken het met sy kritici, dat 'n mens nie anders kan as om tot die gevolgtrekking te kom, dat niemand gedurende sy leeftyd op hierdie terrein sy gelyke was nie, het Lovedale se „mass of Evidence” tog die voordeel gehad dat dit die Skotse sende=

114) Young, op.cit., p.84.

115) The Kafir Bible; Rev. J.W. Appleyard's version judged by missionaries of various denominations and others.

116) Ibid., p.5.

117) Hierdie Bybel is in 1864 onder toesig van Appleyard in Londen gepubliseer. Dit moet nie verwar word met die Xhosabybel waarvan die druk in 1859 by Mount Coke voltooi is nie.

118) Appleyard. An apology for the Kafir Bible.

linge weer bewus gemaak het van hulle plig ten opsigte van Bybelvertaling.¹¹⁹⁾

119) Oor hierdie saak sal volledig gehandel word in hoofstuk sewe, par. 7.4.

7 DIE WESLEYAANSE SENDINGPERS EN DIE XHOSABYBEL

In die 18e eeu het John Wesley, die grondlegger van die Metodisme, 'n beweging op tou gesit wat die religieuse lewe in Engeland ingrypend verander het. Historici is dit eens dat hierdie evangeliese oplewing 'n wye invloed op die versoonke massas van die Britse volk uitgeoefen het. Hoewel die Metodisme die aandag tot 'n groot mate toegespits het op die sogenaamde „Home Missions“, het dit oorsese sendingwerk nie nagelaat nie. Metodistesendelinge het al jarelank onder die heidene gearbei toe die Wesleyaanse Sendinggenootskap in 1813 gestig is. Reeds die volgende jaar, in Maart 1814, het hierdie Genootskap sy eerste sendeling na Suid-Afrika gestuur in die persoon van John McKenny. Hy kon egter nooit goewerneur Somerset se toestemming verkry om in Kaapstad of in die binneland te preek of sendingwerk te doen nie. Na agtien maande het hy na Ceylon verhuis, en sy opvolger, Barnabas Shaw, wat in April 1816 in Kaapstad gearbei het, was die eerste werklike sendeling van die Wesleyaanse Sendinggenootskap in Suid-Afrika. Barnabas Shaw was die grondlegger van die Wesleyane se Namaqualandsending. Sy aktiwiteite val egter buite die omvang van hierdie studie.

Saam met die Setlaars van 1820 het nog 'n Wesleyaanse predikant na Suid-Afrika gekom, en hy sou binne enkele jare die grondlegger word van die Wesleyane se Kafferlandsending. Hierdie man was William Shaw. Hoewel hy hierheen gekom het as 'n predikant van die Setlaars, het hy van die begin af sy oog gehad op die „regions beyond“. Kort na sy aankoms het hy berig: „There is not a single missionary between my residence¹⁾ and the

1) Salem, ongeveer 25 myl suid van Grahamstad.

northern extremity of the Red Sea".²⁾ Toe reeds het hy 'n ketting van sendingstasies beplan wat sou strek vanaf die oosgrens tot by Port Natal.³⁾

7.1 Xhosataalwette ontdek en geformuleer

Die sendingobjekte van die Wesleyane se Kafferlandsending was dieselfde as dié van die Skotse sendings.⁴⁾ Die probleme van hulle pioniersendinge was gevolglik ook dieselfde as dié van die Skotte.

7.1.1 Tekortkominge van die tolke

Dit het gebruiklik geword vir sendinghistorici om te beweer dat die taalhindernis verdwyn het sodra sendelinge 'n mate van bedrewendheid in die betrokke taal verkry het. Hierdie saak is egter nog nooit behoorlik ondersoek nie. Die taalhindernis was so 'n groot probleem dat dit direk daarvoor verantwoordelik was dat die sendelinge gedurende minstens die eerste generasie van hulle arbeid in Kafferland so min bekeringsukses behaal het.⁵⁾ Hierdie agterstand van die sendelinge moet tot 'n groot mate toegeskryf word aan die onvermoë van die tolke.

Die sendelinge se eerste taak was om Hollands te leer ten einde oor die weg te kom met die tolke wat sogenaamde Hottentots-Hollands geken het.

2) Aangehaal uit Du Plessis. A history of Christian missions in South Africa, p.173.

3) Die bostaande inligting het ek hoofsaaklik te danke aan Du Plessis, op cit., p.165-73.

4) Kyk hoofstuk ses, par.6.1.

5) Williams. The missionaries on the eastern frontier of the Cape Colony, p.197.

In September 1820, terwyl William Shaw nog 'n predikant van die Setlaars was, het hy al sy begeerte uitgespreek om Hollands te leer, „to impart to these Dutchmen some knowledge of God”.⁶⁾ Enkele maande later het hy al sover gevorder dat hy op Kersdag 1820 vir 'n groep Hottentotte op Grahamstad in Hollands kon preek.⁷⁾ Toe hy twee jaar later voorbrand gemaak het by die Wesleyaanse Sendinggenootskap om 'n sendingaksie in Kafferland te begin, was Shaw nog baie optimisties oor die taalprobleem. „Interpreters might easily and immediately be obtained and a knowledge of the language (Xhosa) soon acquired.”⁸⁾ Hy het selfs beweer dat „many of the Caffres themselves have aquired a sufficient acquaintance with the Dutch language to enable them to interpret”.⁹⁾ Toe Shaw en William Shepstone Grahamstad op 13 November 1823 verlaat het om die eerste Wesleyaanse sendingstasie in Kafferland te gaan stig, het hulle egter al gekla oor hulle tolk wat uiters swak toegerus was vir sy taak.¹⁰⁾ Die algehele afhanklikheid van sendelinge van hulle tolke word geïllustreer deur die feit dat 'n dag van verootmoediging en gebed in 1828 te Balfour slegs deur die families van sendelinge bygewoon is, omdat 'n tolk vir die betrokke stasie eenvoudig nie bekom kon word nie.¹¹⁾ Hulle afhanklikheid van tolke het die sendelinge genoodsaak om gebruik te maak van die dienste van swaktoegeruste mense. Hulle was gewoonlik mense wat op die een of ander tyd aan 'n sendingstasie verbonde was. Intellektueel was hulle

6) Shaw. *Never a young man*, p.31.

7) *Ibid.*, p.32.

8) *Ibid.*, p.43.

9) *Loc.cit.*

10) *Ibid.*, p.52.

11) Williams, *op.cit.*, p.198.

middelmatig, terwyl sommige se karakter veel te wense oorgelaat het.¹²⁾ William Shrewsbury het byvoorbeeld van sy tolk John Witboy gesê: „he was a man of imbecile mind, and from the weakness of his understanding, he was frequently involved in the most childish disputes...“¹³⁾ Ook die opvoedkundige kwalifikasies van die tolke het ver te kort geskiet. Hulle vertalings het veel aan die verbeelding oorgelaat. Die sendeling Stephen Kay het 'n beskrywing nagelaat van hoe William Shaw sy tolk voor 'n gods= diensoefening ondervra het ten einde vas te stel of die tolk die teks en preek verstaan het. Volgens hom het Shaw die grootste moeite ondervind om die Hollands van die Nuwe Testament vir die tolk verstaanbaar te maak. Minder bekende woorde moes hy vervang met meer algemene woorde, ter= wyl hy die uitspraak van die korrupte Hottentots-Hollandse „dialek“ moes aanwend. „I hope that the seed thus sown will bring forth in some a hun= dred fold.“¹⁴⁾ Hiermee het Kay verraaai dat sy verwagtings veel eerder gebaseer was op hoop, as op die werklikheid wat voor hom afgespeel het. Dit het selfs gebeur dat tolke grappe gemaak het ten koste van die erns van 'n godsdiensoefening. Volgens Smith sou een gesê het: Hy sê - hy sê - as julle weet wat hy sê, dan weet julle meer as ek, terwyl hy onder die uitbundige gelag van die kerkgangers gaan sit het.¹⁵⁾

Die tekortkominge van tolke blyk nêrens anders so duidelik as uit die be= skrywing wat die sendeling William Shrewsbury nagelaat het.¹⁶⁾ Volgens

12) Loc.cit.

13) Aangehaal uit Williams, op.cit., p.198.

14) Loc.cit.

15) Smith. The earnest missionary, p.83.

16) Shrewsbury. Memorials, p.342-3. Vgl. ook hoofstuk drie, par. 3.3.2.

hom was 'n sendeling aangewys op die hulp van 'n tolk wat nie 'n enkele reël van die Woord van God in enige taal kon lees nie, wie se kennis van geestelike sake uiters beperk was, en wie se godsdienstige begrip totaal verkeerd was. Die sendeling se eerste taak was om 'n Skrifgedeelte in Hottentots-Hollands te vertaal om dit enigins verstaanbaar te maak vir die tolk. Van die tolk was dan verwag om die ekwivalent van die „barbarous Dutch" in Xhosa te gee. Op hierdie omslagtige wyse was die vor=dering nie alleen stadig nie, maar dit het maklik gebeur dat die werklike sin en betekenis van die betrokke Skrifgedeelte nie in die vertaling uit=kom nie. Daarom is dit geen wonder dat 'n sendeling opgemerk het: „Al=though the proper words and even the proper idiom be expressed, yet the idea appears to evaporate..."¹⁷⁾

7.1.2 Sukses met die studie van Xhosa

Met die twyfelagtige hulp van tolke het Shaw en Shepstone teen die einde van 1823 Kafferland binnegetrek om die Evangelie aan die Xhosas in hul=le eie taal te verkondig. Op hierdie stadium was Brownlee van die Lon=dense Sendinggenootskap en Thomson en Bennie van die Skotse sendings reeds ongeveer twee jaar lank in Kafferland werksaam. Die geringe mate van sukses wat hulle op hierdie stadium moontlik met die onderrig en op=voeding van die Xhosa behaal het, was beperk tot die een enkele sending=stasie wat hulle beman het. Daarom kon Shrewsbury tereg opmerk dat hulle gestuur is om 'n volk te onderrig wat geen kennis van letters het nie. Hoewel hulle hulle eie taal het, het hulle nog nooit van 'n boek gehoor of dit gesien nie. Hierdie was 'n probleem waarmee selfs die Apostels nie

17) Williams, op.cit., p.199.

te doen gekry het nie.¹⁸⁾ Dit verbaas dan ook nie dat die sendelinge soms tot op die randjie van moedeloosheid gedryf is nie. Dieselfde William Boyce wat slegs een jaar later die onderskeiding sou behaal dat hy die sleutel tot die studie van Xhosa (en ander Bantoetale), die sogenoemde allitererende konsonansie, ontdek het, het in 1832 geskryf dat „the obstacles in the way of an adult European acquiring a perfect knowledge of the Caffre language are insurmountable... The main difficulty, which I think no adult European will ever master, (and some Europeans have been now ten years among the Caffres, which is long enough for a trial) lies in... the euphonic or alliteral concord.”¹⁹⁾

Nogtans het die sendelinge volhard in hulle oortuiging, dat as hulle sukses wou behaal in hulle werk, hulle Xhosa magtig moes raak. Ten einde die vertroue van die Xhosas te wen, was dit Shaw se opvatting dat elke sendeling Xhosa moes praat sodra hy 'n paar sinne kon stotter. Gewoonlik het die Xhosas 'n blanke wat hulle taal probeer praat beleefd reggehelp as hy fouteer. Daarby was dit vir hom ook geen skande as 'n sendeling om Christus ontwil 'n gek van homself gemaak het nie.²⁰⁾

Mettertyd sou die sendelinge wel 'n spreekkennis van Xhosa opdoen, maar om sukses te behaal met die sendingwerk moes die taal wetenskaplik bestudeer word. Slegs as die taalwette behoorlik nagevors en geformuleer is, kon behoorlike vertalings gemaak word en lektuurvoorsiening aan die Xhosas op 'n deeglike grondslag geplaas word. Daarby sou nie alleen die

18) Missionary Notices, 6:440.

19) Ibid., 7:134.

20) Shaw. The story of my mission, p.536.

sendingobjekte baat nie, maar ook nuwe sendelinge wat die taal dan baie gouer sou kon aanleer.

Die keuse van skryftekens vir Xhosa was skynbaar nooit 'n probleem vir die sendelinge in Kafferland nie. Reg van die begin af was dit vir hulle duidelik dat die Romeinse alfabet die aangewese een was. Oor die algemeen is die Hollandse klankwaardes aan die letters toegeken. Uitsonderings was onder andere die u wat oe uitgespreek is, terwyl die letter g hard uitgespreek is soos in die Engelse give. Aangesien die gewone klankwaarde van r oorbodig is in Xhosa, is hierdie letter gebruik om die g-klank soos in Afrikaans voor te stel, bv. marewu.²¹⁾ Die letters c, q en x is gebruik om onderskeidelik die dentale, palatale en laterale klinkklanke voor te stel.²²⁾

Die sendelinge in Kafferland se groot probleem was egter die formulering van daardie taalwet wat die sogenaamde allitererende konsonansie beheer. Sedert die aankoms van die Skotse sendeling John Bennie in 1821 het 'n hele aantal sendelinge geworstel met hierdie probleem. Hulle is egter in die duister gelaat tot 1833 toe die sendeling William Boyce die betrokke taalwet ontdek en geformuleer het.²³⁾

Hoewel Boyce die eerste keer met Xhosa kennis gemaak het toe hy in 1830 in Kafferland aangekom het, het William Shaw gou besef dat hy 'n besondere aanleg vir tale het. Shaw het breedvoerig die sendelinge se bestaande kennis van Xhosa aan hom oorgedra en veral die klem laat val op die be-

21) Spreek magewu uit. Dis die suur meliemeeldrank wat in Afrikaans bekend is as magou.

22) Shaw. The story of my mission, p.538-9.

23) Kyk hoofstuk twee, par.2.2.1.2.

genoemde probleem waardeur al hulle pogings feitlik ongedaan gemaak is. Omdat Boyce die uitdaging van hierdie tergende probleem aanvaar het, het hy opdrag gekry om soveel tyd as moontlik aan taalstudie te wy.²⁴⁾ Vanaf Junie 1831 het hy ook die beste tolk in Kafferland tot sy beskikking gehad, en wel in die persoon van Theophilus Shepstone.²⁵⁾ Hierdie seun wat in Kafferland opgegroeï het, het die taal net so vloeiend soos die Xhosas gepraat. Daarby was hy ook reeds vertrouwd met die algemene beginsels van taalkunde. Die doel van sy inwoning by Boyce was tweeledig: hy moes sy „reading and general studies" onder die toesig van Boyce voortsit, terwyl hy van sy kant bystand aan Boyce moes verleen in verband met die studie van Xhosa, en ook as tolk.²⁶⁾

Boyce se besondere taalkundige insig blyk uit die helderheid van sy formulering van die probleem van die alliterende konsonansie, op 'n tydstip toe hy minder as twee jare in Suid-Afrika was. Volgens sy formulering beheer een hoofwoord in 'n sin die aanvangsletters of -lettergrepe van die ander woorde in die betrokke sin. Wanneer die taal gepraat word, is daar vier sake wat vasgestel moet word ten einde korrektheid te verseker: eerstens die hoof- of belangrikste woord in 'n sin; tweedens die belangrikste letter van die hoofwoord, waarvan die klank moet assimileer met die aanvangsletters of -lettergrepe van die ander woorde in die sin; derdens die veranderinge wat aangebring moet word aan die aanvangsletters of -lettergrepe van die woorde wat beheer word deur hierdie allitererende konsonansie; die woorde wat nie geraak word deur hierdie allitererende

24) Shaw. The story of my mission, p.544.

25) Loc.cit. Vgl. ook Missionary Notices, 7:134.

26) Loc.cit.

konsonansie nie.²⁷⁾ Die volgende sin illustreer hierdie sake:

Zonke izinto ezilungileyo zivela ku-Tixo.
Alle dinge wat goed is hulle kom voort uit God.

Die hoof- of belangrikste woord in die bostaande sin is izinto. Die belangrikste letter in hierdie woord is z. By twee van die ander woorde word slegs 'n z vooraan gevoeg, terwyl by een 'n ez vooraan gevoeg word. Die woorde wat nie deur hierdie alliterende konsonansie geraak word nie, is ku-Tixo. Die eerste woord in die bostaande sin is die adjektiewe pronomens almal en die stam van die woord is onke. Daar is nie minder nie as tien verskillende vorme wat onke kan aanneem, afhangende van die eufoniese letter van die belangrikste woord in die betrokke sin.²⁸⁾ In die praktyk het die sendelinge met hierdie taalprobleem kennis gemaak en dit herken, maar om die grammatikale struktuur te begryp en die taal korrek te kon skryf, sou hulle die taalwet wat hierdie veranderinge beheer, moes ontdek en formuleer.

Die verborge reëls in verband met die allitererende konsonansie moes die sendelinge byna wanhopig gemaak het. Dit blyk uit 'n brief van Boyce van 31 Maart 1832 waarin hy onder andere skryf: „Now, though it may be possible in time to find out the rules for all those changes, yet the practical use of those rules in assisting Europeans to speak the language readily is very doubtful”.²⁹⁾ Hy was van mening dat slegs die kinders van sendelinge wat in Kafferland opgroei en Xhosa as hulle moedertaal aanleer, mettertyd ten volle vertrouwd sal raak met die veranderinge wat

27) Missionary Notices, 7:134.

28) Kyk hoofstuk twee, par.2.2.1.2.

29) Missionary Notices, 7:134.

teweeggebring word deur die allitererende konsonansie. Alleen sulke kinders sou as volwassenes goeie onderwysers, vertalers en sendelinge kon word. Daarom het hy die hoop en vertroue uitgespreek dat sommige van hulle hulle eventueel geroepe sal voel vir die groot werk.³⁰⁾ Boyce het op daardie stadium natuurlik nie beseft hoe naby hy was aan die ontdekking van die reëls in verband met die alliterende konsonansie nie.

Intussen het die sendelinge beseft dat 'n grammatika van die Xhosataal uiters noodsaaklik was, nie alleen vir hulleself nie, maar ook vir nuwe sendelinge wat aan Kafferland toegewys mag word. Hoewel sy naam in geen geskrif saam met dié van Bennie, Boyce en Appleyard as 'n pionier van Xhosataalstudies genoem word nie, was die grondlegger van die Wesleyane se Kafferlandsending, William Shaw, die eerste sendeling van daardie genootskap wat aan 'n Xhosagrammatika gewerk het. Terwyl Shaw in 1833 met verlof in Engeland was, het Boyce materiaal versamel vir Shaw se „Caffer Grammar, which is in a state of forwardness”.³¹⁾ Dit was Boyce se voorneme om voort te gaan met die versameling en rangskikking van inligting, sodat wanneer Shaw terugkeer van Engeland, hy in staat sou wees om sy grammatika te voltooi. Hoewel dit minder as een jaar was voor die verskyning van Boyce se Grammar of the Kafir language, het hy op hierdie stadium nog geen voornemens gehad om so 'n grammatika saam te stel nie, want „Mr. William Shaw is the only European in all respects qualified to form a complete grammar of the Caffer language”.³²⁾ Sy vertroue in Shaw was sodanig dat dit sy oortuiging was dat „if this great

30) Loc.cit.

31) Ibid., 7:336.

32) Loc.cit.

undertaking be not accomplished by him (Shaw), it will not be done until the next generation of Missionaries".³³⁾

Teen die einde van 1833 het Boyce die taalwet in verband met die allitererende konsonansie ontdek. Dit is sekerlik nie vergesog nie om te beweer dat as Shaw op daardie tydstip in Kafferland was, dan sou die eerste Xhosagrammatika onder sy naam verskyn het. Die behoefte aan so 'n grammatika was egter te groot om op sy terugkoms te wag.³⁴⁾ Gevolglik het Boyce voortgegaan om self 'n grammatika saam te stel.

7.1.3 Vroegste drukwerk

Drukwerk in die vorm van elementêre skoolboekies, liederebundels, kategismusse, kort Skrifgedeeltes ens. is selfs in die vroeë aanvangsjare van 'n sendingaksie onontbeerlik. Voor die Wesleyane in Kafferland oor 'n eie drukpers beskik het, het hulle dankbaar gebruik gemaak van die klein dog nuttige publikasies van die Skotse sendings te Tyume.³⁵⁾ Aanvanklik is daar ook gebruik gemaak van die dienste van kommersiële drukperse. Toe die eerste drukpers in 1830 in Grahamstad opgerig is, het Shaw in dieselfde jaar 'n Xhosavertaling van die First part of the Conference Catechism daar laat druk.³⁶⁾ Hoewel Shaw geen bibliografiese besonderhede oor hierdie publikasie nagelaat het nie, kon die drukker nieemand anders as L.H. Meurant gewees het nie. Dat die boekie wel gedruk

33) Loc.cit.

34) Hy het eers in 1837 teruggekeer. Shaw. The story of my mission, p.5.

35) Shaw. The story of my mission, p.548.

36) Loc.cit. Bleek noem nie hierdie werk in die katalogus van Sir George Grey nie.

is, blyk uit 'n verwysing na die gebruik daarvan in Missionary Notices.³⁷⁾

Die volgende drukwerk wat die Wesleyane laat doen het, is eweneens deur Meurant in Grahamstad gedoen. Dis 'n kategismus wat in 1832 verskyn het, en deur Bleek³⁸⁾ as die eerste publikasie van die Wesleyane in Kafferland genoem word. In die lig van die huidige kennis is dit egter hulle tweede publikasie. Volgens Walker³⁹⁾ is saam met die First part of the Conference Catechism ook 'n Xhosavertaling van Rules of Society laat druk. Dis waarskynlik hierdie werk wat in Bleek ingeskryf is as nr.166.⁴⁰⁾

In dieselfde jaar waarin hulle eerste publikasie laat druk het (1830), het die Wesleyaanse sendelinge besluit om vir hulle 'n drukpers in Engeland te bestel. Tot nou toe was dit die opvatting dat hulle hulle pers in 1833 bekom het. William Shaw moet waarskynlik vir hierdie misverstand verantwoordelik gehou word as hy verwys na „... the Mission press, which I had obtained as a grant from the Wesleyan Missionary Society, and which was set up at Graham's Town in 1833".⁴¹⁾ In hulle skrywe aan die Sendingkomitee van die Wesleyaanse Sendinggenootskap in 1830 het die sendelinge die oortuiging uitgespreek dat die tyd aangebreek het om 'n pers in Kafferland op te rig. Aangesien die sendeling Stephen Kay op die punt was om na Engeland terug te keer, sou hy by sy aankoms daar 'n aanduiding gee van die verhouding van die verskillende lettertypes soos wat be=

37) Missionary Notices, 7:526.

38) Bleek. The library of Sir George Grey, p.56.

39) Walter. A study of certain aspects... p.93.

40) Bleek, op.cit., p.84.

41) Shaw. The story of my mission, p.546.

nodig word vir drukwerk in Xhosa.⁴²⁾ In 1831 het die pers gearriveer en is in Grahamstad opgerig, maar weens gebrek aan die regte letter=tipen en ander moeilikhede is dit nie voor 1833 in werking gestel nie.⁴³⁾ Toe Shaw in 1833 na Engeland is, het hy opdrag gehad om toe te sien dat die regte lettertipen na Suid-Afrika gestuur word.⁴⁴⁾

Die opvatting is nog altyd gehuldig dat die probleme met die drukpers in 1834 uit die weg geruim is, omdat die eerste belangrike produk van die pers, Boyce se Grammar of the Kafir language, in 1834 gedruk is.⁴⁵⁾ In 1833 was die pers reeds in werking en in dieselfde jaar is 'n belangrike werk daarop gedruk. In 1832 was die posisie in verband met Bybelvertaling dat die sendelinge van die Londense Sendinggenootskap en die Skotse sendings besig was met die vertaling van die meeste van die Nuwe Testamentiese boeke. Gevolglik het die Wesleyaanse sendelinge hulle toegespits op die vertaling van die Ou Testament.⁴⁶⁾ Boyce het egter die Evangelie van Lukas vertaal „... in order that the Wesleyan Missionary Society might have a share in the satisfaction arising from the completion of a Caffer translation of the New Testament".⁴⁷⁾ Op 31.8.1833 is berig dat 'n ossewa op daardie dag uit die Kolonie in Kafferland aangekom het met, onder andere, die eerste nege hoofstukke van die Evangelie van Lukas,

42) Minutes of the annual District meeting, 11.2.1830.

43) Ibid., 5.2.1833.

44) Loc.cit.

45) Walker, op.cit., p.94; Shaw. The story of my mission, p.546.

46) Minutes of the annual District Meeting, 7.2.1832.

47) Missionary Notices, 7:335-6.

... translated by Mr. Boyce and printed at out press in Graham's Town'.⁴⁸⁾

Die vertraging van die drukpers was eintlik 'n bedekte seën, want dit het die sendelinge die geleentheid gebied om hulle vertalings te hersien en om 'n effektiewe sisteem van kontrolering te ontwikkel. Voor die publika=sie van Boyce se Grammar het hulle nie al die grammatikale reëls van Xhosa verstaan nie, en 'n mens kan vermoed dat hulle vroeë vertalings van 'n swak gehalte was. Hierdie vermoede word bevestig deur die feit dat feitlik die hele Bybel in die vroeë 1830's vertaal was, maar dat die druk daarvan eers in 1859 voltooi is.⁴⁹⁾ Hierdie lang vertraging is hoof=saklik veroorsaak deur hersiening en hervertaling.

Vanaf 1834 het die Wesleyane se pers egter 'n onafgebroke stroom druk=werk gelewer. Die een Bybelboek na die ander het afsonderlik verskyn,⁵⁰⁾ en voortaan sou die sendelinge self in hulle lektuurbehoefes vir skool- en kategetiese onderrig kon voorsien. Behalwe kleiner vertalings soos die Rules of Society en die Conference Catichism het die sendelinge ook die vertaling van verskeie ander werke van aansienlike omvang onderneem. Een van die belangrikste was die Book of common prayer, waarvan uit=treksels in 1835 gedruk is, terwyl die volledige werk in 1837 verskyn het.⁵¹⁾ Die druk van vertalings vir skoolgebruik het ook jaarliks toege=neem. Elementêre leesboeke het in sodanige getalle verskyn dat daar nie

48) Ibid., 7:526; Vgl. ook Eveleigh. The story of a century, p.41. Word nie in Bleek, op.cit., genoem nie.

49) Kyk parr. 7.2 en 7.3.

50) Vir vollediger besonderhede kyk parr. 7.2 en 7.3.

51) Minutes of the annual District Meeting, 7.2.1837. Die laasgenoemde uitgawe word nie in Bleek, op.cit genoem nie.

alleen in die behoeftes van die Wesleyaanse sendingskole voorsien is nie, maar selfs ook in die behoeftes van die skole van ander sendinggenootskappe. Die sendeling W.J. Davis was vir meer skoolpublikasies verantwoordelik as enigiemand anders. Behalwe die vertaling van talle eenvoudige teksboeke het hy ook 'n Ou Testamentiese geskiedenis in Xhosa vir skoolgebruik geskryf. Hierdie werk van sewentig bladsye is in 1837 gedruk, en verhaal die Bybelse geskiedenis vanaf die Skepping tot by Lot.⁵²⁾

Die eerste vertalings van gewyde liederes het die Wesleyane te danke aan die jong seun Theophilus Shepstone. Op 6.3.1832 het Boyce berig dat Theophilus ses van Wesley se Gesange in Xhosa vertaal het, en dat hy teen die einde van daardie jaar genoeg vertaal sal hê om 'n klein gesangboekie te vul, „by which means we shall be spared the disgust of singing in our congregations those dismal trite ditties, originally compiled by the Scotch Missionaries, and which for want of more suitable ones we are at present compelled to make use of”.⁵³⁾ Hulle eerste gesangboek met agt-en-veertig liederes het in 1835 verskyn. Sommige van die liederes was vertalings, terwyl die res oorspronklike komposisies van die sendelinge was.⁵⁴⁾ Hierdie werk is dikwels herdruk, elke keer met 'n groter aantal liederes.

In 1837 is begin met die uitgee van 'n belangrike onderrigshulpmiddel in die vorm van 'n tydskrif met die titel Umshumanyeli wendaba (Publiseerder van nuus).⁵⁵⁾ Hierdie blad het benewens kerknuus ook eenvoudige teologiese artikels en Bybelstories bevat. Dit het 'n sukses geblyk te

52) Ibid.

53) Missionary Notices, 7:134-5.

54) Minutes of the annual District Meeting, 7.2.1837.

55) Ibid., 1838; Eveleigh, op.cit., p.47.

wees, en na mate die aantal geletterde Xhosas toeneem het, het die sirkulasiesyfers ook gestyg. Aanvanklik is beplan om die blad twee keer per jaar uit te gee, maar die groot aanvraag daarvoor het die sendelinge genoop om dit kwartaalliks te publiseer.⁵⁶⁾ In 1841 is die publikasie hier= van gestaak, maar in 1850 is begin met die uitgee van 'n ander tydskrif onder die titel Isitunywa sennyanga (Boodskapper van die maand).⁵⁷⁾ 'n Sirkulasie van sewehonderd „... of which 500 are bought and payed(!) for by the Natives themselves ...” is 'n bewys dat die bemoeiinge van die sendingskole nie tevergeefs was nie, want daardie skole was alleen verantwoordelik vir die opleiding van 'n Xhosa-leserspubliek.⁵⁸⁾ Die Wesleyane se Xhosatydskrifte het suiwer godsdienstige en opvoedkundige doelstellings gedien. Hulle sakrale lektuur is verder aangevul met 'n byna onafgebroke stroom van godsdienstige traktate. Daarby het hulle pers gesorg vir alle vorms wat benodig is vir die verskillende tipes opgawes in verband met hulle werk.

Al na gelang van omstandighede het die Wesleyane hulle drukpers van tyd tot tyd verskuif. Die pers is in 1831 in Grahamstad opgerig, maar eers in 1833 in werking gestel. Weens 'n tekort aan opgeleide drukkers was hulle in die vroeë stadium verplig om gebruik te maak van die vrywillige dienste van twee Britse Setlaars wat kennis van die drukkuns in Engeland opgedoen het.⁵⁹⁾ Die pers was onder die direkte toesig van die sendeling

56) R.T.S. 1839:43.

57) Minutes of the annual District Meeting. Report of the Printing Establishment for the year 1850.

58) Loc.cit.

59) Shaw. The story of my mission, p.546-7.

R. Haddy.⁶⁰⁾ Reg aan die begin van hulle drukkersaktiwiteite is twee jongelinge as vakleerlinge vir 'n tydperk van vier jaar ingeskryf.⁶¹⁾ In 1840 is die pers na D'Urban, Fort Peddie verskuif. Terselfdertyd is die heer J. Harvey in diens geneem as drukker en kategeet. Op hierdie stadium was W.B. Boyce die superintendent van die drukkerij. In dieselfde jaar het die sendeling John Whittle Appleyard in Kafferland aangeland. Voor sy koms na Suid-Afrika was hy in Engeland 'n tyd lank 'n ingeskrewe vakleerling by 'n boekhandelaar en drukker.⁶²⁾ Met sy aankoms in Kafferland is hy dan ook by D'Urban, Fort Peddie geplaas as 'n assistent vir Boyce en om Xhosa te leer.⁶³⁾ Toe hy in 1846 in beheer van die sendingstasie Newtondale gestel is, was die pers reeds sedert 1844 daar gefinstalleer. Met die uitbreek van die Oorlog van die Byl in 1846 is die pers in aller haas na Grahamstad geneem om sodoende verwoesting vry te spring.⁶⁴⁾ Met die beëindiging van die oorlog is besluit om Appleyard en die pers by Wesleyville te plaas,⁶⁵⁾ maar om verskillende redes is daar nie uitvoering aan hierdie besluit gegee nie. King William's Town het 'n geskikter standplaas vir Appleyard en die pers geskyn te wees. Dit was naby aan Kafferland en op die roete na die Kolonie, sowel as op die roete tussen Alice en Oos-Londen. Daarby was dit ook 'n belangrike militêre en burgerlike sentrum. 'n Geskikte gebou om die drukkerij te huis-

60) Missionary Notices, 7:353.

61) Minutes of the annual District Meeting, Feb. 1833. Dit blyk nie uit die notule van watter ras (blank of nie-blank) die jongelinge was nie.

62) Smith. Memoir of the rev. J.W. Appleyard, p.4.

63) Ibid., p.28.

64) Minutes of the annual District Meeting, 13.1.1847.

65) Ibid., Jan. 1848.

ves was beskikbaar. In Januarie 1849 het Appleyard hom daar gevestig en enkele maande later is die pers geïnstalleer.⁶⁶⁾ Terselfdertyd is 'n vakleerling aangestel, en 'n tydjie later ook 'n boekbinder wat bevoegd was om hulp in die drukkerij te lewer.

Een van die eerste belangrike werke wat by King William's Town gedruk is, is Appleyard se standaard Xhosagrammatika, The Kafir Language. „The manner in which the work has been printed and bound at our Printing Office cannot fail to reflect credit upon that establishment.”⁶⁷⁾ Van hier= die werk is twaalf eksemplare aan die algemene sekretaris van die Wesleyaanse Sendinggenootskap in Engeland gestuur, waarvan drie kopieë bestemd was om in die biblioteke van die drie takke van hulle teologiese skool geplaas te word.⁶⁸⁾

Gedurende die Oorlog van die Byl, toe die pers in Grahamstad was, het dit skynbaar geen drukwerk gelewer nie. Na minder as twee jaar by King William's Town sou die drukkersaktiwiteit weereens tot stilstand kom as gevolg van die Kafferoorlog van 1851. Verbinding met die Kolonie is ont= wrig, en daardeur is die toevoer van materiaal en uitrusting afgesny. Die pers en uitrusting was op hierdie stadium reeds verslete en verskeie onderdele moes vervang word. In uitvoering van 'n besluit van 1852 is die drukkerij in 1853 na Mount Coke verskuif. Die werksaamhede kon weer normaal voortgesit en selfs uitgebrei word.⁶⁹⁾ Hier sou die druk van die

66) Minutes of the annual District Meeting, Report of the printing establishment, 1849.

67) Loc.cit.

68) Loc.cit.

69) Ibid., 1853.

hele Bybel in Xhosa binne enkele jare voltooi word. Die geboutjie waar=
in hierdie ontsaglike werk afgehandel is, is tans 'n historiese monument.
Meer as twintig jaar lank was die Wesleyane se sendingpers by Mount
Coke, en bykans dertig jaar lank was Appleyard die superintendent daar=
van. Gedurende hierdie tyd was Mount Coke sinoniem met lektuurvoorsie=
ning aan die Xhosas. Kort na Appleyard se dood in 1874 is die pers in 1876
na Grahamstad verskuif, maar daarmee was sy rol ook uitgespeel. Met
verbeterde kommunikasie tussen Suid-Afrika en Engeland kon boeke goed=
koper, netjieser en vinniger aldaar gedruk word. Hoewel daar vroeg in
1875 'n nuwe pers uit Engeland ontvang is, het die hoeveelheid drukwerk
steeds sodanig afgeneem dat daar in 1880 nie eens uitvoering gegee is aan
'n besluit om die pers van Grahamstad na Clarkebury te verskuif nie.⁷⁰⁾
In Augustus 1880 het die werksaamhede van die drukkerij geheel en al tot
stilstand gekom.⁷¹⁾ Sedert 1883 is daar ingegaan op die vraag: „Shall the
Mission Press, as it formerly existed, be re-established?“⁷²⁾ Hierdie
saak is jaarliks van die een konferensie na die ander oorgedra totdat in
1888 besluit is om die pers te verkoop.⁷³⁾ Tydens die volgende konfe=
rensie is 'n mosie van dank aan mnr. A.S. Coates aanvaar vir sy bemoei=
inge in verband met die verkoop van die pers.⁷⁴⁾ Dit word ongelukkig nie
vermeld aan wie die pers verkoop is nie.

70) Ibid., 1875 en 1880.

71) Ibid., 1880.

72) Minutes of the conferences of the Wesleyan Methodist Church of
South Africa, 1883:42.

73) Ibid., 1888:98.

74) Ibid., 1889:89.

7.2 Bybelvertaling

Oor die noodsaaklikheid van Bybelvertaling is reeds gehandel.⁷⁵⁾ In verband met die Wesleyane se vertaalwerk is dit interessant om te let op 'n addisionele rede waarom hulle die vertaling van die Bybel in Xhosa as noodsaaklik beskou het. Volgens Calderwood⁷⁶⁾ was dit in Kafferland van die grootste belang dat die sendelinge vir die Xhosas kon sê dat hulle 'n wet het - 'n wet van God - en dat daardie wet geskryf is sodat almal dit kan lees, ondersoek en verstaan. „It is curious to observe what stress the Caffres, uncivilised though they be, lay upon the fact that there is or is not a law upon any given subject.”⁷⁷⁾

Die pioniersendelinge in Kafferland het Bybelvertaling nie lank agterweê laat bly nie. Hulle het trouens hierdie ontsaglike taak aangepak nog voor hulle die grammatika van Xhosa ten volle verstaan het. Die wetenskaplike bestudering van Xhosa is eers vanaf 1834 moontlik gemaak met die publikasie van Boyce se Grammar... In antwoord op navrae van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap het Boyce beweer, „We have had the whole of the Old and New Testament in manuscript since 1834”.⁷⁸⁾ Die sendelinge was ook tevrede dat hulle vertalings deur die Xhosas verstaan is. Hulle het selfs die vrymoedigheid gehad om te verklaar, „All the natives confess that the Caffre of our translations is such as they themselves speak and write”.⁷⁹⁾

75) Kyk hoofstuk drie, par.3.2.

76) Calderwood. Caffres and Caffre missions, p.126.

77) Loc.cit.

78) B.F.B.S., 1845:cxlii (142).

79) Ibid., 1845:cxliii (143).

7.2.1 Vroegste pogings van die Wesleyane

Die vroegste Bybelvertalings in Kafferland is nie volgens erkende wetenskaplike metodes gedoen nie. Daar is byvoorbeeld nie in so 'n mate gebruik gemaak van die Hebreeuse Ou Testament en die Griekse Nuwe Testament, grammatikas en leksika van genoemde ou tale, kommentare en ander hulpmiddele nie, soos wetenskaplike Bybelvertaling vereis. Die rede hiervoor moet nie gesoek word in die sendelinge se onvermoë om die genoemde hulpmiddele te gebruik nie. Die meeste van hulle kon trouens die Skrif in die oorspronklike tale lees, en manne soos Shaw, Dugmore, Haddy en Davis het uitstekende private boekerye besit waarin die beste uitgawes van die Bybel in die oorspronklike tale, grammatikas, leksika, kommentare en al die nodige kritiese apparaat voorgekom het.⁸⁰⁾ Die rede vir hulle onwetenskaplike metodes is geleë in die feit dat hulle die volkstaal waarin hulle moes vertaal nie ten volle beheer het nie. Gevolglik moes hulle vertaal met die hulp van tolke wat intellektueel uiters swak toegerus was.⁸¹⁾ Met so 'n metode kan daar van deeglike, wetenskaplike vertalings nie sprake wees nie. Om foute tot 'n mate uit te skakel, is elke sendeling se vertalings deur al die ander sendelinge gekontroleer en gedurende godsdiensoefeninge gelees om vas te stel of dit vir die Xhosas verstaanbaar is.⁸²⁾

Dis moeilik om vas te stel presies wanneer die Wesleyaanse sendelinge met die vertaling van die Bybel begin het. Teen April 1828 het William

80) Loc.cit.

81) Vgl. par.7.1.1 hierbo.

82) Missionary Notices, 7:335; B.F.B.S., 1845:cxlii (142).

Shaw die eerste hoofstuk van Genesis vertaal gehad.⁸³⁾ Dit skyn egter asof daar teen 1830 ernstig begin is met die vertaalwerk. By elke jaarlikse distriksvergadering is die vraag gestel: „Are the Brethern making diligent progress in the respective languages of the people among whom they are sent to minister?”⁸⁴⁾ Vanaf 1830 was die antwoorde op hierdie vraag 'n steeds groeiende bibliografie van voltooides vertalings gedurende die vorige jaar en beplande vertalings vir die lopende jaar. In die begin van 1832 is die vertaalwerk soos volg tussen die sendelinge verdeel: Shaw sou Genesis voltooi; Boyce moes met Exodus begin en voortgaan tot by die einde van die Pentateug; Josua is aan Shepstone opgedra, terwyl Ayliff Riggers moes vertaal; aan Haddy is Rut en Job en aan Shrewsbury Jesaja opgedra; Young sou Jona en Maleági vertaal. Hierdie toewysings was sekerlik nie willekeurig nie. Die sendelinge is die geleentheid gegun om voort te gaan met die vertalings waarmee hulle reeds begin het. Dis bekend dat Shaw reeds sedert 1828 besig was om Genesis te vertaal. In 1831 was Shrewsbury besig met die vertaling van Jesaja.⁸⁵⁾ Uit hierdie werksverdeling val twee sake in die oog: eerstens dat die Wesleyane hulle toegespits het op die vertaling van die Ou Testament, en tweedens dat dit 'n geweldige las is op 'n klein aantal sendelinge met veelvuldige ander pligte. Die eerste saak is in ooreenstemming met 'n ooreenkoms wat met ander genootskappe aangegaan is.⁸⁶⁾ Wat die tweede saak betref, is dit verbasend dat die sendelinge hulle opdrag binne een jaar uitgevoer het, terwyl enkeles selfs

83) Walker, op.cit., p.107.

84) Vraag 24 van die jaarlikse agenda.

85) Minutes of the annual District Meeting, 7.2.1832: Shrewsbury. Memorials, p.364.

86) Kyk par. 7.2.2 hieronder.

meer vertaal het as wat aan hulle opgedra is. Tydens die volgende jaar=vergadering is naamlik gerapporteer dat „... considerable progress has been made in translating the Holy Scriptures ...”⁸⁷⁾ Daaruit blyk verder dat Shaw die eerste vyf-en-twintig hoofstukke van Genesis voltooi het, en dat Boyce, niteenstaande sy werk aan 'n Xhosagrammatika, die boeke Exodus, Levitikus, Númeri, Deuteronomium, Rut, I en II Samuel, I en II Konings, Esra, Nehemia, Ester en Lukas vertaal het.⁸⁸⁾ Daarby het Shepstone die boek Josua, Ayliff die boek Rigters, Shrewsbury die boek Jesaja en Young die boeke Jona en Maléagi vertaal. Feitlik die helfte (19 uit 39) van die Ou Testamentiese boeke was dus aan die begin van 1833 reeds vertaal. In werklikheid is dit heelwat meer as die helfte van die Ou Testament, want die meeste van die oorblywende boeke is kort.

7.2.2 Samewerking met ander genootskappe

Omdat hulle 'n gemeenskaplike doel nagestreef het, sou dit onnodige duplisering van vertaalwerk tot gevolg gehad het indien die sendelinge van verskillende sendinggenootskappe onafhanklik van mekaar vertalings sou doen. Deur die vertalingswerk tussen die genootskappe te verdeel, kon die werk bespoedig word. Dan moes daar egter ook eenvormigheid wees, veral ten opsigte van skryfwyse.

Met die oog hierop het verteenwoordigers van die Wesleyaanse Sendinggenootskap aan die een kant, en verteenwoordigers van die Skotse sendings en die Londense Sendinggenootskap aan die ander kant in Januarie 1830 by Buffallo (die huidige King William's Town) volgens afspraak ontmoet. Die hoofdoel van hierdie ontmoeting was

87) Minutes of the annual District Meeting, Feb. 1833.

88) Vgl. ook Missionary Notices, 7:334.

om te besluit oor 'n eenvormige skryfwyse vir Xhosa.⁸⁹⁾ Dit het op hierdie stadium geblyk dat die verskillende sendelinge reeds aansienlike gedeeltes van die Bybel vertaal het. Die verwagting was dat teen die einde van daardie jaar die volgende boeke persklaar sou wees: Genesis, Joël, Mattheüs, Markus, Johannes, Efesiërs, Kolossense, Hebreërs, die sendbriewe van Petrus (I en II) die eerste sendbrief van Johannes, en dié van Judas. Dit het geblyk dat die Skotse sendelinge en dié van die Londense Sendinggenootskap hulle toegespits het op die vertaling van die Nuwe Testament. Om hierdie rede het die Wesleyane besluit om hulle kragt hoofsaaklik te rig op die vertaling van die Ou Testament.⁹⁰⁾ Ten einde die Nuwe Testament so gou as moontlik persklaar te kry, het die Wesleyane by geleentheid van hulle jaarvergadering in 1833 besluit om saam met die sendelinge van die twee ander genootskappe 'n verenigde poging aan te wend met die oog op die druk daarvan. Mattheüs en Romeine is byvoorbeeld aan Shrewsbury toegewys.⁹¹⁾ Dit skyn asof die samewerking tussen die Wesleyane aan die een kant, en die Skotte en sendelinge van die Londense Sendinggenootskap aan die ander kant, hier reeds begin skipbreuk ly het. Verdere pogings tot samewerking van die kant van die Wesleyane het weinig opgelewer. Veral by die Skotse sendelinge het gevoelens begin opblaai totdat dit eindelik in 1866 op 'n uitbarsting uitgeloop het.⁹²⁾

In 1836 het sendelinge van die Berlynse Sendinggenootskap toegetree tot die Kafferlandsending. Tussen hierdie sendelinge en die Wesleyane sou daar

89) G.M.S., 1831:18-9; Shrewsbury, op.cit., p.356.

90) Minutes of the annual District Meeting, 7.2.1832.

91) Missionary Notices, 7:353.

92) Kyk par. 7.4 hieronder.

'n geringe mate van samewerking bly voortbestaan totdat die hele Bybel in Xhosa vertaal en gedruk is. Die volgende Duitse sendelinge was verantwoordelik vir die vertaling van enkele Bybelboeke: J.L. Döhne - Psalms, Galasiërs, Efesiërs en Hebreërs; W. Posselt - I en II Korintiërs; A. Kropf - Genesis, Rigters, I en II Samuel. Met die uitsondering van Genesis en Psalms is al hierdie vertalings opgeneem in die volledige Xhosabybel.⁹³⁾

7.2.3 Vertaalwerk aan Wesleyane oorgelaat

Hierbo is aangedui dat die vertaling van die Nuwe Testament oorgelaat is aan die sendelinge van die Skotse sendings en die Londense Sendinggenootskap. Tydens hulle jaarlikse distriksvergadering in 1834 het die Wesleyane egter besluit om die Nuwe Testament by hulle vertalingsprogram in te sluit omdat die vertaling daarvan deur die genoemde genootskappe nie vinnig genoeg gevorder het nie. So 'n besluit op hierdie stadium kom egter baie eienaardig voor. Reeds in 1833 het Boyce berig dat die Skotte en die sendelinge van die Londense Sendinggenootskap die hele Nuwe Testament, met die uitsondering van Lukas, vertaal het. Hyself het die boek Lukas vertaal sodat die Wesleyane deel kon hê „... in the satisfaction arising from the completion of the Caffer translation of the New Testament”.⁹⁴⁾ Dit skyn eerder die geval te wees dat die Wesleyane nie tevrede was met die kwaliteit van die vertalings van die ander genootskappe nie. Hierdie vermoede word bevestig deur die feit dat die eerste druk

93) Appleyard. An apology for the Kafir Bible, p.7-9.

94) Missionary Notices, 7:335-6.

van die Nuwe Testament,⁹⁵⁾ wat tussen 1836 en 1838 verskyn het, geen enkele vertaling van die sendelinge van die Skotse sendings en die Londense Sendinggenootskap bevat het nie.

In die begin van 1834 het die Wesleyane die vertaling van die Bybel alleen op hulle skouers geneem. Die werk is onder die sendelinge verdeel en die bedoeling was om die Nuwe Testament teen die einde van 1834 gereed te hê vir die pers. Hierdie plan was op die oog af nie te ambisieus nie, veral as daaraan gedink word dat Boyce gedurende 1832 man-alleen dertien lang Bybelboeke vertaal het.⁹⁶⁾ Die vraag is egter of die vertalings wat tot 1834 gedoen is werklik deeglike, wetenskaplike vertalings was. Teen die tempo waarteen die Bybel in die vroeë 1830's vertaal is, verbaas dit geensins dat Boyce kon berig dat die hele Bybel teen 1834 vertaal was nie.⁹⁷⁾ Geeneen van hierdie haastige vertalings het ooit onveranderd in druk verskyn nie. Omdat daar voor die verskyning van Boyce se Xhosa-grammatika in 1834 'n groot leemte in die sendelinge se taalkennis was, is hulle vertalings noodwendig met behulp van tolke uit die Engelse of Hollandse Bybel gedoen. Sodanige vertalings, anders as uit die oorspronklike tale, het nog keer op keer onbevredigend geblyk te wees. 'n Illustrasie hiervan is Die vier Evangelie en die Psalme wat in 1922 verskyn het as 'n verafrikaansing van die betrokke dele van die Statebybel. Hierdie vertaling het niemand bevredig nie en is tans haas vergete. Die Afrikaanse vertaling uit die oorspronklike tale, wat pas elf jaar later verskyn het,

95) Hierdie druk het slegs elf Nuwe Testamentiese boeke bevat, wat elk afsonderlik gedruk en gepubliseer is. Omdat hulle soms saamgebind is in een band word daarna verwys as die eerste druk van die Nuwe Testament. Vgl. Appleyard, op.cit., p.7-8.

96) Kyk par. 7.2.1 hierbo. Vgl. ook Missionary Notices, 7:334.

97) B.F.B.S., 1845:cxlii (142).

is egter geesdriftig ontvang.⁹⁸⁾

Met alle Xhosataalprobleme opgelos kon die sendelinge in 1834 met wetskapike Bybelvertaling begin. In hierdie opsig was die rol van tolke uitgespeel, en in hulle plek sou die sendelinge voortaan gebruik maak van sulke hulpmiddele soos Judah D'Allemand se Hebreeuse Bybel en Dr. Blomfield se uitgawe van die Griekse Nuwe Testament.⁹⁹⁾ Vir die eerste keer het die Wesleyane nou ook 'n hersieningskommissie aangestel met die taak om alle vertalings te kontroleer voor dit na die pers gestuur is.¹⁰⁰⁾ Hierdie kommissie, wat bekend was as die Press and Translations Committee sou voortaan verantwoordelik wees vir alle publikasies van die Wesleyaanse sendingpers. Die vier sendelinge met die beste taalkennis het daarop gedien. Die volgende stel regulasies vir vertalers is deur hulle opgestel:-

"The first translator to make a fair copy of his work on one side of a sheet of paper, leaving the opposite page blank.

The lines are to be wide apart and this will leave room for interlining the Superintendent's corrections.

This fair copy shall be sent to each member of the Committee in such order as may (?) convenient from the situation of their places of residence.

Each member shall make his observations on the blank page leaving the text untouched. The Superintendent of the Press and Translations shall finally decide upon the alterations to be made to the text, and shall then send the work with the alterations to the Press. No translation shall be printed which has not first been diligently compared with the originals by some member of the Committee or by the

98) Boekspieël van Suid-Afrika, p.107.

99) B.F.B.S., 1845:cxliii (143).

100) Minutes of the annual District Meeting, Feb. 1834.

Voortaan is daar veel groter versigtigheid met vertaalwerk aan die dag gelê. Dit was ook beslis nodig, want in 1834 is, byvoorbeeld, in een asem gerapporteer dat die nuwe sendeling W.J. Davis sewe Psalms ver= taal het en goeie vordering maak met die aanleer van Xhosa.¹⁰²⁾ Ook ander sendelinge het bydraes tot die vertaling van die Bybel in Xhosa ge= lewer voordat hulle die taal behoorlik magtig was. Sommige van die ver= talings van voor 1834 skep die indruk van taalkunde-oefeninge te wees van sendelinge wat Xhosa leer praat.¹⁰³⁾ Die vertraging van drukwerk weens foutiewe stelle lettertypes van 1831 tot 1834 moet as 'n bedekte seën beskou word. As die drukpers in die vroeë 1830's in 'n werkende toestand was, sou die Wesleyane stellig hulle stempel geplaas het op ver= talings wat nie alleen taalkundig foutief was nie, maar wat ook die produksie van verkeerde teksinterpretasie was. Die sleutel tot die groot verbetering in die kwaliteit van die vertalings was ongetwyfeld Boyce se Xhosa grammatika. Met die taalprobleme opgelos en 'n effektiewe stelsel van hersiening in werking het die Wesleyaanse sendingpers begin om Bybelboeke afsonderlik te publiseer. Voortaan sou die Bybelboeke teen 'n tempo van gemiddeld drie boeke per jaar gereed wees vir die pers totdat die hele Bybel in 1859 gedruk is.

Met William Boyce se terugkeer na Engeland in 1843 het die vertalingskomitee sy bruikbaarste lid verloor. Op daardie tydstip het die Wesley=

101) Minutes of the annual District Meeting, 1836.

102) Ibid., Feb. 1834.

103) Snee. Some aspects of Wesleyan Methodism, p.125-6.

ar'nse sendelinge al reeds 'n jong sendeling in die persoon van John Whittle Appleyard in hulle midde gehad, wat die plek van Boyce meer as vol sou staan. Anders as die meeste sendelinge van sy tyd het hy behalwe die algemene sending-teologiese opleiding ook 'n deeglike kennis van Grieks, Latyn en Hebreeus gehad. Sy werk met die titel An apology for the Kafir Bible is genoegsame bewys dat ons hier met 'n groot geleerde te doen het. In hierdie werk het hy sy kritici so 'n intellektuele afranseling toegedien dat nie een dit gewaag het om daarop te antwoord nie. Om verstaanbare redes het vroeëre skrywers (hoofsaaklik Engels-sprekendes) weinig aandag gegee aan hierdie botsing tussen Appleyard en die sendelinge van die ander sendinggenootskappe. Gevolglik sal in paragraaf 7.4 hieronder getrag word om die meriete van die saak te stel.

Nog voor hy met sy teologiese studie in Engeland begin het, het Appleyard Semitiese en klassieke tale bestudeer. Sy weeklikse program hiervoor was drie dae Hebreeus, twee dae Grieks en een dag Latyn.¹⁰⁴⁾ In 1837 het hy met die teologiese studie begin, en aan die einde van die kursus het hy sy tyd voltyds begin wy aan die bestudering van Siries en Chaldeeus.¹⁰⁵⁾ Hierdeur het hy agtergrondskennis opgedoen wat uiters noodsaaklik is in Bybelvertaling. Dat hy 'n besondere aanleg vir tale moes gehad het, blyk uit die feit dat hy binne 'n paar maande genoegsame kennis van Hollands opgedoen het om deur medium daarvan te preek. Met sy aankoms in Kaferland is hy by D'Urban, Fort Peddie, geplaas as 'n assistent vir Boyce en om Xhosa te leer.¹⁰⁶⁾ In Oktober 1840 het Appleyard aan die hand van

104) Smith, op.cit., p.6.

105) Ibid., p.18.

106) Ibid., p.28.

Boyce se Xhosagrammatika begin met sy bestudering van die taal. Op 12 Desember van daardie jaar het hy die grammatika reeds twee keer deur= gewerk gehad en soveel aantekeninge daaroor gemaak dat hy feitlik 'n nuwe grammatika uitgeskryf het.¹⁰⁷⁾ Skaars tien jaar na sy aankoms in Suid-Afrika het hy 'n Xhosagrammatika van meer as vierhonderd bladsye onder die titel The Kafir language gepubliseer. Volgens Appleyard se bio= graaf, Thornley Smith, was hierdie werk nie slegs 'n Xhosagrammatika nie, maar ook „... a philosophical treatise on its history and nature”.¹⁰⁸⁾ Die bekende 19e eeuse taalkundige, dr. Bleek, het die werk bestempel as een „... of the highest importance and value to South African philology”.¹⁰⁹⁾ Hierdie grammatika is deur sy kollegas bestempel as „... a publication highly creditable to his research and learning and destined to become the standard Grammar of the language”.¹¹⁰⁾ Vanweë sy swak gesondheid, maar veral ook vanweë sy besondere kwalifikasies is Appleyard in beheer geplaas van die Wesleyane se vertalings- en persafdeling. Hierdie posisie het hy met onderskeiding beklee vanaf 1846 tot sy dood in 1874.¹¹¹⁾

Appleyard het hom heelhartig gewy aan die taak van Bybelvertaling en -hersiening. Sy werksmetode was kortliks soos volg: Hy het voortdurend die Bybel in die oorspronklike tale, sowel as die ge-outeiseerde Engelse en Nederlandse vertalings voor hom gehad en elke vers is in al drie die tale gelees. Ander Engelse vertalings en die opmerkings van die vertalers

107) Ibid., p.33.

108) Ibid., p.51; Hewson. An introduction to S.A. Methodism, p.64.

109) Bleek, op.cit., p.46.

110) Minutes of the annual District Meeting. Report of the printing es= tablishment, 1849. Kyk ook hoofstuk twee, par.2.2.1.3.

111) Ibid., 1874.

waar hulle van die ge-outoriseerde vertaling afgewyk het, is ook geraadpleeg.¹¹²⁾ Hiermee is 'n antwoord gegee op die onredelike beskuldiging dat Appleyard slegs die Engelse vertaling geraadpleeg het en dat hy onbekend was met die oorspronklike teks.¹¹³⁾

Toe hy op die toneel verskyn het, was die hele Bybel reeds vertaal, maar daar was bedenkinge oor die gehalte van die vertaling. Sedert die verskynning van Boyce se grammatika in 1834 is die aandag toegespits op die hersiening van die Nuwe Testament. In 1842 is begin met die druk van die eerste volledige Nuwe Testament in Xhosa. Met die uitsondering van vyf boeke wat deur die Duitse sendelinge Döhne en Posselt persklaar gemaak is, was al die ander boeke vertalings van Wesleyaanse sendelinge. In Februarie 1846 is die druk hiervan in Newtondale voltooi.¹¹⁴⁾

Intussen het die Wesleyane weereens 'n poging aangewend om die samewerking van die sendelinge van ander genootskappe te verkry.¹¹⁵⁾ In opvolging van hierdie besluit is 'n vergadering op 16 April 1845 by die sendingstasie Umxelo gehou. 'n Hersieningskomitee waarin elke sendinggenootskap verteenwoordig is, is gekies. Ten einde uniformiteit te verseker, is die ortografie van Xhosa bespreek, en 'n omsendbrief is aan alle sendelinge in Kafferland gestuur om hulle samewerking te verkry. Deurskote eksemplare van Mattheüs sou ook aan elke sendeling gestuur word met die versoek dat verbeteringe en opmerkings daarop gemaak word en

112) Smith, op.cit., p.65.

113) Shepherd. Brownlee J. Ross, p.18-9.

114) Appleyard, op.cit., p.8.

115) Minutes of the annual District Meeting, 15.1.1845.

teruggestuur word aan die Wesleyaanse sendeling H.H. Dugmore, wat die sameroeper van die komitee was. Na aanleiding van die verbeteringe en opmerkings ten opsigte van Mattheüs sou die res van die Nuwe Testament hersien en voltooi word.¹¹⁶⁾ Appleyard, wat toe reeds in beheer van die Wesleyaanse sendingpers was en op daardie tydstip besig was met die druk van die Nuwe Testament, het inderdaad deurskote kopieë van al vier die Evangelies aan die lede van die hersieningskomitee en ander sendelinge gestuur. Vir alle praktiese doeleindes het hierdie reëling op niks uitgeloop nie, en die uitbreek van die Kafferoorlog van 1846 het hierdie poging van die Wesleyane finaal ongedaan gemaak.¹¹⁷⁾

Na die voltooiing van die druk van die Nuwe Testament net voor die uitbreek van die Oorlog van die Byl in 1846, sou die aandag voortaan toegespits word op die voltooiing van die Ou Testament. Sodra die rus en orde op die oosgrens herstel was, het die Wesleyane weer 'n komitee vir hersiening en drukwerk in die lewe geroep. William Shaw, die superintendent van die Wesleyaanse Sendinggenootskap in Suid-Afrika, was die voorsitter en Appleyard die sekretaris van die genoemde komitee. Van tyd tot tyd is gedeeltes van die Ou Testament aan verskillende Wesleyaanse vertalers toegewys, maar gedurende die eersvolgende paar jaar is geen noemenswaardige vordering gemaak nie. Die Oorlog van die Byl was pas teen die end van 1847 beëindig toe die volgende Kafferoorlog in 1850 uitgebreek het. Vrede is eers in 1853 finaal gesluit. Gedurende die voorafgaande sewe jaar was die lewe in Kafferland en langs die oosgrens vier jaar lank deur oorlog ontwrig. Van vooruitgang en vordering op alle gebiede van die sen-

116) Walker, op.cit., p.111.

117) Appleyard, op.cit., p.11.

ding in hierdie tye van oorlog en ontwrigting was daar eenvoudig nie sprake nie. Die sendelinge moes al hulle kragte inspan om dit wat reeds bereik is te probeer red en behou.¹¹⁸⁾

Met die hoop op 'n blywende vrede was die vooruitsig goed dat die hersiening en druk van die Ou Testament binne afsienbare tyd voltooi kon word. Daar was egter 'n nuwe probleem wat onmiddellike aandag geverg het. Die opplaag van die Nuwe Testament waarvan die druk pas ses jaar gelede by Newtondale voltooi is, was uitgeput, terwyl die aanvraag daarvoor so groot was as ooit tevore. Die distriksvergadering van 1852 het gevolglik besluit om onmiddellik te begin met die druk van 'n opplaag van tweeduisend kopieë van 'n hersiene uitgawe van die Nuwe Testament.¹¹⁹⁾ Appleyard het die hersiening van hierdie uitgawe onderneem. Vroeg in 1853 is met die hersiening en druk te King William's Town begin en in die volgende jaar is die druk te Mount Coke voltooi. Gedurende hierdie twee jaar het die werk aan die Ou Testament stil gestaan. In 1854 het die Wesleyaanse distriksvergadering twee belangrike besluite geneem. Die eerste het betrekking gehad op vertaalwerk, naamlik dat „... the remaining books of the Old Testament be proceeded with as speedily as possible...” terwyl die tweede besluit bepaal het dat „... 1,000 copies of the Old Testament in two volumes are to be proceeded with simultaneously, and to correspond with the edition of the New Testament just completed”.¹²⁰⁾

118) Minutes of the annual District Meeting. Report of the printing establishment, 1851 en 1852.

119) Loc.cit.

120) Aangehaal uit Appleyard, op.cit., p.12.

Die voltooiing van die hele Bybel was in sig, en met die oog op 'n eenvormige uitgawe daarvan is vroegtydig voorsorg getref. Die volgende twee of drie jare het die vertaling, hersiening en druk van die Ou Testament met min of geen onderbreking voortgegaan. Dieselfde probleem as die een wat hom 'n paar jaar gelede voorgedoen het, sou egter weer dreig om die werk aan die Ou Testament te vertraag. Die oplaag van die Nuwe Testament wat in 1854 te Mount Coke voltooi is, was uitgeput. Ten einde tyd en koste te bespaar is daar in oorleg met die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap besluit om 'n oplaag van drieduisend eksemplare onder die toesig van William Shaw in Engeland te laat druk. Die Bybelgenootskap het egter die oplaag verhoog na sesduisend eksemplare.¹²¹⁾ Hierdie tegemoetkoming in 1857 het die Wesleyane in staat gestel om sonder onderbreking voort te gaan met die werk aan die Ou Testament. Om verskeie redes kon 'n paar van die sendelinge nie die vertaalwerk wat aan hulle opgedra is, voltooi nie. Sommige boeke wat reeds afsonderlik gedruk is, moes ook nogeens hersien word. Vir Appleyard was daar twee alternatiewe: hy moes óf toesien dat die werk 'n tyd lank vertraag word, óf hy moes die werk self doen. Hy het die laaste alternatief gekies, maar hy het die waardevolle bystand van die Duitse sendeling Kropf gehad, wat die boeke Rigters en I en II Samuel vertaal het en ook gehelp het met die hersiening van Spreuke.¹²²⁾ In Julie 1859 kon Appleyard berig dat die vertaling van die Bybel in Xhosa voltooi is. Die drukwerk sou binne enkele weke voltooi wees.¹²³⁾

121) Appleyard, op.cit., p.13.

122) Loc.cit.

123) Ibid., p.14.

Appleyard het geen Nuwe Testamentiese boeke vertaal nie, maar die 1853-54-druk is deur hom hersien. Die eerste (1859) druk van die Ou Testament is eweneens deur hom hersien. Daarbenewens het hy die volgende boeke vertaal: Genesis tot Deuteronomium, I en II Konings, I en II Kronieke, Esra tot Job, Spreuke tot Esegïël, en al die Klein Profete - verreweg die grootste deel van die Ou Testament.¹²⁴⁾

In verband met Appleyard se aandeel aan die vertaling van die Bybel in Xhosa heers daar enkele wanopvattinge wat reggestel moet word. Die 1853-54-uitgawe van die Nuwe Testament is tot hiertoe algemeen beskou as 'n nuwe vertaling deur Appleyard. So beweer Shepherd, wat sy inligting aan Doke ontleen, dat „... Appleyard ... made a separate translation of the New Testament in 1854 ...”¹²⁵⁾ J.D.P. van der Poll huldig ongeveer dieselfde mening in verband met hierdie uitgawe van die Nuwe Testament „... waarvan hy (Appleyard) feitlik 'n geheel nuwe vertaling in 1854 maak”.¹²⁶⁾ Ook G.P.J. Trümpelmann noem hierdie uitgawe „... feitlik 'n nuwe vertaling ...”¹²⁷⁾ Hierdie wanopvattinge het hulle oorsprong by Appleyard se tydgenote gehad wat sy hersienings summier as nuwe (en swak) vertalings bestempel het.¹²⁸⁾ Hierdie uitgawe is egter met 'n redelike mate van spoed gedruk om in 'n dringende behoefte te voorsien op 'n stadium toe die voltooiing van die Ou Testament vir Appleyard hoofsaak

124) Ibid., p.8-9.

125) Shepherd. Lovedale and literature for the Bantu, p.7; Doke. Contributions to the history of Bantu linguistics, p.112.

126) S.A.B.W., p.20.

127) Ibid., p.464.

128) Hierdie saak sal in par.7.4 hieronder vollediger bespreek word.

was. Daar was wel 'n mate van hersiening, maar Appleyard self noem dit „The same as the preceeding edition, with some revision by the Writer (dit is Appleyard)".¹²⁹⁾

Dieselfde skrywers na wie hierbo in verband met die 1853-54-uitgawe van die Nuwe Testament verwys is, dig ook 'n aansienlike aandeel aan die vertaling van die Ou Testament toe aan die Duitse sendeling Albert Kropf. So beweer Shepherd „... he (Appleyard) and A. Kropf of the Berlin Society completed the Old Testament in 1857"(!).¹³⁰⁾ Trümpelmann verwys na Kropf se „... vername aandeel aan die Xhosa-Bybel wat in 1858-59 ... gedruk is".¹³¹⁾ Shepherd skep die indruk dat Appleyard en Kropf ongeveer 'n gelyke aandeel aan die vertaling van die Ou Testament gehad het, terwyl Trümpelmann Kropf se aandeel buite verhouding beklemtoon met die woord „vername". Kropf het wel drie Ou Testamentiese boeke vertaal, naamlik Rigters en I en II Samuel, maar dit kan hoegenaamd nie bestempel word as 'n gelyke of vername aandeel nie.

7.3 Die druk van die Xhosabybel

Die druk van die hele Xhosabybel het oor 'n tydperk van byna dertig jaar gestrek. Toe die Wesleyane hulle drukpers in 1831 ontvang het, en verskeie Bybelboeke toe reeds vertaal was, was die versoeking waarskynlik groot om Skrifgedeeltes in Xhosa te begin publiseer. Hierbo is reeds aangetoon dat die drukpers 'n paar jaar lank na sy ontvangs nie in werking gestel is nie vanweë foutiewe stelle lettertypes, en die feit dat die vroeë

129) My kursivering. Appleyard, op.cit., p.8.

130) Shepherd, loc.cit. Die datum moet 1859 wees.

131) S.A.B.W., p.464.

Bybelvertalings van 'n swak kwaliteit was omdat die sendelinge se grammatikale kennis van Xhosa gebrekkig was. Nogtans het hulle die boek Lukas in 1833 gedruk voordat hulle die grammatika behoorlik magtig was.¹³²⁾ Daar is rede om te vermoed dat hierdie vertaling van Lukas deur Boyce van 'n swak gehalte was, want niemand het ooit weer daarna verwys nie. Sir George Grey het nooit 'n eksemplaar daarvan bekom nie, en selfs Appleyard was nie bewus daarvan nie. Hierteenoor was Appleyard wel bewus van Bybelvertalings in manuskrip van voor 1830.¹³³⁾ Dit laat die vermoede ontstaan dat die Wesleyane verkies het om te vergeet dat hulle Lukas in 1833 gedruk het. Toe Boyce se nuwe of hersiene vertaling van Lukas in 1837 gedruk is, is die 1833-druk waarskynlik weens veelvuldige grammatikale en ander foute onttrek.

Van 1834 af het die Wesleyane hulle toegespits op die deeglike, wetenskaplike vertaling van die Nuwe Testament. Tussen 1836 en 1838 het die volgende elf boeke van hulle pers te Grahamstad verskyn: Mattheüs, 1836, vertaal deur W.J. Shrewsbury; Markus, 1836, vertaal deur R. Haddy; Lukas, 1837, vertaal deur W.B. Boyce; Johannes, 1836, vertaal deur Shrewsbury; Handeling en Romeine, ongeveer 1837-38, vertaal deur H.H. Dugmore; Sendbriewe van Jakobus, Johannes (drie) en Judas, ongeveer 1837, vertaal deur J. Ayliff. Van elk van hierdie boeke is 'n op=laag van ongeveer een duisend eksemplare gedruk. Hierdie elf boeke is soms saamgebind in een band, en om die rede noem Appleyard dit die eerste druk van die Nuwe Testament in Xhosa.¹³⁴⁾ Die Evangelies vol=

132) Boyce se grammatika het eers in 1834 verskyn.

133) Vgl. Appleyard se opgawe van ongedrukte Skrifgedeeltes in sy „An apology for the Kafir Bible", p.9-10.

134) Appleyard, op.cit., p.7-8; Vgl. ook Bleek, op.cit., p.69-70.

gens Mattheüs, Markus en Johannes is wel deur Shrewsbury en Haddy vertaal, maar daar kon nie met sekerheid vasgestel word watter van die drie boeke deur elk van hulle vertaal is nie. Die toewysings wat hierbo gemaak is, is gebaseer op inligting van Appleyard,¹³⁵⁾ by wie daar self ook twyfel was. Dat die vertaling van hierdie elf Nuwe Testamentiese boeke nog nie na wense was nie, blyk uit die feit dat nie een daarvan on= veranderd in die uitgawe van die volledige Nuwe Testament wat binne enkele jare sou verskyn, opgeneem is nie. Sommige van hierdie boeke is selfs opnuut vertaal.

Met die voorbereiding en druk van die eerste volledige Nuwe Testament in Xhosa gedurende die vroeë 1840's, het 'n lang tydperk van hartelike samewerking tussen die Wesleyane in Kafferland en die Britse en Buite= landse Bybelgenootskap begin. Reeds so vroeg as 1833 het William Boyce 'n beroep op die Bybelgenootskap gedoen om papier te skenk met die oog op die druk van Skrifgedeeltes op hulle sendingpers.¹³⁶⁾ Dis nie bekend of daar aan hierdie beroep gehoor gegee is nie. In 1844 het die Bybelge= nootskap sestig riem papier¹³⁷⁾ aan die Wesleyane geskenk sodat hulle 'n op= laag van drieduisend eksemplare van die hele Nuwe Testament kon druk.¹³⁸⁾ Na aanleiding van inligting wat Boyce na sy permanente terug= keer na Engeland in 1843 aan die Bybelgenootskap verstrekte, het die Genootskap besluit om behalwe die papierskenking ook 'n bedrag van twee= duisend rand tot die beskikking van die Wesleyane te stel om sodoende 'n

135) Appleyard, op.cit., p.8.

136) Missionary Notices, 7:335.

137) Volgens Missionary Notices, 1844:649 was dit vier-en-vyftig riem.

138) B.F.B.S., 1845:cxli (141).

deel van die onkoste in verband met die vertaling en druk van die hele Bybel in Xhosa te delg.¹³⁹⁾ Soos wat dit benodig is, is groot hoeveelheid van die papier van tyd tot tyd geskenk. Met die oog op die inbinding van die Xhosabybel is ook nog 'n bedrag van tweehonderd-en-vyftig rand geskenk.¹⁴⁰⁾

In 1840 is die Wesleyaanse sendingpers van Grahamstad na Fort Peddie verskuif. Twee jaar later is begin met die druk van die eerste volledige uitgawe van die Nuwe Testament.¹⁴¹⁾ Slegs twee van die elf boeke, wat as die eerste uitgawe van die Nuwe Testament verskyn het, is na 'n mate van hersiening deur hulle vertaler H.H. Dugmore in hierdie volledige uitgawe opgeneem. Die ander nege boeke, sowel as die res van die Nuwe Testament is opnuut vertaal. Dugmore was verantwoordelik vir die vertaling van elf boeke, waaronder drie van die vier Evangelies. Die twee Duitse sendelinge Posselt en Döhne het onderskeidelik twee en drie boeke vertaal, terwyl die res deur W.J. Davis en J.C. Warner vertaal is. Soos wat die verskillende boeke vir die pers gereed was, is drieduisend eksemplare van elk gedruk, waarvan vyftienhonderd as los eksemplare beskikbaar gestel is, terwyl die res opgeneem is in die volledige uitgawe.¹⁴²⁾ Terwyl die drukproses nog aan die gang was, is die pers in 1844 na Newtondale verskuif, waar die drukwerk in Februarie 1846 voltooi is. Kort na die voltooiing van die drukwerk moes die pers in allerhaas na Grahamstad ver-

139) Ibid., p.cxli-cxliii (141-3); Appleyard, op.cit., p.12.

140) Appleyard, op.cit., p.12.

141) Appleyard noem hierdie uitgawe „New Testament, no.2". Op.cit., p.8.

142) Appleyard, op.cit., p.8.

skuif word om verwoesting gedurende die Oorlog van die Byl vry te spring.¹⁴³⁾ Hierdie uitgawe van die Nuwe Testament het met twee verskillende titelbladsye verskyn. Die titels as sodanig is identies, maar by die impressum is daar 'n geringe verskil tussen die twee. Op die een titelbladsy is die plek van uitgawe in die Engelse vorm aangedui, terwyl dit by die ander in die Xhosavorm is. Die verskil ten opsigte van die drukkersmelding is bloot 'n grammatikale verbetering.¹⁴⁴⁾ Wat die inhoud en aantal bladsye betref, is daar geen verskil nie. Dit kan hoegenaamd nie as twee verskillende uitgawes beskou word nie. Op 'n stadium is daar bloot 'n verbetering in die bewoording van die impressum aangebring. Ongebinde eksemplare van die hele Nuwe Testament is teen tien sent verkoop, terwyl die prys van eksemplare in gewone band vyf-en-dertig sent was. Eksemplare in kalfsleer is teen vyf-en-veertig sent verkoop.¹⁴⁵⁾

Die sendeling William Boyce wat so 'n belangrike rol in verband met die wetenskaplike bestudering van Xhosa en Bybelvertaling gespeel het, het Kafferland in 1843 verlaat om permanent na Engeland terug te keer. In 'n toespraak voor die jaarvergadering van die Wesleyaanse Sendinggenootskap te Londen in 1844 het hy 'n paar foutiewe opmerkings oor die eerste twee uitgawes van die Nuwe Testament in Xhosa gemaak. Na die 1836-38-uitgawe het hy verwys asof dit 'n volledige uitgawe was. Hoewel hierdie onvolledige uitgawe die langste Nuwe Testamentiese boeke ingesluit het, het dit slegs elf boeke bevat. Boyce het ook 'n ferm standpunt ingeneem oor 'n taamlik onbenullige saak in verband met die 1842-46-uitgawe van

143) Minutes of the annual District Meeting, 13.1.1847.

144) Bleek, op.cit., p.72-3.

145) Ibid., p.73.

die Nuwe Testament. Volgens hom was die opplaag van hierdie druk vyf=duisend en nie drieduisend nie. In sy toespraak het hy sover gegaan as om te sê: „I say, five thousand; the Committee say, three thousand; you may take which you like; but I superintended the printing of the first sheet of Matthew and there were certainly five thousand copies".¹⁴⁶⁾ Toe die druk van hierdie uitgawe begin is, was Boyce nog die superintendent van die Wesleyaanse sendingpers te Fort Peddie. Hy het egter kort daarna die land verlaat en kon nie langer ten volle op hoogte wees van wat by Fort Peddie en later by Newtondale gebeur het nie. Dit is heeltemal menslik dat sy geheue hom in 1844 reeds parte begin speel het. Die getuienis van Appleyard,¹⁴⁷⁾ wat ook die druk van die eerste seksie van Mattheüs in 1842 meegemaak het, maar ook verantwoordelik was vir die voleindiging van die drukwerk in 1846, moet beslis swaarder weeg as dié van Boyce. Dis ook ondenkbaar dat Appleyard en sy kollegas in hulle verslagdoening aan die Wesleyaanse Sendinggenootskap en die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap sou stel dat die opplaag drieduisend was, terwyl dit in werklikheid vyfduisend is.¹⁴⁸⁾ In dieselfde jaar waarin Boyce sy toespraak voor die jaarvergadering van sy Sendinggenootskap gehou het (1844), het hy ook namens die Wesleyaanse Sendinggenootskap antwoorde verstrekkend op 'n vraelys van die Bybelgenootskap in verband met die vertaling en druk van die Bybel in Xhosa. In een van sy antwoorde het hy toe reeds erken dat sy geheue hom in die steek gelaat het. Met verwysing na die 1842-46-uitgawe het hy onder andere gesê: „When I left, in February 1843, we were prin=

146) *Missionary Notices*, 1845:103.

147) Appleyard, *op.cit.*, p.8.

148) *B.F.B.S.*, 1845:cxli (141).

ting an edition of 3,000 or 5,000, I cannot exactly say which ..."¹⁴⁹⁾

In sy antwoorde op die vraelys verwys Boyce na nog 'n saak wat aandag verdien. In paragraaf 7.2.3 hierbo is reeds aangedui dat samewerking met sendelinge van die ander Genootskappe (behalwe die Duitse sendelinge) reeds vroeg in die 1830's skipbreuk gely het, en dat alle pogings van die Wesleyane tot samewerking op die gebied van Bybelvertaling daarna op niks uitgeloop het. In sy inligting aan die Bybelgenootskap het Boyce egter beweer dat die Skotse sendelinge die boeke Markus, Kolossense en Thes= salonicense vertaal het, en "... which ... is to be adapted in the new version of the Testament now printing".¹⁵⁰⁾ Vir die 1842-46-uitgawe is al drie die genoemde boeke deur die Wesleyaanse Sendeling H.H. Dug= more vertaal.¹⁵¹⁾

Sedert die voltooiing van die eerste volledige uitgawe van die Nuwe Testament in 1846 het die Wesleyaanse sendelinge hulle dit ten doel gestel om die Ou Testament so gou as moontlik te vertaal en te publiseer. Sedert 1834 het hulle wel verskeie Ou Testamentiese boeke van tyd tot tyd gedruk, maar daardie boeke moes hersien of opnuut vertaal word. Daar was ook 'n paar boeke wat nog nie voorheen vertaal was nie. Van 1846 tot 1853 is die vertalings- en drukkersaktiwiteite egter ontwrig deur oor= loë. Die werk is verder gestrem deur die feit dat die oplaag van driedui= send van die 1846-uitgawe van die Nuwe Testament teen 1849 op vyfho= derd eksemplare na uitgeput was.¹⁵²⁾ Daarom het William Shaw by die

149) Ibid., p.cxlii (142).

150) Loc.cit.

151) Appleyard, op.cit., p.8.

152) B.F.B.S., 1850:cxv (115).

Bybelgenootskap aansoek gedoen om 'n toewysing van 'n groot hoeveelheid papier, sodat 'n oplaag van minstens vyftuisend eksemplare van die Nuwe Testament gedruk kon word. Die plan was om ook die boeke Psalms en Spreuke by hierdie uitgawe in te sluit, maar uiteindelik is hieraan nie uitvoering gegee nie. Met die oog hierop het die Bybelgenootskap vierhonderd riem papier geskenk. Na die herstel van vrede aan die oosgrens in 1853 is met die druk van die Nuwe Testament te King William's Town begin, en in 1854 is die werk op Mount Coke voltooi. Die oplaag was ook slegs tweeduisend eksemplare in plaas van die aanvanklik beplande vyftuisend. Hierdie uitgawe was dieselfde as dié van 1842-46, hoewel Appleyard 'n mate van hersiening daaraan gedoen het.¹⁵³⁾ In Desember 1854 het hy die voltooiing van die Nuwe Testament en die aanvang van die werk aan die Ou Testament aan die Bybelgenootskap gerapporteer.

Die volgende paar jaar het die werk aan die Ou Testament rustig voortgegaan. 'n Hele aantal boeke is jaarliks gedruk. Die publikasie van die blad „Christian Watchman” is intussen hervat nadat dit gedurende die Agste Kafferoorlog gestaak is. Daar is selfs heelwat privaat drukwerk onderneem.¹⁵⁴⁾ In die verslag oor die drukkersaktiwiteite vir 1856 word verwys na heelwat drukwerk wat vir die Berlynse en Skotse sendings gedoen is.¹⁵⁵⁾ Nogtans kon in 1857 gerapporteer word dat band 1, deel 1, van die Ou Testament (Genesis tot Josua) voltooi is, en dat band 2, deel 1 op

153) Appleyard, op.cit., p.8.

154) Minutes of the annual District Meeting. Report of the printing establishment, 1855.

155) Ibid., 1856.

die pers was.¹⁵⁶⁾ Op hierdie stadium het dieselfde ontwrigting as 'n paar jaar gelede vir Appleyard en sy kollegas in die oë gestaar, deurdat die op=laag van die 1854-druk van die Nuwe Testament weer feitlik uitgeput was. Hierdie keer het die Wesleyane egter die Britse en Buitelandse Bybelge=nootskap genader om die Nuwe Testament onder toesig van William Shaw in Londen te herdruk. Dit was 'n blote herdruk van die vorige uitgawe, en die op=laag van sesduisend is in 1859 voltooi.¹⁵⁷⁾ Intussen kon die werk aan die Ou Testament ongesteurd voortgaan. In 1858 is band 2, deel 1 (Esra tot Jesaja) voltooi, terwyl die res van die Ou Testament op die pers was.¹⁵⁸⁾ Op 1 September 1859 is die hele Ou Testament voltooi, en daarme= mee ook die hele Bybel in Xhosa. Die volledige uitgawe van die Ou Testament is in vier dele gebind, waarvan die formaat ooreengestem het met dié van die 1854-druk van die Nuwe Testament. Elke deel is afsonderlik gepubliseer soos dit voltooi is, maar nadat die hele werk voltooi is, is dit in twee dele, en soms in een deel gebind. 'n Oplaag van eenduisend ek=semplare is gedruk.¹⁵⁹⁾

7.4 Die sogenoemde „Appleyard's Kafir Bible"

Op 1 September 1859 is die vertaling en druk van die Bybel in Xhosa by Mount Coke voltooi. As gevolg van die klein op=laag en groot aanvraag was die Bybel feitlik onmiddellik uit druk. Met die oog op die druk van 'n her=siene uitgawe van die Bybel in Engeland deur die Britse en Buitelandse By=

156) Ibid., 1857.

157) Appleyard, op.cit., p.8.

158) Minutes of the annual District Meeting, Report of the printing es=tablishment, 1858.

159) Ibid., 1859; B.F.B.S., 1860:148-50; Appleyard, op.cit., p.9.

belgenootskap is Appleyard in Februarie 1860 na Engeland. In 1864 is die werk voltooi, maar eers in 1865 het Appleyard en die besending Bybels in Suid-Afrika aangekom. Omdat hy besef het dat geen vertaling van die Bybel foutloos en finaal is nie, het hy onmiddellik na sy terugkeer begin met die hersiening van die Bybel. Terwyl hy hiermee besig was, is 'n pamflet by Lovedale gepubliseer onder die titel The Kafir Byble; Rev. J.W. Appleyard's version judged by missionaries of various denominations and others, waarin die 1864-hersiene uitgawe van die Xhosabybel gekritiseer en selfs uitgekryt is as „a sad failure”.¹⁶⁰⁾ Hierdie pamflet, wat deur die redakteur daarvan beskryf is as 'n „... mass of Evidence ...”¹⁶¹⁾ beslaan vyf-en-veertig bladsye van 3½" x 6½", waarvan ses bladsye in beslag geneem word deur 'n „Introductory Statement”.

In sy An apology¹⁶²⁾ for the Kafir Bible het Appleyard geantwoord op die kritiek wat in die bogenoemde pamflet uitgespreek is. Hierdie antwoord beslaan honderd-vyf-en-negentig bladsye van 7" x 4". In die verlede is daar dikwels na hierdie twee geskrifte verwys, maar geen skrywer wou meer daaroor sê, as dat sommige sendelinge die 1864-uitgawe van die Xhosabybel gekritiseer het, en dat Appleyard daarop geantwoord het „... in his vigorous An Apology for the Kafir Bible”.¹⁶³⁾ Daarom sal die geskil soos beliggaam in die bogenoemde twee geskrifte, hier breed-

160) The Kafir Bible, p.32.

161) Ibid., p.5.

162) Die woord „apology” moet in sy oorspronklike Griekse betekenis van „verdediging” verstaan word.

163) Shepherd. Lovedale and literature for the Bantu, p.7-8.

voeriger behandel word. Sover dit vasgestel kon word, was hierdie die enigste keer dat twee sendingperse in 'n polemiekie van hierdie aard betrokke was. Waar die Skotse- en ander sendelinge van die Lovedalepers gebruik gemaak het om hulle klagtes en getuienisse te druk, het Appleyard sy antwoord daarop op die Mount Cokepers gedruk.

Vanselfsprekend kan daar nie ingegaan word op die vertalingsgeskille nie, want dit vereis nie alleen 'n deeglike kennis van Xhosa en die grondtale van die Bybel nie, maar ook gespesialiseerde teologiese kennis en vertroudheid met die beginsels en metodes van Bybelvertaling. In enkele gevalle, waar die geskille verstaanbaar is vir die opgevoede leek, sal aandag daaraan gegee word. In hoofsaak sal die aandag toegespits word op beginselsake en die kwalifikasies van Appleyard se kritici. Eerstens sal 'n aantal bewerings in die „Introductory statement” van The Kafir Bible in behandeling geneem word, en tweedens sal die „mass of evidence” daarin van nader beskou word.

7.4.1 Bewerings in die „Introductory statement”

Ter inleiding beweer die redakteur van die pamflet, The Kafir Bible,¹⁶⁴⁾ dat „The translation of the Scriptures into the Kafir Language is a work which has long, more or less, engaged the labours of all Denominations of Missionaries among the Kafir-speaking population of this country, and in which, it is freely admitted, the Wesleyans have occupied the foremost place”.¹⁶⁵⁾ Op die oog af is hierdie opmerking vleierend vir Appleyard en sy Wesleyaanse kollegas. Die inligting wat hierbo in para=

164) Voortaan sal na hierdie publikasie verwys word as die „pamflet”.

165) The Kafir Bible, p.1.

grawe 7.2 en 7.3 verstrek is, bevestig nie alleen die toegewing van die redakteur nie, maar doen nog veel meer. Dit bewys dat die Wesleyaanse Sending in Kafferland ten opsigte van tyd, arbeid en onkoste "... has borne the burden and heat of the day ..." ¹⁶⁶⁾ in verband met die vertaling en druk van die Bybel in Xhosa. Sedert ongeveer twintig jaar voor die voltooiing van hierdie werk in 1859 was dit byna uitsluitlik aan die Wesleyane oorgelaat. Dit is ook vals om te beweer dat "... all Denominations of Missionaries ..." op een of ander stadium deel gehad het aan hierdie werk. Ten tye van die verskyning van die pamflet het die sendelinge van die Episkopale (Anglikaanse) en Morawiese Sendings nog nie 'n vin verroer om 'n bydrae tot die Xhosabybel te lewer nie. Hulle kritiek beslaan wel twaalf van die "mass of evidence" se nege-en-dertig bladsye, nieteenstaande die feit dat hulle self getuig het dat hulle die Xhosataal nog nie magtig is nie.

Die werk in verband met die beskikbaarstelling van die Xhosabybel het nie in die hande van die Wesleyane oorgegaan omdat hulle dit verkies het nie. Op aandrang van die Skotse sendelinge ¹⁶⁷⁾ het die Kaapstadse tak van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap in 1854 vir Appleyard versoek om deurskote kopieë van die Nuwe Testament aan sendelinge in Kafferland beskikbaar te stel sodat hulle kritiek daarop kon lewer. ¹⁶⁸⁾ Aan hierdie versoek is voldoen. Die redakteur van die pamflet erken dit ook as hy sê:

166) Appleyard, op.cit., p.10.

167) Die redakteur van die pamflet, William Govan, was ook 'n Skotse sendeling.

168) Statement of the Committee of the Cape Town Auxiliary, p.18.

„Interleaved copies ... were indeed sent to Missionaries and others".¹⁶⁹⁾ Die Wesleyane het inderdaad reeds in 1845 sodanige deurskote kopieë van die vier Evangelies aan alle sendelinge in Kafferland gestuur.¹⁷⁰⁾ Hier= die pogings tot samewerking het niks opgelewer nie, selfs nie eers van die kant van die Skotse sendelinge wat daarom gevra het nie. „For", sê die redakteur van die pamflet, „let it be remarked, no promise was ever authoritatively made that, on the translation being completed, a Committee of competent persons would be appointed, to consider and decide on the various suggestions offered".¹⁷¹⁾ Hierdie opmerking is werklik verstommend. Miskien moet dit gesien word in die lig van die feit dat die Skotse en ander sendelinge die 1864-Xhosabybel veroordeel het, en by die Skotse en Britse Bybelgenootskappe steun gesoek het vir 'n nuwe vertaling, maar dat genoemde Bybelgenootskappe eers „... full information on the subject from this country" wou hê.¹⁷²⁾ Gevolglik moes Appleyard se kritici „a mass of evidence" bymekaarskraap om as getuienis te dien in 'n saak waarin die oordeel reeds gevel was. In die lig hiervan is dit verstaanbaar dat die redakteur van die pamflet elke strooihalm wil aangryp wat in sy rigting dryf. Hierdie opmerking, soos trouens die hele „introductory statement", verraaï 'n onedelmoedige agterdog, indien nie jaloesie nie. Dit blyk ook uit die bewering dat „... Mr. Appleyard was sent to England, to prepare a revised Edition".¹⁷³⁾ Hiermee kan slegs bedoel word dat die Wesleyaanse Sending in Kafferland vir Appleyard ge=

169) The Kafir Bible, p.2.

170) Kyk par. 7.2.3 hierbo; vgl. ook Appleyard, op.cit., p.11.

171) The Kafir Bible, p.2.

172) Ibid., p.3-4.

173) Ibid., p.2.

stuur het. Geen persoon of instansie het egter oor die outoriteit beskik om hom na Engeland te stuur nie. Slegs die Wesleyaanse Sendinggenootskap in Engeland kon hom daarheen ontbied. As gevolg van onderhandelinge tussen sy Genootskap en die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap is hy na die Bybelgenootskap gesekondeer om die Xhosabybel te hersien en toesig oor die druk daarvan te hou.¹⁷⁴⁾ Dit is voorts beweer: „This was surely an unwise arrangement”,¹⁷⁵⁾ verwysende na Appleyard se sogenoemde „sending” na Engeland. Die oogmerk van die betrokke instansies was bloot om 'n hersiene uitgawe van die Xhosabybel te druk, omdat daar 'n groot aanvraag daarvoor was. Dit sou „surely an unwise arrangement” gewees het as die gelowiges in Kafferland weerhou moes word van die Woord van God totdat 'n groep blankes¹⁷⁶⁾ eendag 'n nuwe en beter vertaling van die Bybel voltooi het.

Vervolgens moet daar aandag gegee word aan die gang van die sake wat uiteindelik uitloop het op die publikasie van die pamflet, en wel aan die hand van die redakteur se beskrywing daarvan op bladsye twee tot vyf van sy „introductory statement”. Daaruit blyk dit dat die kritici met hulle werksaamhede begin het by 'n konferensie van sendelinge van verskillende genootskappe te Lovedale in Januarie 1864. Hulle teenkanting teen Appleyard se hersiening van die Xhosabybel het dus begin sonder dat hulle bewus was van die aard van sy werk en sonder dat hulle die produk van sy arbeid gesien het. Hierdie optrede was, om die minste daarvan te sê, voorbarig, en dit bewys dat die rede vir die teenkanting nie soseer die

174) B.F.B.S., 1861:202-4.

175) The Kafir Bible, p.2.

176) Appleyard se kritici.

hersiene uitgawe was nie, want dit was nog nie eens gepubliseer nie, maar wel iets anders. Vir sover as wat dit openbare optrede betref, is die saak op voorstel van 'n Wesleyaanse sendeling uitgestel totdat Appleyard se hersiene uitgawe onder oë geneem is. Die identiteit van die Wesleyaanse sendeling is tot vandag in duisternis gehul. Ongeveer vyftien maande na hierdie konferensie het Appleyard en die hersiene Xhosabybel in Kafferland aangekom.

'n Komitee van die bogenoemde konferensie het in Julie 1865 te King William's Town vergader, maar Appleyard was nie daarvan bewus nie totdat hy in 1866 daarvan in die pamflet gelees het. Op hierdie vergadering is besluit - weereens op voorstel van 'n ongeïdentifiseerde Wesleyaanse sendeling - dat eerwaarde Tiyo Soga¹⁷⁷⁾ tydens die volgende vergadering van die konferensie in Januarie 1866 te Lovedale 'n referaat oor die nuwe Xhosabybel sou lewer. So 'n referaat is inderdaad tydens die vergadering te Lovedale gelees en verskyn in die pamflet as Soga se eerste van twee referate. Verskeie ander aanwesige sendelinge het ook hulle sieninge oor die saak gelug en uiteindelik is eenparig besluit dat "... Appleyard's Version, while it is the result of much pains and labour ... is yet not to be accepted as satisfactory; and that it is imperative, therefore, that measures be adopted ... to have a correct, idiomatic translation".¹⁷⁸⁾ Ook van hierdie besluit was Appleyard onbewus totdat hy daarvan in die pamflet gelees het. Om hierdie besluit ten uitvoer te bring, het die konferensie 'n komitee benoem "... to take this very important matter in hand ... (and) instructing them to invite the co-operation of Missionaries

177) Die eerste ge-ordende nie-blanke predikant in Suid-Afrika.

178) The Kafir Bible, p.3.

of all denominations in the work".¹⁷⁹⁾ Hoewel Appleyard die vertaler van meer as die helfte van die Bybel en die hersiener van die hele Bybel by twee verskillende geleenthede was, is hy, sowel as alle ander Wesleyaanse sendelinge, opsetlik uitgesluit uit die komitee, en dit nie teenstaande daar beweer is dat die voorstel van 'n Wesleyaanse sendeling gelei het tot die neem van die besluit. Dit maak natuurlik van die hele saak 'n groepsaangeleentheid. Dit verbaas dan ook nie dat die Skotse element oorheersend is nie. Dit is byna ondenkbaar dat dit blote toeval was dat die voorsitter, sekretaris en die hoofsprekers by vergaderings altyd sendelinge van een van die Skotse kerke was. 'n Mens kan gevolglik nie anders as om die indruk te kry dat die „Conference of Missionaries of different Denominations" niks anders as 'n vergadering van sendelinge van die Skotse sendings was, waarheen 'n aantal sendelinge van twee of drie ander genootskappe uitgenooi is nie.

Intussen het eerw. William Govan van Lovedale, wat wel 'n lid van die konferensie, maar op daardie tydstip nie 'n lid van die komitee deur die konferensie benoem, was nie, in sy persoonlike hoedanigheid aan dr. Duff, die saamroeper van die „Foreign Missions' Committee of the Free Church of Scotland" geskryf nadat die vergadering van die konferensie aan hom (Govan) 'n kort verslag van sy verrigtinge in verband met die Xhosabybel gegee het.¹⁸⁰⁾ Dit is jammer dat Govan in sy „introductory statement" nie 'n uittreksel van die kort verslag van die vergadering se verrigtinge gegee het nie. Wanneer daar 'n beroep gedoen word op instansies of individue om 'n oordeel wat reeds gevel is, te bekragtig, is dit niksbedui-

179) Loc.cit.

180) Loc.cit.

dend om te praat van „obvious reasons”¹⁸¹⁾ en te verwys na kort ver=slae wat nie aangeteken is nie. Die feit dat Govan die brief in sy persoon=like hoedanigheid geskryf het, is eweneens niksbeduidend, want dr. Duff, „... assuming that Mr. Govan had written to him officially, in the name of the Conference...”¹⁸²⁾ het die brief voorgelê aan die komitees van die Nasionale Bybelgenootskap van Skotland, wat dit op hulle beurt weer voor=gelê het aan die sekretaris van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap - presies wat die konferensie van sendelinge verlang het. Dr. Duff se op=trede is dan ook „gladly accepted”,¹⁸³⁾ want die kritici se „grave respon=sibility”¹⁸⁴⁾ is sodoende afgeskuif op die skouers van individue en komi=tees in Skotland en Engeland. Die komitees van die Skotse en Britse By=belgenootskappe het op die wyse aanbeveling van dr. Duff besluit om niks verder aan die saak te doen nie, totdat „... full information on the sub=ject from this country” (Kafferland) ontvang is.¹⁸⁵⁾

Na die versoek om volledige inligting uit Skotland het die komitee van die konferensie van sendelinge op 5 Julie 1866 te King William's Town verga=der. Na bespreking van die versoek van dr. Duff is besluit dat die beste manier om daaraan te voldoen eenvoudig was „... to procure evidence in support of the resolution of the Conference - that Mr. Appleyard's version cannot be accepted as satisfactory”.¹⁸⁶⁾ Getuienis moet dus nou ingewin

181) Ibid., p. 6.

182) Ibid., p. 3-4.

183) Ibid., p. 4.

184) Ibid., p. 3.

185) Ibid., p. 4.

186) Loc. cit.

word ter ondersteuning van 'n oordeel wat reeds in Januarie 1866 te Love= dale gevel is. Met die oog hierop is 'n omsendbrief waarin sieninge oor die 1864-Xhosabybel gevra word, uitgestuur aan „... Missionaries la= bouring among Natives speaking the Kafir language, and others who, from their knowledge of that language, are qualified to give an opinion on the subject ...”¹⁸⁷⁾ In hierdie metode van inwinning van getuienis is een sy van die saak onaangeroerd gelaat, want Appleyard en sy Wesleyaanse kollegas in Kafferland, wat toe reeds vir meer as dertig jaar die alleen= verskaffers van die Woord van God in Xhosa was, het nie omsendbriewe ontvang nie. Hulle is nie beskou as „qualified to give an opinion” nie, ter= wyl 'n groot aantal van die hydraers tot die „mass of evidence” self geen vertroue in hulle eie kwalifikasies gehad het nie.¹⁸⁸⁾

Teen hierdie tyd, terwyl hy besig was met 'n nuwe hersiening van die Xhosabybel,¹⁸⁹⁾ het Appleyard vir die eerste keer bewus geword dat daar sonder sy medewete 'n poging aangewend word om 'n nuwe vertaling van die Bybel in Xhosa te bewerkstellig. Twee weke voor die vergadering van 5 Julie te King William's Town het hy 'n brief van die sekretaris van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap ontvang waarin hy meegedeel is dat sendelinge van verskillende genootskappe sy vertaling bestempel as „ridiculously defective”, en dat die noodsaaklikheid vir 'n nuwe vertaling sterk beklemtoon is.¹⁹⁰⁾

187) Ibid., p.4.

188) Dit sal in par. 7.4.2 hieronder aangetoon word.

189) Appleyard het dus nie sy hersiening van die Bybel in Engeland as finaal beskou nie.

190) Appleyard, op.cit., p.31.

Die volledige inligting wat deur die Skotse en Britse Bybelgenootskappe verlang en by wyse van 'n omsendbrief ingesamel is, is tydens 'n vergadering op 5 September 1866 gelees, en die volgende „... Deliverance was all but unanimously adopted:"¹⁹¹⁾ Die vergadering het bevind dat die mededelings wat nou gelees is, asook die wat tevore in verband met Appleyard se hersiening van die Xhosabybel ontvang is „... fully bear out the judgment upon that Version expressed by the Conference at Lovedale in January ..."¹⁹²⁾ 'n Subkomitee bestaande uit die here Govan, Soga, Birt en R. Ross, met Govan as saamroeper, is benoem om die mededeling te laat druk, en 'n kopie te stuur aan elk van dr. Duff, die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap en mnr. Appleyard. Verder moes 'n kopie ook gestuur word aan elke sendeling van elke genootskap wat sendingwerk onder die Xhosasprekendes doen. Die sub-komitee moes ook aan die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap verduidelik dat die aansoek om steun vir 'n nuwe vertaling van die Bybel in Xhosa, wat deur bemiddeling van dr. Duff by die Skotse Bybelgenootskap gedoen is, van 'n individuele lid van die konferensie van sendelinge, en nie van die konferensie self afkomstig was nie. Terselfdertyd moet dit aan die Britse Genootskap gestel word dat die komitee graag bystand van hom sal ontvang vir die voorbereiding van 'n nuwe vertaling, „... which, in some way, must be got".¹⁹³⁾ Aan die subkomitee is verder opdrag gegee om dr. Duff te versoek om namens die komitee in verbinding te tree met die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap en van hierdie Genootskap 'n verklaring te kry van wat hy bereid is om te doen. Indien hierdie Genootskap onwillig sou wees om die

191) The Kafir Bible, p.4.

192) Loc.cit.

193) Ibid., p.5.

werk in verband met 'n nuwe vertaling onmiddellik te onderneem of te steun, moes dr. Duff voortgaan om die Skotse Bybelgenootskap te oorreed om dit te onderneem.

Uit hierdie aanmatigende uitspraak in die vorm van 'n besluit blyk dit dat dr. Duff op die een of ander stadium die konferensie van sendelinge oor die vingers moes getik het oor hulle lompe hantering van die saak. Nou eers is die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap en Appleyard, wat verantwoordelik was vir die Xhosabybel, en met wie in die eerste plek onderhandel moes gewees het, in die saak geken deurdat 'n kopie van die „mass of evidence” aan hulle gestuur sou word.

Een lid van die komitee het teen die besluit gestem omdat hy van mening was dat Appleyard op hierdie stadium die geleentheid moes kry om sy siening van die saak te stel. Aan hierdie billike versoek, ten einde vir dr. Duff „full information” te verkry, is nie voldoen nie, omdat die res van die komitee oortuig was „... that it could not possibly lead to any good result”.¹⁹⁴⁾ Daar was dus geen begeerte van die kant van die meerderheid van die komitee om die ander sy van die saak, het sy by wyse van 'n verduideliking of weerlegging, te hoor nie. Dit is duidelik dat die toonaangewende lede van die komitee die saak op hulle eie manier wou hanteer, en dat hulle geen inmenging in hulle planne sou duld nie. Vir hulle was daar geen noodsaaklikheid vir die toetsing van die „communications now read” nie. Hulle was slegs geïnteresseerd in „a mass of evidence (which) fully bears out the judgment expressed by the Conference at Lovedale”. Gerugsteun deur die versameling mededelings word die Britse en Buite-

194) Loc.cit.

landse Bybelgenootskap nou in kennis gestel „... that they will gratefully receive from them assistance in preparing a new Translation, which, in some way, must be got". Ten tye van die besluit moes die komitee al reeds gevrees het dat die mededeling dalk nie dieselfde uitwerking op die Bybelgenootskap sou hê as wat dit op hulle self gehad het nie, en dat die Bybelgenootskap dalk die ander sy van die saak ook sou wou verneem aler 'n besluit geneem word. Daarom moes dr. Duff probeer om onmiddellik van die Bybelgenootskap 'n verklaring te kry oor wat die Genootskap bereid is om te doen. Indien dit sou blyk dat die Genootskap nie bereid is om iets te doen nie, moes dr. Duff hom tot die Nasionale Bybelgenootskap van Skotland wend.

In die aangesig van die bogenoemde besluit het die redakteur van die pamphlet dit gewaag om te beweer dat hulle nou eers in staat is om met Appleyard en die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap te kommunikeer. Nou eers, nadat 'n oordeel reeds uitgespreek is; nadat hulle verklaar het dat 'n nuwe vertaling eenvoudig op die een of ander wyse verkry moet word; en nadat dit reeds besluit is dat as die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap nie onmiddellik 'n nuwe vertaling wil bewerkstellig nie, dan sal 'n ander genootskap versoek word om dit te doen. Hoe die redakteur in hierdie verband kan verwys na „... due respect both for Mr. Appleyard and for the Bible Society"¹⁹⁵⁾ gaan alle verstand te bowe. Is dit verskuldigde hoogagting teenoor Appleyard dat sy werk verdoem word op sterkte van getuienis wat hy nie mog sien of aanhoor nie? Of is dit verskuldigde hoogagting teenoor die Bybelgenootskap, wat so goedgunstiglik die Xhosa=bybel vir gebruik deur almal gedruk het, dat hy summier geïgnoreer word

195) Loc.cit.

in hierdie saak? Die redakteur moes geweet het dat getuienis eers ge-
toets moet word aler dit as geldig aanvaar kan word. Totdat dit gedoen
is, het nóg individue, nóg komitees die reg om 'n oordeel uit te spreek.
Dit is egter presies wat die Lovedalekonferensie en sy komitees van die
begin van hulle optrede af gedoen het. Met die uitstuur van hulle getuie=
nis in die vorm van die pamflet het hulle nie die weg geprobeer baan vir
'n regverdige oordeel nie, maar om 'n oordeel wat reeds gevel is te on=
dersteun. Daarom sê hulle „The mass of Evidence here presented (dit
is die mededeling in die pamflet) justifies, they think, the conclusion,
that a new Version is imperatively required. This conclusion, thus sup=
ported, they submit to all parties concerned in the hope that measures
may be speedily adopted to secure what they think has been proved to be
urgently wanted - a new, correct, idiomatic Translation of the Scriptures
into Kafir.”¹⁹⁶⁾ Maar wat sal gebeur as sommige van die betrokke par=
tye dalk anders dink? Gestel dat na die lees van die mededeling sommi=
ge van die partye dalk dink dat die getuienis daarin nie genoeg om die lyf
het om bogenoemde besluit te steun nie, hoe dan? Dink aan die een kant
is net so gewettig as dink aan die ander kant, en daarom het geeneen van
die dinkende partye die reg om die ander te veroordeel nie. Regspraak
berus by 'n derde party, en 'n oordeel kan slegs gevel word nadat albei
kante van 'n saak aangehoor is. In geen hofspraak of geskil is dit toelaat=
baar dat dieselfde individue die klaers en die regters is nie. Die klaers
oor die Xhosabybel het hulleself egter as regters aangestel en 'n uit=
spraak gegee, sonder dat hulle ooit gehoor het wat die verweerder in die
saak te sê mag hê.

196) Loc.cit. My kursivering.

Daar is nog 'n paar sake waarna die redakteur van die pamflet in sy „introductory statement” verwys, wat kortliks in oënskou geneem moet word. Die konferensie van sendelinge en sy komitees het besluit dat „a new Translation” eenvoudig bewerkstellig moet word, maar „How this is to be accomplished is a question which they have not yet begun to consider, because the consideration of it does not belong to them alone, but to all who, in common with them, are specially interested in the matter”.¹⁹⁷⁾ Tot hierto was hulle werk nog net afbrekend van aard en is daar selfs nog nie eens gedink aan wat hulle in die plek daarvan gaan stel nie. Op die letter van die woord af kan „a new translation” slegs beteken een wat de novo uit die oorspronklike tale gemaak is, sonder verwysing na bestaande vertalings. Maar sou „all who are specially interested in the matter” bereid wees om die arbeid van vorige vertalers oor 'n tydperk van meer as dertig jaar te ignoreer? Dis te betwyfel. Die voorgestelde nuwe vertaling sou dus net so min 'n nuwe vertaling wees as wat die hersiene uitgawe van 1864 (waarna klokslag deur die kritici verwys is as „Appleyard's version”) 'n nuwe vertaling deur Appleyard was. Al die betrokke partye het nie saamgestem dat 'n nuwe vertaling noodsaaklik was nie, maar almal wat iets van Bybelvertaling geweet het, het besef dat 'n nuwe hersiening wel noodsaaklik was, en dat Bybelhersiening 'n taak is wat nooit afgehandel word nie. Daarom was Appleyard besig met Bybelhersiening terwyl daar agter sy rug geknoei is om sy werk te verdoem. Om dieselfde rede word die Afrikaanse Bybel, om nie eens te praat van die Duitse, Engelse of enige ander Bybel nie, voortdurend hersien.

Ten slotte vestig die redakteur die aandag nog op drie sake. Die eerste

¹⁹⁷⁾ Loc.cit.

hiervan is die feit dat die mededelings in die pamflet afkomstig is van sendelinge van alle genootskappe, met die uitsondering van die Wesleyaanse Sendinggenootskap, „... to whom the Committee did not, for obvious reasons, feel at liberty, at this stage, to communicate on the subject ...”¹⁹⁸⁾ Hieruit blyk dit dat hy hoegenaamd nie in staat was om 'n bevredigende rede aan te voer nie. Gevolglik het hy gebruik gemaak van die woord „obvious”, met die hoop dat sommige lesers dalk redes kan ontdek of bedink. Wat hierdie voor die hand liggende redes was, wou selfs die onverskrokke Appleyard in sy „vigorous” antwoord op die pamflet nie op skrif stel nie. Vir elkeen wat vertrou is met die plan en optrede van die kritici is die „obvious reasons” wel voor die hand liggend, naamlik dat as die Wesleyane nie uitgesluit was nie, dan sou die kritici se planne op 'n baie vroeë stadium in duie gestort het.

Tweedens het die redakteur dit nodig geag om die kwalifikasies van sewe van die outeurs van die kritiese mededelings spesiaal onder die aandag te bring, asof dit nie uit hulle geskrifte self sal blyk nie. Die sewe is almal in Kafferland gebore en een van hulle is self 'n Xhosa. Hulle het almal Xhosa van kindsbeen af gepraat en hulle werk vereis dat hulle voortdurende gesprekke deur medium van Xhosa moet voer. Hierdie feite kan nie ontken word nie, maar aan die ander kant is dit ook geen bewys dat hulle bevoegd was om op te tree as kritici en vertalers van die Bybel nie. Die blote feit dat iemand Xhosa kan praat en skryf, maak nog nie van hom 'n kenner van Xhosa nie. 'n Suksesvolle Bybelvertaler moet minstens 'n baie deeglike kennis hê van al die betrokke tale. Daarby moet so 'n persoon intellektueel op 'n baie hoë vlak staan, want Bybelvertaling vereis

198) Ibid., p.5-6.

ook algemene kennis op 'n groot verskeidenheid van kennisterreine. Dit is baie moeilik om te glo dat alle blankes, wat in Kafferland gebore is en van kindsbeen af Xhosa gepraat het, so begaafd was dat hulle bevoegde kritici en Bybelvertalers kon wees. Die geskiedenis het ons geleer dat die Martin Luthers baie yl gesaai is. Dit sal egter aan Appleyard oorge= laat word om in sy antwoord op die pamflet aan te toon of die outeurs daarvan werklik bevoegd was om hulle op die terrein van Bybelvertaling te begeef. ¹⁹⁹⁾

Laastens tref die redakteur in sy „introductory statement" 'n uiters on= billike vergelyking tussen die Engelse en Xhosavertalings van die Bybel. Van eersgenoemde sê hy „... it is a noble specimen of pure, simple idiomatic English", terwyl „... Appleyard's Version ... can only tend to corrupt, not to ennoble the Kafir language". ²⁰⁰⁾ Hoe waar of onwaar hierdie bewering is, kan lesers van Appleyard se antwoord op die pam= flet self besluit. Hier kan hoogstens die billikheid van die vergelyking be= redeneer word. In die sestigerjare van die vorige eeu was die Engelse Bybel al reeds 'n lank gevestigde standaard vertaling, terwyl die Xhosa= bybel 'n onlangse tentatiewe vertaling was. Die taal van die eersgenoemde was toe reeds een van die wêreld se rykstes ten opsigte van godsdienstige terme en fraseologie, terwyl Xhosa slegs ryk was aan woorde ten opsigte van die materiële en die werke van die duiwel. Die Engelse taal was toe reeds beliggaam in ontelbare boeke, terwyl Xhosa, met die uitsondering van 'n paar kerk- en skoolboeke en 'n aantal boeke van efemere aard, nog in die lug gesweef het. Vanuit 'n letterkundige oogpunt beskou, is dit on=

199) Kyk par 7.4.2 hieronder.

200) The Kafir Bible, p.6.

billik om die Xhosabybel met die Engelse Bybel te vergelyk.

7.4.2 Appleyard se kritici en hulle mededeling

In sy antwoord op die kritiek teen hom persoonlik en teen die Xhosabybel wat hy in 1860-'64 in Engeland hersien het, het Appleyard die mededeling in dieselfde volgorde in behandeling geneem as wat hulle in die pamflet verskyn, waar die hoofrangskikking volgens sendinggenootskappe en die subrangskikking volgens outeurs is. Dieselfde volgorde sal hier gevolg word, hoewel al die mededeling nie noodwendig behandel sal word nie, want dit sal 'n groot mate van herhaling tot gevolg hê. Waar daar in die vorige paragraaf (7.4.1) hoofsaaklik verwys is na die „introductory statement" in die pamflet met die titel The Kafir Bible ... sal daar in hierdie paragraaf hoofsaaklik verwys word na Appleyard se antwoord met die titel An apology for the Kafir Bible ... Die benaminge „Appleyard's Bible", „Appleyard's Version", „Appleyard's book" en „the book before us" in die mededeling het almal betrekking op die Xhosabybel van 1864.

Dat die redakteur van die pamflet besondere waarde geheg het aan die mededeling van Tiyo Soga blyk nie alleen uit die feit dat twee afsonderlike mededeling van hom opgeneem is nie, maar ook dat hulle eerste geplaas is. Soga was 'n Xhosa en die eerste geordende nie-blanke predikant in Suid-Afrika. Sy eerste mededeling beslaan dertien paragrawe (2½ bladsye), waarvan agt blote veralgemenings sonder enige verwysing na spesifieke foute in spesifieke tekste is. Dit begin met 'n ontkenning van enige vooroordeel teen Appleyard en „his book". As so iets nie bestaan het nie, dan is 'n ontkenning daarvan nie net misplaas nie, maar ook geheel en al oorbodig. In die volgende paar paragrawe stel hy die standpunt wat hy inge-

neem het „In looking over this translation ...”²⁰¹⁾ Sy karige verwysings en algemene opmerkings wat in die meeste gevalle van toepassing kan wees op die Bybel in enige taal, bewys baie duidelik dat hy nie veel meer gedoen het nie as „looking over this translation”. Sy bewering, byvoorbeeld, dat dit 'n inspanning is om die Xhosabybel te lees en te verstaan, geld vir enige vertaling van die Bybel. Bybelvertaling beteken nie dat die produk daarvan 'n afgewaterde populêre weergawe van die Woord van God moet wees nie. As dit vir opgevoede leke en selfs vir teoloë soms 'n probleem is om altyd die Bybel te verstaan, hoe kon Soga dan verwag dat die sendingobjekte, vir wie die Bybel in Xhosa vertaal is, dit altyd moet verstaan? Dit is tog ondenkbaar om te glo dat hy van mening was dat die Xhosabybel die werk van predikante en sendelinge oorbodig moes maak. Sy opmerking dat Appleyard se kennis van Hebreeus en Grieks hom net so min help om Xhosa soos die Xhosa te praat, as wat Sesotho iemand help om Hindi soos die Hindoes te praat, het sy kritiek voor die oë van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap en almal wat iets van Bybelvertaling weet, van alle outoriteit ontnem. Daarmee het hy bewys dat hy nie bewus was van die basiese beginsel, dat geslaagde Bybelvertaling uit die oorspronklike tale geskied nie. Hoewel sulke opmerkings liefsaagdaargelaat behoort te word, het Appleyard nie probeer, soos Soga dit stel, „... to (shoot) a fly with a canon ...”(‘cannon) nie. Hy het intendeel geduldig voortgegaan om vir Soga te wys op die noodsaaklikheid van 'n deeglike kennis van die oorspronklike tale by Bybelvertaling.²⁰²⁾ Selfs Soga se ontoepaslike vergelykings soos „cannons” en „great coats”, „flies” en „little babies” „... (which) are not witty, but illustrative,

201) The Kafir Bible, p.7.

202) Appleyard. An apology for the Kafir Bible, p.42-3.

similies ..." (! similes) het Appleyard se aandag geniet.

By sommige geleenthede het Appleyard wel hardhandiger, maar nogtans beleefd, met Soga se kritiek gehandel, soos byvoorbeeld die talle kere waar Soga neerhalend verwys het na Appleyard se kennis van Xhosa. Soga het Engels onder veel gunstiger omstandighede geleer as wat Appleyard Xhosa moes leer. Sy leermeesters sedert sy jeug was Engelssprekende sendelinge; die Engelse taal wat hy geleer het, het 'n ryk literatuur en 'n menigte taalkundige hulpmiddele in die vorm van woordeboeke en grammatikas; hy het 'n universitêre opleiding in Skotland deur medium van Engels geniet - alles dinge waarvan Appleyard ontstoke was ten opsigte van Xhosa. Nogtans was dit Appleyard en nie eerwaarde Soga nie, wat aan Xhosa sy eerste werklik wetenskaplike grammatika in 1850 gegee het. Eenhonderd-en-elf jaar later sou een van die grootste kenners van Xhosa oor hierdie grammatika sê: „No later grammar of Xhosa has been any real advance upon it, and some later writers might well have studied Appleyard's work more closely than they did".²⁰³⁾ Soga moes miskien eers die splinter uit sy eie oog gehaal het aler hy grootdoenerig verwys het na taalkundige foute in die vertalings- en hersieningswerk van Appleyard, wat in elk geval nooit geroem het op die foutloosheid van sy werk nie, maar voortdurend besig was met die hersiening van 'n „tentatiewe" Xhosabybel. Dan sou hy in 'n mededeling van 2½ klein bladsytjies, wat bedoel was om die wêreld ingestuur te word, nie sulke flaters begaan het soos die volgende voorbeelde: canon, similies, raise a smile to (in) those people, their mother-tongue is served out to them by a foreigner, (kos, klere, geskenke ens. are served out, maar nie 'n taal

203) Doke. Contributions to the history of Bantu linguistics, p.39.

nie)...²⁰⁴⁾ Nogtans het Appleyard geen begeerte gehad „... to take advantage of a small oversight ...” maar hy het tog wel die waarskuwing gerig dat „Critics ... should be cautious”.²⁰⁵⁾ In byna alle gevalle kon Appleyard egter aantoon dat die aantygings teen sy taalkennis onjuis was, soos dit uit die volgende voorbeeld blyk: Volgens Soga het Appleyard die woord „provinsie” vertaal met 'n woord wat „toon” beteken.²⁰⁶⁾ Uit sy antwoord blyk dit dat „in die provinsie” vertaal is met 'n woord wat ook beteken „in die toon”. Die Xhosawoord „ezwaneni” kan beteken „in die provinsie”, maar ook „in die toon”. Die woord staan hier egter in die datiefvorm en dit is blote grammatikale toeval, waarvoor Appleyard nie verantwoordelik gehou kan word nie, dat die datiefvorm van twee verskillende woorde dieselfde is. In die nominatief is die twee woorde „izwana” (provinsie) en „izwane” (toon).²⁰⁷⁾ Soos in byna alle gevalle het Soga hier 'n „fout” aangedui, maar nie aangetoon hoe dit verbeter moet word nie. Hy het vir Appleyard bestempel „... as a person who knows any thing (! nothing) more than the mere theory of the Kaffir language...”²⁰⁸⁾ maar sy voorbeeld van die provinsie en die toon het bewys dat hy nie eens 'n redelike „praktiese” kennis van sy moedertaal het nie. Of wou Soga maar net daardie mense wat geen kennis van die Xhosataal gehad het nie (soos byvoorbeeld die Komitee van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap) bluf? Al het hy gemeen dat Appleyard dit nooit sou waag om die

204) The Kafir Bible, p.8. Hierdie voorbeelde is almal in parr. VII en VIII gevind.

205) Appleyard, op.cit., p.57n.

206) The Kafir Bible, p.8.

207) Appleyard, op.cit., p.50.

208) The Kafir Bible, p.9.

„mass of evidence" aan die kaak te stel nie, dan moes hy nogtans daaraan gedink het dat die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap dalk die pamflet vir kommentaar kon voorlê aan sulke pioniers soos William Shaw en William Boyce.²⁰⁹⁾

Hierbo is die eerste van twee mededeling deur Tiyo Soga in oënskou geneem. Die eerste mededeling was oorspronklik 'n referaat wat tydens die Lovedalekonferensie vroeg in Januarie 1866 voorgelees is. Op daardie stadium was die 1864-Xhosabybel ongeveer agt maande in gebruik in Kaferland. Toe die oproep om getuienis teen die betrokke uitgawe van die Bybel in Julie 1866 gemaak is, het Soga hom geroepe gevoel om nog 'n hydrae te lewer, miskien omdat hy toe meer kon doen as „looking over this translation". Net soos in die eerste mededeling begin hy die tweede ook met 'n eienaardige opmerking, naamlik „... we have nothing to do with the Translator or his labours ..."²¹⁰⁾ Intussen doen hy niks anders as om beide vertaler en sy werk af te kam nie.

Op die oog af lyk dit asof daar in die tweede mededeling meer ware kritiek as algemene opmerkings is, want daar is heelwat verwysings na spesifieke tekste waarin foute sou voorkom. 'n Groot deel hiervan is egter net so niksseggend as die voorbeelde in die eerste mededeling, want hy lê nie die vinger op die foute nie. So wei hy meer as 'n halwe bladsy uit drie bladsye aan die volgende soort kritiek: „I have taken chapters here and there throughout the Bible and examined them narrowly, with the

209) Albei was voortdurend in voeling met die Bybelgenootskap en het by verskillende geleenthede opgetree as middelaars tussen die Wesleyaanse Sendinggenootskap en die Bybelgenootskap.

210) The Kafir Bible, p. 9.

following results:-

In Genesis 3rd chap. there are 24 verses, out of which I have marked 23 errors, grammatical and idiomatic. (Vrs. 1, 3, 5-7, 9-13, 16-19, 22, 24.)"²¹¹⁾ Op presies dieselfde wyse word die een hoofstuk na die ander behandel. Waar hy wel die vinger op sogenoemde foute gelê het, het Appleyard vir Soga eenvoudig ontmasker as 'n persoon wat geheel en al 'n leek is op die gebied van Bybelvertaling. Ter illustrasie hiervan word verwys na Soga se kritiek op die vertaling van Jakobus 3:6 en wel die woorde lutshisa injikelezo yemvelo waarop Soga dan opmerk: „This baffles all translation, and all interpretation! What is meant by it I don't know".²¹²⁾ Appleyard se eerste reaksie hierop was: „An honest and naive confession, but not a very creditable one to a person who professes to know any thing of the philosophy of human language".²¹³⁾ Dan gaan hy voort deur te sê dat 'n heidense Griek stellig dieselfde sou gesê het oor die Apostel se woorde, wat letterlik beteken „die wiel van oorsprong aan die brand steek". Beginnende by die Grieks toon hy dan breedvoerig stap vir stap aan hoe hy uiteindelik by die vertaling, soos dit in die Xhosabybel staan, gekom het. Dat hier 'n meester en kenner van sy vak aan die woord was, blyk daaruit dat selfs 'n leek sy antwoord verstaan. Appleyard kon natuurlik nie anders nie, want hy het 'n leek geantwoord.

Reeds in die eerste mededeling is die aantyging gemaak dat „Mr. A. takes liberties by coining words which I have never heard used by any native..." en doen dan aan die hand dat Appleyard „... (must) confine himself to

211) Ibid., p.11.

212) Loc.cit.

213) Appleyard, op.cit., p.68.

what he strictly knows of the language".²¹⁴⁾ Aangesien hy op daardie stadium geen voorbeelde kon gee nie, het hy in die tweede mededeling terugverwys na die eerste en 'n aantal voorbeelde gegee.²¹⁵⁾ Soga het waarskynlik van die standpunt uitgegaan dat alle woorde wat hy nie ken nie, gemaakte woorde is. Appleyard het egter nie alleen aangetoon dat al die betrokke woorde wel gevestigde Xhosawoorde is nie, maar selfs die betekenis van elkeen aan Soga verduidelik. Hy kon egter nie help om op te merk "... his vocabulary is smaller than it ought to be".²¹⁶⁾

Ten slotte moet die aandag gevestig word op die agtelosigheid wat Soga in sy twee mededelingte aan die dag gelê het. In sy antwoord (35 bladsye) op Soga se kritiek (5½ bladsye) het Appleyard duidelik en volledig aange=toon dat Soga nie eens oor die eerste basiese kwalifikasie vir Bybelverta=ling, naamlik 'n deeglike kennis van die taal (sy moedertaal) waarin ver=taal word, beskik nie. Hier en daar was dit ook nodig om op die magdom flaters in Soga se Engels te wys. Maar dit is met geen ander doel gedoen nie, as om vir Soga daarop te wys dat hy nie neerhalend moet verwys na "... their mother-tongue ... served out to them by a foreigner ..." nie. Dit is egter 'n paar ander agtelosighede wat hier in die gedagte is. Die eerste waarop die aandag gevestig moet word, is sy foutiewe verwysings na Bybeltekste. So het hy in sy eerste mededeling byvoorbeeld verwys na Handeling 26:1 ter illustrasie van Appleyard se ongemagtigde vryheid om nuwe woorde te smee.²¹⁷⁾ Sy foutiewe verwysing het Appleyard laat op=

214) The Kafir Bible, p.9.

215) Ibid., p.9-10.

216) Appleyard, op.cit., p.55-6.

217) The Kafir Bible, p.9.

merk: „The 'example' referred to by Mr. Soga, or which I suppose to be referred to by him, for he quotes wrongly again...”²¹⁸⁾ Dit moes wees Handeling 27:1.

Dit is verstommend dat Soga, wat 'n predikant was, in sy eerste mededeling voortdurend verwys het na die Bybel as „Appleyard's book” of „the book before us” asof dit nie die Woord van God was wat hy voor hom gehad het nie. In geen Engelse woordeboek word die woorde „Bible”, „Book”, (bedoelende die Bybel), „Scriptures” of „Holy Scriptures” ooit met klein aanvangsletters aangegee nie. Dit verbaas dat Appleyard nie vir Soga oor hierdie gebruik oor die vingers getik het nie. Hy het dit wel in 'n inleidende opmerking gestel dat sodanige verwysings betrekking het op die 1864-Xhosabybel. In die tydperk wat verloop het tussen Soga se skryf van die eerste en tweede mededeling moes iemand hom egter daarop gewys het dat 'n mens nie op so 'n wyse na die Bybel verwys nie, want dit kom nie voor in die tweede mededeling nie. Hier het hy die saak selfs na die ander kant oordryf deur selfs die woord „Translator” in die middel van 'n sin met 'n hoofletter te skryf. Dit is skynbaar as te veel moeite geag om die eerste mededeling in hierdie opsig vir die pers te korrigeer.

As dit in gedagte gehou word dat die pamflet bedoel was as 'n „mass of evidence” teen 'n „ridiculously defective” vertaling (hersiening) van die Xhosabybel, en dat dit op die tafels van Sending- en Bybelgenootskappe sou beland, dan is dit onverstaanbaar dat die subkomitee „... with instructions to have these documents printed ...”²¹⁹⁾ sulke agtelosige

218) Appleyard, op.cit., p.53.

219) The Kafir Bible, p.4.

foute kon miskyk. Enige redakteur mag hom sekerlik die vryheid toeeien om sulke foute in die manuskrip of proefblad reg te stel. Soga, wat 'n lid van die subkomitee was, was moontlik sy eie proefleser, in welke geval die redakteur onthef kan word van die blaam. Die wyse waarop daar veral in die mededeling van Soga en Chalmers gebruik gemaak is van gedagtestrepe in plaas van punte, is deur Appleyard beskryf as „... something marvellous”.²²⁰⁾

Dit is te betreur dat eerwaarde Tiyo Soga, die eerste geordende predikant uit die geledere van die Xhosavolk, so 'n vyandige houding teenoor die eerste vertaling van die hele Bybel in sy moedertaal ingeneem het. 'n Mens sou verwag dat hy die werk met blydschap en dankbaarheid moes verwelkom het, nieteenstaande die foute daarin, en dat hy toegewyd moes meewerk om dit te verbeter in plaas van te probeer om dit af te kam en onder verdenking te plaas. 'n Mens is veral teleurgesteld oor die onvriendelike en verkleinerende toon van sy kritiek, want verskillende pioniersendelinge het opgemerk dat die Xhosas (en ander Bantoevolke) 'n blanke vriendelik reghelp as dié hulle taal foutief praat of skryf.²²¹⁾ Sy houding verleen steun aan Appleyard se bewering dat die optrede van die konferensie van sendelinge 'n „party affair”²²²⁾ was. Hierdie houding wat lynreg teenoor die houding van die Xhosavolk in die algemeen staan, skep die indruk dat hy deur blanke sendelinge geïntimideer was, en dat sy opmerking oor die betrokke Bybel, naamlik „... that it never will stand - as a Kaffir Bible”²²³⁾ geforseer was. Die geskiedenis van die Xhosabybel het dan

220) Appleyard, op.cit., p.77n.

221) Shaw. The story of my mission, p.536.

222) Appleyard, op.cit., p.30.

223) The Kafir Bible, p.7.

ook bewys dat hierdie opmerking geen profetiese blik was nie, want in 1884 het die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap 'n bestelling van tien=duisend Nuwe Testamente en tweeduisend Bybels „... of Appleyard's version"²²⁴⁾ uitgevoer. In 1885 moes die Oos-Londense tak van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap erken dat „The Kafirs here prefer the old version ..."²²⁵⁾ (dit is die Appleyard-hersiening). „To this very day, this (Appleyard's) version holds an undisputed place in the affections of the great majority of Xhosa Christians".²²⁶⁾

Die feit dat die 1864-Xhosabybel die toets van die tyd deurstaan het, is in werklikheid genoegsame bewys dat die aantygings daarteen ongegrond was. Appleyard kon dit natuurlik nie vooruit sien nie en moes geduldig op al die aantygings antwoord.

Daar is redelik lank stilgestaan by die mededeling van Tiyo Soga, en wel omdat die konferensie van sendelinge hom as hulle vernaamste woord=voerder oor die saak beskou het. Die mededeling van die ander kritici bevat in werklikheid niks wat nie reeds deur Soga ge-opper is nie. Die sogenoemde foute waarop hulle gewys het, kan opgesom word onder die hoofde: ongrammatikaal, nie idiomaties, woorde wat nie Xhosawoorde is nie, en woorde wat nie in hulle regte betekenis gebruik is nie.

Die volgende mededeling in die pamflet is van die sendeling J.A. Chalmers, wat net soos Soga 'n lid van die „United Presbyterian Church" was. Hy het sy mededeling ingelui deur 'n rede te verstrek waarom hy hom be=

224) B.F.B.S., 1884:179.

225) Ibid., 1886:177.

226) Hewson. Introduction to S.A. Methodists, p.65.

voegd geag het om die betrokke vertaling te kritiseer. „I have been always under the impression, that as I was born in this country (Kaffirland), and acquired the Kaffir language in youth, that I could both read it fluently and understand it.”²²⁷⁾ As dit genoegsame rede is, dan kan minstens alle opgevoede leke hulle op die terrein van Bybelvertaling waag. Die grootste deel van sy mededeling word in beslag geneem deur 'n woordelike vertaling van I Samuel 3 uit Xhosa in „Engels”, waardeur hy die betrokke Xhosabybel foutief en belaglik probeer voorstel het. Oor sy metode bestaan daar beslis bedenkinge, maar Appleyard het nie daarom minder aandag aan sy besware geskenk nie. Chalmers se vertaling in „Engels” van I Samuel 3:1 en 2 en 'n gedeelte van vers 3 sien soos volg daaruit:

„Now a young man, Samuel, did serve Jehovah, in the face of Eli. The word of God did fetch a high price in those few days; there was not a vision that was open. It so happened at that time, while Eli was lain down in his place, when his eyes began to be indistinct that he found it difficult to see, while the candle of God was not yet put out ...”²²⁸⁾

Appleyard se vertaling van die bostaande Skrifgedeelte in „... something like good English” sien soos volg daaruit:

„Now the lad Samuel served Jehovah in the presence of Eli. The word of Jehovah was precious in those days; there was no open vision. It came to pass at that time, when Eli had lain down in his place, when his eyes began to be dim, that he could not see, the lamp of God not being yet extinguished ...”²²⁹⁾

Die betrokke gedeelte in die Afrikaanse Bybel (1962) lees soos volg:

227) The Kafir Bible, p.12.

228) Ibid., p.13. My kursivering.

229) Appleyard, op.cit., p.81. My kursivering.

„En die seun Samuel het die HERE gedien voor Eli, en die woord van die HERE was skaars in die dae: gesigte was daar nie baie nie. In dié tyd dan, terwyl Eli op sy plek lê en slaap - sy oë het al begin swak word, sodat hy nie kon sien nie - toe die lamp van God nog nie doodgegaan het nie ...”²³⁰⁾

Chalmers het die Xhosawoord „umfana” vertaal met „a young man” en vir Appleyard daarop gewys dat Samuel op daardie tydstip „a mere child” was.²³¹⁾ Uit die verband waarin die teks gelees moet word, en met verwysing na die Hebreeus en die Latynse Vulgaat, het Appleyard aangetoon dat Samuel toe in sy tienderjare was.²³²⁾ Die enigste woord waarmee „tienderjarige seun” in Xhosa vertaal kan word, is „umfana”. Chalmers se vertaling „did fetch a high price”, is in die betrokke verband vergesog. Die Xhosawoorde „Laye linqabile” kan wel in sekere verbande vertaal word met „was high-priced” of „was costly”, maar sulke betekenis se moet uitgesluit word omdat die Woord van God nie 'n handelsartikel was nie. Net so kan „Isibane” nie vertaal word met „candle” nie, omdat kerse nie in die Tabernakel gebruik is nie. Hoewel die Xhosas 'n kers „Isibane” noem, is dit 'n algemene en nie 'n spesifieke term nie. Dit beteken enige voorwerp wat lig gee.²³³⁾

Hierdie paar voorbeelde dui genoegsaam aan dat Chalmers se kennis van Hebreeus, die kultuurhistoriese agtergrond van die Bybel, en die Xhosa-taal nie voldoende was om hom met gesag op die gebied van Bybelvertaling te laat geld nie. Hierteenoor toon Appleyard se vertaling en die Afri-

230) My kursivering

231) The Kafir Bible, p.14.

232) Appleyard, op.cit., p.88.

233) Ibid., p.82.

kaanse teks 'n merkwaardige ooreenkoms wat slegs toegeskryf kan word aan die feit dat die Xhosa- en Afrikaanse Bybel uit die oorspronklike tale vertaal is.

Die volgende groep mededeling in die pamflet is van ses sendelinge van die Anglikaanse kerk, of soos dit in die pamflet genoem word „Episcopal Church". Hierdie Kerk het sy eerste sendingstasie in Kafferland in 1854 gestig, en gedurende die eerste aantal jare was die vordering op die gebied van sendingwerk stadig.²³⁴⁾ In 1866 was nie een van hierdie ses sendelinge Xhosa sodanig magtig dat hulle die gehalte van die vertaling van die 1864-Xhosabybel kon beoordeel nie. Gevolglik sal daar net kortliks op hulle outoriteit gelet word.

Die eerste mededeling in hierdie groep is van W. Greenstock wat 'n hele aantal foute aandui en selfs verbeteringe voorstel, waarvoor hy „... native authority" het.²³⁵⁾ Hieruit blyk dit dat sy metode niks anders as die volgende kon wees nie: hy noem vir sy „native authority" 'n woord of 'n frase en versoek hom dan om dit in ander woorde uit te druk. Feitlik keer op keer was die resultaat van sy metode 'n verdraaiing van die Woord van God.²³⁶⁾ Die outoriteit van die „intelligent native" wat sy „native authority" was, blyk uit 'n briefie van hierdie Xhosa, wat deur Greenstock as 'n aanhangsel by sy mededeling gevoeg is. In die briefie gee die Xhosa hoofsaaklik 'n vergelyking tussen die verskillende drukke van die Nuwe Testament in Xhosa. Volgens hom was die eerste druk van Mount

234) Du Plessis. A history of Christian Missions in S.A., p.354.

235) The Kafir Bible, p.15.

236) Appleyard, op.cit., p.95-9.

Coke nie heeltemal reg nie. Die tweede druk van Mount Coke was 'n bietjie beter, terwyl die derde druk van Mount Coke, wat in Engeland gedruk is, nog beter was. Die vierde druk (die sogenaamde Appleyard's version) vind hy egter heeltemal onbevredigend.²³⁷⁾ Hierdie paar eenvoudige opmerkings van die intelligente Xhosa het hom in meer as een slagvat laat beland. Daar was net een Mount Coke-druk van die Nuwe Testament, naamlik die tweede druk. Die eerste druk is deels by Fort Peddie en deels by Newtondale gedruk. 'n Blik op die titelbladsy sou hom reggehelp het. Dat die tweede druk 'n bietjie beter was as die eerste moes vir Appleyard onder die omstandighede nogal vleierend gewees het, want hy was die hersiener. Sy opmerking dat die derde druk nog beter was, is die bewys dat hy geen moeite gedoen het om dit te ondersoek nie, want dit was 'n onveranderde herdruk van die tweede druk. Appleyard kan nie verkwalik word dat hy by die lees van sulke onsin besluit het "... (to) leave 'his views' with those in whose interest they have been written, and who have 'here presented' them as part of that 'mass of evidence' which 'justifies, they think, the conclusion that a new version is imperatively required'".²³⁸⁾

Die mededeling van die ander vyf sendelinge van die Anglikaanse Kerk beslaan skaars een en 'n halwe bladsy. Nie een van hulle kon 'n spesifieke fout in die betrokke Bybel aandui nie, want nie een van hulle was Xhosa magtig nie. Almal het hulle opinies gegrond op die getuienisse van Xhosas. Eerwaarde T.W. Green het selfs gaan lig soek by die "native servant-woman" van mnr. C. Brownlee "... and was told by her that it (die

237) The Kafir Bible, p.21.

238) Appleyard, op.cit., p.106.

Xhosabybel) was not correct ...²³⁹⁾ Sy twaalfrelige mededeling is egter as onmisbaar vir die „mass of evidence" beskou.

Die volgende twee mededeling is van sendelinge van die Londense Sendinggenootskap en beslaan byna een bladsy. Eerwaarde Richard Birt wou geen kritiek lewer nie en het dit oorgelaat aan daardie broeders „... who use the language almost as their vernacular tongue ..."²⁴⁰⁾ Hy het dit ook betreur dat Appleyard nie gepoog het om die samewerking te verkry van daardie sendelinge wat in Kafferland gebore en in Skotland opgelei is nie.²⁴¹⁾ Birt het hopelik ná hierdie onsinnige opmerking verneem van die deurskote kopieë van die Nuwe Testament wat Appleyard uitgestuur het. Sy kollega Thos. Brockway het sy sewerelike mededeling afgesluit met die opmerking: „But better qualified men than I will furnish illustration ad libitum".²⁴²⁾

Die vierde groep mededeling in die pamflet is van sendelinge van die Berlynse Sendinggenootskap. Eerwaarde W. Rein het 'n stuk of ses grammatikale foute aangedui waarop Appleyard in sy antwoord redelik breedvoerig ingegaan en aangetoon het dat Rein nog nie goed vertrou is met die gebruike van die Xhosataal nie, en dat hy geen besef het van sommige aspekte van Bybelvertaling nie.²⁴³⁾ Die ander twee mededeling in hierdie groep is van Döhne en Kropf, wat albei gehelp het met die vertaling van die Bybel in Xhosa. Hulle het nie na enige foute in die hersiene druk

239) The Kafir Bible, p.23.

240) Loc.cit.

241) Loc.cit.

242) Ibid., p.24.

243) Appleyard, op.cit., p.111-6.

verwys nie, en in hoofsaak het hulle dieselfde siening as Appleyard, naamlik dat 'n verdere hersiening noodsaaklik is. Dit is juis waarmee Appleyard besig was toe die pamflet verskyn het. Sommige van hulle opmerkings kon werklik nie vir die konferensie van sendelinge vleitend ge= wees het nie. In verband met opinies oor 'n vertaling het Döhne byvoor= beeld opgemerk: „... in passing an opinion on a Translation, it is not suf= ficient to express simply a dissent or disapproval. Such dictum cannot claim to be heard, where reasons must be put against reasons, evidence against evidence.”²⁴⁴⁾

Ook die drie sendelinge van die Morawiese Broederkerk het hulle nie aan kritiek gewaag nie. Eerwaarde J.H. Hartmann het wel 'n lewendige belang= stelling in die saak, dog hy is nog maar 'n beginner in die Xhosataal. Sy kollega, eerwaarde H. Meyer, is ook nog nie baie tuis in die Xhosataal nie, daarom gebruik hy sy Duitse Bybel om homself voor te berei vir die Bybelklasbyeenkomste. Sy groot beswaar teen die Xhosabybel is dat die Xhosas dit nie verstaan nie, totdat hy dit aan hulle verduidelik het. 'n Mens wonder of hy dan verwag het dat die Xhosas slimmer moes wees as hyself. Die ander Morawiër, T. Reichelt, was destyds maar nog twee jaar in die land en kon nog nie 'n oordeel oor die Xhosabybel vel nie.²⁴⁵⁾

Die sesde groep mededeling is van daardie Skotse sendelinge wat lede was van die „Free Church of Scotland”. Die eerste mededeling is van eer= waarde James Laing, die sekretaris van daardie komitee aan wie die kri= tici hulle mededeling moes rig. Hy het wel na vyf tekste verwys waarin

244) The Kafir Bible, p.25.

245) Ibid., p.27-9.

foute voorkom, en het selfs verbeteringe voorgestel. Dit was egter nie sy eie werk nie, maar dié van „competent witnesses”, wat óf intelligente Xhosas, óf blankes was wat Xhosa sedert hulle jeug gepraat het. Ten opsigte van die belangrike vereiste by Bybelvertaling, naamlik sy kennis van Xhosa, het hy bely „... that that knowledge is far from being perfect ...”²⁴⁶⁾ Sy kennis van die grondtale van die Bybel kon ook nie volmaak gewees het nie, want Appleyard het aangetoon dat sy voorgestelde veranderinge nie soseer 'n verbetering van die Xhosa as van die oorspronklike tale was nie.²⁴⁷⁾

Die mededeling van John Bennie, die oudste Xhosastudent en Bybelvertaler in Kafferland, is niks anders nie as 'n mooi getuigskrif vir Appleyard. Dit kom eintlik misplaas voor tussen die ander mededeling waarin Appleyard en sy werk byna sonder uitsondering afgekam word.

Die volgende mededeling is van eerwaarde Bryce Ross wat die etiket „a sad failure” aan die 1864-Xhosabybel gehang het. Een opmerking van Ross is voldoende rede om geen verdere aandag aan sy mededeling te gee nie: „... Appleyard does not understand the Caffre Article ...”²⁴⁸⁾ Appleyard het toegegee dat hy dit nie verstaan nie, en wel om die eenvoudige rede dat hy dit nog nooit kon vind nie. „... the Kafir language does not possess any part of speech that can be called an Article ... What Mr. Ross chooses to call 'the Kafir Article' we cannot even divine.”²⁴⁹⁾

246) Ibid., p.29-30.

247) Appleyard, op.cit., p.123-7.

248) The Kafir Bible, p.33.

249) Appleyard, op.cit., p.139.

Die sendeling Richard Ross het beswaar gemaak teen die inkonsekwensie in die vertaling. In een van sy vyf voorbeelde het hy aangetoon dat die werkwoord „try” of „to try” met 'n aantal verskillende woorde weergegee is.²⁵⁰⁾ In antwoord hierop het Appleyard die Nederlandse vertaling verskaf van die drie tekste wat Ross as bewyse vir sy bewering aangehaal het, te wete Klaagliedere 3:40, Psalm 26:2 en Psalm 66:10. Die ooreenstemmende Nederlandse woorde vir die Engelse woord „try” in die genoemde tekste is „onderzoeken”, „toetsen” en „louteren”. In die Xhosa=bybel is twee verskillende woorde vir die betrokke Engelse woord gebruik. In die Hebreeuse Bybel, waaruit vertaal is, word ook twee woorde teenoor die een in Engels gebruik. As Ross konsekwent wou handel, moes hy ook die Hebreeuse teks van inkonsekwensie beskuldig het. Al sy voorbeelde van inkonsekwensie bewys bloot dat as daar na 'n rede gesoek word om Appleyard se vertaling af te kam, dan is enige soort logika goed genoeg.²⁵¹⁾

Die laaste mededeling van die Skotse sendelinge is dié van John Bennie jr. Hy was nie 'n sendeling nie, maar 'n sendingonderwyser te Lovedale. Die redakteur van die pamflet moes sy mededeling dus eintlik by die volgende groep onder die opskrif „Laymen not missionaries” geplaas het. Dit verbaas daarom ook nie dat die verbeterde vertalings wat hy voorgestel het, niks anders is as verbeterings van die oorspronklike teks nie. So het hy byvoorbeeld verwag dat Lukas in verband met Jairus se dogtertjie moes sê: „She was lying down about to die”. In die Grieks word nie vermeld of sy gelê of gesit het nie, bloot dat sy sterwend was. Dit lê nie op die

250) The Kafir Bible, p.34.

251) Appleyard, op.cit., p.139-42.

weg van 'n Bybelvertaler nie om agtienhonderd jaar ná die gebeurtenis te probeer vasstel in watter posisie sy sterwend was. Hy moet bloot vertaal wat voor hom staan.²⁵²⁾

Die volgende drie mededeling is van „leke wat nie sendelinge is nie“, te wete die here Laing (geneesheer) en Brownlee en Warner (staatsamptenare). Hulle mededeling steek kwalitatief en kwantitatief glad nie sleg af by die meeste van die voorafgaande mededeling nie,²⁵³⁾ maar oor so 'n gespesialiseerde onderwerp soos Bybelvertaling kan 'n mens kwalik enige geldige getuienisse teen die Xhosabybel van hulle verwag. Laing wou byvoorbeeld van Appleyard weet waarom hy twee verskillende werk=woorde in Genesis 1:1 en Exodus 20:11 („geskape“ en „gemaak“) gebruik het. Hy kon vanselfsprekend nie die Hebreeuse teks raadpleeg om te sien dat daarin twee verskillende woorde gebruik word nie. Enige lid van die konferensie van sendelinge, wat 'n werkskennis van Hebreeus gehad het, sou ook vir hom die inligting verskaf, maar dan sou dit ten koste van 'n hele paar bladsye van die „mass of evidence“ wees.

Met die „Notices of short communications from Missionaries and others“ aan die einde van die pamflet²⁵⁴⁾ kon die redaksie niks anders bereik het nie, as om hulle „saak“ in die oë van die wêreld belaglik te maak. Dit het nie eens daartoe bygedra om die „mass of evidence“ fisies te vergroot nie, want dit beslaan net meer as 'n halwe bladsy. Hierin word die name van agt persone genoem, waarvan sewe sendelinge en een 'n winkelier was.

252) Ibid., p.149; The Kafir Bible, p.36.

253) Dit maak bykans sewe bladsye van die „mass of evidence“ uit.

254) The Kafir Bible, p.44.

Dit blyk selfs dat sommige van hierdie „short communications" nie eens geskryf was nie. Die sendelinge Murray en Slater het hulleself nie bevoegd geag om 'n opinie oor die saak te gee nie, omdat hulle nie Xhosa ken nie. Van eerwaarde Brownlee word bloot gesê: „... (he) has not expressed his views in writing".²⁵⁵⁾ Hy het dus nie gereageer op die omzendbrief nie! John Ross het dit onnodig geag om 'n mededeling te maak omdat almal geweet het dat hy ontevrede is met die betrokke vertaling. Die kleurlingsendeling James Read het gehoor dat daar foute in die vertaling voorkom. Eerwaarde Edwards se kennis van Bantoetale is beperk tot Tswana en Sotho, maar hy het probeer om by intelligente Xhosas uit te vind wat hulle beswaar teen die betrokke vertaling was. Aangesien hy nie hulle taal verstaan het nie, „... they were not able to explain to me their views ..."²⁵⁶⁾ Die winkelier, mnr. John McGregor was bewus dat daar baie foute in die vertaling is, maar sy besigheid het vir hom geen tyd gelaat „... to particularize them".²⁵⁷⁾

As die konferensie van sendelinge of sy subkomitee, wat belas was met die publikasie van die mededeling, van mening was dat die bostaande „short communications" selfs die geringste steun verleen het aan hulle oordeel oor die Xhosabybel, dan het hulle 'n uiters liberale siening gehad van wat die aard van getuienis behoort te wees. Die insluiting van hierdie sowel as baie van die ander mededeling skep die indruk dat „opinie" en „bewys" vir hulle sinonieme terme was. Met betrekking tot „opinie" per se moes hulle siening ook baie liberaal gewees het, want as 'n persoon nie self 'n opinie kon gee nie, dan was dit vir hom genoegsaam om te meld

255) Loc. cit.

256) Loc. cit.

257) Loc. cit.

dat hy gehoor het dat iemand anders so 'n mening gelug het.

Hierbo is opsommenderwys ingegaan op die polemieks oor die sogenaamde „Appleyard's Kafir Bible". Hieruit het een saak baie duidelik geword: Appleyard was sy kollegas en sy tyd in Suid-Afrika, ten opsigte van die beginsels en metodologie van Bybelvertaling, ver vooruit. Die enkele skrywers van mededeling wat hier en daar 'n verbetering voorgestel het, het uit die sogenaamde „English Authorised Version" vertaal. Daarmee kon hulle nie verwag het om die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap te beïnvloed nie, want hierdie Genootskap het dit as 'n vereiste gestel dat alle vertalings, wat met hulle steun gedoen word, uit die oorspronklike tale moes wees.

Die bedoeling was hier nie om die skrywers van die mededeling en hulle optrede voor die publikasie van die pamflet te verkleiner nie. Nieteenstaande venynige en verkleinerende aantygings teen hom nie, het Appleyard nooit sy humeur verloor of hom skuldig gemaak aan woorde of dade wat sy waardigheid kon aantas nie. Nogtans het hy sy kritici op so 'n wyse ontmasker dat nie een dit ooit gewaag het om te antwoord op sy An apology for the Kafir Bible nie.

7.4.3 Die hersiening van Appleyard se hersiening van die Xhosabybel

Na die publikasie van sy verpletterende antwoord op die pamflet het Appleyard nie selfvoldaan teruggesit en alleen voortgegaan met die Bybelher-siening nie. Hy het onmiddellik die inisiatief geneem en nogeens probeer om die samewerking van die sendelinge van ander genootskappe te verkry.²⁵⁸⁾

258) Smith. Memoir of the Rev. J.W. Appleyard, p.90-1.

Hierdie keer het dit uitgeloop op die benoeming van 'n Raad van Hersieners bestaande uit ses sendelinge en een leek.²⁵⁹⁾ Van die prominentste figure op hierdie raad was Appleyard, Soga, Kropf, Bryce Ross, J.A. Chalmers en Charles Brownlee. Die raad sou 'n paar keer per jaar vir periodes van tien tot veertien dae vergader, waartydens die lede saam sou werk vir nege of tien uur per dag.²⁶⁰⁾

Die raad het sy eerste sitting in April 1869 en 'n volgende in Julie gehad. Aan die einde van die Julie-sitting het Appleyard aan die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap gerapporteer dat die hersiening van Mattheüs voltooi is. Hy het ook die wens uitgespreek dat hierdie Boek gedruk en in sirkulasie geplaas moet word ten einde vas te stel hoe aanvaarbaar die veranderinge daarin is. Vir hierdie doel het die Bybelgenootskap dertig rand bewillig.²⁶¹⁾ Die verwagting was ook dat Markus tydens 'n sitting in November voltooi sou wees.

Aanvanklik was die vordering ongeveer twee Boeke van die Nuwe Testament per jaar. In 1870 is 'n tentatiewe uitgawe van Mattheüs vir die Raad van Hersieners by Mount Coke gedruk, terwyl Lukas en Johannes hersien is.²⁶²⁾ Gedurende die volgende jaar is Tiyo Soga oorlede. Die hersieners het hulle tempo van twee Boeke per jaar gehandhaaf deurdat die hersiening van Handeling en Romeine voltooi is. Intussen is berig dat die hersiene uitgawe van Mattheüs kritiek uitgelok het. Die druk van 'n dergelike uit=

259) B.F.B.S., 1869:284-5.

260) Shepherd. Lovedale and literature for the Bantu, p.8.

261) B.F.B.S., 1870:257.

262) Ibid., 1871:300.

gawe van Handelingte is in die vooruitsig gestel, en met die oog daarop het die Bybelgenootskap papier en bindmateriaal na Mount Coke gestuur.²⁶³⁾ In 1872 is die Sendbriewe tot by Kolossense hersien, maar in sy rapport aan die Bybelgenootskap het Appleyard die noodsaaklikheid van vinniger hersiening benadruk aangesien die Nuwe Testament uit druk was.²⁶⁴⁾ Gedurende die volgende jaar was die vordering dan ook sodanig dat die hersiening van die Nuwe Testament voltooi is. Voorheen was dit om die een of ander onbekende rede die algemene opvatting dat Appleyard oorlede is voor die voltooiing van die hersiening van die Nuwe Testament. So beweer Walker dat beide Soga en Appleyard „... died before much had been done in revising”.²⁶⁵⁾ Volgens Shepherd is albei hierdie sendelinge oorlede „... while the New Testament was being revised”.²⁶⁶⁾ Ook Van der Poll het beweer: „Ongelukkig is A. (ppleyard) en Soga beide oorlede onderwyl die hersiening van die Nuwe Testament nog aan die gang was”.²⁶⁷⁾ In die 1874 rapport van die Bybelgenootskap (wat betrekking het op 1873) word egter berig dat „The only intelligence received from the Rev. J.W. Appleyard has reference to the revision of the Kafir New Testament, which has now been completed”.²⁶⁸⁾ Die feit dat die druk van die hersiene Nuwe Testament eers in 1875, een jaar na Appleyard se dood, voltooi is, kan moontlik verantwoordelik wees vir hierdie foutiewe inligting.

263) Ibid., 1872:280.

264) Ibid., 1873:325.

265) Walker, op.cit., p.118.

266) Shepherd, op.cit., p.8.

267) S.A.B.W., p.20.

268) B.F.B.S., 1874:216.

Met die oog op die druk van die Nuwe Testament het die Bybelgenootskap 'n hoeveelheid papier en bindmateriaal aan die Wesleyaanse sendingpers te Mount Coke geskenk.²⁶⁹⁾ Vroeg in 1875 het die Wesleyane 'n nuwe drukpers uit Engeland ontvang om hulle drukpers wat sedert 1833 in gebruik was te vervang. Die nuwe pers is dadelik geïnstalleer en in dieselfde jaar is 'n oplaag van vyftuisend eksemplare van die hersiene Khosa-Nuwe Testament daarop gedruk.²⁷⁰⁾ Hierdie was die eerste, maar ook die laaste groot drukwerk wat op die nuwe Wesleyaanse sendingpers gedruk is.

Na die dood van Appleyard in 1874 het eerwaarde W. Holford, superintendent van die Wesleyaanse sendingpers, hom opgevolg as verteenwoordiger van sy Sendinggenootskap op die Raad van Hersieners. In 1887 is die hersiening van die hele Bybel voltooi, maar dit het nie die einde van die genoemde „Appleyard's version" beteken nie. In 1878 is sy uitgawe in Londen herdruk onder die toesig van eerwaarde W.J. Davis, 'n afgetrede Wesleyaanse sendeling in Kafferland. Twee-en-'n-halfduisend eksemplare van hierdie oplaag is dadelik na Kafferland versend.²⁷¹⁾ Skaars ses jaar later moes die Bybelgenootskap weer tienduiseNd Nuwe Testamente en tweeduiseNd volledige Bybels van sy hersiening laat druk.²⁷²⁾ Vir diegene wat die hersiening van die Raad van Hersieners verkies het, is in dieselfde jaar 'n oplaag van slegs vierduiseNd Nuwe Testamente gedruk.

269) Loc.cit.

270) Minutes of the annual District Meeting, Report of the printing establishment, 1875.

271) B.F.B.S., 1879:130.

272) Ibid., 1884:179.

7.5 Die verdere geskiedenis van die Wesleyaanse sendingpers

Met die voorafgaande oorsig oor die hersiening van die Xhosabybel is daar reeds gekom tot by die einde van die tydperk onder behandeling (1875). Hierbo is reeds aangetoon dat die druk van die hersiene Nuwe Testament die eerste maar ook die laaste groot drukwerk van die Wesleyane se nuwe pers was. In hierdie paragraaf sal die lotgevalle van hierdie pers sedert 1875 kortliks nagespeur word.

Nadat die pers meer as twintig jaar lank by Mount Coke was, is dit in 1876 na Grahamstad verskuif, waar die werksaamhede normaal voortgegaan het. In 1878 het die aanvraag na drukwerk sterk afgeneem as gevolg van die droogte en depressie.²⁷³⁾ Aangesien die instandhouding van die pers in Grahamstad 'n groot subsidie van die Sendingkomitee vereis het, is in 1880 besluit om die pers as een van die industriële afdelings van die Clarkebury-Institution daarheen te verskuif.²⁷⁴⁾ Hierdie besluit het die einde van die bestaan van 'n Wesleyaanse sendingpers in Kafferland beteken, want voortaan sou die staat dit met die oog op die opleiding van vakleerlinge in die drukkuns, in stand hou. So 'n pers kon wel nog voorsien in sulke behoeftes van die sending soos skryfbehoeftes (opgawevorms, lidmaatskapkaarte, registers, ens.) en enige kleiner drukwerk. Groter drukwerk soos boeke "... can be as efficiently and much economically done by stereotyping it in England".²⁷⁵⁾ Die sendelinge het trouens al

273) Minutes of the annual District Meeting, Report of the printing establishment, 1878.

274) Minutes of the general meeting of chairmen and representatives of the five South African Districts, 1880:22-3.

275) Loc.cit.

so vroeg as 1873 Xhosaspelboeke en -kategismusse in Engeland laat ste-
reotiep „... to reduce the labour and expence of the printing Office in
this country”.²⁷⁶⁾

Daar is egter nooit uitvoering aan die besluit van 1880 gegee nie, en se-
dert daardie jaar het die Wesleyaanse sendingpers opgehou om te bestaan.
In 1883 het die Konferensie van die Wesleyaanse Metodiste Kerk van Suid-
Afrika die kwessie van die pers na die Distrikskomitee verwys om by die
volgende konferensie te rapporteer oor die wenslikheid van die heroprig-
ting van die sendingpers soos dit vroeër bestaan het.²⁷⁷⁾ Tydens die vol-
gende jaar se konferensie is die saak na 'n kommissie verwys om die hele
kwessie van 'n drukpers te ondersoek.²⁷⁸⁾ In 1885 is die saak nogmaals
na 'n kommissie verwys, maar hierdie keer na die „Committee on Con-
nexional Affairs”.²⁷⁹⁾ Hierdie komitee het aanbeveel, en die konferensie
het besluit, dat die heroprigting van die pers baie wenslik is, maar dat dit
weens die ekonomiese toestande in die land op daardie stadium nie gedoen
kan word nie.²⁸⁰⁾ In 1887 is 'n subkomitee benoem om ondersoek in te
stel oor die finansiële implikasies van die heroprigting van die pers. In-
ligting moes ook verkry word oor die waarde van die bestaande pers wat
ongebruik in Grahamstad staan, die koste verbonde aan die heroprigting
van die bestaande pers, en die geskikste plek vir die heroprigting van die

276) Ibid., 1873:10.

277) Minutes of the conference of the Wesleyan Methodist Church of S.A.,
1883:42.

278) Ibid., 1884:52.

279) Ibid., 1885:76.

280) Ibid., 1886:82.

pers.²⁸¹⁾ Volgens 'n waardasie wat reeds in 1880 gemaak is, was die pers R1500 werd. Die konferensie van 1888 het besluit om die pers te verkoop, en met die oog hierop is nogeens 'n komitee benoem om die transaksie te behartig.²⁸²⁾ Hoewel hierdie beroemde sendingpers reeds in 1880 tot stilstand gekom het, is die slothoofstuk daarvan in 1889 geskryf toe die konferensie van die Metodiste Kerk 'n mosie van dank aan mnr. A.S. Coates van Grahamstad aanvaar het vir sy dienste in verband met die verkoop van die sendingpers.

281) Ibid., 1887:214.

282) Ibid., 1888:98.

8 DIE ONTSTAAN VAN 'N TSWANALITERATUUR

Hierbo is in verband met die Griekwastadse pers¹⁾ verwys na 'n Tswana-spelboekie wat in 1819 op daardie pers gedruk is, en wat tans nog beskou moet word as die oudste drukwerk in Tswana. Eers vanaf die vroeë der-tigerjare van die 19e eeu sou 'n aansienlike stroom Tswanaliteratuur beskikbaar gestel word, en wel deur die sendingperse van die Wesleyaanse Betsjoeanasending en Robert Moffat van die Londense Sendinggenootskap.

8.1 Die drukpers van die Wesleyaanse Betsjoeanasending

Aan die begin van hoofstuk sewe is die ontstaan van die Wesleyaanse Sending in Suid-Afrika geskets. Die sendingstasie Leliefontein in Klein-Namakwaland is in 1816 deur eerwaarde Barnabas Shaw gestig. 'n Paar jaar later het die sendeling Samuel Broadbent hom by Shaw gevoeg en 'n deeglike kennis van Hollands opgedoen.²⁾ In 1821 het Broadbent opdrag van die Sendingkomitee van sy Genootskap gekry om 'n sendingaksie onder die Barolong te begin.³⁾

Die Barolong is een van die stamme van die Tswanavolk en is vernoem na Morolong, die grondlegger van die stam. Teen omstreeks die jaar 1400 het hierdie stam vanaf Sentraal-Afrika suidwaarts begin migreer en na

1) Kyk hoofstuk vyf, par.5.2.

2) Die sendingobjekte was Namaquas en die voertaal (Hottentots)-Hollands.

3) Du Plessis. A history of Christian Missions in S.A., p.176; Venter. Die rol wat die Engelse Kerke gespeel het ..., p.392.

ongeveer 'n eeu die Moloporivier bereik. Omstreeks 1740 het die destydse opperhoof Tau sy hoofstad by Taungs aan die Hartsrivier gebou. Na sy dood het die Barolongstam opgebreek in 'n aantal groepe, elk onder beheer van 'n seun van Tau. Die splinterstamme wat so ontstaan het, het die naam van die betrokke opperhoof aangeneem. So het die Seleka-, Ratlou, Tshidi- en Rapulanastam ontstaan.

As gevolg van die aanvalle van die Korannas, die Batlapin en die Batau het die bogenoemde Barolongstamme hulle tuiste by Taungs verlaat en hulle by Setlagole gevestig. Hier het die Selekastam die ander verlaat en 'n aantal jare lank in die omgewing van Thabeng (Buisfontein) ten noordweste van die Vaalrivier rondgeswerf. Intussen het die ander Barolongstamme na Lotlhakane verhuis waar die Selekastam in 1785 weer by hulle aangesluit het. Hier is Seleka opgevolg deur sy seun Mpolokang, wat beter bekend was as Koikoi. Laasgenoemde is opgevolg deur Moroka I, in wie se tyd die Selekastam hulle weereens by Thabeng gevestig het. Hier is Moroka opgevolg deur sy seun Mokgosi wat op sy beurt in 1805 opgevolg is deur sy broer Sefunelo. In 1823 is Sefunelo deur die Batlokwa of Mantatees by Thabeng aangeval. Tydens sy suidooswaartse vlug het hy in aanraking met die Wesleyaanse sendelinge gekom.⁴⁾

8.1.1 Die soektog na die Barolongstam

In 1821 het eerwaarde Broadbent en sy vrou hulle reis noordwaarts begin om die Barolongstam, waar hy 'n sendingaksie moes begin, te soek. Op sy

4) Die bostaande inligting oor die Barolong is hoofsaaklik verkry uit Venter, op.cit., p.391-2.

reis het hy egter ernstige inwendige beserings opgedoen.⁵⁾ Intussen het eerwaarde Stephen Kay Kaapstad in Februarie 1821 verlaat om hom by Broadbent te voeg. Aangesien hy voor Broadbent by Griekwastad aangekom het, het hy en die Goewermentsagent, Melville, 'n reis na die Noor=de onderneem. Hulle het gevind dat die streek in 'n staat van onrus was as gevolg van die aktiwiteite van die Matabele en die Mantatees.⁶⁾ Verskeie Tswanahoofmanne wou egter graag 'n sendeling hê, "... because he brings peace".⁷⁾

Vroeg in 1822 het Broadbent Griekwastad bereik waar hy hom aansluit het by Kay.⁸⁾ As gevolg van sy ongeluk was hy te siek om verder te reis. Die dood van hulle babaseuntjie en die ongunstige rapport van Kay oor toestande in die noorde, asook die feit dat hy nie herstel het van die ongeluk nie, het hom laat besluit om die soektog na die Barolong tydelik af te las, om mediese behandeling in die Kolonie te ontvang.⁹⁾ Met die doel is die twee families na Graaff-Reinet waar hulle vriendelik ontvang is deur ds. A. Faure van die N.G. Kerk. Ds. Faure het reeds gasvryheid betoon aan Kay toe hy op pad was na Griekwastad.¹⁰⁾ Op hierdie stadium het Kay hom onttrek aan die Betsjoenasending en na Kafferland gegaan waar

5) Volgens Venter, op.cit., p.392 was dit as gevolg van sy wa se remskoenketting wat gebreek het terwyl Dugmore. Beginnings of Methodist missionary policy in Transvaal, p.2 beweer dat die riem waarmee hy sy wa vasgehou het sodat dit nie omval nie, gebreek het.

6) Broadbent. A narrative..., p.131-2.

7) Missionary Notices, 1821:198.

8) Shaw. Memorials of Southern Africa, p.297.

9) Broadbent, op.cit., p.7.

10) Missionary Notices, 1821:181.

hy een van die pioniersendeling was. Hy het die sendingstasie Mount Coke gestig wat later beroemd geword het as gevolg van die Wesleyanse sendingpers aldaar.

Intussen het die sendeling T.L. Hodgson opdrag gekry om hom by Broadbent te voeg. Na 'n verblyf van ses maande by ds. Faure het Broadbent sodanig herstel dat hy en Hodgson Graaff-Reinet op 1 November 1822 kon verlaat. Ten tye van hulle vertrek het Broadbent opgemerk dat hy baie inligting in verband met die roete en die Barolong ingewin het. Hy was selfs Portugees en Hollands net so magtig as sy moedertaal.¹¹⁾ Na 'n reis van een maand het hulle die Vaalrivier bereik. Die inwoners van Campbell¹²⁾ het aan hulle hulp verleen om die waens uit mekaar te haal en dit met vlotte oor die Vaalrivier te neem. Na 'n gewerskaf van twee dae was almal en alles aan die oorkant van die rivier.¹³⁾ Daarvandaan het hulle in 'n noordoostelike rigting getrek en op 13 Januarie 1823 in aanraking gekom met 'n groep voortvluggende Barolong onder hoofman Tshabadira, 'n broer van Sefunelo. Eersgenoemde het die sendelinge gasvry behandel en hulle verseker dat Sefunelo hulle arbeid onder sy mense sou verwelkom.¹⁴⁾

Weens die staat van onrus wat geheers het, moes die sendelinge vir etlike maande saam met die Barolong rondswerf. Ook die sendelinge kon nie altyd uit die pad van die Mantatees bly nie, maar selfs daardie ge-

11) Broadbent, op.cit., p.11-2.

12) 'n Sendingstasie van die Londense Sendinggenootskap tussen Griekwa-stad en die Vaalrivier.

13) Broadbent, op.cit., p.15-6.

14) Venter, op.cit., p.393.

dugte krygsmanne het dit nie gewaag om die „... walking houses full of devils" aan te val nie.¹⁵⁾

Na die staking van vyandelikhede het Sefunelo hom eindelijk by Makwassie gevestig. Die sendelinge het dadelik begin om die eerste woning vir blankes in Transvaal op te rig. Die woning was skaars voltooi toe mev. Broadbent geboorte geskenk het aan die eerste blanke kind wat in Transvaal gebore is. In die seisoen 1823-'24 het die huidige Wes-Transvaal sy eerste mielie-oes opgelewer. Tot die verbasing van die Barolong, wat altyd hulle hoop op die reënmakers gevestig het, het die sendelinge putte gegrawe vir watervoorsiening.¹⁶⁾

8.1.2 Die eerste drukwerk by Makwassie

Onmiddellik na hulle ontmoeting met die Barolong het die sendelinge hulle taal Serolong, 'n dialek van Tswana, begin leer. Elke woord en sin wat hulle geleer het, is neergeskryf. Hulle het nie veel moeite ondervind om selfstandige naamwoorde te leer nie, want die Barolong het vir hulle die naam genoem van elke voorwerp waarna hulle gewys het. Met werkwoorde en ander rededele het dit nie so maklik gegaan nie, maar daar is altyd 'n plan gemaak. Om dit te illustreer, het Broadbent beskryf hoe Hodgson en bediendes op 'n keer hulle beeste wat weggeloop het, gaan soek het. Toe Hodgson en die beeste reeds in sig was, het Broadbent vir 'n jong seun gesê: „Komo"¹⁷⁾ en in die teenoorgestelde rigting beduie asof hy sê: „Gaan soek die beeste daar". Die seun wat die beeste sien kom het, het

15) Broadbent, op.cit., p.69.

16) Ibid., p.99-105.

17) Bees. Om historiese redes is Broadbent se ortografie behou.

geantwoord: „komo grogha". Toe Broadbent dieselfde woorde in die vorm van 'n vraag herhaal, het die antwoord gekom: „Ehe komo grogha".¹⁸⁾

Toe 'n persoon iemand naderwink en sê: „Euklo quaan" en daardie persoon naderkom, is die afleiding gemaak dat dit beteken „kom hier".¹⁹⁾

Wanneer nie-blankes die eerste keer in aanraking gekom het met blankes het hulle altyd om die blankes saamgedrom om aan hulle hare of klere te vat of om te bedel. Toe iets dergelyks met Broadbent en Hodgson gebeur het, het Sefunelo in die toon van 'n bevel gesê: „Tsamai tahta" (loop gou). „Those words were too useful to be forgotten."²⁰⁾

Weens sy swak gesondheid kon Broadbent nie veel ander werk doen nie en gevolglik het hy die meeste van sy aandag aan die leer van die taal van die Barolong gewy. Mettertyd kon hy gesprekke oor algemene materiële sake in Tswana voer, maar die beginsels van die Christelike geloof kon hy hulle nie leer nie as gevolg van hulle algehele onkunde omtrent geestelike onderwerpe. Toe hy later die Onse Vader in Tswana vertaal het, was hy eendag besig om dit vir 'n groep intelligente Barolong voor te lees, terwyl hulle herhaal het wat hy gelees het. Aan die einde van die eerste sin het hy gevra, wie is die Vader wat daarbo is? Niemand kon antwoord nie. Hy het voortgegaan deur aan hulle te vertel dat hulle bestaan, dat hulle beeste bestaan, dat die wêreld bestaan. Daar moes dus 'n begin gewees het. Wie was die eerste gewees? Op hierdie vraag het 'n hele aantal te gelyk geantwoord: „Madeemo". Hierop was sy antwoord dat dit ons Hemelse Vader is wat ons aanspreek in die woorde „Onse Vader".²¹⁾

18). Ja, die beeste kom.

19) Broadbent, op.cit., p.32-3.

20) Ibid., p.58-9.

21) Ibid., p.81.

Toe sy kennis van Tswana dit toegelaat het, het Broadbent 'n elementêre boekie bevattende die alfabet, eenlettergrepige woorde, eenvoudige sinne, die Onse Vader, die Tien Gebooe en die Apostoliese Geloofsbelydenis saamgestel. Vroeg in 1824 het Hodgson opdrag gekry om die sendingstasie in Kaapstad oor te neem. Terwyl hy voorbereidsels vir sy vertrek getref het, het Broadbent sy elementêre boekie vir die onderrig van die naturelle oorgeskryf en persklaar gemaak sodat Hodgson dit in Kaapstad kon laat druk. „Eventually this was accomplished.”²²⁾ Oor hierdie boekie is geen besonderhede bekend nie omdat daar nog geen eksemplaar van gevind is nie. Prof. I.S.J. Venter, wat sy inligting van W. Eveleigh gekry het, beskryf hierdie boekie as die eerste publikasie in Tswana.²³⁾ Volgens die huidige kennis is daar ruim vyf jaar vroeër 'n Tswanaspel=boek by Griekwastad gedruk.²⁴⁾

Broadbent het egter nie nodig gehad om vir hierdie boekie te wag voor hy met leesonderrig kon begin nie. Die heer Joseph Levick van Sheffield het 'n stel lettertipes, drukkersink, twee inkballe en 'n sethaak aan hom geskenk. Daarmee het hy alfabette en woorde van twee of drie letters²⁵⁾ gedruk vir gebruik in sy sendingskool.²⁶⁾

Met die vertrek van Hodgson is eerwaarde J. Archbell van Leliefontein na Makwassie verplaas. Voor hy egter na Makwassie kon vertrek, het

22) Ibid., p.114.

23) Venter, op.cit., p.540; Eveleigh, W. Story of a century, p.43.

24) Kyk hoofstuk vyf, par.5.2.

25) Nie twee- en drielettergrepige woorde soos beweer in Venter. Die rol van die drukpers, p.162.

26) Broadbent, op.cit., p.114.

Broadbent se gesondheid in so 'n mate versleg dat hy in aller haas na die Kolonie vertrek het. As gevolg hiervan het Hodgson besluit om saam met Archbell na Makwassie terug te keer. Kort na Broadbent se vertrek is die sendingstasie deur die Batau verwoes. Hierna het die Barolong dit sterk begin oorweeg om suidwaarts te trek om hulle vyande te ontkom. Met die oog hierop het Sefunelo teen die middel van 1826 'n verkenningstog onder leiding van twee van sy seuns suidwaarts gestuur om die gebied tussen die Vaal- en die Hartsrivier te gaan ondersoek.²⁷⁾ Teen die einde van 1825 het Hodgson en Archbell teruggekeer om die verwoeste Makwassie weer op te bou. Omdat Sefunelo egter van plan was om die plek te verlaat, het die sendelinge hulle nie permanent ingerig nie. Die sending na die suide het gunstig gerapporteer oor die gebied en na oorlegpleging met die sendelinge is besluit om te verhuis na Platberg aan die suidelike oewer van die Vaalrivier, naby die teenswoordige Warrenton.

Archbell het volledige drukkersuitrusting besit wat hy saam met hom uit Engeland saamgebring het.²⁸⁾ Terwyl die sendelinge nog op Makwassie gewag het, of gedurende die trek na Platberg, het Archbell en Hodgson 'n klein elementêre skoolboekie van vyftien bladsye in Tswana gedruk. Die impressum van die boekie is „Maquasse, 1826" wat steun verleen aan die vermoede dat dit gedruk is terwyl die sendelinge by Makwassie gewag het om te verhuis. Of die boekie nou al op Makwassie of onderweg na Platberg gedruk is, dit is beslis op 'n ossewa gedruk, want op Makwassie het die sendelinge nie hulle besittings afgelaai nie. Omdat Archbell op hierdie

27) Venter. Platberg, die eerste Wesleyaanse sendingstasie in die Transgariep, p. 70.

28) Dit was nie die onvolledige apparaat van Broadbent nie. Vgl. Broadbent, op.cit., p. 174.

stadium die eerste keer met Tswana kennis gemaak het, kan met sekerheid aanvaar word dat Hodgson die outeur en Archbell die drukker van die boekie was. Onderweg na Platberg het die sendelinge op 6 Junie 1826 vanaf „Vaalrivier" aan hulle sendingkomitee in Londen geskryf: „The small elementary book, in the Sichuana language ... will show that difficulties have been conquered in the language, and afford the hope that it will soon be used for all the purposes of religious instruction ... The book shall be used in the open air, with as many children as we can collect together."²⁹⁾ Toe die drukkersproewe aan hoofman Sefunelo getoon is, wou hy weet waarom dit dan nie met hom wil praat nie. „He admitted it was good to teach the children to read ..."³⁰⁾ Sy broer, Maquari, wat teenwoordig was, het opgemerk dat hulle (die volwassenes) nooit sal leer lees nie, maar dat hulle kinders wel sal leer en aan hulle sal vertel wat God die sendelinge geleer het. Na die voltooiing van die druk- en bindwerk is eksemplare aan verskillende sendelinge gestuur. Een van die Wesleyaanse pionierssendelinge in Kafferland, William Shrewsbury, het byvoorbeeld opgemerk: „This little book of fifteen pages may be regarded as the harbinger of good for all future generations ..."³¹⁾ Van hierdie boekie, sowel as van Broadbent se alfabetblaaie bestaan daar skynbaar geen eksemplare meer nie.

Op die plek waar Broadbent en Hodgson in 1823 die sendingstasie Makwasie aangelê het, is in 1936 'n klein monumentjie opgerig. Die plek is in

29) Missionary Reports, 1826:43.

30) Missionary Notices, 5:453; Broadbent, op.cit., p.178.

31) Ibid., p.229; Broadbent, op.cit., p.176.

1910 deur 'n Boesman met die naam Kiewiet geïdentifiseer.³²⁾ Waar die nasionale pad van Johannesburg na Kimberley Wolmaransstad aan die noordekant binnegaan, is 'n gedenkteken ter ere van Broadbent en Hodgson opgerig. Die ou sendingstasie was ongeveer nege myl ten ooste van Wolmaransstad.

8.1.3 Die drukpers by Platberg I

In 1826 het Hodgson en Archbell hulle saam met die Barolongstam by Platberg ten suide van die Vaalrivier gevestig. Na hierdie plek sal verwys word as Platberg I omdat dieselfde sendingstasie sewe jaar later na 'n ander Platberg in die omgewing van Thaba Nchu verskuif is. Na laasgenoemde plek sal verwys word as Platberg II.

By Platberg I het die sendelinge groot sukses met die sendingwerk behaal. Nadat die nodige geboue opgerig is en ander algemene sake in orde gebring is, is met georganiseerde skoolonderrig begin. In 1830 het Archbell gerapporteer: „The school is in a prosperous state. A new school-room or chapel is nearly completed; and some additions to our numbers are daily made. The children are learning to read their own language, but as may expected, cannot be furnished with suitable lessons. Printing all we want, and what is wanted at Bootschnaap (Boetsap),³³⁾ will take up a great deal of my time. We have also a few scholars who are learning to read the Dutch, and who succeed well.”³⁴⁾ Niteenstaande sy druk pro=

32) Dugmore, op.cit., p.7n.

33) 'n Sendingstasie, in 1828 deur Hodgson gestig, in die huidige distrik Barkly-Wes. Die sendingobjekte was Griekwas met Hollands as voertaal.

34) Missionary Reports, 1830:48; Broadbent, op.cit., p.174-5.

gram het Archbell tog probeer om die nodigste drukwerk vir kerk- en skoolgebruik te voorsien. Benewens drukwerk in Tswana moes hy ook Hollandse boeke druk vir die Griekwas by Boetsap. In 1830 was 'n vertaling van die Second Conference Catechism in Hollands en Tswana gereed om gedruk te word.³⁵⁾ Indien hierdie werk wel gedruk is, dan het Sir George Grey nie 'n kopie daarvan bekom nie.

Archbell se pers was klein en die lettertipes ontoereikend. Reeds in 1828 het hy die Sendingkomitee versoek om lettertipes aan hom te stuur.³⁶⁾ Net meer as 'n jaar later is hierdie versoek herhaal spesifiek met die oog op drukwerk in Tswana, waar die verhouding in die hoeveelheid lettertipes anders is as in Engels.³⁷⁾ Aan hierdie versoeke is skynbaar nie voldoen nie, want op 20 Maart 1832 het hy aan die Sendingkomitee geskryf: „I cannot help repeating my earnest desire, that the Committee would expend a few pounds in a larger press and a few more types, for which, the importance of our Bechuana Mission will amply repay them.”³⁸⁾ Aan hierdie dringende versoek is voldoen. Toe die sendeling John Edwards in 1832 uitgestuur is om Hodgson by Boetsap te vervang, het hy 'n goeie drukpers met hom saamgebring van Engeland af. In Mei 1833 het die pers by Platberg aangekom.³⁹⁾ Archbell was besonder dankbaar en in sy skik met die nuwe pers, en het die hoop uitgespreek dat hy binne kort 'n kategismus en Skrifgedeeltes sou kon druk. Hierdie pers is egter nooit op

35) Archbell aan die Sendingkomitee, gedateer te Platberg 30.6.'30: W.S.G.-argief.

36) Ibid., 30.12.'28. W.S.G.-argief.

37) Ibid., 30.3.'30. W.S.G.-argief.

38) Ibid., 20.3.'32. W.S.G.-argief; *Missionary Notices*, 7:137.

39) Ibid., 27.5.'33. W.S.G.-argief; *Missionary Notices*, 7:384.

Platberg uitgepak en geïnstalleer nie, en sou eers vier jaar later in gebruik geneem word.

8.1.4 Thaba Nchu en Platberg II

In 1833 het die Barolongstam en hulle sendelinge hulle tweede groot trek binne sewe jaar onderneem, en hierdie keer na Thaba Nchu in die Oos-Vrystaat. Die vorige trek het plaasgevind om aan die roof- en moordtogte van die Mantatees te ontkom; hierdie trek het plaasgevind om meer water en beter weiding te bekom. Die Wesleyaanse sendelinge kon nou selfs vurige kole ophoop op die hoofde van dieselfde Mantatees voor wie hulle skaars tien jaar gelede moes vlug, want in die omgewing van Thaba Nchu was die Mantatees saam met ander volkere nou hulle sendingobjekte.

Met die baie werksaamhede in verband met die oprigting van nuwe sendingstasies het daar van drukwerk aanvanklik niks tereggekome nie. Venter⁴⁰⁾ het beweer dat die sendelinge in baie gevalle nie kon wag totdat 'n genoegsame voorraad skoolboeke deur die pers gelewer kon word nie, en het dus hulle toevlug tot allerlei improvisasies geneem. Dan haal hy die volgende beskrywing aan van hoe eerwaarde John Edwards te werk gegaan het: „To make a kind of alphabet and an elementary spelling book, I took some pieces of wood and cut off the ends, after making them smooth. Then with a pen-knife I carved out all the letters of the alphabet on these sticks, after which the letters were dipped in ink, and stamped out on a sheet of foolscap paper. This was hung up in the reed and pole building, and the children being formed in a semicircle, I pointed out the letters to them

40) Venter. Die rol van die drukpers, p.164-5.

with a long stick."⁴¹⁾ Die sendelinge het egter nie hulle toevlug tot der= gelike metodes geneem omdat hulle nie kon wag tot die pers boeke lewer nie. Die werklike rede gee Edwards onmiddellik na sy bostaande beskry= wing: "It may be asked, where was the printing press you brought from England? I answer, it was packed up, and could not be set to work until a proper place was found for it on some station."⁴²⁾ Intussen is die pers in die kerkgebou op Thaba Nchu geberg, nog net so ingepak as wat dit met die skip van Engeland af gekom het, want toe dit in Mei 1833 by Plat= berg I aangekom het, het die sendelinge en die Barolong reeds besluit om na Thaba Nchu te verhuis. Dit sou dwaas wees om die pers op daardie stadium uit te pak.

Intussen het Archbell skynbaar belangstelling in die sogenoemde Bet= sjoenasending verloor. In 1836 het hy die wens uitgespreek om Engeland te besoek.⁴³⁾ By 'n latere geleentheid het eerwaarde R. Giddy verwys na die „painful affair of Bro. Archbell" en die rusies tussen sendelinge.⁴⁴⁾ Ook Edwards het in dieselfde tyd verwys na die ongelukkige geskille tus= sen die sendelinge.⁴⁵⁾ Die Betsjoenasending se drukkersaktiwiteite het eers weer 'n aanvang geneem toe Richard Giddy, 'n opgeleide drukker, in 1837 by Thaba Nchu geplaas is om Archbell behulpsaam te wees. Kort na

41) Edwards. Reminiscences, p.61.

42) Loc.cit.

43) Archbell aan die Sendingkomitee, gedateer te Thaba Nchu 1.8.'36.
W.S.G.-argief.

44) Giddy aan die Sendingkomitee, gedateer te Thaba Nchu 7.10.'37.
W.S.G.-argief.

45) Edwards aan die Sendingkomitee, gedateer te Umpukani 6.10.'37.
W.S.G.-argief.

sy aankoms het hy sy ingenomenheid te kenne gegee met die feit dat die drukpers van 'n goeie fabrikaat was. Hy het die Sendingkomitee ook versoek om tien pond drukkersink en honderd-en-vyftig of tweehonderd pond pica (twaalfpunt) lettertipes aan te stuur.⁴⁶⁾

Giddy het Tswana in 'n verbasende kort tydjie geleer. Presies 'n jaar na sy aankoms by Thaba Nchu was hy besig om die Evangelie van Johannes en Dodd se Lectures for children in Tswana te vertaal. Hy kon ook reeds sonder die hulp van 'n tolk preek.⁴⁷⁾ In dieselfde jaar het hy ook die volgende vier gelykenisse in Tswana vertaal en gedruk: Die Verlore Seun, die Goeie Herder, die Barmhartige Samaritaan, en die Fariseër en die Tollenaar.⁴⁸⁾

Giddy het nie die drukwerk alleen behartig nie. Sy handlanger was 'n Morolong, John Eratsagai, wat in 1822 deur Broadbent as 'n lewende geraamte gevind is terwyl die Barolong voor die Mantatees gevlug het. Broadbent het hom aangeneem en opgevoed en met sy vertrek na Engeland die seun in die sorg van eerwaarde Snowdall gelaat. Tydens Snowdall se siekte het Eratsagai hom dood aangetref toe hy vir hom sy medisyne wou gee. In die Oos-Vrystaat het hy hom weer by die sendelinge onder sy eie mense gevoeg en 'n baie belangrike lid van die sending geword. Hy was onder andere tolk, Sondagskoolsuperintendent, lekeprediker en drukker.⁴⁹⁾

Mettertyd het die skole begin floreer. Die sendingpers was in staat om

46) Broadbent, op.cit., p.183.

47) Missionary Reports, 1838:70.

48) R.T.S., 1839:42.

49) Broadbent, op.cit., p.185-6.

genoeg boeke vir die skole te voorsien. Die aantal kinders wat kon lees, het daaglikse toename. Kennis is gesirkuleer terwyl die bevolking voortdurend intelligenter word. Selfs 'n biblioteek is in stand gehou, en terwyl die boeke weekliks omgeruil word, het Giddy die lesers ondervra oor die onderwerpe waaroor hulle gelees het.⁵⁰⁾ Die Serolongdialek van Tswana was ook nie meer die enigste taal waarin boeke gedruk moes word nie. 'n Dialek van Sotho wat deur die Mantatees gepraat is, moes ook tot skrif gereduseer word, want boeke was in aanvraag. Eerwaarde Allison wat so 'n boekie opgestel het, kon byna nie die proewe gelees kry nie omdat die jong Mantatees dit self wou lees.⁵¹⁾ Die Hollandse Skrifgedeeltes wat gedruk is, was aanvanklik bedoel vir die Kleurlinge en Korannas, dog sedert die Groot Trek is dit ook tussen die Boere versprei.⁵²⁾

Terwyl Giddy die drukwerk behartig het, kon Archbell meer tyd bestee aan vertaalwerk. Hy was die Wesleyaanse sendeling van die Betsjoeana-sending wat Tswana die beste geken het en die langste ervaring daarvan gehad het. In 1837 het hy sy A grammar of the Bechuana language in Grahamstad deur die firma Meurant en Godlonton laat druk.⁵³⁾ In Januarie 1838 het hy aan die Distriksvergadering gerapporteer dat hy die Second Conference Catechism in Hollands, en verskeie Skrifgedeeltes en Wesley se verkorte Sunday Morning Service in Tswana vertaal het. Hy was ook besig met 'n Tswanavertaling van die huweliksformulier. By dieselfde geleentheid het Edward gemeld dat hy besig was om sekere

50) Ibid., p.198-9

51) Venter. Die rol van die drukpers, p.165.

52) Missionary Reports, 1839:64.

53) Kyk hoofstuk twee, par.2.2.2.1.

Skrifgedeeltes in Sotho te vertaal en 'n lys van Sothowoorde saam te stel.⁵⁴⁾ Die pers het benewens Tswana, ook boeke in Hollands, Sotho en die Mantateesdialek gelewer. Die werke in Tswana en Hollands is by Thaba Nchu gehou, dié in Sotho by Imperani en dié in die Mantateesdialek by Umpukani, almal verskillende Wesleyaanse sendingstasies. In 1841 is 'n vyfde taal aangedurf, naamlik Koranna. 'n Kategismus in hierdie taal, saamgestel deur eerwaarde C.F. Wuras van die Berlynse Sending te Bethanië,⁵⁵⁾ is deur Giddy by Thaba Nchu gedruk. In verband met die taal- en ortografiese probleme van Koranna het Giddy opgemerk: „The clicks of this uncouth language render it extremely difficult. I have endeavoured to mark them by arbitrary characters, such as commas, apostrophes, inverted commas, etc., (weens gebrek aan die regte lettertypes vir die klikklanke) inserted where the clicks occur; and I hope the Catechism will thus be understood. It is, however, only experiment; and I have considerable doubt whether the Coranna will ever become, to any great extent, a written or printed language.”⁵⁶⁾ Oor Giddy se metode om die klikke aan te dui, het Wuras soos volg aan Sir George Grey geskryf: „I found them so defective, from the want of the proper types or marks ... that they were comparatively useless. I, therefore, threw them aside.”⁵⁷⁾

54) Manuscript minute book, 10.1.1838.

55) Venter fouteer as hy in sy „Die rol van die drukpers”, p.166 beweert dat Giddy hierdie werk vertaal het. Vgl. Bleek. The library of Sir George Grey, p.22. Bleek was nie bewus van die datum van uitgawe nie.

56) Missionary Notices, 1842:113.

57) Aangehaal uit Bleek, op.cit., p.19-20.

In 1844 is daar na 'n sesde taal waarin die sendingpers drukwerk gelewer het, verwys. Giddy het bérig dat hy vierhonderd eksemplare van 'n elementêre boekie vir die Baraputse⁵⁸⁾ gedruk het. Eerwaarde James Allison, 'n vroeëre lid van die Wesleyane se Betsjoeanasending, het 'n sendingaksie in Swaziland begin en in 1846 is heelwat Swaziboeke by Thaba Nchu gedruk. Behalwe die elementêre boekie waarna hierbo verwys is, is die volgende gedruk:

- 1,200 eksemplare van Skrifgedeeltes
- 600 eksemplare van 'n klein gesangboek
- 600 eksemplare van die Conference Catechism
- 50 eksemplare van die alfabet.⁵⁹⁾

Aangesien Allison se sending in 1847 in 'n ramp geëindig het en hierdie vroeë drukwerk in Swazi gevolglik verlore geraak het, is dit hierbo volledig genoem. Ongelukkig word die titels nie in die betrokke notule genoem nie. Sir George Grey het slegs 'n kopie van die kategismus en vier brokstukke van die Skrifgedeeltes bekom.⁶⁰⁾

In 1846 is Giddy van Thaba Nchu na Platberg II verplaas waar hy 'n spesiale gebou opgerig het om die drukpers te huisves. Voortaan sou die stroom drukwerk vanaf hierdie pers nog sterker vloei. In 1848 is die sendelinge se geledere versterk toe eerwaarde J.D.M. Ludorf by die Wesleyaanse Sendinggenootskap aangesluit het. Van 1842 tot 1848 was hy as 'n drukker in diens van die Paryse Evangeliese Sendinggenootskap in Lesotho. In 1848 het die Distriksvergadering besluit om 'n publikasiekomitee te benoem wat kwartaalliks moes vergader om die doeltreffende

58) 'n Stam ten suidweste van Delagoabaai, tans bekend as Swazi.

59) Manuscript minute book, 2.12.1846.

60) Bleek, op.cit., p.109-10.

werking van die drukpers te verseker. Die eerste komitee het bestaan uit Cameron, Giddy en Ludorf.⁶¹⁾

Tydens die naturelle-onluste op die oosgrens van die Vrystaat in 1851-'52 is op een na al die sendingstasies van die Wesleyane verwoes. Giddy het egter met doodsveragting geweier om Platberg II te verlaat en sodoende die sendingpers van verwoesting gered. Die stasie was egter 'n tyd lank verlate en Giddy het homself besig gehou met drukwerk vir die Franse sendelinge in Lesotho wat van 1848 tot 1852 nie 'n drukker gehad het nie. Terwyl die Franse se pers voltyds besig was met die druk van die Nuwe Testament in Sotho het die Wesleyaanse pers, op die onkoste van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap, 'n oplaag van sesduisend eksemplare van die Boek Psalms gedruk.⁶²⁾ Hierdie is 'n vertaling van die Franse sendeling eerwaarde Arbousset en is ook grootskaals gebruik deur die Wesleyane vir hulle Sothosprekende lede.⁶³⁾

Na die beëindiging van vyandelikhede het die hoeveelheid drukwerk weer skerp toegeneem. Gedurende 1856 het die drukkerij die volgende werk gelewer: eenduisend eksemplare van 'n gesangboek van 152 bladsye bevattende tweehonderd gesange in Tswana; eenduisend eksemplare van 'n kleiner gesangboek in Tswana vir skoolgebruik; dieselfde in Sotho; tweeduisend eksemplare van 'n Tswanaspelboek; eenduisend eksemplare van 'n Hollandse spelboek; vyfhonderd eksemplare van die Genootskapsreëls

61) Manuscript minute book, 25.10.1848.

62) Bleek, op.cit., p.129; B.F.B.S., 1857:ccxii-ccxiii (212-3); Venter. Die rol van die drukpers, p.167-8. Hierin word die oplaag foutief as 4,000 aangegee. Dit was ook nie „Psalmboeke" nie, maar „die Boek van die Psalms".

63) B.F.B.S., 1857:ccxiii (213).

in Tswana, 8 bladsye elk; dieselfde in Sotho; verskeie groter en kleiner alfabette; kwartaalkaartjies in Hollands en Sotho; doop-, trou- en lid=maatskapsertifikate in Engels en Tswana. In dieselfde jaar is ook Ludorf se Tswana- en Sothovertalings van dr. C.G. Barth se kerkgeskiedenis gedruk, terwyl daar begin is met die druk van sy Bybelstories in Tswana en Sotho.⁶⁴⁾ Hierbenewens is sewe uitgawes met 'n oplaag van vierhonderd van 'n maandeliks Tswanablad Molekoli oa Becuana (Die Betsjoeana=besoeker) gedruk. Dit bring die totale aantal bladsye wat in die loop van die jaar gedruk is op ongeveer 'n halfmiljoen te staan.⁶⁵⁾ Daarby kom nog dat die groter boeke ingebind is, terwyl die kleineres slegs gevou, gesny en ingenaai is.

In 1857 is Giddy na Colesberg verplaas en die drukpers is onder die toesig van Ludorf van Thaba Nchu geplaas. Dit het meegebring dat die pers verskuif moes word na Thaba Nchu. In 1865 is die pers weer na Platberg II oorgeplaas, dog slegs twee jaar later was dit weer op Thaba Nchu. Die raam en drukplaat van hierdie „Albion" drukpers staan vandag nog op die stoep van die woning van die Metodiste predikant van Thaba Nchu.

Gedurende die tydperk onder behandeling het die Wesleyaanse sendelinge van die Betsjoeanasending weinig ten opsigte van Bybelvertaling en die druk van die Bybel gedoen. Hiervoor kan twee redes aangevoer word: Weens die gebruik in die Betsjoeanasending om sendelinge elke paar jaar na ander stasies te verplaas, het geen sendeling ooit genoegsaam vertrouwd geraak met die Rolongdialek van Tswana om hom aan Bybelverta=

64) Venter. Die rol van die drukpers, p.168; Bleek, op.cit., p.126 en 140.

65) Venter, loc.cit.; Bleek, op.cit., p.141.

ling te waag nie. Dit het egter nie beteken dat die nie-blanke lede van die sending weerhou is van die Woord van God nie, want 'n tweede rede waarom daar nie aandag aan Bybelvertaling gegee is nie, was omdat Bybelvertaling nie nodig was nie. Die Rolongdialek verskil so min van die Tlhapingdialek, waarin Moffat die Bybel vertaal het, dat die Barolong dit maklik verstaan. Enkele jare na die verhuising van die Betsjoeana=sending na die Oos-Vrystaat was Moffat se vertaling van die Nuwe Testament beskikbaar. Soos wat die Kurumanpers afsonderlike boeke van die Ou Testament voltooi het, was hulle ook vir die Betsjoeanasending beskikbaar. Daarby was eerwaarde Lemue⁶⁶⁾ se vertaling van Spreuke in Tswana nader aan die Rolong- as die Tlhapingdialek, en het Bleek dit in die katalogus van Sir George Grey by die Rolongafdeling en nie by Tlhaping nie, geklassifiseer.⁶⁷⁾

8.2 Moffat en die Kurumanpers

Daar was sekerlik al 'n hele aantal sendelinge wat geen formele opleiding in die teologie en sendingwetenskap gehad het nie, maar Robert Moffat was waarskynlik die enigste sodanige sendeling wat as Bybelvertaler be= roemdheid verwerf het. Die vroeë onderwys wat hy ontvang het, is be= skryf as „oppervlakkige elementêre skoolopleiding”.⁶⁸⁾ In 1815, toe hy twintig jaar oud was, het eerwaarde William Roby namens hom by die Londense Sendinggenootskap aansoek gedoen om hom te aanvaar as 'n

66) Een van die drie Franse sendelinge wat in 1829 na Suid-Afrika gekom het. Hy was van 1829 tot 1847 sendeling by Motito naby Kuru= man.

67) Bleek, op.cit., p.140.

68) S.A.B.W., p.571.

sendeling. Om verstaanbare redes is sy aansoek afgewys. „(The Society) cannot receive all who offer their services for missionary work.“⁶⁹⁾

Roby het egter medelye met Moffat gehad. Op 1 Januarie 1816 het hy vir die jong man werk as 'n tuinier naby Manchester gekry sodat hy hom (Roby) gereeld kan besoek vir teologiese onderrig. Sy onderrigstelsel het bestaan uit die kopiëring en memorisering van tagtig lesings, en in dieselfde jaar is Moffat deur die Londense Sendinggenootskap aanvaar. Die jaar 1816 was vir Moffat 'n jaar wat van die uiterste belang was en een waarin gebeurtenisse mekaar vinnig opgevolg het. Op die eerste dag van daardie jaar het hy diens aanvaar as tuinier by sy aanstaande skoonvader James Smith, terwyl hy tussenin „teologiese lesings“ bygewoon het. Op die laaste dag van daardie jaar was hy reeds teenoor die kus van Suid-Afrika waar hy vyftig jaar lank 'n sendeling sou wees. Op 13 Januarie 1817 het hy in Kaapstad aan wal gestap, maar eers na sy huwelik teen die einde van 1819 met die dogter van sy voormalige werkgever het die tog na die noorde begin. Teen April 1820 het hulle Kuruman bereik.

8.2.1 Aanleer van Tswana

Toe Moffat by Kuruman aangeland het, het hy benewens Engels ook 'n gangbare kennis van Hollands gehad. Hy het nooit die elementêre onderrig oor hoe 'n taal aangeleer word, gehad nie. Daar was nog geen Tswa-nagrammatikas of -woordeboeke nie, en daar bestaan ook geen bewyse dat Moffat ooit gepoog het om soiets saam te stel nie.⁷⁰⁾ Aanvanklik het hy goeie hoop gehad dat hy vinnige vordering sal maak met Grieks en Tswa=

69) Aangehaal uit Northcott. Robert Moffat, p. 22.

70) Northcott, op.cit., p. 115-6.

na. Veral laasgenoemde taal het vir hom nie baie moeilik voorgekom nie.⁷¹⁾ Hierdie vroeë optimisme, wat hom by die meeste pioniersende-linge in Suid-Afrika voorgedoen het, was egter van korte duur. Reeds in 1822 het hy gevind dat hoe meer hy met Tswana vertrou raak, hoe groter probleme voor hom opduik. Hy het dit veral moeilik gevind om teologiese idees te vertaal, want sulke dinge soos koninkryke, krone, trone en septers was vir sy sendingobjekte onbekend. Hy het ook gekla oor sy tolk en op hierdie vroeë stadium reeds besluit dat daar vir hom net een uitweg was om Tswana te leer, en dit was om alleen 'n reis verder die binneland in te onderneem en nie terug te keer voor hy die taal goed kon praat nie.⁷²⁾ Soos dit later sal blyk, het hy hierdie reis eers vyf jaar later onderneem.

In 'n brief aan sy broer Alexander op 25.2.1822 het Moffat geskryf dat hy reeds woorde, idioome en frases versamel en opgeteken het, maar 'n sendeling se tyd word feitlik geheel en al in beslag geneem deur tydelike dinge. Hy het egter besluit om al sulke dinge links te laat lê totdat hy Tswana bemeester het.⁷³⁾ Dit sou egter nog 'n hele aantal jare duur voor hy uitvoering gegee het aan hierdie mooi voorneme.

Maar intussen het hy reeds vertalings begin maak. In 'n brief aan Burder van die Londense Sendinggenootskap op 5.8.1822 het hy gemeld dat hy dr. William Brown se kategismus in Tswana vertaal het. Dit was verstaanbaar vir die kinders en ook uiters geskik. „I have also translated a great

71) Moffat. Apprenticeship at Kuruman, p.10.

72) Ibid., p.43-4.

73) Ibid., p.57-8.

variety of other little pieces, and trust soon to be enabled to speak to the Bootchuanas mouth to mouth."⁷⁴⁾ In 'n brief aan sy skoonquers 'n paar dae later het hy gemeld dat hy ook die Onse Vader vertaal het.⁷⁵⁾

Anders as wat dit die geval met die meeste pioniersendelinge was, het Moffat eers teen die einde van 1825, toe hy reeds byna ses jaar by Kuruman was, aandag aan die ortografie van Tswana gegee. Sy eerste pogings was nie prysenswaardig nie. Hy het byvoorbeeld geskryf: „Bootchuanas“, „Latlakoo“, „Krooman“, „Moreemo“ vir „Modimo“, ens. Ongeveer twintig jaar later sou hy opmerk: „It is, however, difficult to explain why persons associating with the Bechuanas should write Bootshuanas, Boschuanas, Botchuanas and Moschuanas; Latlako for Lithako; Krooman for Kuruman; Mateebe and Mative for Mothibi; and Bachapins and Machapis for Batlapis; and Bacharaquas for Batlaros etc.“⁷⁶⁾ Teen November 1825 was hy verplig om die ortografie van die „Bechuan language“ in orde te kry, want op daardie stadium was hy besig om 'n kategismus, 'n spelboek en Bybelse oefeninge persklaar te maak. Hierdie vroeë vertalings was nog geen bewys dat Moffat Tswana magtig was nie. Hy het darem al die vrymoedigheid gehad om hierdie vertalings in druk te laat verskyn.⁷⁷⁾

In die tussentyd was daar nog geen geleentheid vir Moffat om uitvoering te gee aan sy vroeëre besluit in verband met 'n „taalreis“ nie. So 'n geleentheid het hom wel in 1826 voorgedoen. Sy vrou was in Griekwastad

74) Ibid., p.53.

75) Ibid., p.64.

76) Ibid., p.8n.

77) Kyk par. 8.2.2 hieronder.

toe sy aan haar ouers geskryf het dat haar man haar nie vergesel het nie omdat hy onder die geklank van Tswana wou bly. Hy het kort tevore die binneland ingereis om die taal finaal magtig te raak, maar na vier dae is hy teruggeroep om aandag te gee aan veerowery.⁷⁸⁾ Bykans 'n jaar later kon hy aan sy ouers skryf dat die bouwerk aan 'n nuwe woning voltooi is en dat hy hom van alle openbare werke gaan onttrek ten einde Tswana volkome magtig te raak. Met die doel voor oë het hy beplan om na 'n Betsjoeanastam omtrent driehonderd myl van Kuruman af te reis en daar te vertoef tot hy hulle taal behoorlik ken. Hy sou niemand wat Engels of Hollands ken met hom saamneem nie. Deur net Tswana te hoor en te praat, sou hy ten volle vertrouwd raak met die eienaardige grammatiese struktuur van die „Sichuan language". Dit is 'n vereiste om behoorlike vertalings te kan maak.⁷⁹⁾ Op 28 Maart 1827 het hy Kuruman verlaat om op die eensame reis te gaan. In sy dagboek wat hy gedurende die reis gehou het, het hy min aangeteken oor sy vordering met die taal. Onder die datum 18.4.1827 het hy wel aangeteken: „Find much difficulty in carrying on a conversation in Sichuan".⁸⁰⁾ Op 12.6.1827 was hy egter terug by Kuruman, toegerus om sy groot taak van Bybelvertaling aan te pak.

8.2.2 Onderwys en die opkoms van 'n leserspubliek

In sy dagboeke en korrespondensie het Moffat wel by geleentheid kortliks na sy werk in verband met skoolonderrig verwys. Sodanige onderrig was egter nie 'n doel op sigself nie, maar 'n middel tot 'n doel, naamlik die

78) Moffat, op.cit., p.223.

79) Ibid., p.234.

80) Ibid., p.247.

verbreiding van die Christelike geloof. Met die oog hierop het die klem in die algemene onderwys op leesonderrig geval. Soos dit die geval was met alle ander sendingaksies in Suid-Afrika was hierdie aspek van sendingwerk ook by Kuruman van die eerste wat die sendelinge se aandag geniet het. Reeds in 1818 het Read 'n Tswanaspelboek vir gebruik by Kuruman opgestel en in 1819 is dit by Griekwastad gedruk.⁸¹⁾

Aanvanklik was die vordering op onderwysgebied stadig. Dit moet hoofsaaklik toegeskryf word aan die sendingobjekte se gehegtheid aan hulle tradisies en gebruike. In 1822 het Moffat se vrou Mary, wat heelwat te doen gehad het met onderwyssake by Kuruman, opgemerk: "... the people, instead of desiring that their children should be instructed, are afraid of their becoming 'Dutchmen'..."⁸²⁾ Daar was wel enkele uitsonderings. Moffat het byvoorbeeld verwys na die geval van Aäron wat sy vaste woonplek verlaat en hom op die sendingstasie kom vestig het, nie net ter wille van die onderwys van sy kinders nie, maar om self ook die tegnieke van lees en skryf te bemeester.⁸³⁾

Vir die leesonderrig is elementêre leesstof benodig. Hierin het Moffat reeds in 1822 begin voorsien met die vertaling van 'n geskikte kategismus van omtrent honderd-en-twintig vrae en die Onse Vader.⁸⁴⁾ In November 1825 was 'n spelboek en kategismus persklaar en is aan dr. Philip in Kaapstad gestuur om daar gedruk te word.⁸⁵⁾ Aangesien Philip

81) Kyk hoofstuk vyf, par. 5.2

82) Moffat, J.S. The lives of Robert & Mary Moffat, p.102.

83) Moffat, R. Missionary labours and scenes, p.497.

84) Moffat. Apprenticeship, p.64.

85) Ibid., p.191.

op die punt gestaan het om na Engeland te vertrek, het hy die manuskrip te met hom saamgeneem om in Londen gedruk te word. Moffat was nie bewus van hierdie reëling nie en het verskeie kere sy ergerlikheid te kenne gegee omdat die boekies nie terugkom van die Kaap af nie, want „... nothing can be done in the school till books are used in the native language”.⁸⁶⁾ Eers in Februarie 1828 het Moffat berig dat hy die „long-looked-for books” ontvang het en dat hy dadelik onderrig deur medium van Tswana begin gee het. Daar was reeds vier leerlinge wat die kategismus in hulle eie taal kon lees en nog 'n aantal het so ver gevorder dat hulle binnekort in dieselfde klas as die vier geplaas kon word.⁸⁷⁾ Benewens die dagskool met 'n gemiddelde bywoning van ongeveer vyftig leerlinge, is ook 'n begin gemaak met 'n aandskool wat deur ongeveer veertig volwassenes bygewoon is.⁸⁸⁾ Hierdie vordering op onderwysgebied en die gevolglike toename van die aantal persone wat kon lees, het 'n groot vraag na lektuur laat ontstaan. Teen die einde van 1828 kon Moffat egter berig dat hy die Evangelie van Lukas in Tswana vertaal het. Daarby het hy ook reeds 'n tweede druk van die kategismus voorberei wat ten opsigte van ortografie en rangskikking 'n groot verbetering op die eerste sou wees. Die vertaling van 'n keur van Skrifgedeeltes het ook reeds sy aandag geniet. Hy het selfs al 'n aantal gesange in Tswana gekomponeer en gevind dat die Batswana dit gou leer en goed sing.⁸⁹⁾

Teen 1830 het dit vir die Moffats nodig geword om om huishoudelike-

86) Ibid., p.226.

87) Ibid., p.281; Moffat, J.S. The lives of Robert & Mary Moffat, p.144.

88) Moffat, J.S. The lives of Robert & Mary Moffat, p.144-5.

89) Moffat, R. Apprenticeship, p.290.

sowel as sakereides 'n reis na Grahamstad en Kaapstad te onderneem. Met die oog hierop het hy sy vertaling van Lukas hersien sodat dit gedruk kon word.⁹⁰⁾ Die keur van Skrifgedeeltes was ook gereed vir die pers, maar die druk daarvan is later laat vaar.⁹¹⁾ In Junie 1830 het die beplande reis begin. Die doel was om die twee oudste kinders by die Wesleyaanse sendingstasie Salem naby Grahamstad in die skool te sit, en om vertalings wat gereed was, te laat druk. In Grahamstad was egter nog geen drukpers nie,⁹²⁾ en Moffat was verplig om sy vertalings in Kaapstad te laat druk. Omdat daar nie binnekort 'n boot van Algoabaai na Kaapstad sou vertrek nie, het Moffat die reis van byna seshonderd myl⁹³⁾ te perd aangedurf. By Bethelsdorp het die sendeling Roger Edwards, wat bestem was vir Kuruman, hom by Moffat aangesluit. Met behulp van aflosperde kon hulle die afstand in nege dae aflê. In Kaapstad het 'n tweede teleurstelling op Moffat gewag. So klein as wat die omvang van sy drukwerk was, wou nie een van die kommersiële drukperse die drukwerk onderneem nie. Die goewerneur, Sir Lowry Cole, het egter gereël dat die drukwerk op die goewermentspers gedoen kon word. Daar was egter 'n skaarste aan setters, en omdat dr. Philip 'n drukpers aan Moffat belowe het, was hy en Edwards te gewillig om onder die toesig van die goewermentsdrukker, Van de Zandt, self die set- en drukwerk te doen. Op die wyse sou hulle die basiese beginsels van die boekdrukkuns aanleer. Nie alleen is die papier vir die drukwerk deur die Britse en Buitelandse

90) Id. *Missionary labours and scenes*, p.559.

91) Ibid., p.561.

92) Later in dieselfde jaar het L.H. Meurant die eerste drukpers in Grahamstad opgerig.

93) Moffat, J.S., op.cit., p.166 noem die afstand ongeveer vierhonderd myl.

Bybelgenootskap voorsien nie, maar ook alle bykoste is deur die Genootskap gedra. Behalwe die Boek Lukas is ook 'n gesangboekie van twee-en-twintig bladsye gedruk.⁹⁴⁾

Aangesien die boekdrukkuns in Suid-Afrika nog in die wiegstadium was, was lettertipes skaars. In Kaapstad het Moffat en Edwards alle bekombare lettertipes gekry en op die terugreis oor land het hulle by Bethelsdorp en Griekwastad ook alle lettertipes wat daar was saamgeneem.⁹⁵⁾

Die feit dat lettertipes by Bethelsdorp en Griekwastad gevind is, is 'n bewys dat die twee plekke wel voorheen drukperse gehad het.⁹⁶⁾ Ten einde drukwerk in genoegsame hoeveelhede te lewer, was nog veel meer lettertipes nodig. Vir drukwerk in Tswana was veral groter hoeveelhede M's en y's nodig. Daar was ook 'n tekort aan pica (12 puntletters). Moffat se geklae het Philip beweeg om vir dertig rand ou lettertipes van 'n Kaapse drukker, George Greig, te koop.⁹⁷⁾ In Engeland het mej. Lees, 'n vriendin van mev. Moffat, 'n som geld gekollekteer waarmee 'n stel lettertipes vir die Kurumanpers gekoop is.⁹⁸⁾

'n Nuwe era in die Kurumansending het in 1831 begin met die oprigting van die drukpers. In dieselfde jaar is die spelboekie en kategismus, wat vroeër in Londen gedruk is, herdruk. Die belangstelling in lees het vin-nig toegeneem en die vraag na boeke het al groter geword. Die drukpers as sodanig het verbasing gewek by die bewoners van Kuruman. Een toe=

94) Moffat, R. op.cit., p.562-3; Moffat, J.S. op.cit., p.165-6.

95) Moffat, J.S. op.cit., p.171.

96) Kyk hoofstuk vier, par.4.2.2.3 en hoofstuk vyf, par.5.2.

97) Northcott, op.cit., p.126.

98) Moffat, R. op.cit., p.565.

skouer kon nie verstaan hoe dit moontlik is dat 'n wit vel papier vir 'n oomblik verdwyn en dan vol letters weer uitkom nie. Toe hy 'n gedrukte vel in die hande kry, het hy dit aan almal wat hy teëgekom het, gewys en verduidelik dat „... Mr. Edwards and I (Moffat) had made it in a moment, with a round black hammer (inkbal) and a shake of the arm”.⁹⁹⁾

Intussen het die drukkerij by Kuruman onder die aandag van die Religious Tract Society gekom. Hierdie Vereniging het hom beywer om sendelinge te help om goeie leesstof aan hulle sendingobjekte beskikbaar te stel. Vir die doel het hulle nie alleen godsdienstige traktate beskikbaar gestel nie, maar ook drukkersmateriaal en -uitrusting sodat die sendelinge die vertaalde traktate kon druk. Die Kurumanpers het sy eerste skenking reeds in die jaar van sy oprigting, 1831, gekry toe sestien riem papier, tweeduizend tweehonderd-en-vyftig klein publikasies en 'n hoeveelheid lettertypes, wat geskik was vir die druk van kinderboeke, aan Moffat beskikbaar gestel is.¹⁰⁰⁾ In 1833 het die direkteure van die Londense Sendinggenootskap die uitrusting van die drukkerij verder uitgebrei met 'n hoeveelheid groot lettertypes vir kinderboeke. 'n Verdere skenking van vier-en-twintig riem papier deur die Religious Tract Society het Moffat in staat gestel om nie alleen die Kurumansending nie, maar ook die skole van Griekwastad, Motito, en buiteposte van spelboeke, lesse, kategismusse en gesangboeke in Tswana te voorsien. Met hierdie nuttige hulpmiddele het die onderwys goeie vooruitgang gemaak en die leserspubliek het feitlik daaglik gegroei. Nuwe en vergrote uitgawes van elementêre boekies is voortdurend gedruk. In 1833 het die pers sy grootste drukwerk gele-

99) Moffat, R. op.cit., p.564.

100) R.T.S., 1832:53.

wer voordat die druk van die Ou Testament aangepak is: 'n keur van Skrif=
 gedeeltes volgens die „British System”.¹⁰¹⁾ In sy papieromslag het hier=
 die werk vierhonderd drie-en-veertig bladsye beslaan en was 'n merk=
 waardige poging om die leemte te vul voor die Bybel gedruk kon word.
 Die feit dat kinders wat kon lees voor die drukkerij gestaan en wag het om
 'n kopie van elke voltooidde seksie van hierdie werk te bekom, is 'n bewys
 dat die leesbehoefte en die leserspubliek toegeneem het.¹⁰²⁾ Tien die
 einde van 1836 het Moffat 'n heel indrukwekkende lys van drukwerk, wat
 in die jaar voltooi is, in 'n brief aan die Religious Tract Society genoem.
 Van besondere belang is twee Nuwe Testamentiese Boeke, die Sendbrief
 van Jakobus en die eerste Sendbrief van Johannes. Van hierdie twee Boe=
 ke, wat deurlopend gepagineer en gevolglik saamgebind was, het net een
 blad van elk (p.1 en 2, en 11 en 12) in Sir George Grey se versameling
 beland.¹⁰³⁾ Om in die vraag na lektuur te voorsien, is gedurende die
 jaar nie minder as tien godsdienstige traktate gedruk nie: 'n klein kate=
 gismus oor die eerste beginsels van die Christelike geloof; Yosefa
mohumanegi (Arme Josef); Jakoba mocohi (Ou Jakobus); Thusho ea Moleohi
 (Die sondaar se hulp); A loa tloka Tsala? (Wil jy 'n vriend hê?); Bua
boamarure (Praat die waarheid); Batlabani ba thri hundereda (Die drie=
 honderd soldate); Pulelo ea Lidia Surevanta (Die verhaal van Lydia Stur=
 tevant); Morisa oa Molemo (Die Goeie Herder); en „Vrede in dood”.¹⁰⁴⁾
 Die kategismus en die laasgenoemde traktaat is nie in die Greyversame=
 ling nie. Die items wat wel in die genoemde versameling is, en die im=

101) R.T.S., 1834:49-50; Moffat, R. op.cit., p.570; Northcott, op.cit.,
 p.130.

102) Moffat, R. op.cit., p.570.

103) Bleek, op.cit., p.153.

104) R.T.S., 1837:55; Bleek, op.cit., p.157-8.

pressumdatums 1840 en 1841 het, is herdrukke van die 1836-uitgawes.

Gedurende 'n reis wat Moffat in 1836 onderneem het, het dit aan die lig gekom hoe ver buite Kuruman die vermoë om te lees al versprei het. Orals op die reis van die Oranje- tot die Hartsrivier is Moffat lastig geval vir spelboeke. Hy het wel tweehonderd eksemplare met hom saamge- neem, „... but these were a mere nothing compared with the demand”.¹⁰⁵⁾ Die begeerte om te leer lees blyk ook daaruit dat 'n man sy dogter uit die skool by Kuruman kom neem het om die kinders in sy omgewing te leer lees.¹⁰⁶⁾ In stamme ver van Kuruman af het jong mans wat kan lees vry- willig onderneem om die kinders in hulle omgewing te leer lees.¹⁰⁷⁾ Dit het daartoe gelei dat die aantal aansoeke om elementêre boeke in 1838 drie keer soveel was as in enige vorige jaar. Die verkoop van gesang- boeke en Skrifgedeeltes het toegeneem, en dit is interessant om op te merk dat Moffat gevind het dat boeke wat gekoop is baie beter bewaar is as boeke wat gratis uitgedeel is.¹⁰⁸⁾ Gedurende sy besoek aan Engeland van 1839 tot 1843 het Moffat die Religious Tract Society meegedeel dat daar in die omgewing van Kuruman minstens vierduisend eksemplare van spelboeke in sirkulasie was, terwyl die aanvraag daarvoor nog steeds toe- geneem het. Die jongste druk van die gesangeboek is vergroot tot honderd liedere en 'n oplaag van tweeduisend is gedruk. Ook van die groter spel- boek is tweeduisend eksemplare gedruk. Tot sover as tweehonderd myl ten noorde van Kuruman het die mense geleer lees en baie kon reeds

105) Ibid., p.53.

106) Moffat, J.S. op.cit., p.211.

107) Moffat, R. op.cit., p.589.

108) R.T.S., 1839:42.

goed lees. Op grond van hierdie goeie getuienis oor die groei van die leserspubliek het die Vereniging 'n skenking van vier-en-twintig riem papier aan die Kurumanpers gestuur.¹⁰⁹⁾

Gedurende Moffat se afwesigheid van Kuruman het Edwards hom hoofsaaklik toegelê op die herdruk van vroeëre publikasies. In 1841 het hy berig dat hy eenduisend eksemplare van elk van twaalf traktate gedruk het. Gedurende die tyd is ook twee kategismusse herdruk.¹¹⁰⁾ Voor Moffat Engeland in 1843 verlaat het, het die Vereniging op sy versoek 'n oplaag van tienduisend van die gesangboek in Londen gedruk. Benewens 'n groot skenking papier het hy ook lettertipes ter waarde van tien rand ontvang.¹¹¹⁾

Teen 1845 het Moffat gevoel dat die tyd ryp was om vir die gevorderde Tswanalesers lektuur in die vorm van 'n godsdienstige roman aan te bied. Sy keuse het op Bunyan se Pilgrim's progress geval. Op 13.6.'45 het hy aan die Religious Tract Society geskryf: „I am at the present moment dressing Bunyan's Pilgrim in a Sichuana garb, and if it does not travel this land through and through I shall be much mistaken”.¹¹²⁾ Hoewel die vertaling hiervan teen die einde van 1846 voltooi was en Moffat berig het dat dit reeds op die pers was,¹¹³⁾ is die drukwerk eers in 1848 voltooi.

Die sendelinge by Kuruman het daarin geslaag om 'n groot leserspubliek op te lei. Hulle sukses met die bekering van die heidene kon hulle nou be=

109) Ibid., 1840:47-8.

110) Ibid., 1842:43; vgl. p.276 hierbo.

111) Ibid., 1843:41.

112) Ibid., 1846:37.

113) Ibid., 1847:36.

vestig deur die Woord van God in boekvorm aan hulle sendingobjekte te gee.

8.2.3 Vertaling en druk van die Bybel

Na sy selfopgelede taaldissipline in die wildernis, waar hy tien weke lank geen woord Engels of Hollands gehoor het nie, het Moffat vir opperhoof Mothibi en sy mense by Kuruman verstom met die transformasie wat sy Tswana ondergaan het. Uit sy dagboeke en korrespondensie blyk dit dat, hoewel hy nooit sy vermoëns oorskat het nie, hy nogtans nie baie beskeie daaromtrent was nie. Vir die selfopgelede taak van Bybelvertaling het hy aanvanklik egter teruggedeins. In 'n brief aan sy hoofkantoor in Londen het hy sy eie akademiese tekortkominge bely: geen Grieks en Hebreeus en geen algemene filologiese opleiding nie.¹¹⁴⁾ Nogtans het hy die ontsaglike taak man-alleen aangepak en van 1828 af sou hy vir nege-en-twintig jaar worstel om bekende Bybelse frases te vertaal in 'n taal wat so arm is aan geestelike terme.

Die eerste Boek wat hy aangepak het, was Lukas. Soos wat hy met die vertaling gevorder het, het hy voltooid hoofstukke in die godsdiensoefeninge voorgelees. Dat sy vertaling verstaanbaar was, blyk daaruit dat Batswana in afgeleë stante, en wat nie kon lees nie, gelykenisse feitlik woordeliks korrek kon oorvertel.¹¹⁵⁾ Die gebrek aan teologiese terme in Tswana het hy omseil deur gebruik te maak van omskrywings en vreemde (Engelse) woorde. Albei hierdie gebruike is nie in ooreenstemming met die grondbeginsels van Bybelvertaling nie. Dit het daartoe gelei dat

114) Moffat aan sy hoofkantoor, gedateer te Latakoo 12.9.1828. L.S.G.-argief.

115) Northcott, op.cit., p.122.

Moffat 'n hele aantal flaters begaan het, waarvan die volgende twee voorbeelde is. Die Engelse term epistle het hy net so oorgeneem in die vorm van episetole, en Tswanapredikers het dit verwar met pistols (pistole). Een van hulle, wat oor die bekering van Saulus gepreek het, het na briewe¹¹⁶⁾ (epistles) verwys en verduidelik: Julle weet wat hierdie epistles is - dit is daardie klein geweertjies wat die witmense in hulle sakke dra.¹¹⁷⁾ Moffat kon ook nie 'n Tswanawoord vir lelies vind nie en gevolglik die Engelse woord lilies omvorm tot lilelea. Hierdie woord is feitlik identies met die Tswanawoord dilelea¹¹⁸⁾ wat harige spinnekoppe beteken. Totdat hierdie fout reggestel is, het die Batswana dus gelees: „Let op die spinnekoppe ... hulle arbei nie en hulle spin nie".¹¹⁹⁾

Aanyanklik was Moffat verbaas omdat die Nuwe Testament hom so maklik in Tswana laat vertaal het. Dit skep die indruk dat sy vertaling ook 'n verklaring was, en dat hy nie uit Grieks vertaal het nie. Dit is bekend dat hy nie die Griekse taal geleer het voor hy na Suid-Afrika gekom het nie. Kort na sy aankoms by Kuruman het hy die hoop uitgespreek dat hy goeie vordering sou maak met Grieks en Tswana,¹²⁰⁾ maar laasgenoemde het tot 1828 al sy aandag in beslag geneem. In 1838 het hy aan die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap geskryf dat hy Hebreeus en Grieks geleer het terwyl hy besig was met vertaalwerk.¹²¹⁾

116) Handeling 9:2.

117) Northcott, op.cit., p.122.

118) l en d het in sommige dialekte dieselfde waarde, bv. Modimo en Molimo.

119) Mattheüs 6:28; Northcott, op.cit., p.122.

120) Moffat, R. Apprenticeship, p.10.

121) Northcott, op.cit., p.120.

Moffat het min inligting nagelaat oor hoe hy te werk gegaan het wanneer hy die Bybel vertaal het. Sekere aspekte van sy metode het hy wel kortliks beskryf. Wanneer hy nuwe woorde in Tswana ingevoer het, het hy dit 'n reël gemaak om woorde uit Engels te leen omdat die kinders in die skole Engels geleer het, en die geleende woorde mettertyd nie vir hulle vreemd sou wees nie. Die name van mate, gewigte en muntstukke, asook eiename van mense en plekke het hy behou soos in die oorspronklike tale en dit bloot in die ortografie van Tswana geskryf. Aanvanklik het hy geneig om 'n vrye vertaling te maak, maar voor hy ver gevorder het, het hy besluit op 'n letterlike vertaling waardeur die eenvoud en skoonheid van die oorspronklike beter behoue kon bly.¹²²⁾ Met Bybelvertaling is dit onmoontlik om sonder geleende woorde oor die weg te kom, maar waarom Moffat woorde moes leen om dinge soos briewe en lelies te beskryf, is nie duidelik nie. Nog onverklaarbaarder was sy gebruik van Engelse telwoorde.

Teen die einde van 1829 was die vertaling van Lukas persklaar en is gedurende die volgende jaar in Kaapstad gedruk.¹²³⁾ Terwyl Moffat vir hierdie doel in Kaapstad was, het dr. John Philip aan hom 'n drukpers geskenk. Dit was 'n swaar handpers sonder enige onderskeidende merke daaraan. Die pers is in 1825 uit Engeland ontvang en tans word dit permanent uitgestal in die Kimberleyse Openbare Biblioteek.¹²⁴⁾ Terug by Kuruman het vertaalwerk baie van Moffat se tyd in beslag geneem. Tot 1833 het daar van sistematiese Bybelvertaling nie veel tereggekome nie

122) Ibid., p.168.

123) Kyk par. 8.2.2 hierbo.

124) Northcott, op.cit., p.341.

omdat Moffat van mening was dat dit nuttiger sou wees om Skrifgedeeltes uit die hele Bybel te vertaal en te publiseer. Vir 'n vertaling van die hele Bybel sou die sendingobjekte in elk geval 'n hele aantal jare moes wag. Na die publikasie van 'n omvattende keur van Skrifgedeeltes in 1833 is die vertaalwerk toegespits op die Nuwe Testament. In 1836 is die Sendbrief van Jakobus en die eerste Sendbrief van Johannes by Kuruman gedruk.¹²⁵⁾ Op 3 Julie 1838 is die vertaling van die Nuwe Testament voltooi, maar Moffat moes sy hoop om dit by Kuruman te druk, laat vaar omdat die pers te klein was vir so 'n groot taak.¹²⁶⁾ Teen die einde van daardie jaar was Moffat weer op pad na Kaapstad om 'n drukker vir die Nuwe Testament te soek. In Kaapstad het 'n besending van tweehonderden-en-vyftig riem papier, genoeg om 'n oplaag van vierduisend eksemplare te druk, op Moffat gewag. Geen drukkery in Kaapstad was sodanig toegerus om drukwerk op 'n groot skaal te onderneem nie. Dr. Philip was ook van mening dat dit duurder sal wees om vir Moffat en sy familie in Kaapstad te onderhou terwyl hy 'n drukker soek, as om hulle na Engeland te stuur sodat hy die Nuwe Testament daar kon laat druk. Die reis na Engeland, wat in Maart 1839 begin het, was een vol droefheid vir die Moffatgesin. Binne enkele ure nadat die boot uit Tafelbaai vertrek het, is 'n baba vir hulle gebore, en drie dae later is hulle sesjarige seun aan malsels dood.¹²⁷⁾

Met sy aankoms in Londen het Moffat gehoop om die drukwerk so gou as moontlik afgehandel te kry en om voor die Europese winter weer terug te

125) Kyk par. 8.2.2 hierbo.

126) Northcott, op.cit., p.168. Tien jaar later was dieselfde pers egter groot genoeg om die Ou Testament te druk.

127) Northcott, op.cit., p.168-9; Moffat, J.S. op.cit., p.221-2.

keer na Suid-Afrika. Dit was egter al die begin van die winter toe hy en sy familie in Oktober 1839 eers in Londen gevestig is. Om sy eie vertaling van die Nuwe Testament te laat druk, het nie net beteken dat hy die proewe nagesien het nie, maar ook dat hy die teks voortdurend hersien het. Hy was bewus van sy tekortkominge, veral van die feit dat hy nie onderlê was in die grondtale van die Bybel nie. Sy kennis van Grieks op hierdie stadium het hy moeisaam opgedoen deur verskillende Bybelse outoriteite en die Hollandse en Engelse vertalings van die Bybel te vergelyk om sodoende die betekenis van die oorspronklike te snap. In Londen het hy egter vriendelike hulp van die beampptes en die komitee van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap ontvang. Sy werk het egter nie net 'n deeglike hersiening van die Nuwe Testament behels nie. Aangesien hy die moeite en onkoste gedoen het om na Engeland te gaan, is besluit dat hy ook die Psalms sou vertaal en dat dit saam met die Nuwe Testament in een band gebind sou word. Met die vertaling van die Nuwe Testament het hy seker heelwat kennis van Grieks opgedoen, maar van Hebreeus, die grondtaal van die Psalms, kon hy nie veel kennis gehad het nie. Met hierdie tekortkoming en die afwesigheid van intelligente Batswana om hom te help met die Tswana-idioom, was dit stellig geen geringe taak om die Psalms te vertaal nie. Toe die Nuwe Testament egter klaar gedruk is, was die Boek van die Psalms persklaar.¹²⁸⁾

In Londen het die Moffats vir David Livingstone ontmoet. Hierdie aanstaande skoonseun van Moffat het gereed gemaak om na Suid-Afrika te vertrek om hom as sendeling onder die Tswanastamme ten noorde van Kuruman te vestig. Aan die einde van 1840 het hy met vyfhonderd eksem-

128) Moffat, J.S. op.cit., p.225-6.

plare van die Nuwe Testament vooruit na Kuruman vertrek. Moffat en sy gesin het eers in April 1843 in Tafelbaai geland met die orige tweeduisend eksemplare, asook 'n oplaag van tienduisend gesangboeke wat deur die Religious Tract Society gedruk is.¹²⁹⁾ Die Kurumansending het die Nuwe Testament geesdriftig ontvang. Volgens gegewens wat deur Roger Edwards aan die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap verstrekk is, kon ongeveer eenduisend van die sendingobjekte lees. Aangesien daar weinig ander leesstof tot hulle beskikking was, is die Nuwe Testament baie gelees. Dit het dikwels gebeur dat ongeveer vyftig kerkgangers hulle Nuwe Testamente saamgebring het kerk toe om die Skriflesing daarin te volg. Met huisgodsdienst saans en soggens was dit in die meeste gevalle kinders wat voorgelees het uit die Nuwe Testament.¹³⁰⁾

Saam met Moffat het die nuwe sendeling William Ashton na Kuruman gekom om vir Roger Edwards te vervang. Laasgenoemde sou saam met Livingstone 'n sendingaksie onder die Bakgatla noord van Kuruman begin. Ashton was die man wat feitlik die hele Ou Testament by Kuruman gedruk het.

Dit skyn asof Moffat nie dadelik na sy terugkeer uit Engeland met die vertaling van die Ou Testament begin het nie. Teen 1845 moes hy wel al 'n begin gemaak het, want in die jaarverslag van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap word verwys na 'n skenking van vyf-en-twintig riempapier aan Moffat om gedeeltes van die Ou Testament te druk.¹³¹⁾ In November 1846 het Moffat aan die Religious Tract Society geskryf dat die Spreuke van Salomo klaar vertaal en toe reeds op die pers was. Die sta-

129) Northcott, op.cit., p.174.

130) B.F.B.S., 1844:cxxii-cxxiii (122-3).

131) Ibid., 1846:cxii (112).

dige vordering het hy aan die min tyd vir vertaal- en drukwerk toegeskryf. Die verwagting was egter dat dit voortaan vinniger sou gaan omdat hulle besig was om uit die geledere van intelligente Batswana setters op te lei.¹³²⁾ Die volgende jaar is berig dat benewens Spreuke ook Prediker en Jesaja gedruk is. Hierdie drie Boeke is saamgebind in een band van honderd-en-nege bladsye. Vir die inbinding van hierdie werk het Moffat 'n probleem ondervind om persbord te bekom. Met mev. Moffat se besoek aan Kaapstad moes sy 'n voorraad persbord bestel, maar sy kon niks bekom nie. Die sendelinge het feitlik klaar besluit gehad om die bindwerk eers terug te hou en voort te gaan met nuwe drukwerk, maar omdat daar van die kant van die Batswana so baie navrae vir nuwe lesstof was, het hulle besluit om self persbord te vervaardig uit afvalpapier. Op dié wyse is drie Ou Testamentiese Boeke in die hande van die lesers geplaas, terwyl dit andersins miskien bykans 'n jaar lank ongebind sou gelê het.¹³³⁾ In 1848 moes 'n hersiene uitgawe van hierdie drie Boeke gedruk word, maar dis te betwyfel of hierdie oplaag in sirkulasie geplaas is. Met die weglating van hulle titelbladsy is hierdie drie Boeke in 1857 aan die einde van deel twee van die volledige Ou Testament ingebind.¹³⁴⁾

Van 1850 af het die vertaal- en drukwerk vinniger geskied. Op 14 Januarie 1851 het Moffat berig dat hy al sy tyd, wat nie deur openbare verpligtinge in beslag geneem word nie, aan vertaalwerk wy. Ashton, wat ook verantwoordelik was vir die skool, het al sy tyd buite die skoolure in die drukkerij en bindersafdeling deurgebring, en ook gehelp met die verbetering

132) R.T.S., 1847:36.

133) B.F.B.S., 1849:cxl-cxli (140-1).

134) B.F.B.S., 1850:cxv-cxvi (115-6); Bleek, op.cit., p.155.

van die proewe. Op daardie stadium was Moffat besig om die Kleinprofete te hersien, terwyl Genesis, Exodus en Deuteronomium in manuskripvorm was.¹³⁵⁾ In 1850 het eerwaarde Hughes in 'n brief aan die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap beweer dat die hele Ou Testament in Tswana vertaal is en dat dit binnekort gedruk sal wees.¹³⁶⁾ Hierdie bewering strook egter nie met die verslae van Moffat en Ashton nie. In 1851 het Moffat berig dat Genesis en Exodus gedruk is en dat hy besig was met die vertaling van die res van die Pentateug. Weens die swak gesondheid van sy vrou moes Ashton en sy gesin 'n reis onderneem, waardeur die drukkerij tot stilstand gekom het. Sodra Ashton terug sou wees en 'n nuwe voorraad lettertypes ontvang was, sou daar vinnig gevorder word met die druk van die Ou Testament.

Intussen het Moffat die Kleinprofete deeglik hersien en hulle was gereed vir die pers sodra hulle aan die beurt sou kom. As gevolg van nuwe reëlings kon hy voortaan byna al sy tyd aan vertaalwerk wy.¹³⁷⁾ Gedurende die volgende jaar het hy in sy korrespondensie met die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap geen melding gemaak van die vordering met die vertaling en druk van die Ou Testament nie. Hy het egter om 'n skenking van 'n groot hoeveelheid papier en inbindingsmateriaal gevra, wat daarop dui dat hulle op die punt was om deel een van die Ou Testament te druk.¹³⁸⁾ Teen 24 Oktober 1853 was die druk van die Ou Testament tot by I Konings voltooi en II Konings klaar vertaal. Laasgenoemde Boek moes ook in 1853

135) Report of the missions in South Africa, 1850:iv-v.

136) B.F.B.S., 1851:xcviii(98).

137) Ibid., 1852:cxxix (129).

138) Ibid., 1853: cxxvii-cxxviii (127-8).

gedruk gewees het, want deel een van die Ou Testament, wat Genesis tot II Konings omvat, dra die impressumdatum 1853. Hierdie werk is oktavo=grootte, beslaan iv en 512 bladsye en 'n oplaag van eenduisend is gedruk. 139)

Met die vertaling en druk van deel een van die Ou Testament het beide Moffat en Ashton te hoë eise aan hulle gesondheid gestel. Gevolglik moes hulle albei in 1854 reise onderneem om weer hulle kragte te herwin. Terwyl Ashton en sy gesin na Kaapstad is, het die Moffats 'n noordwaartse reis onderneem, nie net om weg te kom van die boeke nie, maar ook om na hulle skoonseun Livingstone te soek. 140)

Die eerste keer wat Moffat weer van hom laat hoor het, was in 'n brief aan die Bybelgenootskap op 14 November 1855. Daaruit blyk dit dat hy besig was om Job, Jeremia, Daniël, Esegïel en Hooglied te vertaal. By voltooiing daarvan sou die hele Bybel in Tswana vertaal gewees het. 141) Sy hernude kragte het hom in staat gestel om besonder vinnig te vorder met die vertaalwerk. 'n Jaar later het hy berig dat nog slegs een Ou Testamentiese Boek vertaal moes word. Ook die drukwerk het kort op die hakke van die vertaalwerk gevolg. 142) In 1857 is deel twee van die Ou Testament gepubliseer. Die formaat was dieselfde as deel een en het 398

139) Report of the missions in South Africa, 1853:53; B.F.B.S., 1854: cxxii(122); Bleek, op.cit., p.155.

140) Livingstone was op 'n ontdekkingsreis na die weskus. Northcott, op.cit., p.216-7; Report of the missions in South Africa, 1854:56-7.

141) B.F.B.S., 1856:clxxx-clxxxii (180-2). Psalms is in Engeland vertaal (1840), terwyl die Kleinprofete by Kuruman (1851) voltooi is.

142) Report of the missions in South Africa, 1856.

bladsye beslaan. Met die uitsondering van Psalms het dit al die Ou Testamentiese Boeke vanaf Kronieke tot Maleagi bevat. Die Boeke Spreuke, Prediker en Jesaja wat in 1847 gedruk is, is nie op hulle kronologiese plek ingerangskik nie, maar ná Maleagi.¹⁴³⁾

Aan die einde van die inskrywing vir die tweede deel van die Ou Testament in Tswana in die katalogus van Sir George Grey het dr. Bleek in 'n annotasie verklaar: „Moffat has hereby finished the first translation of the whole Bible in an illiterate African tongue”.¹⁴⁴⁾ Sederdien het verskillende skrywers¹⁴⁵⁾ vir Bleek nagepraat. Dit moet toegegee word dat hy onmoontlik op hoogte kon wees van alle vertalings wat in Suid-Afrika gedoen is, en dat hy slegs gevolgtrekkings kon maak op grond van gepubliseerde Bybelboeke in die biblioteek van Sir George Grey. Die sendelinge van die Wesleyaanse Sendinggenootskap in Kafferland het die hele Bybel reeds in 1834 in Xhosa vertaal gehad.¹⁴⁶⁾ Ten tye van die publikasie van Grey se katalogus was slegs die twee Boeke van Samuel nog nie in Xhosa gepubliseer nie.¹⁴⁷⁾ Die rede waarom die hele Xhosabybel eers twee jaar na die Tswanabybel gepubliseer is, lê in die feit dat die Wesleyane se sendingpers baie meer drukwerk as die Kurumanpers moes doen, en dat die aktiwiteite van die eersgenoemde pers verskeie kere deur oorloë onderbreek is. Tot 1854 moes die Wesleyaanse pers drie oplae van eenduisend, drieduisend en tweeduisend onderskeidelik van die Nuwe Testament druk.

143) B.F.B.S., 1859:259; Bleek, op.cit., p.155.

144) Bleek, loc.cit.

145) Onder andere Northcott, op.cit., p.341.

146) B.F.B.S., 1845:cxlii (142).

147) Bleek, op.cit., p.74-8.

In 1840 is 'n oplaag van tweeduisend vyfhonderd van die Nuwe Testament in Tswana in Londen gedruk, en dertig jaar later was daardie oplaag nog nie uitgeput nie. Dit dui baie duidelik aan dat die Wesleyane aan 'n baie groter leserspubliek lektuur moes voorsien as wat dit die geval met die Kurumanpers was. In die sewe jaar tussen 1846 en 1853 alleen het die Wesleyane se drukkersaktiwiteite vir vier jaar as gevolg van oorloë tot stilstand gekom. Hoewel Appleyard nie die hele Bybel in Xhosa vertaal het nie, soos wat Moffat dit in Tswana gedoen het, het hy nogtans feitlik die hele Ou Testament vertaal en die Nuwe Testament by twee geleenthes hersien. Daarby het hy in Suid-Afrika gekom toe Moffat reeds drie-en-twintig jaar hier was.

Dit doen egter niks af aan die feit dat Moffat 'n merkwaardige mens was nie. Sonder enige akademiese opleiding en kennis van die grondtale van die Bybel het hy die vertaling daarvan in Tswana aangepak en suksesvol deurgevoer. Daar moet egter ook melding gemaak word van die onvermoeide arbeid van William Ashton wat, behalwe Psalms en een blad (agt bladsye) van Spreuke, die hele Ou Testament onder moeilike omstandighede en met primitiewe uitrusting gedruk het. Baie oggende wanneer hy 'n blad moes druk en alles daarvoor in gereedheid gehad het, het die Tswanaseun wat vir hom die ink moes rol, nie opgedaag nie. Om op win=tersoggende die taai ink en inkballe sag te hou, moes hy met houtskool in konkas vuur maak. Soms het hy die oop konkas onder die inktafel of onder die pers geplaas om die lettertypes warm te maak sodat die koue taai ink nie aan die papier vaskleef en dit skeur nie.¹⁴⁸⁾ Nogtans was die produkte van die Kurumanpers van so 'n gehalte dat iemand opgemerk het:

¹⁴⁸⁾ Northcott, op.cit., p.245.

„There are few presses in the provincial towns of our native land (Engel-land) which could turn out cleaner and better work".¹⁴⁹⁾

Sedert die voltooiing van die Ou Testament in Tswana in 1857 het Moffat hom besig gehou met die hersiening van die Nuwe Testament. In 1867 is 'n klein oplaag van vyftig kopieë onder toesig van sy seun John Smith Moffat by Kuruman gedruk. Dit is beskikbaar gestel aan sendelinge wat onder die Tswanasprekende stamme gewerk het, sodat hulle kommentaar kon lewer op die hersiening. In 1872 is die druk van die hele Bybel in Tswana onder die toesig van Moffat in Londen voltooi.¹⁵⁰⁾

8.2.4 Ander drukwerk

In paragraaf 8.2.2 hierbo is verwys na 'n aantal publikasies van die Kurumanpers wat hoofsaaklik 'n onderwysdoel gedien het. Die aandag moet nog kortliks gevestig word op 'n paar ander belangrike produkte van hierdie sendingpers.

In die laat veertigerjare het Ashton begin met die vertaling van 'n Engelse Bybelse geskiedenis met die titel Line upon line deur „the Author of 'Peep of Day'". Die werk is in 1850 in twee dele gedruk en omvat die Bybelse geskiedenis van die Skepping af tot by die terugkeer uit die ballingskap na Jerusalem. Aan die einde van elk van die twee dele is ongeveer twintig bladsye met vrae oor die betrokke deel. Die totale aantal bladsye van die twee dele beloop driehonderd ses-en-sewentig. Elke deel bevat twaalf houtsnee-illustrasies wat Ashton van ene Snow verkry het. Die twee dele

149) Report of the missions in South Africa, 1851:75-6.

150) B.F.B.S., 1873:325.

is in een band gebind en teen 20 sent stuk verkoop.

In 1854 het 'n tweede druk van hierdie werk verskyn. Waar die vorige druk bedoel was vir kinders, was hierdie een bedoel vir volwassenes. Daarom het Ashton sommige sinne weggelaat en ander gewysig. 'n Paar verhale wat nie in die eerste druk verskyn het nie, is hier opgeneem, naamlik „Die Toring van Babel” en „Die verhaal van Job”. Verder het hy ook die vrae aan die einde van elke verhaal geplaas, waar dit in die vorige druk aan die einde van elk van die twee dele was. Dieselfde hout=snee-illustrasies is ook in hierdie druk gebruik.¹⁵¹⁾ Van hierdie werk en van Moffat se vertaling van Pilgrim's progress het Ashton gesê: „there is no other station on this side of the Orange River in which this work could possibly be carried on”.¹⁵²⁾ Hy het egter nie genoem op grond waarvan hy hierdie bewering gemaak het nie. Hy moes tog bewus gewees het van die Franse sendelinge in Lesotho se pers waarop die Nuwe Testament in Sotho op daardie stadium gedruk was, en die Wesleyane se pers by Thaba Nchu en Platberg II waarop verskeie groot werke, sommige ook met houtsnee-illustrasies, gedruk is. Northcott het ook na Moffat verwys as „... the pioneer printer north of the Orange River”,¹⁵³⁾ terwyl hy bewus was van die Tswanaspelboek wat in 1819 by Griekwastad gedruk is.¹⁵⁴⁾ Hy was waarskynlik nie bewus van Broadbent se drukwerk by Makwassie in 1824 en Archbell se drukwerk sedert 1826 by Makwassie en Platberg I nie.

151) Reports of the missions in S.A., 1851:75-6; Bleek, op.cit., p.150-1.

152) Aangehaal uit Northcott, op.cit., p.185.

153) Northcott, op.cit., p.126.

154) Ibid., p.342.

Tussen 1857 en 1859 het Ashton ook ge-eksperimenteer met 'n maandelikse tydskrif in Tswana: Mokaeri oa Becuana, le Muleri oa mahuku. (Die leermeester van die Batswana en die aankondiger van nuus.) Elke uitgawe het vier bladsye met dubbelkolomme beslaan, en die intekengeld het 20 sent per jaar bedra.

In 1853 is 'n Tswanavertaling van 'n brief en 'n proklamasie van Kommandant-Generaal A.W.J. Pretorius aan kaptein Gasibonoe en Mahure op die sendingpers by Kuruman gedruk. In die volgende jaar is 'n Tswanavertaling van Mosjwesjwe se wet in verband met sterk drank van die blankes ook by Kuruman gedruk.

Ten slotte moet nog verwys word na die Ndebeleboekies wat op die Kurumanpers gedruk is. Hierbo¹⁵⁵⁾ is verwys na die spelboekie wat die Amerikaanse sendelinge vir hulle Matebelesending by Kuruman laat druk het. Tussen 1863 en 1866 het ook 'n spelboek, elementêre leesboekies en 'n gesangboek in Ndebele op hierdie pers verskyn.¹⁵⁶⁾

8.3 Die Anglikaanse sendingpers in die Oranje-Vrystaat

Teen die einde van die tydperk onder behandeling het die Anglikaanse Sending 'n sendingpers in die Oranje-Vrystaat opgerig wat lektuur in die Rorolongdialek van Tswana voorsien het. Die Anglikaanse Kerk het Suid-Afrika as sendingveld op 'n laat tydstip betree, en meestal in gebiede waar ander genootskappe reeds gevestigde sendingaksies gehad het. Ten opsigte van taalstudie, vertaal- en drukwerk was hulle geen pioniers nie. Daarom sal

155) Kyk hoofstuk vyf, par. 5.2.

156) Rossouw. Catalogue of African languages 1858-1900, p.35-6.

daar slegs oorsigtelik verwys word na hulle bemoeiing in verband met lektuurvoorsiening aan die Bantoe.

Die Bloemfonteinse bisdom is in 1863 gestig en in 1866¹⁵⁷⁾ is 'n sending= aksie by Thaba Nchu begin in 'n streek waar die Wesleyaanse Sendingge= nootskap al langer as dertig jaar gewerk het. Volgens Venter het eerwaarde William Crisp in 1876 'n drukpers uit Engeland met hom saamgebring en by Thaba Nchu opgerig.¹⁵⁸⁾ Die datum is ongetwyfeld 'n drukfout, want Crisp het in 1867 in Suid-Afrika aangekom.¹⁵⁹⁾ Hierdie begaafde sendeling was met die hulp van 'n Wesleyaanse kollega¹⁶⁰⁾ weldra die gesproke Tswanataal magtig en het hom vervolgens daarop toegelê om dit in geskrewe vorm te bemeester.¹⁶¹⁾ In sy vader se drukkery in Engeland is hy as 'n drukker opgelei.¹⁶²⁾

Die eerste drukwerk van hierdie pers het in 1870 die lig gesien. Dit was 'n oplaag van vyfhonderd gebedeboeke „... containing the heads of Christian instructions, private prayers, the order of morning and evening services, the Litany, etc.”¹⁶³⁾ Hierdie werk is deur die Anglikane se goeie vriend, die Wesleyaanse sendeling,¹⁶⁴⁾ nagesien waardeur hulle menige

157) Lewis & Edwards. Historical records, p.415; Du Plessis, op.cit., p.356 gee die datum 1865 aan.

158) Venter. Die Anglikaanse Kerk en die onderwys, p.219.

159) S.A.B.W., p.197. In sy proefskrif „Die rol wat die Engelse kerke gespeel het”, p.379 gee Venter die datum korrek as 1867 aan.

160) Dit kon slegs eerw. J.D.M. Ludorf gewees het.

161) Venter. Die Anglikaanse Kerk en die onderwys, p.219.

162) S.A.B.W., p.196.

163) Lewis & Edwards, op.cit., p.415.

164) Kyk voetnoot nr. 160.

flaters gespaar is. In die Grey-versameling in die Suid-Afrikaanse Biblioteek te Kaapstad is nie 'n eksemplaar van hierdie werk nie.¹⁶⁵⁾ Teen 1871 was verskeie vertalings gereed om gedruk te word, waaronder die kort gebede, Sendbriewe en Evangelies¹⁶⁶⁾ soos dit in die Book of common prayer verskyn; Harmony of the Passion; Communion Service en 'n kategismus. Die sendelinge het egter gekla oor 'n gebrek aan geld wat die drukwerk gestrem het. Die Barolong was wel gewillig om 'n klein bedrag vir die boeke te betaal, maar dit het skaars die koste van die papier gedek.¹⁶⁷⁾ In die vroeë sewentigerjare is 'n aantal gesange, spelen en leesboeke, 'n kategismus en 'n gebedeboek gedruk. Selfs 'n Hollandse kategismus is vir die gebruik van die Kleurlinge gedruk en het onder andere die Liturgie, die Onse Vader, die Geloofsbelofte en die Tien Gebooe ingesluit.

Die klein drukpers by Thaba Nchu is intussen deur die toedoen van die Society for Promoting Christian Knowledge (S.P.C.K.) met 'n groter en beter pers vervang. Hierdie nuwe pers is in die St. Cyprian Teologiese Skool in Bloemfontein gehuisves, en ene Grimsley was die drukker vanaf 1875 tot 1886. Een van die eerste produkte van die nuwe pers was die volledige Book of common prayer.

Intussen het eerwaarde Crisp 'n ware kenner van Tswana geword en begin werk aan 'n Tswanagrammatika. Op daardie tydstip was die Fransman M. Fredoux, skoonseun van Robert Moffat, se Sketch of a Secoana

165) Vgl. Rossouw, op.cit., p.51-6.

166) Bekend as „Collects", „Epistles" en „Gospels".

167) Lewis & Edwards, loc.cit.

Grammar die enigste Tswanagrammatika.¹⁶⁸⁾ Van hierdie werk het Crisp gesê: "... it had been drawn with a master's hand. Our task was to fill in the details within the lines laid down by him."¹⁶⁹⁾ In 1880 is sy Notes towards a Secoana grammar van honderd bladsye in Bloemfontein op die sendingpers gedruk. In 1885 het die werk 'n tweede druk in Londen beleef en mettertyd die erkende Tswanagrammatika in Suid-Afrika geword.¹⁷⁰⁾

In 1880 is die drukpers weer na Thaba Nchu verskuif en met behulp van 'n toelaag van R500 van die Society for the Propagation of the Gospel (S.P.G.) het hy begin met die vertaling van die Nuwe Testament in Tswana. Hierin is hy bygestaan deur 'n goedonderlegde Morolong en in 1885 is die werk voltooi. Die volgende jaar is dit op die sendingpers gedruk. Vir hierdie werk is daar eweneens geen inskrywing in die katalogus van die Grey-versameling nie. Dit het in elk geval aan Crisp 'n ere-B.D.-graad besorg. In 1900 het Crisp ook begin met die vertaling van die Ou Testament in Tswana en op die dag van die inname van Bloemfontein deur Lord Roberts is dit voltooi.¹⁷¹⁾ Volgens Hinchliff het Crisp egter nie die Ou Testament vertaal nie. In hierdie verband sê Hinchliff: "Selfs sy (Crisp se) buitengewone werkkrag was egter nie opgewasse teen die taak om die hele Ou Testament eiehandig in Tswana te vertaal nie. Daarom spits hy hom daarop toe om dié dele van die Ou Testament te vertaal wat voorgeskryf is vir

168) Archbell se "Grammar of the Bechuana Language" kon kwalik 'n Tswanagrammatika genoem word. Vgl. hoofstuk twee, par. 2.2.2.1.

169) Crisp. Some account of the Diocese of Bloemfontein, p.52.

170) Venter. Die Anglikaanse Kerk en die onderwys, p.220.

171) Ibid., p.220-1.

voorlesing in die Anglikaanse kerke op die verskillende Sondae van die jaar ... Daar word vertel dat (hy) die werk aan die laaste van sy keur van Ou Testamentiese uittreksels ... voltooi presies op die dag waarop Lord Roberts Bloemfontein binnekom (13.3.1900)."¹⁷²⁾ Dit ly geen twyfel dat Venter gefouteer het nie, want dit is onmoontlik om die Ou Testament in minder as drie maande te vertaal.

Behalwe 'n verskeidenheid van boeke in 'n verskeidenheid van tale ten dienste van die sending, was die Anglikaanse sendingpers in die Oranje-Vrystaat ook verantwoordelik vir die druk van die Bloemfontein Diocesan Magazine (1871-1883) en die Church Magazine of the Diocese of Bloemfontein (1893-1899).¹⁷³⁾

172) S.A.B.W., p.197-8.

173) Venter. Die Anglikaanse Kerk en die onderwys, p.221.

9 DIE SENDINGPERS VAN DIE PARYSE EVANGELIESE SENDING=GENOOTSKAP

Voor 1822 het diegene in Frankryk, wat in sendingwerk belanggestel het, hulle bydraes aan sendinggenootskappe buite Frankryk, hoofsaaklik in Engeland, gestuur. In 1822 was die openbare belangstelling in Protestant=se kringe in Frankryk egter ryp vir die stigting van 'n sendinggenootskap. 'n Paar jaar vroeër is reeds 'n beweging aan die gang gesit om in Frankryk 'n tak van die Sendinggenootskap van Basel te stig. Die kommissie wat die saak ondersoek het, het egter aanbeveel dat 'n onafhanklike genootskap vir Frankryk gestig moes word.

Op 4 November 1822 is die stigtingsvergadering van die Paryse Evangeliese Sendinggenootskap gehou by welke geleentheid 'n komitee gekies is. Kort hierna is 'n grondwet opgestel en deur die hele land gesirkuleer. Al=le Protestante is gevra om op die eerste Maandag van elke maand byeen te kom vir bidure vir die saak van die sending. Waar genoeg Protestante vergader het, is takke van die Genootskap gestig om die belange daarvan te bevorder en om fondse daarvoor in te samel.

In 1823 het die komitee begin met die uitgee van 'n bulletin waarin nuus van die Genootskap versprei is. Kort hierna is ook besluit om 'n inrigting in Parys in die lewe te roep waar toekomstige sendelinge kon inwoon ter=wyl hulle opgelei word as sendelinge. Eers in 1825 het die eerste Franse student, Prosper Lemue, hom vir opleiding as sendeling aangemeld. Kort daarna het ses ander studente hulle by hom aangesluit. Die aanvoorwerk was gedoen en die Paryse Evangeliese Sendinggenootskap het van krag tot krag voortgegaan. Die toename in bydraes het gestyg van eenduisend drie=honderd frank in die eerste jaar tot tweeduisend seshonderd in die twee=

de jaar.¹⁾

In 1825 het die Genootskap besluit om 'n sendingtydskrif uit te gee, en van 1826 af het die Journal des Missions Evangéliques kwartaaliks begin verskyn. Die doel van die tydskrif was om besonderhede van sendingwerk in die algemeen en van die Paryse Evangeliese Sendinggenootskap in die besonder te gee. Dit sou onder andere verslae en korrespondensie van die Franse sendelinge opneem en dit het van hierdie tydskrif die belangrikste bron van inligting oor die geskiedenis van die Genootskap gemaak.²⁾

Na aanleiding van 'n onderhoud met dr. John Philip van die Londense Sendinggenootskap het die komitee van die Paryse Genootskap op 28 Januarie 1829 besluit om sendingwerk in Suid-Afrika te doen. Die keuse van sendelinge vir hierdie doel het op die here Isaac Bisseux, Prosper Lemue en Samuel Rolland geval. Teen die helfte van Julie 1829 het hulle die seereis aangepak en op 7 Oktober in die Kaap geland. Bisseux het hom te Wagenmakersvallei (die huidige Wellington) gevestig om sendingwerk onder die slawe en Kleurlinge te doen. Op advies van Philip het Lemue en Rolland hulle na Kafferland begeef, maar die feit dat hierdie gebied reeds deur ander sendinggenootskappe beset was,³⁾ en ook omdat die politieke situasie daar onrusbarend was, het hulle besluit om noordwaarts te gaan om 'n sendingstasie by Motito naby Kuruman op te rig. Rolland en Lemue

1) Destyds was 25 frank gelyk aan R2. Hoewel daar 'n styging van 100% was, was dit nogtans 'n karige bedrag.

2) Die bostaande inligting is hoofsaaklik te danke aan Pellissier. Jean Pierre Pellissier van Bethulie, p.37-40.

3) Die Skotse Sendings, Wesleyaanse en Londense Sendinggenootskappe.

is vir die doeleindes van hierdie studie belangrik omdat hulle albei later na Lesotho verplaas is en Rolland die eerste drukker van die sending daar was. In 1831 is die geleedere van die Motitosending versterk in die persoon van Jean Pierre Pellissier. Hy is van belang omdat hy die Franse se eerste sendingpers met hom saamgebring het - 'n saak waaroor daar tot hiertoe onsekerheid geheers het.

Vroeg in 1833 het nog drie Franse sendelinge in die Kaap geland met die doel om die Motitosending te versterk. Hulle was Thomas Arbousset, Eugène Casalis en die ambagsman-sendeling Constant Gosselin. Eersgenoemde twee sou die pioniers op die gebied van lektuurvoorsiening aan die Basotho word. In Frankryk het hulle ook vakleerlingskappe in skryfwerk en grofsmedery deurloop. Hulle Genootskap het hulle ook voorsien van skoensmakersuitrustings, gewere, barometers, kookboeke, 'n handboek oor landmeting, ensovoorts.⁴⁾

In die Kaap het hierdie drie sendelinge verneem dat die Bahurutsistam by Motito totaal verbrokkel is as gevolg van die tirannie van en plundering deur Moselekatsi, en dat die drie pioniers Lemue, Rolland en Pellissier met moeite sendingwerk gedoen het onder verspreide en verarmde oorblyfsels van die Bahurutsi.⁵⁾ Nogtans het die drie nuwe sendelinge hulle noordwaarts begeef onderweg na Motito.

Met hulle aankoms by Philippolis het iets gebeur wat 'n groot invloed sou hê op die geskiedenis van die sending in Suid-Afrika in die algemeen en van sendingdrukperse in die besonder. Volgens Ellenberger het hulle

4) Ellenberger. A century of mission work, p.7-8.

5) Du Plessis. A history of Christian missions, p.190.

daar verneem dat 'n Bantoe-opperhoof etlike honderde stuks beeste na die Kaap gestuur het om 'n sendeling te koop. Hierdie nuus is bevestig deur 'n jagter Adam Krotz wat gedurende sy jagtogte in aanraking gekom het met Mosjwesjwe.⁶⁾ Laasgenoemde was voortdurend in oorloë gewikel met ander stamme en het vir Krotz in hierdie verband om raad gevra. Krotz het hom verseker dat sendelinge ongetwyfeld in staat sou wees om vrede in sy land te bring. Gevolglik het Mosjwesjwe beeste gestuur om mense te koop wat sy eie mense sou kon onderrig. Hierdie beeste het egter nooit hulle bestemming bereik nie aangesien hulle deur die Korannas onderskep en gebuit is. Krotz het aangebied om die drie Franse sendelinge na Mosjwesjwe te vergesel - 'n uitnodiging wat hulle gretiglik aangeneem het. In hierdie verband het hulle soos volg aan die komitee van die Paryse Evangeliese Sendinggenootskap geskryf: „We think that we would have made an unpardonable mistake if we had refused to accept an appeal that was so remarkable. The finger of God was clearly visible; it pointed out to us the road which we should take.”⁷⁾

Anders as wat Ellenberger beweer het, het Mosjwesjwe tweehonderd stuks beeste na Adam Kok gestuur met die doel om 'n sendeling te koop. Hoewel die beeste onderweg geroof is, het die afvaardiging nogtans hulle boodskap oorgedra. Dr. Philip het hiervan te hore gekom net toe Arbousset, Casalis en Gossellin in die Kaap geland het, waar hy Mosjwesjwe se verlangete aan hulle oorgedra het.⁸⁾ Hierdie bewering van Du Plessis dat die

6) Na die voorbeeld van S.A.B.W. word hierdie fonetiese spelling, wat die naaste aan die regte uitspraak is, gebruik.

7) Ellenberger, op.cit., p.9.

8) Du Plessis, op.cit., p.191.

sendelinge reeds in die Kaap van Mosjwesjwe se wens verneem het, word gestaaf deur een van die drie betrokke sendelinge. Volgens Casalis se verhaal van die gebeure het die nuus in verband met Mosjwesjwe se voorname die Kaap bereik ten tye van hulle landing aldaar. Die nuus is na die Kaap geneem deur dr. Philip wat van 'n besoek aan die sendingstasies van die Londense Sendinggenootskap teruggekeer het. Al het Casalis en sy twee medesendelinge nie reeds in die Kaap afgesien van hulle opdrag om die Motitosending te gaan versterk nie, dan het hulle reeds daar besluit om die berig in verband met Mosjwesjwe se wens te ondersoek. „We, therefore, resolved to seek, on the banks of the Orange River, the Hot-tentot (Adam Krotz) whom Providence seemed to have appointed the herald of our coming.”⁹⁾ By Philippolis het hulle vir Krotz sonder veel moeite gevind. Laasgenoemde het aan hulle die besonderhede van sy onderhoud met Mosjwesjwe meegedeel en aangebied om hulle na die opperhoof te lei. „A way was clearly opened for us, and we had but to walk in it.”¹⁰⁾

Voor die koms van die drie Franse sendelinge het Mosjwesjwe nog net met twee tipes blankes te doen gehad. In 1831 het hy vier blanke jagters ontmoet wat sy gebied in die omgewing van Platberg naby die huidige Ladybrand binnegegaan het.¹¹⁾ Die volgende tipe blanke wat hy ontmoet het, was die reisiger Seidensticher wat onder andere 'n pistool aan hom geskenk het.¹²⁾ Van die derde tipe blankes, sendelinge, het Krotz hom vertel en in 1833 was drie van hulle onderweg na sy gebied.

9) Casalis. The Basutos, p.10.

10) Loc.cit.

11) Tylden. The rise of the Basuto, p.11.

12) Smith. Diary, 1:111.

Die mense wat die objek van hulle sending sou wees, was die Basotho, 'n klein en deur oorloë geteisterde volkie. Hulle opperhoof Mosjwesjwe het die voortvluggende groepies Basotho onder sy septer vergader en so die Basothonasië gebou. Om eenheid uit die verdeeldheid te skep, moes hy soms ook oorlog maak, maar vir hom was oorlog net 'n middel, nie 'n doel nie. Hy het besef dat vrede noodsaaklik was om 'n sterk nasie op te bou. Daarom het hy Krotz se wenk, dat sendelinge vrede in sy land sou bewerkstellig, opgevolg.

9.1 Taalstudie

Ten einde van tolke gebruik te kon maak, moes die pioniersendelinge in Suid-Afrika Hollands leer. Arbousset, Casalis en Gossellin sou oorspronklik na Algiers gaan en met die oog daarop het hulle in Parys as deel van hulle opleiding Arabies geleer. Toe daar egter besluit is dat hulle na Suid-Afrika moes kom, het hulle onmiddellik begin om Hollands te leer „... such as is spoken by the Colonists at the Cape”.¹³⁾ Sover dit bekend is, was die Franse sendelingkandidate die enigste wat Hollands moes leer as deel van hulle voorbereiding as sendelinge in Suid-Afrika. Hollands is vir hulle ook as van belang geag omdat hulle voortdurend met Hollandssprekendes in aanraking sou kom. Om hierdie rede het Groen van Prinsterer opgemerk: „... over 't algemeen is de Hollandsche taal voor de Zendingen onmisbaar”.¹⁴⁾ Na hulle aankoms in Suid-Afrika moes die sendelinge 'n paar weke lank op Wagenmakersvallei by Bisseux, sendeling onder die slawe en Hottentotte, vertoef sodat hulle Hollands kon leer.¹⁵⁾

13) Casalis. My life in Basutoland, p.50.

14) Groen van Prinsterer. Het Parijsche Zendelinggenootschap, p.22.

15) Journal des Missions, 1835:384.

Gevollik kon die Franse sendelinge heel gou oor die weg kom met Hollands. „From the time of our arrival (in Lesotho) we had held services regulary in Dutch for the eight or ten Hottentot drivers who came with us from Philippolis.”¹⁶⁾ Toe Smith en sy geselskap gedurende hulle reis van 1834 tot 1836 by die sendelinge aangedoen het, het Casalis vir hulle diens gehou in Hollands.¹⁷⁾

Die taal van die Basotho is Sotho (Sesotho) en die Franse sendelinge was soos alle ander pioniersendelinge aanvanklik afhanklik van die dienste van tolke in hulle kommunikasie met die Basotho. Hulle tolk was 'n Mo-sotho wat hulle deur bemiddeling van Adam Krotz by Philippolis bekom het. Sy aanraking met blankes en kleurlinge het aan hom 'n spreekkennis van Hollands besorg. Hy was genoegsaam vertrouwd met die taal om idees in verband met die materiële sy van die lewe te vertaal, maar van die taal van godsdiens het hy niks geweet nie. In hierdie opsig was sy woordeskat beperk tot die woord „thapelo” (gebed). Wanneer die sendelinge gepraat het oor geloof, skuldbelydenis of enige ander aspek van godsdiens, het hy elke keer teruggeval op die een sin: „Moruti o re re rapele” (die sendeling sê ons moet bid).¹⁸⁾

Na hulle aankoms in Lesotho het die sendelinge onmiddellik aandag begin gee aan die aanleer van Sotho. Hulle het voortdurend papier en potlood by hulle gehad om elke nuwe woord wat hulle gehoor het, aan te teken. Wanneer hulle saans na ete saam met 'n aantal Basotho om die vuur gesit het, het hulle na die een voorwerp na die ander gewys en gevra „Keng”? (wat

6) Casalis. My life in Basutoland, p.215.

7) Smith, op.cit., 1:111.

8) Casalis. My life in Basutoland, p.213.

is dit?). Met pynlike noukeurigheid is elke nuwe woord wat op hierdie wyse geleer is, neergeskryf.¹⁹⁾ Hulle taak is aansienlik verlig toe hulle mettertyd vasgestel het dat die ooreenkoms tussen Sotho en Tswana groter was as wat hulle aanvanklik vermoed het. Gevolglik het hulle geëbaat by die resultate van die taalnavorsing wat deur Moffat by Kuruman en Lemue en Rolland by Motito gedoen is.²⁰⁾ Moffat het toe reeds die Evangelie van Lukas in Tswana laat druk en sedert 1831 self boekies by Kuruman gedruk. Die Franse sendelinge in Lesotho se kollega Pellissier het hom intussen by die huidige Bethulie gevestig as sendeling onder Batswana wat suidwaarts voor Moselekatsi uitgevlug het. Op daardie stadium het hy al 'n redelike mate van kennis van Tswana by Motito opgedoen. Aangesien Bethulie naby aan die sendingstasies in Lesotho was, was hy 'n belangrike skakel waardeur kennis van Tswana na Lesotho oorgebring is. So vroeg as 1832 het Pellissier van Motito af berig dat hulle baie ontdekkings in verband met meervoudsvorme van selfstandige naamwoorde en vervoegings van werkwoorde gemaak het. Lemue was toe reeds besig om die Evangelie van Johannes in Tswana te vertaal.²¹⁾ Die groot grammatikale ooreenkoms tussen Sotho en Tswana het dan tot gevolg gehad dat die sendelinge in Lesotho vinnig gevorder het met hulle studie van Sotho. Na slegs een jaar in Lesotho kon die sendelinge sonder tolke klaarkom en met gemak met die Basotho in hulle eie taal praat.²²⁾ Daarom kon Casalis, niteenstaande al die werk in verband met die vestiging van 'n sendingaksie soos die oprigting van woonhuise, kerke en skole, die aanleë van lan-

19) Id. The Basutos, p. 27.

20) Id. My life in Basutoland, p. 214.

21) Pellissier, op.cit., p. 129.

22) Ellenberger, op.cit., p. 25.

derye ensovoorts, binne agt jaar na hulle aankoms die eerste werklik nuttige grammatika in die Sothotalgroep publiseer. Sy „Etudes sur la Langue Séchuana" het in 1841 in Parys verskyn.

9.2 Die sendingpers by Berséba

Vandat hulle in staat was om 'n paar woorde en sinne in Sotho te stotter, het die sendelinge skole opgerig. In die pionierstydperk het die sendelinge self die onderwys behartig, maar toe Arbousset en Casalis in 1837 en 1836 onderskeidelik getroud is, het hulle eggenotes belangrike hulp in hierdie verband verleen. Die sendelinge het ook die heelhartige steun van Mosjwesjwe gehad, soos dit blyk uit 'n toespraak van hom wat deur Backhouse opgeteken is: „And now God has increased our riches, by giving us Missionaries ... I speak to you children. You also must assist your parents. These truths are written in a book. It is your duty to learn to read it, that you may get knowledge from it, and help your parents with the instruction you shall find therein. I am angry with you: you are a set of lazy fellows."²³⁾ Die erns waarmee Mosjwesjwe die onderwys van die jeug van sy volk bejeen het, het spoedig goeie gevolge gehad. In 1839 het Backhouse beweer dat „Many of the inhabitants of Morija could read ..."²⁴⁾ Alles het egter nie altyd voorspoedig gegaan nie. As gevolg van die boerderybedrywighede kon onderwys net gedurende twee tydperke van ongeveer drie maande elke jaar beoefen word. Die kinders was egter leergierig, en in die afwesigheid van gedrukte leesstof het hulle die sendelinge om geskrewe lesse gevra. So 'n geskrewe vel papier is op die grond geplaas

23) Backhouse. A narrative of a visit to the Mauritius and South Africa, p.371.

24) Ibid., p.364.

terwyl 'n hele aantal daaromheen gekniel en dit gelees het.²⁵⁾

Die gebrek aan leesstof in Sotho was egter 'n dringende behoefte. Na 'n verblyf van vier jaar in Lesotho was die sendelinge in staat om 'n paar elementêre skoolboekies in Sotho op te stel. Die eerste Sothoboekie wat ooit gepubliseer is, is deur Thomas Arbousset opgestel en onder sy toesig in 1837 deur Pike in Kaapstad gedruk. Hierdie boekie met die titel Bukaniane ea tapelo le ea sekole (gebede - en skoolboekie) word deur Ellenberger foutief beskryf as „... a small elementary catechism”.²⁶⁾ In werklikheid bevat dit 'n aantal geestelike liederes (gesange), sewe Psalms, twee Skrifgedeeltes, twee gebede en 'n artikel oor saligheid. Die werkjie beslaan 27 bladsye. Dis nie bekend hoe groot die opplaag was nie, maar in 1839 was dit nodig om tweeduisend kopieë van 'n tweede en uitgebreide druk by dieselfde drukker te laat druk. Hierdie uitgawe het 44 bladsye beslaan. Tydens dieselfde geleentheid is ook 'n aantal ander boeke in Kaapstad gedruk. Die belangrikste hiervan was die Evangelies van Markus en Johannes.²⁷⁾ Markus is vertaal deur Eugène Casalis en Johannes deur Samuel Rolland wat reeds in 1832 met die vertaling daarvan in Tswana by Motito begin het.²⁸⁾ Hierdie twee Evangelies is in een band gebind en het 161 bladsye beslaan. Nog 'n werk wat met dié geleentheid gedruk is, is Seyo sa lipelu (voedsel van die hart) wat 'n versameling van vyftig hoofstukke uit die Bybel is. Dit is 'n werk van 108 bladsye en is deur Arbousset vertaal. Die vierde werk was 'n godsdienstige traktaat

25) Ibid., p.367.

26) Ellenberger, op.cit., p.45.

27) Backhouse, op.cit., p.357 fouteer as hy sê dit was Lukas en Johannes.

28) In 1835 het hy by die Lesothosending aangesluit.

van 23 bladsye en handel oor die verlossing deur Christus.²⁹⁾ As dit in ag geneem word dat die sendelinge na slegs ses jaar in Lesotho onder moeilike omstandighede werke van hierdie omvang kon lewer, dan het hulle 'n baie goeie begin met lektuurvoorsiening aan die Basotho gemaak.

Dit was egter 'n tydrawende en duur onderneming om drukwerk in Kaapstad te laat doen. In Oktober 1841 het die Franse sendelinge hulle eie drukpers by Berseba opgerig. Oor die uitbring van hierdie pers uit Europa was daar tot nou toe onsekerheid. Volgens Jacottet het Rolland die pers saam met hom van Europa af gebring.³⁰⁾ Schmoller huldig dieselfde mening as hy beweer "... Rolland ... brought with him a small wooden press, some type, and paper ..."³¹⁾ Ellenberger beweer selfs: "In 1843 Mr. Ludorf started the first printing press that our Mission ever possessed ..."³²⁾ Die pers is in 1831 deur Pellissier na Suid-Afrika gebring. Tydens sy ordening in Parys het 'n verslag gedien waaruit dit geblyk het dat die Paryse Sendinginstituut ses studente gehad het waarvan een (Pellissier) bestem was vir die land van die Betsjoeanas. By sy vertrek sou hy 'n draagbare drukpers³³⁾ met hom saamneem om elementêre boeke en die Woord van God in Tswana te verskaf.³⁴⁾ Hierdie pers moes hy in Engeland aanskaf, waarvandaan die boot wat hom na Suid-Afrika sou bring, vertrek het. Terwyl hy in Londen op die vertrek van die boot gewag het,

29) Jacottet. The Morija printing office and book depot, p.5-6.

30) Ibid., p.6. Rolland was sedert 1829 in Suid-Afrika.

31) Schmoller. The press at Morija Basutoland, p.5.

32) Ellenberger, op.cit., p.38.

33) Die vertaling uit Frans is skynbaar foutief en moet wees "handpers".

34) Pellissier, op.cit., p.59.

het hy aan die direkteur van sy Genootskap geskryf: „Ek neem na Afrika 'n pers saam, wat baie klein is. Dit kom met al sy toebehore op omtrent 7-800 frank te staan".³⁵⁾ Toe Pellissier vroeg in 1832 by Motito aangekom het, het hy drukkersuitrusting by hom gehad. Dis egter te betwyfel of daar ooit enige drukwerk by Motito gedoen is. Vir 'n aantal jare het die sendelinge hulle daar nie permanent gevestig nie en in hulle waens gewoon.³⁶⁾ In 1833 het Pellissier na Algoabaai gereis en nie weer teruggekeer na Motito nie, want hy het hom voortaan by Bethulie gevestig. Dit was egter nie 'n besluit wat vooraf by Motito geneem is nie, en daar kan aangeneem word dat hy nie die drukkersuitrusting na die kus sou saam karwei nie.

Twee jaar later (1835) het Samuel Rolland ook Motito verlaat om hom by die Lesothosending aan te sluit. Hy moes die drukpers met hom saamge neem het en om dié rede het die skrywers na wie hierbo verwys is, beweerd dat hy die pers met hom saamgebring het. Dis nie bekend of die pers tussen 1835 en 1841 gebruik is nie. In 1836 het Pellissier verwys na spelen leesboekies in die „Betsjoeanataal" wat aan leerlinge uitgedeel is.³⁷⁾ Hy het egter nie gesê waar die boekies gedruk is nie. Sy sendingobjekte was Batswana van die Tlhapingstam wat dieselfde was as die wat in die omgewing van Kuruman gewoon het. Die boekies kon dus produkte van die Kurumanpers gewees het. As Rolland met sy aankoms by Berseba³⁸⁾ die pers opgerig het en drukwerk gedoen het, dan sou dit nie in 1837 nodig

35) Ibid., p.71.

36) Ibid., p.131.

37) Ibid., p.255.

38) Naby die huidige Smithfield en destyds deel van Lesotho.

gewees het om 'n gebede- en skoolboekie in Kaapstad te laat druk nie.

Daar moet gevolglik aangeneem word dat die pers wat Pellissier in 1831 uitgebring het, eers in 1841 by Berseba uitgepak en opgerig is. Hoewel hy geen tipografiese opleiding gehad het nie, het Rolland in daardie jaar daarin geslaag om 'n gesangboekie en een of twee elementêre skoolboekies te druk.³⁹⁾ Bleek bevat geen inskrywings vir hierdie vroegste pers= produkte van Berseba nie. Een van die elementêre boekies wat in 1841 gedruk is, is 'n godsdienstige traktaat wat deur Arbousset vertaal is onder die titel Saligheid deur Jesus Christus. 'n Oplaag van vierduisend is op versoek en op die onkoste van die here Walker en Backhouse, wat Berseba besoek het, gedruk.^{39a)} Die Sothotitel van die traktaat kon nie vasgestel word nie.

Teen die tyd wat die Franse sendelinge met hulle drukkersaktiwiteite begin het, het 'n geestelike ontwaking onder die sendingobjekte plaasgevind. Hierdie ontwaking het hom onder andere openbaar in die gretigheid om te leer lees. Weens 'n skaarste aan boeke was die sendelinge verplig om bestaande boeke los te trek en los blaaië aan die kinders te gee. Na skool wou hulle selfs nie huis toe gaan nie en het om die sendeling se huis rondgedrentel tot hy leesstof aan hulle verskaf.⁴⁰⁾ Dit het die sendelinge verplig om ernstiger aandag aan die druk van boeke te gee. In 1835 het eerste waarde François Daumas in Suid-Afrika aangekom om die Motitosending te versterk. In 'n brief van 27 Januarie 1836 aan die Paryse Evangeliese

39) Jacottet. The Morija printing office, p.6; Schmoller, op.cit., p.6; Jacottet. Livre d'Or de la Mission du Lessouto, p.651.

39a) R.T.S., 1842:43.

40) R.T.S., 1839:42-3.

Sendinggenootskap, wat beskou kan word as die notule van die eerste konferensie van Franse sendelinge in Suid-Afrika, het die sendelinge hulle Genootskap in kennis gestel dat hulle besluit het om Daumas by die Lesothosending te hou sodat hy die drukkerij op hom kan neem. „As die broeder met sy drukpers na Motito sou moes gaan, sou hy ons geen hulp kon verleen nie.”⁴¹⁾ Daumas het wel nie na Motito gegaan nie, maar hy het ook nie die drukwerk op hom geneem nie. Die pers is onder beheer van Rolland by Berseba geplaas.

Dit was spoedig duidelik dat die klein houtpersie en die karige uitrusting nie sou kon voorsien in die vraag na lektuur nie. Op versoek van die sendelinge het hulle Genootskap in 1842 'n groot ysterpers en 'n opgeleide drukker, J.D.M. Ludorf, uitgestuur.⁴²⁾ Van 1843 af was die sendelinge in staat om in hulle lektuurbehoefte te voorsien. Aanvanklik het die klem hoofsaaklik op elementêre skoolboekies en sangbundels geval. Geleidelik het Sotho 'n literêre taal geword en in 1843, tien jaar na die begin van die Lesothosending, het Casalis en Rolland die vertaling van die Nuwe Testament voltooi.⁴³⁾ In 1845 is 'n groot voorraad papier uit Parys ontvang waardeur Ludorf in staat gestel is om te begin met die druk van 'n oplaag van sesduisend van die Nuwe Testament in Sotho. Kort nadat die werk begin het, het 'n geweer in Ludorf se hand gebars en hom sodanig beseer dat hy vir 'n paar maande nie kon voortgaan met die drukwerk nie. Daar was ook ander onderbrekings van die drukwerk sodat teen die einde van 1848 slegs die Evangelies en Handelingte voltooi was. Hierdie vyf Nu-

41) Pellissier, op.cit., p.250-1.

42) Jacottet. The Morija printing office, p.6.

43) Ellenberger, op.cit., p.45.

we Testamentiese Boeke is saamgebind in een band van 178 bladsye en is in dieselfde formaat gepubliseer as die volledige Nuwe Testament wat in 1855 sou verskyn.⁴⁴⁾

Sedert 1848 tot met die koms van die tweede geslag sendelinge teen ongeveer 1860 het die sendingwerk en gevolglik ook die drukkersaktiwiteite 'n terugslag ondervind. Die jaar 1848 was vir Lesotho die begin van 'n tydperk van versteurings en oorloë wat ongeveer twintig jaar lank sou duur. Die sendelinge se hoop om 'n hele nasie te bekeer, het verdwyn. Die eerste geslag sendelinge het oud geword en hulle inisiatief en deuringsettingsvermoë verloor. Die drukpers was in hierdie tydperk die meeste van die tyd gesluit. Ludorf het in 1848 bedank om 'n Wesleyaanse sendeling te word.⁴⁵⁾ Eers in 1852 kon die dienste van 'n drukker bekom word in die persoon van B. Schuh, wat die druk van die Nuwe Testament in 1855 voltooi het. Weens 'n tekort aan betroubare vakleerlinge moes hy die werk alleen doen. Bindwerk met die primitiefste uitrusting het groot probleme opgelewer, en in dieselfde jaar het Schuh ook die diens van die Lesothosending verlaat.⁴⁶⁾ Dit is selfs beweer dat al sou hy nie sy betrekking neergelê het nie, dan sou daar vir hom nie werk gewees het nie.⁴⁷⁾ In 1855 het die Franse sendelinge hulle vertaling van die Boek van die Psalms op die onkoste van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap te Platberg II deur die Wesleyaanse sendelinge laat druk.⁴⁸⁾

44) Jacottet. The Morija printing office, p.7.

45) Vgl. hoofstuk agt, par. 8.1.4.

46) Jacottet. The Morija printing office, p.7-8.

47) Ellenberger, op.cit., p.124.

48) B.F.B.S., 1857:ccxiii (213); Vgl. ook hoofstuk agt, par. 8.1.4.

Die grootste ramp het die drukkerij by Berseba in 1858 getref toe 'n kommando van die Oranje-Vrystaat die sendingstasie op 23 Maart verower het. Rolland het opdrag van die Boere se bevelvoerder gekry om die plek onmiddellik te verlaat. In aller haas moes die pers, kiste met lettertypes, bale papier en reeds gedrukte blaaië op ossewaens gelaai en oor slegte paaie na veiligheid geneem word. Groot hoeveelhede lettertypes het verlore geraak, terwyl van die ander hopeloos deurmekaar geraak het. Hierdeur het die drukwerk vir vier jaar lank geheel en al tot stilstand gekom.⁴⁹⁾

9.3 Drukwerk by Betesda en Masitise

Nog voor die ramp die drukkerij by Berseba getref het, het die Franse sendelinge al aandag gegee aan die vertaling en druk van die Ou Testament. Teen 1856 het die pionier in Lesotho, eerwaarde Thomas Arbousset, die vertaling van die Pentateug voltooi gehad. Daar was ook reeds 'n ooreenkoms met die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap aangegaan dat die Genootskap die onkoste verbonde aan die druk van 'n oplaag van vierduisend sou dra. Eerwaarde Giddy van Platberg II het ook reeds onderneem om die drukwerk te doen.⁵⁰⁾ As gevolg van die onrus in die land het daar van hierdie voorneme niks tereg gekom nie.

Eers in 1862 kon 'n nuwe begin gemaak word met drukwerk toe die pers onder die beheer van eerwaarde D.F. Ellenberger geplaas is. Hy het 'n mate van kennis van die boekdrukkuns gehad, maar voor hy veel kon uitrig, is die rus en vrede versteur met die uitbreek van nog 'n oorlog tus-

49) Schmoller, op.cit., p.6.

50) B.F.B.S., 1857:ccxvi-ccxvii (216-7).

sen die Oranje-Vrystaat en Lesotho in 1865. Tot 1869, toe Lesotho onder die Britse kroon geplaas is, was die land in 'n greep van onrus. In 1862 het Ellenberger die pers by Betesda opgerig en met die grootste moeite die lettertypes begin sorteer en rangskik. Nogtans het hy daarin geslaag om 'n paar klein skoolboekies te druk. Die belangrikste hiervan was 'n bundel skoolliedere wat in 1866 by Betesda verskyn het.⁵¹⁾

Ongeveer die jaar 1870 is Ellenberger met die pers na Masitise verplaas. Op reis daarheen het hy 'n ongeluk gehad met die wa wat die pers en drukkersuitrusting vervoer het. Sommige kiste met lettertypes het gebreek en baie van die lettertypes wat oor die grond verspreid gelê het, is deur die Basotho versamel en gesmelt om koeëls vir hulle gewere te vorm.⁵²⁾ Be= halwe skoolboeke was Ellenberger ook in staat om by Masitise die Boeke Genesis en Psalms in 1872 en 1873 onderskeidelik te druk.⁵³⁾

9.4 Mabille se pers by Morija

In 1860 het eerwaarde Adolphe Mabille in Lesotho aangekom om tot die einde van die 19e eeu die toneel van lektuurvoorsiening aan die Basotho totaal te oorheers. Net voor sy vertrek na Suid-Afrika is hy getroud met Adèle Casalis, dogter van die pioniersendeling in Lesotho, Eugene Casalis, wat sedert 1856 die president van die Paryse Evangeliese Sendinggenootskap geword het. Voor Mabille 'n sendeling geword het, was hy 'n onder=

51) Ellenberger, op.cit., p.126; Jacottet. The Morija printing office, p.8-9. Rossouw. Catalogue of African languages 1858-1900 bevat geen inskrywings van drukwerk by Betesda nie.

52) Schmoller, op.cit., p.6.

53) Jacottet. The Morija printing office, p.9. Rossouw, op.cit. bevat geen inskrywing vir Genesis nie.

wyser in Engeland waar 'n sekere meneer Brown onder Mabilles se invloed die Christelike geloof aangeneem het. Met sy vertrek na Suid-Afrika het Brown aan hom 'n klein drukpers geskenk. Gedurende die seereis het sy vrou, wat in Lesotho gebore is en groot geword het, vir Mabilles Sotho geleer. Hy het trouens op die boot al begin om 'n Sothowoordelys op te stel, wat die begin was van 'n woordeboek wat vandag nog die standaard Sothowoordeboek is. Met sy aankoms in Lesotho het hy die Basotho verbaas deurdat hy homself in Sotho verstaanbaar kon maak. Hierdie mate van kennis van Sotho was egter aanvanklik vir hom 'n struikelblok. Reg van die begin af het Mabilles sonder die hulp van 'n tolk in Sotho gepreek. Met die hulp van sy vrou het hy sy preke volledig uitgeskryf, dit behoorlik voorberei en dan voorgedra. Buite die kerkgebou kon hy nie altyd verstaan wat vir hom gesê is nie en hy kon ook nie altyd die regte woorde vind om te antwoord nie. Gevolglik het die Basotho hom beskuldig dat hy hoogmoedig is. Hulle het gesê hy ken hulle taal, want hy preek elke Son-
dag in Sotho, maar hy wil nie met hulle praat nie. Hy sou dan geen liefde vir hulle hê nie en hulle verag.⁵⁴⁾ Hierdie vooroordeel het egter verdwyn namate hy die taal volkome bemeester het.

Toe Mabilles in 1860 in Lesotho aangekom het en by Morija⁵⁵⁾ geplaas is, het hy sy eie drukpers by hom gehad, maar hy het geen kennis van die boekdrukkuns gehad nie. Eerwaarde Ellenberger, wat in beheer van die amptelike sendingpers was, het vir hom 'n paar lesse in die drukkuns gegee en hy het die kuns gou bemeester. Aanvanklik het hy klein drukwerkies soos traktate en pamflette gepubliseer, maar hy het groter ambisies as dit ge-

54). Smith. The Mabilles of Basutoland, p.116-7.

55) Dieselfde stasie waar sy vrou gebore is en opgegroeï het.

had. Een daarvan was om 'n koerant uit te gee, nie alleen vir die bekeer= de Basotho nie, maar ook vir die heidene wat kon lees. In Junie 1863 het hy sy plan in hierdie verband aan die jaarlikse konferensie van Franse sendelinge voorgelê. Sy kollegas het die nut van die voorgestelde koerant ingesien, maar wou dit nie amptelik onder hulle beskerming neem al eer hulle 'n paar uitgawes gesien het nie. 'n Paar van sy medesendelinge het literêre bydraes belowe, en Mabilie het besluit om op eie risiko voort te gaan met sy plan. In September 1863⁵⁶⁾ het die eerste nommer van Leselinyana la Lesuto (Die liggie van Lesotho) verskyn. Die eerste in= leidingsartikel is geskryf deur ene Filemone Rapetloane, terwyl die res deur Mabilie self geskryf, geset en gedruk is. Die intekengeld het 25c per jaar beloop, en met die verskyning van die tweede nommer was daar ongeveer driehonderd intekenare. Die totale som aan intekengeld was nie eens genoeg om te vergoed vir die materiaal, arbeid en die vervanging van lettertypes nie, en Mabilie was verplig om uit sy karige salaris van onge= veer R300 per jaar by te dra tot die publikasie van sy koerantjie. Hierdie geldelike las het hy blymoedig gedra omdat hy geweet het dat die blad die Evangelieboodskap na baie uitgedra het, en dat die algemene nuus oor die buitewêreld gehelp het om die visie van die lesers te verbreed.⁵⁷⁾ Gedu= rende die Basotho-oorlog is die verskyning van die koerant tussen 1865 en 1868, en weer tussen 1880 en 1881 onderbreek. Dit het begin as 'n maand= blad en sedert die tagtigerjare van die vorige eeu het dit tweeweekliks ver= skyn, terwyl dit sedert 1909 'n weekblad is. Dit is die enigste blad in 'n

56) Smith, op.cit., p.128; Ellenberger, op.cit., p.126. Ander bronne noem ook foutief die jaartalle 1864 en 1867.

57) Smith, op.cit., p.128.

Suid-Afrikaanse Bantoetaal wat reeds sy honderdste jaargang beleef het.⁵⁸⁾

Nog 'n ambisie van Mabilie was die vertaling en druk van die Ou Testament in Sotho. Die pioniersendelinge in Lesotho het die Nuwe Testament reeds in 1855 by Berseba gepubliseer en ook aandag begin gee aan die vertaling van die Ou Testament. Die politieke woelinge voor 1870 het hulle werk egter ongedaan gemaak. In 1871 het Mabilie aan die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap berig dat al die Boeke van die Ou Testament al op een of ander stadium vertaal is „... but our conference has, perhaps, been too severe and exacting as regards manuscripts, and in consequence of several of them having been rejected and new translations made, the work has been for some time delayed”.⁵⁹⁾ Hy het voorts berig dat be=halwe Esegjël feitlik die hele Ou Testament vertaal is en gereed was vir óf die pers, óf vir hersiening. Die Pentateug is reeds deur Arbousset vertaal en die res was 'n gesamentlike poging van verskeie sendelinge. Die finale redigering, wat neergekom het op 'n algehele hersiening om eenvormige styl te verseker, is aan Mabilie toevertrou. Elke Boek wat gereed was, is geset en die proewe is deeglik gekontroleer. Elke Boek wat gedruk is, is te koop aangebied en die sendelinge sowel as ander le=sers is uitgenooi om kritiek op die vertaling te lewer. Mabilie se oogmerk was om 'n eenvormige uitgawe in Engeland te laat druk. Vir die druk van die afsonderlike Boeke van die Ou Testament het Mabilie verskeie papier=skenkings van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap ontvang.⁶⁰⁾

58) Jacottet. The Morija printing office, p.10-1.

59) B.F.B.S., 1872:282.

60) Smith, op.cit., p.224.

9.5 Die sendingpers by Morija

Vandat hy in Lesotho aangeland het, het Mabilie drukwerk op sy eie private pers gedoen. Hoewel al sy drukkersaktiwiteite direk in belang van die sending was, was sy drukpers nie 'n sendingpers in die ware sin van die woord nie. Toe sy medesendinge egter sien waartoe hy in staat is met sy klein private persie, het hulle in 1874⁶¹⁾ besluit om die groot sendingpers van Mositise na Morija te verskuif sodat Mabilie sedertdien twee perse tot sy beskikking gehad het en ook amptelik aan die hoof van die drukkerij gestaan het.⁶²⁾ Die oorblywende Boeke van die Ou Testament kon nou vinnig gedruk word. In 1878 was al die Boeke van die Ou Testament afsonderlik by Morija gedruk en onderhandelinge was aan die gang om die hele Bybel in Engeland onder die toesig van een van die Franse sendelinge te druk.⁶³⁾

Intussen het onderwys in Lesotho die lewendige belangstelling van nie alleen die sendelinge nie, maar ook van die Britse regering geniet. Sotho-lektuur is dringend benodig. Om in die toenemende aanvraag te voorsien het Mabilie addisionele nie-blanke drukkers opgelei, sodat daar in 1877 tien was. In 1876 het hy gerapporteer dat hy meer as 'n miljoen bladsye gedruk het. Skoolboeke was nie langer beperk tot spel- en elementêre leesboekies nie. Boeke vir aardrykskunde, rekene, Engelse grammatika, Engels-Sotho oefeninge en sangbundels is een na die ander geskryf en gedruk. In 1874 het 'n Engelse besoeker vir Mabilie die stelsel van solfa-

61) Schmoller, op.cit., p.7 fouteer met die datum.

62) Jacottet. The Morija printing office, p.11; Smith, op.cit., p.223.
Laasgenoemde fouteer deur te beweer dat die pers van Betesda na Morija verskuif is.

63) B.F.B.S., 1879:132; Ellenberger, op.cit., p.196.

notering geleer. Hy het onmiddellik die waarde daarvan ingesien as 'n maklike metode om iemand te leer om musiek te lees. Sy leerlinge het dit maklik begryp en in 'n kort tyd het dit oor die hele Lesotho versprei. Dit het daartoe gelei dat hy die nodige lettertypes bestel het en 'n gesang=boek met note voorberei het. Mabilille het self gesange geskryf en vertaal, gepaste melodieë daarvoor gevind en dit in solfa-notering getranskribeer. Eerwaarde Coillard was 'n uitstaande gesangedigter en het gereeld van sy komposisies aan Mabilille gestuur. In 1877 het hy 'n versameling van 263 gesange gedruk. Behalwe liederbundels vir skole het hy ook Bonnefond se kerkgeskiedenis vertaal en gedruk - 'n werk van 471 bladsye. Die woorde=lys waarmee hy tydens sy eerste seereis na Suid-Afrika begin het, het hy vir sestien jaar lank bygewerk en die betekenis van woorde bestudeer. In 1876 het hy hierdie eerste Sothowoordeboek begin druk. Sederdien het dit talle uitgebreide herdrukke beleef.⁶⁴⁾

Met die oog op die druk van die hele Bybel deur die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap is die Mabilles in 1880 na Frankryk. Twee dae na hulle aankoms in Parys het Mabilille aan die Bybelgenootskap geskryf en in die volgende week is hy na Engeland om die finale reëlings te tref. Kort daar=na het die drukkersproewe in Parys begin aankom en vir die res van sy verloftyd sy volle aandag in beslag geneem. Behalwe die Sothobybel in een band het hy ook 'n Bybelse geskiedenis en 'n hersiene uitgawe van die sang=boek met solfa-notering laat druk.⁶⁵⁾

Met sy terugkeer uit Europa in 1882 het Mabilille 'n groter en 'n beter druk=pers met hom saamgebring. Afgesien van baie herdrukke van ouer werke

64) Smith, op.cit., p.223-4.

65) Ibid., p.270; Jacottet. The Morija printing office, p.12.

het hy van 1882 tot sy dood in 1894 'n groot aantal nuwe en belangrike boeke in Sotho gedruk. Die volgende moet spesiaal vermeld word: 'n kommentaar van 442 bladsye op die Evangelie van Lukas; twee drukke van 'n Bybelse konkordansie van 470 bladsye; 'n aardrykskunde van Suid-Afrika; 'n Sothogrammatika deur eerwaarde F.H. Kruger; 'n heelwat groter druk van Mabile se Sotho-Engelse woordeboek, nou ook met die Engels-Sotho deel - 'n werk van 490 bladsye; asook sy vertaling van Pilgrim's progress, waarvan die eerste druk in 1872 by Lovedale gedruk is. Die produkte van die Morijapers voor 1900 is baie swak verteenwoordig in die Greyversameling van die Suid-Afrikaanse Biblioteek te Kaapstad.

Om al die boeke, wat tot ver buite die grense van Lesotho gesirkuleer het, te verkoop, en om al die sendingskole van die Franse sending van die benodigde boeke en materiaal te voorsien, het Mabile 'n boekwinkeltjie opgerig wat die begin was van die huidige bekende „Sesotho Book Depot” te Morija. Hierdie winkeltjie het hy in sy eie studeerkamer begin, maar dit was weldra nodig om 'n spesiale gebou daarvoor op te rig. Tot sy dood het hy nie alleen toesig gehou oor die drukkerie nie, maar self al die werk in die boekdepot gedoen. Min sendelinge in Suid-Afrika gedurende die 19e eeu het die noodsaaklikheid van literatuur in die volkstale om die Bantoe op te hef en die sendingwerk te bevorder, beter besef as Mabile. Dis te betwyfel of enigiemand in hierdie verband meer gedoen het as hy. Sy laaste woorde aan sy kollegas was: „Skryf boeke vir die Basotho”.⁶⁶⁾

Die Morijapers bestaan tans nog as 'n kommersiële pers. Dit is moeilik om vas te stel presies wanneer dit opgehou het om 'n sendingpers te wees en 'n kommersiële pers geword het. Jacottet beweer dat die drukkerie

66) Jacottet. The Morija printing office, p.13.

reeds sedert 1870 selfonderhoudend was.⁶⁷⁾ Na 1870 het die pers wel nog papierskenkings van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap ontvang. Sedert die einde van die 19e eeu is daar nie meer sprake van die Lesothosending nie aangesien dit ontwikkel het in 'n selfstandige Besotho-kerk.⁶⁸⁾ Die pers is aan baie bibliotekarisse in Suid-Afrika bekend van weë die feit dat die tydskrif Suid-Afrikaanse Biblioteke sedert sy eerste nommer in 1933 tot met Republiekwording in 1961 daar gedruk is.

9.6 Die Botshabelopers

Ter afsluiting van die afdeling oor drukwerk in Tswana en Sotho moet daar kortliks verwys word na die kortstondige bestaan van 'n drukpers by Botshabelo naby Middelburg (Tvl.) wat drukwerk in Pedi (Noord-Sotho) gelewer het. Aangesien die sendelinge van die Berlynse Sendinggenootskap onder die Bapedi in Noord-Oos-Transvaal vir hulle lektuurbehoeftes vir 'n lang tyd afhanklik was van die Franse sendelinge in Lesotho, word die Botshabelopers aan die einde van hierdie hoofstuk oor die Lesothosending beskryf.

Aanvanklik het die Berlynse sendelinge vir hulle „Nord-Bassutho-Mission” gebruik gemaak van die vertaling van die Nuwe Testament deur die sendelinge van „Süd-Bassutholand” „... in einer abweichenden Mundart”. Weens gebrek aan die Skrif in hulle eie taal was die Bapedi tevrede met die Nuwe Testament in Sotho, en by een geleentheid moes eerwaarde Merensky een-duisend eksemplare daarvan bestel.⁶⁹⁾ Die sendelinge het hulle egter nie geheel en al op Lesotho verlaat nie. In 1868 het hulle twaalfhonderd eksem-

67) Ibid., p.81(!) Dit moet p.18 wees.

68) Ellenberger, op.cit., p.257-278.

69) Berliner Missionsberichte, 1870:198.

plare elk van 'n eerste en 'n tweede Pedileesboekie en vyftienhonderd eksemplare van 'n kategismus in Pedi in Berlyn laat druk.⁷⁰⁾

In 1882 het die Berlynse sendelinge hulle eie drukpers by Botshabelo opgerig. Die pers kon onmiddellik in meeste van die skoolbehoefte voorsien. In 1886 is benewens verskeie kleiner drukwerke die Evangelie van Markus gedruk. Vir hulle Natalse sending is 'n Zulugesangboek gedruk.⁷¹⁾ Hoewel geen verwysing na die druk van die ander drie Evangelies gevind is nie, is in 1887 berig dat voorrade van Mattheüs, Markus en Lukas ingebind is. Ander werke van 'n redelike omvang wat deur hierdie pers gelewer is, is 'n Pedigesangboek en 'n Ou Testamentiese Bybelgeskiedenis.⁷²⁾

Die sendingpers by Botshabelo het waarskynlik nie later as tot 1890 bestaan nie. Teen daardie tyd het die nabygeleë Middelburg 'n drukkerie gekry en kleiner drukwerk kon daar laat doen word. Die sendelinge het dit selfs praktieser en goedkoper gevind om omvangryke drukwerke in Berlyn of Londen te laat doen.⁷³⁾

70) Ibid., p.88. Rossouw, op.cit., p.51 bevat inskrywings vir hierdie boekies, maar geen inskrywings vir produkte van die Botshabelopers nie.

71) Berliner Missionsberichte, 1887:286.

72) Ibid., 1888:318; 1890:176.

73) Richter. Geschichte der Berliner Missionsgesellschaft, p.241.

AFDELING E: SENDINGPERSE IN NATAL EN ZULULAND

10 DIE SENDINGPERS VAN DIE AMERIKAANSE ZULUSENDING

10.1 Sendinggenootskap en sendingobjekte

Die religieuse oplewing in Wes-Europa teen die einde van die agtiende eeu en die begin van die negentiende eeu het ook 'n weerklank in Noord-Amerika gevind. In 1806 is vier studente van die William's College, Boston, deur 'n donderstorm oorval en hulle was verplig om skuiling te soek in 'n hooimied. Daar het Samuel Mills en sy drie vriende besluit om hulle te beywer vir die verspreiding van die Evangelie in ander lande. Twee jaar later het dieselfde vier jong manne die „Students' Missionary Society" gestig. Afgevaardigdes is na ander universiteite gestuur om hulle saak te propageer, met die gevolg dat 'n dergelike vereniging by die Andover Seminary gestig is. As gevolg hiervan het belangstelling in sendingwerk in Amerika so toegeneem dat die American Board of Commissioners for Foreign Missions in 1810 gestig is. In 1812 het die hoërhof van Massachusetts wetlike status aan die Genootskap verleen.¹⁾

Twintig jaar na sy totstandkoming het die American Board of Commissioners for Foreign Missions twee-en-negentig ge-ordende sendelinge in die buiteland gehad, maar nog geeneen in Afrika nie. Met die oog op die uitbreiding van hulle sendingaktiwiteite na Afrika is dr. John Philip van die Londense Sendinggenootskap se raad gevra in verband met 'n moontlike arbeidsveld in Suid-Afrika. Dr. Philip het die Zulus en die Matebele aan=

1) Kotze. Letters of the American missionaries, p.2-3.

beveel. In opvolging van hierdie wenk is besluit om die volgende ses persone na die nuwe sendingveld te stuur: Henry Venable, Daniel Lindley en dr. Alexander Wilson na die „Inland Zoolahs" (Matebele) en George Champion, Aldin Grout en dr. Newton Adams na die „Maritime Zoolahs" (Natal en Zululand).²⁾ Hierdie ses pioniers het vroeg in Februarie 1835 in Tafelbaai geland. Na die eersgenoemde drie van hulle is vroeër reeds verwys in verband met die druk van 'n spelboekie in Ndebele.³⁾ Die laasgenoemde drie het een jaar na hulle aankoms in Kaapstad in Natal aangekom om hulle sendingwerk onder die Zulus te begin.

Die doelwit van Champion, Grout en Adams was die evangelisering van die Bantoevolk wat in die Suid-Afrikaanse geskiedenis beter bekend is as enige ander Bantoevolk. Hulle het hulleself Ama-Zulu genoem na hulle vroeëre koning Zulu, (en nie na izulu = hemel soos soms beweer is nie) wat teen die einde van die sestiende of die begin van die sewentiende eeu geleef het. Onder hom het die Zulus hulle in die Wit-Umfolosibekken gevestig. Die presiese datum van hulle immigrasie na Suidelike Afrika is nie bekend nie, maar dit moes kort na dié van die Xhosas in die laaste deel van die sestiende eeu gewees het. Die Zulus was toe 'n klein onbeduidende stammetjie van niks meer as 'n paar duisend siele nie, en dit het hulle gebly totdat Tshaka hulle in die begin van die negentiende eeu in die kalklig geplaas het.

Om die skouspelagtige opkoms van die Zuluvolk te verstaan, moet verwys word na die Aba-Tetwastam wat in die agtiende eeu ten noordooste van die Tugela gewoon het. Hierdie was 'n veel sterker stam as die Zulus. Hulle

2) Ibid., p.8-11.

3) Kyk hoofstuk vyf, par. 5.2.

troonopvolger, Dingiswayo, was glo kort voor sy pa se dood in Kaapstad waar die driloefeninge van soldate 'n groot indruk op hom gemaak het. Met sy troonbestyging het hy die regiment- of impistelsel ingevoer waardeur die Aba-Tetwa 'n verskrikking geword het. In een van die impi's was 'n seun maar nie die opvolger nie, van 'n Zulu-opperhoof, naamlik Tshaka. Hy het hom onderskei as 'n soldaat, en na sy pa se dood het hy met behulp van Dingiswayo die opperhoof van die Zulus geword en die een na die ander stam aan hom onderwerp. Toe onenigheid onder die Aba-Tetwa uitbreek het, het Tshaka van die geleentheid gebruik gemaak om ook hierdie sterk stam onder sy gesag te bring. Binne 'n kort tyd het hy die eens nietige Zulustam uitgebou tot 'n sterk nasie met 'n gevreesde leër. In 1828 het hy die prys van despotisme betaal en Dingaan het die koning van die Zulus geword. Toe Dingaan op die toppunt van sy mag was, het die Amerikaanse sendelinge Natal en Zululand as sendingveld betree.⁴⁾

10.2 Taalprobleme

Die Amerikaanse sendelinge in Natal en Zululand het in 'n mate nie dieselfde taalprobleme gehad as die pioniersendelinge in byvoorbeeld Kafferland en Kuruman nie. Hulle het wel met Zulu te doen gekry voor dit tot skrif gereduseer was, maar hulle kon die vrugte pluk van die sendelinge in Kafferland se Xhosataalstudies. Grammatikaal is Xhosa en Zulu nou verwant aan mekaar, hoewel die twee tale ten opsigte van idioom aansienlik verskil. Ten tye van die Amerikaanse sendelinge se aankoms in Suid-Afrika was Boyce se Xhosagrammatika al gepubliseer, en verskeie sendelinge in Kafferland was Xhosa sodanig magtig dat hulle waardevolle taalkundige leiding aan die Amerikaners kon gee.

4) Molema. The Bantu past and present, p.79-81.

Met hul vertrek uit Amerika was die Amerikaners bewus van die taalprobleme waarvoor hulle in Suid-Afrika te staan sou kom. In die instruksies wat hulle van die „Prudential Committee“⁵⁾ van hulle Genootskap gekry het, het hulle die opdrag gehad om te probeer om bevoegde en betroubare tolke te bekom.⁶⁾ Na hulle landing in Tafelbaai het die drie sendelinge wat vir Natal en Zululand bestem was, 'n probleem ondervind wat later 'n bedekte seën sou blyk te wees. As gevolg van die Kafferoorlog van 1834-'35 was hulle pad oor land na Natal versper. Op aanbeveling van Philip moes hulle nie na Natal gaan voor hulle Zulu goed geken het of 'n goeie tolk bekom het nie. Hy het hulle voorts aangeraai om 'n jaar lank in Kafferland te vertoef om Xhosa (wat na sy mening aan Zulu verwant was) aan te leer. As hulle dan by Dingaan sou aankom en Zulu vlot kon praat, of dit ten minste kon verstaan, sou dit hulle reputasie aansienlik verhoog.⁷⁾ Philip het hulle ook aangeraai om Hollands te leer, want dit was die taal wat verreweg die meeste in die Kolonie en veral buite Kaapstad gepraat is.⁸⁾

Die drie sendelinge het eindelijk besluit om na die oostelike deel van die Kolonie te gaan om, sodra toestande gunstig was, vandaar na Natal te vertrek. Hulle sou hulle op een of ander grensdorp vestig waar hulle nie alleen goedkoop sou kon bly nie, maar waar hulle ook die Xhosataal sou kon leer en inligting oor die Zulus sou kon kry. In daardie gebied sou hulle ook maklik tolke, waens en osse kon bekom en eerstehandse kennis op=

5) Hierna die Komitee genoem.

6) Kotze, op.cit., p.50.

7) Annual report of the A.B.C.F.M., 1835:37-8.

8) Champion. Journal of an American missionary, 7.2.1835.

doen van die metodologie van sendingwerk.⁹⁾ Die Franse sendeling in Lesotho, Thomas Arbousset, wat op daardie tydstop in Grahamstad was, het dr. Adams gewaarsku om nie dieselfde fout as die Franse sendelinge te begaan deur met 'n ongelowige tolk en sonder 'n redelike kennis van die betrokke taal na Natal te gaan nie.¹⁰⁾ Reeds in Kaapstad het dr. Philip die Amerikaners aangeraai om Jan Tzatzoe, die Amantindehoofman oor te haal om met hulle saam te gaan na Natal. Tzatzoe het sy opleiding op Theopolis en Bethelsdorp ontvang en volgens Philip was sy opleiding deeglik. Daarby was hy 'n gelowige en het toe reeds verskeie jare lank as 'n hulp-sendeling saam met eerwaarde John Brownlee van die Londense Sendinggenootskap gewerk.¹¹⁾ Backhouse het van hom gesê: "... his christian advantages exceeded those of many persons in England. He was by far the most enlightened Caffre that we met with ..."¹²⁾ 'n Mens kon dus verwag dat die Amerikaners baie graag sy dienste as tolk sou wou bekom. Dit was egter vroeg duidelik dat hulle hom nie as tolk sou kry nie. Toe dr. Adams na Grahamstad is, terwyl Grout en Champion in Kaapstad agter gebly het, het hy by Bethelsdorp met eerwaarde James Read beraadslaag oor Tzatzoe. Read het aan laasgenoemde geskryf om vir 'n onderhoud na Grahamstad te kom, maar ook sy twyfel uitgespreek of hy na Natal sou gaan. Teen September 1835 was dit duidelik dat hy nie die Amerikaners sou kon vergesel nie. Dit was 'n groot teleurstelling omdat daar nog altyd gehoop is dat hy sou kon saamgaan. Mense wat Xhosa ken, was

9) N.A. VII/1/1.

10) Kotze. Die eerste Amerikaanse sendelinge onder die Zoeloes, p.38.

11) Loc.cit.

12) Backhouse. Narrative of a journey, p.238-9.

volop, maar om 'n gelowige te kry wat Xhosa ken, soos Philip en Arbous= set aanbeveel het, was baie moeilik.¹³⁾ Terselfdertyd het eerwaarde John Brownlee ingestem dat sy veertienjarige seun, Charles, as tolk saam met die sendelinge kon gaan. Die enigste voorwaarde wat hy gestel het, was dat daar tyd gevind moes word om aandag te gee aan die onderwys van sy seun, wat Grout toe ook hand en mond beloof het om te doen.¹⁴⁾ In die Katriviernedersetting het dr. Adams verneem van die Kleurling Orson Magerman wat wou saamgaan na Natal.

Op 7 Desember 1835 het die drie Amerikaanse sendelinge en Charles Brownlee en Orson Magerman as hulle tolke Algoabaai uitgevaar onder= weg na Port Natal. Toe die groep op 21 Desember 1835 in Natal voet aan wal gesit het, was nie een van die sendelinge die Zulutaal sodanig magtig dat hulle dit vloeiend kon praat nie.¹⁵⁾ Dit was noodsaaklik dat hulle nog 'n tolk moes bekom. Voor hulle vertrek uit Algoabaai het hulle van 'n moontlike tolk in die persoon van Joseph Kirkman te hore gekom.¹⁶⁾ Na 'n vlugtige besoek deur die drie sendelinge aan Dingaan is Grout en Anderson terug na hulle families in Bethelsdorp, terwyl Champion in Natal agtergebly het om geskikte plekke vir die oprigting van sendingstasies te soek en om met bouwerk te begin. Toe Grout en Adams in Junie 1836 Na= tal oorland bereik het, was behalwe hulle families,¹⁷⁾ ook Kirkman by

13) Kotze. Die eerste Amerikaanse sendelinge onder die Zoeloes, p.49-50.

14) Kotze. Letters of the American missionaries, p.80; N.A.III/2/1.

15) Champion. Journal, p.xi.

16) Kotze. Die eerste Amerikaanse sendelinge onder die Zoeloes, p.51.

17) Mev. Grout is intussen in Bethelsdorp oorlede.

hulle as tolk.¹⁸⁾ Voortaan sou daar 'n tolk wees vir elke sendeling.

Die sendelinge het gou uitgevind dat die verskil tussen Zulu en Xhosa veel groter was as wat die algemene opvatting in Kafferland was.¹⁹⁾

Daarom het Champion in sy dagboek aangeteken: „As to our Interpreters they labor under a disadvantage in not understanding the peculiar dialect of the Zulus. As far as we learn, the ground work of the language, (by which I mean the principles on which it is constructed) is the same as that of the Kaffer language, but a great many things have different names and the same words have different significations from what they possess in the Kaffer tongue.”²⁰⁾ Terwyl sy twee kollegas teruggegaan het na Bethelsdorp en die werklike sendingwerk nog nie begin het nie, het Champion baie tyd bestee aan die bestudering van Zulu. Die besluit, dat juis hy moes agterbly in Natal, is geneem grotendeels uit hoofde van die feit dat hy die beste taalkenner van hulle drie was en dus die flinkste met die aanleer van Zulu sou vorder.²¹⁾

Met hulle mate van kennis van die grammatika van Xhosa was die Amerikaanse sendelinge tog in staat om die taal van hulle sendingobjekte gouer te leer as wat dit die geval was met ander sendelinge elders in Suid-Afrika. In 'n betreklike kort tyd kon hulle Zulu tot skrif reduseer, elementêre

18) Kotze. Die eerste Amerikaanse sendelinge onder die Zoeloes, p.90. In sy „Letters of the American missionaries” sê hy egter dat Kirkman die eerste keer (Desember 1835) saam met die sendelinge na Natal is.

19) Sendelinge in Kafferland was vir baie jare die mening toegedaan dat die ooreenkoms tussen Zulu en Xhosa so groot is dat 'n vertaling van die Bybel in Zulu as oorbodig beskou is.

20) Champion. Journal, 1.1.1836.

21) Kotze. Die eerste Amerikaanse sendelinge onder die Zoeloes, p.73.

skoolboekies opstel, en florerende skole stig.²²⁾ Ten opsigte van die on=
derwys het hulle Dingaan se steun geniet. Hyself was gedetermineerd om
te leer lees,²³⁾ en aan sy onderdane het hy opdrag gegee om toe te sien
dat die kinders die skole besoek.²⁴⁾ Hierdie houding van die opperhoof
moes 'n groot bemoediging vir die sendelinge gewees het, want „We be=
lieve that, if flourishing schools were formed in the country, they would
give us access to his (Dingaan's) confidence, and access to the whole
country with the words of salvation".²⁵⁾ Die resultate het ook nie uitge=
bly nie. Na net minder as een jaar in die sendingveld het dr. Adams op 15
Mei 1837 'n baie gunstige verslag oor sy skool op Umlazi uitgebring. Die
skool het aanhoudend gefloreer en is deur gemiddeld vyftig kinders byge=
woon. 'n Groep seuns kon reeds in die Nuwe Testament²⁶⁾ lees, terwyl
al die skoliere goeie vordering gemaak het in beide Engels en Zulu. Hulle
was reeds in staat om die name van die meeste dinge rondom hulle in albei
tale te spel. Skoolboeke in Zulu was egter 'n groot leemte.²⁷⁾

10.3 Vroeë drukwerk

Die American Board of Commissioners for Foreign Missions was bewus
van die rol wat die drukpers in sendingwerk kon speel. Daarom het hy aan
die sendelinge met hulle vertrek uit Amerika opdrag gegee om vir dr.

22) Kotze. *Letters of the American missionaries*, p.102; *Missionary Herald*, 1836:339-342.

23) Kotze, *ibid.*, p.121.

24) *Ibid.*, p.157.

25) *Ibid.*, p.122.

26) Waarskynlik die Engelse Nuwe Testament.

27) Kotze. *Letters of the American missionaries*, p.174.

Philip in die Kaap te raadpleeg oor die gebruik wat hulle van die drukpers moet maak.²⁸⁾ Reg aan die begin van hulle sendingaksie in Natal het die sendelinge gewys op die noodsaaklikheid van 'n drukpers en 'n drukker. Vir hulle skole was dit van die grootste belang dat hulle leeskaarte en elementêre boeke moes druk.²⁹⁾ Hierop het die Komitee gunstig gereageer deur aan die sendelinge te laat weet dat daar besluit is om hulle geleedere te versterk en om drukkersuitrusting en 'n drukker na Natal te stuur sodra geskikte persone gevind kan word. Daar kon egter nie met sekerheid gesê word wanneer dit sou gebeur nie.³⁰⁾

In die behoefte aan 'n drukpers kon die Komitee egter gouer voorsien as wat vermoed is. Op 19 Desember 1836 kon Anderson³¹⁾ aan die sendelinge skryf dat 'n sekere generaal Champion, behalwe 'n skenking van \$1000, ook onderneem het om vir drukkersuitrusting vir die Natalse sending te betaal. Die koste verbonde aan laasgenoemde sou ongeveer \$500 beloop. Die drukpers wat op daardie stadium na Natal gestuur is, was wel klein, maar tog volledig. Die dienste van 'n drukker kon ongelukkig nie bekom word nie, maar die Komitee was daarvan bewus dat dr. Adams 'n bietjie kennis van die boekdrukkuns gehad het. Die hoop is ook uitgespreek dat 'n drukker wel beskikbaar sal wees teen die tyd dat daar baie drukwerk sal wees om te doen. Saam met die pers is ook 'n klein hoeveelheid papier gestuur, en die versoek is gerig dat die Komitee van tyd tot tyd in kennis gestel moet

28) Ibid., p.48; N.A.Π/1/1; Annual report of the A.B.C.F.M., 1834:145-8.

29) Kotze. Letters of the American missionaries, p.123; Missionary Herald, 1837:121-2.

30) N.A.Π/1/1.

31) Hy was die sekretaris van die American Board of Commissioners for Foreign Missions.

word van die hoeveelheid papier wat benodig word.³²⁾

Intussen is daar goed gevorder met vertaalwerk. Op 1 Junie 1837 het Champion berig dat 'n Zuluspelboek gereed was vir die pers. Die Evangelies van Mattheüs en Markus was ook vertaal en sou na 'n deeglike hersiening gereed wees om gedruk te word. Daarby is ook 'n woordelys van drie- of vierduisend woorde opgestel, en as dit gedruk kon word, sou dit 'n nuttige hulpmiddel wees vir toekomstige sendelinge om Zulu te leer. Die hoop is ook uitgespreek dat die Boek Handeling in die komende maand vertaal sou word. Hierdie was die eerste poging deur enigiemand om Zulu sistematies op skrif te stel en om die Bybel in Zulu te vertaal. Wat hierdie poging nog merkwaardiger maak, is die feit dat Champion toe nog nie 'n volle agtien maande onder die Zulus gearbei het nie.³³⁾

In Mei 1837 is die Amerikaanse sendingpers in Port Natal ontskep.³⁴⁾ Die aangewese plek om die pers op te rig, sou Ginani, die sendingstasie van taalkenner Champion in Zululand wees. Aangesien dit egter noodsaaklik was dat die pers so gou as moontlik in werking gestel word, en Ginani bykans honderd myl ten noorde van Port Natal geleë was, is besluit om dit voorlopig by Umlazi op te rig. Die afgeleëheid van Ginani sou heelwat vervoerprobleme oplewer, en drukwerk sou ook nie vinnig daarvandaan versprei kon word nie. Daar was ook nie 'n gebou om die drukkerij te huisves nie, en buitendien het die sendeling by Umlazi, dr. Adams, 'n bietjie kennis van die drukkers gehad.³⁵⁾ Kort na die koms van die drukpers is

32) N.A.II/1/1; Kotze, *Letters of the American missionaries*, p.144-5.

33) Kotze, *Die eerste Amerikaanse sendelinge onder die Zoeloes*, p.129.

34) *Loc.cit.*; Champion, *Journal*, 1.6.1837.

35) N.A.I/1/1.

die geleedere van die Natalse sending versterk deur die sendelinge van die Matebelesending. Daar is besluit dat Venable en dr. Wilson na Zululand sou gaan, en dat Lindley hom by dr. Adams sou aansluit omdat die eersgenoemde 'n redelike kennis van drukwerk gehad het.³⁶⁾

Die drukpers is waarskynlik teen Augustus 1837 in werking gestel, want op die 21ste het Lindley geskryf „Mr. Adams and myself wish ... to try our hands at printing”.³⁷⁾ Wat presies hulle gedruk het, is nie bekend nie. Champion het verwys na „... some spelling cards from the press at Umlazi”,³⁸⁾ terwyl die sendelinge na hulle vlug uit Natal gekla het dat hulle in Port Elizabeth invoerregte moes betaal op 'n verskeidenheid van artikels waaronder „school and other books”.³⁹⁾ Wat die aard en fisiese formaat van die eerste produkte van die Amerikaanse sendingpers ook al was, het daar skynbaar geen voorbeelde daarvan in Suid-Afrika behoue gebly nie.

Hierbo is aangedui dat daar goed gevorder is met vertaalwerk, en 'n mens sou kon verwag dat daar gedurende die tweede helfte van 1837 genoeg werk vir die drukkerij sou wees. Na Augustus 1837 is daar egter nie weer na drukwerk verwys nie voor die hervatting van die sending in 1839. Vir hierdie insinking op die gebied van lektuurvoorsiening kan twee moontlike redes aangevoer word. Eerstens was daar in hierdie tyd 'n ernstige ekonomiese depressie in Amerika. In 1837 moes die Komitee by drie geleenthede 'n beroep op die sendelinge doen om op alle terreine, ook op drukwerk, te be-

36) Kotze. Die eerste Amerikaanse sendelinge onder die Zoeloes, p.152.

37) Kotze. Letters of the American missionaries, p.200.

38) Champion. Journal, 2.1.1838.

39) Kotze. Letters of the American missionaries, p.246.

spaar. Die eerste sodanige oproep het op 8 Maart 1837 gekom toe die sendelinge in Natal nog nie eens 'n drukpers gehad het nie.⁴⁰⁾ Op 20 Oktober 1837 is die sendelinge verbied om enige drukwerk op die onkoste van die Komitee te doen, tensy sodanige drukwerk bedoel was om 'n direkte invloed op die sendingobjekte uit te oefen.⁴¹⁾ Die tweede rede waarom die drukwerk tot stilstand gekom het, was Dingaan se veranderde houding teenoor die sendelinge en die toenemende spanning as gevolg van die koms van die Voortrekkers. Na die moord op Retief en sy manskappe op 6 Februarie 1838 het die sendelinge in Zululand in aller haas na Port Natal vertrek. Op 12 Maart 1838 het die sendelinge besluit „... that in view of the state of the country it is the duty of the mission families to take this opportunity to go by ship to the colony”.⁴²⁾ Daar is verder ook besluit dat Lindley in Natal sou agterbly om die toestande dop te hou. Enkele dae later het al die sendelinge behalwe Lindley per skip na Algoabaai vertrek. Bykans 'n maand later het die Zulus Port Natal aangeval en ook Umlazi moes onder hulle strooptogte deurloop. By al die verwoesting wat aangerig is, kon Lindley darem aan sy vrou skryf dat die drukpapier onaangeraak gebly het.⁴³⁾ Die drukpers en die voltooië drukwerk wat daar mag gewees het, het die sendelinge met hulle saamgeneem na Algoabaai. Vandaar het hulle by goewerneur Sir George Napier gekla oor invoerregte wat hulle moes betaal. „Our articles, however, are only such as were in actual use in reference to the work in which we were engaged. They consist of a printing press & apparatus, school and other books, religious tracts and bi-

40) N.A.II/1/1. Die pers was toe wel reeds onderweg na Natal.

41) N.A.II/1/1; Kotze. Letters of the American missionaries, p.208.

42) N.A.I/1/1.

43) Kotze. Letters of the American missionaries, p.244.

bles(!) for gratuitous distribution..."⁴⁴⁾ Napier het toestemming gegee dat die betrokke artikels ontskeep mag word, maar dat die sendelinge na verloop van twaalf maande invoerrege sou moes betaal.⁴⁵⁾

Die toestand in, en die vlug uit Natal het die sendelinge mismoedig gestem. Grout, wie se vrou vroeg in 1836 in Bethelsdorp oorlede is, het Natal reeds in Oktober 1837 verlaat om terug te keer na Amerika.⁴⁶⁾ Dat die ander sendelinge feitlik oortuig was dat die Natalse sending sou doodloop, blyk uit 'n brief wat Champion van Port Elizabeth af aan Grout in Amerika geskryf het. Daarin het hy onder andere opgemerk: "Perhaps the next you will hear or see will be us all in person".⁴⁷⁾ Kort na Lindley se aankoms in Port Elizabeth het die vier oorblywende Amerikaanse sendelinge - Grout en Wilson het reeds teruggekeer na Amerika - 'n vergadering gehou om hulle toekomsplanne te bespreek. Daniel Lindley en dr. Adams was heeltemal geneë om weer Natal toe te gaan, maar Venable en Champion het besluit om liever terug te gaan na Amerika.

10.4 Hervatting van die sending- en drukwerk

Teen die helfte van 1839 was Lindley en Adams terug in Natal en in 1840 het Aldin Grout uit Amerika teruggekeer na Natal. Van 1841 tot 1847 was Lindley egter predikant van die Voortrekkers. Adams het hom weer op sy ou stasie Umlazi gevestig. Omdat dit digby Port Natal was, was die situasie daar redelik veilig.

44) Ibid., p. 246.

45) N.A.II/2/1.

46) Kotze. Letters of the American missionaries, p. 223n.

47) Ibid., p. 230.

Gedurende die tyd van woeling in Natal het al die drukwerk in die vorm van spelkaarte en leesboekies wat aan skoolkinders gegee is, waarskynlik verlore geraak. Kort na hulle terugkeer na Natal moes die sendelinge weer aandag geskenk het aan drukwerk. Hierbo is aangetoon dat die voorraad drukpapier tydens die verwoesting van Umlazi in 1838 ongeskonde gebly het. So vroeg as 4 Junie 1840 het die Komitee egter al gereageer op 'n versoek van Lindley om papier aan te stuur.⁴⁸⁾ Dit kan daarop dui dat die bestaande voorraad papier opgebruik was. Indien daar wel drukwerk in 1839 en 1840 gedoen is, dan was dit waarskynlik in die vorm van enkelblad spellesse wat gewoonlik nie deur sendelinge as belangrik genoeg geag is om daarvan melding te maak nie. In 1841 is beslis weer drukwerk gedoen. Op 20 Oktober het die sendelinge berig dat hulle vyfhonderd kopieë van 'n tweede skoolboekie van ses-en-vyftig bladsye gedruk het, en dat hulle voornemens was om 'n hersiene en uitgebreide uitgawe van die eerste skoolboekie te druk.⁴⁹⁾ Albei hierdie boekies het die impressumdatum 1841. Die laasgenoemde een kan niks anders wees nie as 'n hersiene uitgawe van 'n boekie wat kort na die oprigting van die pers in 1837 gedruk is. Van die eerste druk van hierdie boekie bestaan daar skynbaar geen eksemplaar in Suid-Afrika nie. In 1841 is ook nog 'n bundel gesange van ses-tien bladsye gedruk. Uit die sendelinge se verslag vir 1841 blyk dit dat die drukwerk in Zulu 48,200 bladsye beloop het. Hiervan was 37,000 bladsye Skrifgedeeltes, terwyl die totale aantal bladsye van die begin af 55,380 beloop het.⁵⁰⁾ Die Skrifgedeeltes waarna verwys is, is vertalings deur Adams uit die Evangelies en wat opgeneem is in die tweede skoolboekie.

48) N.A.II/1/1.

49) N.A.III/1/1.

50) Annual report of the A.B.C.F.M., 1842:95.

Dit is nie duidelik wat die sendelinge bedoel het met die aantal bladsye wat van die begin af gedruk is nie. Met „begin" kan bedoel word 1837 toe die pers opgerig is, of 1839 toe die sending hervat is. Indien laasgenoemde die bedoeling was, dan is daar besluit in 1839 en 1840 'n bietjie drukwerk gedoen.

Reeds in 1841 moes die sendelinge een of ander probleem met die drukkerij ondervind het. Dit kon wees dat hulle nie al die drukwerk kon behartig nie, óf dat hulle drukkersuitrusting te primitief was om groter drukwerk op te doen, óf dat hulle 'n drukker benodig het. Soos hieronder aangetoon sal word, blyk dit dat laasgenoemde moontlik die probleem was. Hulle probleem blyk uit die feit dat hulle in 1841 die Evangelie van Mattheüs, in Zulu vertaal deur dr. Adams, in Pietermaritzburg deur die pionierdrukker van Hollands-Afrikaans in Natal, David Buchanan, laat druk het. Van 1842 tot 1845 is daar geen verwysings na drukwerk in die notules en korrespondensie van die sendelinge nie. Dit moet daaraan toegeskryf word dat dr. Adams, wat in bevel van die sendingpers was, nie die werk kon behartig nie. Daarom is in 1846 besluit om nogeens te probeer om 'n opgeleide drukker te bekom. Indien hulle nie daarin sou slaag nie, dan sou hulle self die opgehoopte drukwerk doen.⁵¹⁾ In daardie jaar het hulle 'n spelboekie deur eerwaarde A. Grout van twee-en-dertig bladsye gedruk, asook 'n Bybelse geskiedenis van nege-en-vyftig bladsye. Dit blyk dus dat hulle nie die dienste van 'n drukker kon bekom nie.

Gedurende die volgende paar jare het die Amerikaanse sendingpers gepoog om in die dringendste lektuurbehoefte te voorsien. Weens die siekte van eerwaarde J. Bryant, wat vir dr. Adams in die drukkerij behulpsaam was,

51) N.A.I/1/2.

moes die drukkersaktiwiteite in 1848 tot stilstand gebring word.⁵²⁾ Gedurende die volgende jaar is egter meer drukwerk gelewer as in enige voorafgaande jaar. Dit het ingesluit leesboekies, 'n kategismus, gesangeboek, en 'n godsdienstige traktaat. Hierdie groter vraag na lektuur moet toegeskryf word aan 'n geestelike oplewing sedert 1846 toe 'n Zulu vrou met die naam Umbulasi die eerste Zulu geword het wat die Christelike geloof bely het. Haar invloed op haar volksgenote het die uitbreiding van die Evangelie aansienlik bespoedig. Sy en haar leermeester, dr. Newton Adams, is langs mekaar begrawe in die kerkhof van Adams College te Amanzimtoti (vroeër bekend as Umlazi).⁵³⁾

In 1850 het die Amerikaanse sendingpers die eerste Ou Testamentiese boek in Zulu gelewer toe die Boek van die Psalms gedruk is. Die werk het tweehonderd twee-en-dertig bladsye beslaan en is vertaal deur die sendelinge Bryant, Lewis Grout, J.L. Döhne en C.W. Posselt. 'n Op=laag van 1,500 kopieë is gedruk en is teen 20 sent stuk verkoop. Hierdie was die grootste drukwerk wat nog op die sendingpers onderneem is, maar dit was ook sy laaste drukwerk in bykans tien jaar, en dit niteenstaande die feit dat die sending in daardie jaar sy eerste opgeleide drukker in die persoon van J.A. Butler gekry het.⁵⁴⁾

Christofersen fouteer as hy beweer dat daar in die sendingkorrespondensie in 1850 vir die eerste keer na „D'Urban" verwys is as gevolg van die feit dat die sendingpers daarheen verskuif is.⁵⁵⁾ Sedert Mei 1849

52) Loc.cit.

53) Persoonlike besoek aan Adams College, 1968.

54) Christofersen. *Adventuring with God*, p.32.

55) Ibid., p.32.

was die verskuiwing van die sendingpers na Durban by elke halfjaarlikse vergadering van die sendelinge ter sprake, totdat in September 1852 besluit is om 'n kommissie te benoem "... to store the printing press for safe-keeping and also to make such arrangements for printing for the coming year as the mission may require".⁵⁶⁾ Die naam Port Natal het wel voorgekom in die impressum van publikasies in 1850, soos byvoorbeeld die Psalms en 'n maandelikse tydskrif Inkanyezi yokusa (Die Mōrester) wat van Januarie tot Augustus 1850 verskyn het. Umlazi was egter digby Port Natal geleë en die sendelinge het meermale die benaming Port Natal in plaas van Umlazi gebruik. So het daar byvoorbeeld in 1846, lank voor daar sprake was van die verskuiwing van die pers, boeke op die sendingpers verskyn wat óf Port Natal, óf Umlazi as plek van uitgawe gehad het. Ten opsigte van hulle drukkersaktiwiteite het Christofersen die notules en korrespondensie van die Amerikaanse sendelinge uiters onnaukeurig gelees. So beweer hy dat die Evangelie van Mattheüs, 'n katechismus en rekenboeke in 1850 op die sendingpers gedruk is. In die betrokke notule is bloot aangeteken dat die sendelinge besluit het om daardie werke gereed te maak vir die pers.⁵⁷⁾

Gedurende twee jaar na 1850 het die Amerikaners skynbaar geen werke in Zulu gepubliseer nie. Vanaf 1853 tot 1860 het hulle hulle drukwerk onder kontrak laat doen deur kommersiële perse soos Cullingworth in Durban, May & Davis in Pietermaritzburg, Pike in Kaapstad, Buchanan in Pietermaritzburg, en Robinson in Durban. Behalwe heelwat skoolboeke het die drukwerk onder kontrak ook 'n paar Nuwe Testamentiese Boeke

56) N.A.I/1/2.

57) Loc.cit.

ingesluit.

10.5 Die Zulubybel

Die tweede geslag Amerikaanse sendelinge in Natal en Zululand het dit hulle lewenstaak gemaak om die Bybel in Zulu beskikbaar te stel. Vroeg in 1847 is die Zulusending versterk deur 'n taalkundige van formaat in die persoon van eerwaarde Lewis Grout. Hy het dadelik goeie vordering gemaak met die aanleer van Zulu en in hierdie verband was hy weldra bekend as „... the scholar of the Mission”.⁵⁸⁾ In 1859 het hy sy Zulu=grammatika gepubliseer onder die titel The isiZulu; a grammar of the Zulu language. Hierdie werk van 484 bladsye is deur J.C. Buchanan op die sendingpers te Umsunduzi gedruk, en die tipografiese afwerking daarvan strek die drukker tot eer. Met 'n wetenskaplike grammatika van die taal tot hulle beskikking kon die sendelinge voortaan vertalings van hoogstaande gehalte lewer. Twee jaar vantevore het 'n ander sendeling van die Amerikaanse sending, Jacob Döhne, 'n Zuluwoordeboek in Kaapstad gepubliseer wat beskou is as die eerste wetenskaplike woordeboek van 'n Suid-Afrikaanse Bantoetaal. Hierdie werk is deur Doke beskryf as 'n „... remarkable work for its time”.⁵⁹⁾ Die sendelinge was dus behoorlik toegerus vir die groot taak van Bybelvertaling. Van die laat 1850's af het Bybel=vertaling dan ook al hoe meer aandag begin geniet. Van tyd tot tyd is Bybel=boeke aan die verskillende sendelinge toegewys vir vertaling. Vir elke vertaler is ook 'n sogenoemde „critic” benoem om die vertalings te kontroleer.

Die drukpers het egter vir die sendelinge 'n probleem gebly. Dit skyn asof hulle eenvoudig nie kon besluit of die pers in stand gehou moes word of nie.

58) Doke. Contributions to the history of Bantu linguistics, p.41.

59) Ibid., p.44.

Nadat dit vir bykans tien jaar buitewerking was, is dit in Februarie 1859 na Umsunduzi verskuif waar die Boek Handeling en Grout se grammatika nog dieselfde jaar gedruk is.⁶⁰⁾ Tydens hulle halfjaarlikse vergadering in Oktober 1859 het die sendelinge egter die moontlikheid bespreek om al hulle drukwerk in Amerika te laat doen, maar hulle het geen besluit geneem nie.⁶¹⁾ Skaars 'n jaar later is daar naarstiglik gesoek na 'n kommersiële drukkerij wat die sending se drukwerk kon doen. In Desember 1860 is twee belangrike besluite in verband met die drukpers geneem. Eerstens is besluit om 'n kontrak met die firma Robinson en Vause aan te gaan om vir vyf jaar die drukwerk van die sending te behartig. Volgens 'n tweede besluit is aan die sending se komitee vir drukwerk volmag verleen om die sendingpers en uitrusting te verkoop. Later tydens dieselfde vergadering is albei hierdie besluite egter herroep.⁶²⁾ Hulle optrede dui daarop dat hulle begin twyfel het aan die nut van die sendingpers. Hulle het minstens naby die stadium gekom waar die rol van die sendingpers uitgespeel was. Die sendelinge was binne die bereik van kommersiële perse in Durban en Pietermaritzburg. Die uitvinding van stereodrukwerk en veral die koms van stoomskepe het meegebring dat drukwerk gouer en goedkoper in Europa en Amerika gedoen kon word. Nogtans het die sendelinge 'n wyse besluit geneem deur nie weg te doen met hulle drukpers nie. Dit was van die uiterste belang dat die sendingpers moes bly totdat die hele Bybel vertaal is. Soos wat die verskillende Bybelboeke vertaal en gedruk is, moes die vertaler of redakteur byderhand wees om die proewe te korrigeer. Die afsonderlike Boeke moes ook 'n tydlang in die praktyk uit-

60) N.A.I/1/3; Grout. The isiZulu, p.xxxvi.

61) N.A.I/1/3.

62) Loc.cit.

getoets en voortdurend hersien word. Eers wanneer die hele Bybel op hierdie wyse gereed gemaak is, kon dit oorsee gedruk word. Dit is presies wat gedoen is met die Bybel in Xhosa, Tswana en Sotho.

Tydens hulle vergadering in Mei 1861 het die Amerikaanse sendelinge 'n besluit in verband met hulle sendingpers geneem wat enig is in die geskiedenis van Suid-Afrikaanse sendingperse gedurende die 19e eeu. Daar is naamlik besluit om aan die komitee vir drukwerk opdrag te gee om die drukpers te waardeer "... (and) to sell it to Mr. Tyler".⁶³⁾ Eerwaarde Josiah Tyler was 'n sendeling van die Amerikaanse Zulusending en was by Esidumbini gestasioneer. Dit is nêrens genotuleer dat Tyler wel die drukpers gekoop het nie, maar die omstandighede dui daarop dat hy wel die pers gekoop het. In September van dieselfde jaar is byvoorbeeld besluit om die bedrag waarvoor die pers verkoop is, aan te wend om drukkostes te bestry.⁶⁴⁾ Dat die sending nie meer 'n pers gehad het nie, blyk uit die ongewone stap om 'n godsdienstige traktaat in Zulu deur die American Tract Society in Boston te laat druk het. Ook die Nuwe Testament en ander drukwerk sou hulle in Amerika laat doen het onder die toesig van die sendelinge Silas McKinney en William Ireland wat op langverlof daarheen sou gaan. In Junie 1863 is egter besluit om 'n kwotasie van eerwaarde Tyler vir die druk van die Nuwe Testament te aanvaar, "... viz 1500 copies at £4-15 (R9-50) per half sheet".⁶⁵⁾ Hieruit moet afgelei word dat Tyler wel die sendingpers gekoop het en dat die Amerikaanse sending nie langer 'n sendingpers in die ware sin van die woord gehad het nie. Ten einde aan

63) N.A.I/1/4.

64) Loc.cit.

65) Loc.cit.

Tyler die geleentheid te bied om die Nuwe Testament te druk, is 'n vorige besluit om dit in Amerika te laat druk, herroep.

Met die verkoop van die sendingpers aan 'n medesendingelinge het in Natal en Zululand in sekere opsigte dieselfde toedrag van sake ontstaan as wat in Lesotho geheers het van 1860 tot 1874. Daar het die sendingelinge Adolphe Mabilie gedurende die genoemde tydperk ook 'n privaat drukpers besit. In albei die gevalle is die drukperse in die diens van die sending gestel, maar met die een groot verskil dat Mabilie Sotholektuur op sy eie onkos te gelewer het, terwyl Tyler van die sendingdrukwerk 'n bedryf gemaak het. Die produkte van Tyler se pers by Esidumbini het vir 'n aantal jare nadat hy dit gekoop het nog die uitgewer in die impressum aangedui as „American Zulu mission" en later as Esidumbini, Mission station". Na 1876 het daar geen verdere produkte van hierdie pers verskyn nie.

Die vertaling van die Bybel in Zulu was veel meer 'n koöperatiewe poging as wat dit die geval was met die Tswana-, Xhosa- en Sothobybel. Die Amerikaanse sendingelinge het geen Moffat, Appleyard of Mabilie in hulle geledere gehad nie. Bybelboeke is vir vertaling opgedra aan verskillende sendingelinge, maar voor dat dit na die pers gegaan het, is dit eers krities nagesien deur sendingelinge wat daarvoor benoem is. Toe die Nuwe Testament vroeg in die 1860's haas gereed was vir publikasie is 'n komitee bestaande uit die sendingelinge David Rood en Tyler benoem om toesig te hou oor die publikasie daarvan. Vanweë die feit dat die vertaalwerk deur verskillende sendingelinge gedoen is, moes hierdie komitee veral toesien dat daar eenvormigheid van ortografie en woordgebruik moes wees. In die begin van 1864 is eerwaarde Andrew Abraham benoem om saam met die drukker, eerwaarde Tyler, op te tree as proeflesers.⁶⁶⁾ Toe die drukwerk

66) N.A.I/1/4.

voltooing genader het, het Tyler by die sendingvergadering gekla dat die drukwerk meer sal kos as waarvoor hy gekwoteer het en dat 'n verdere bedrag aan hom toegestaan moes word. Dit skyn egter nie of daar enige besluit in hierdie verband geneem is nie. In 1865 is die druk van eenduisend kopieë voltooi.⁶⁷⁾ Die omslae waarin dit gebind is, is deur die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap geskenk.⁶⁸⁾

Pas na die verskyning van die Nuwe Testament in Zulu is 'n hersieningskomitee benoem. Hierdie komitee is nie alleen versoek om 'n kopie van die Nuwe Testament aan alle sendelinge van ander genootskappe in Natal te stuur ten einde hulle kommentaar in te win nie, maar ook dat hulle hul werk binne nege maande van 24 Januarie 1866 af moes voltooi. Hulle moes ook die sendingvergadering se dank oordra aan eerwaarde J. Jackson⁶⁹⁾ wat aangebied het om toesig te hou oor die druk van 'n hersiene uitgawe van die Nuwe Testament in Engeland.⁷⁰⁾ Dit skyn dus asof die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap die hersiene druk sou behartig, maar hiervan het niks tereggekome nie. Dit het eers in 1872 op die pers van Tyler te Esidumbini versky. Die oplaag was waarskynlik tweeduisend, want die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap het soveel omslae geskenk vir die inbinding.⁷¹⁾ 'n Derde druk het in 1878 by Davis in Pietermaritzburg verskyn.⁷²⁾

67) Vroeër is besluit om 'n oplaag van 1500 te druk.

68) N.A.I/1/4; B.F.B.S., 1866:219.

69) Hierdie persoon kon nie geredelik geïdentifiseer word nie. Hy was vermoedelik 'n Wesleyaanse sendeling in Natal. Vgl. Du Plessis. A history of Christian missions in South Africa, p.432.

70) N.A.I/1/4.

71) B.F.B.S., 1872:284.

72) N.A.III/1/2.

Hoewel die sendelinge die Boek van die Psalms reeds in 1850 gepubliseer het, het hulle eers sedert 1866 die aandag toegespits op die vertaling van die Ou Testament. Soos wat die vertalings van afsonderlike Boeke gereed was en hersien is, is dit óf by Esidumbine, óf in Amerika, óf deur kommersiële perse in Natal gedruk. Boeke wat op hierdie wyse gepubliseer is, is soms saamgebind in een band.⁷³⁾ Teen 1876 moes daar ver gevorder gewees het met die vertaalwerk, want in daardie jaar is eerwaarde Abraham benoem om die eerste druk van die Ou Testament in Zulu gereed te maak vir publikasie. Toestemming is ook aan hom verleen om sy seun Alvah in diens te neem om hom te help met die gereedmaking van die uitgawe. Voor hy egter veel kon vorder met sy werk is Abraham in 1878 oorlede. Op daardie stadium was die vertaling van die volgende Bybelboeke nog nie voltooi nie: I en II Samuel, Numeri, Hooglied, Josua, Rigters, Rut, I en II Kronieke, Deuteronomium en Prediker. Eerwaarde Stephen Pixley is nie alleen as redakteur van die Ou Testament benoem in die plek van Abraham nie, maar hy moes ook toesig hou oor die druk daarvan in Amerika.⁷⁴⁾ Intussen moes hy aan die Komitee in Amerika skryf om toestemming te vra om die hele Bybel in Amerika te druk, om self na Amerika te gaan vir hierdie doel, en om 'n intelligente naturel as 'n assistent saam te neem. Teen die einde van 1880 was die Zulubybel gereed om gedruk te word.

In Amerika het Pixley meer as een jaar van sy verlof bestee aan proeflees en die aanbring van kleiner verbeteringe aan die Zulubybel. Hierin is hy bygestaan deur 'n jong Zulu, John Nembula, wat in Amerika besig

73) N.A.I/1/4(a).

74) Loc.cit.

was om in die geneeskunde te studeer. Die sendelinge in Natal het Pixley versoek om ook die Nuwe Testament weer deeglik te hersien, hoewel dit toe reeds drie drukke beleef het. In 1883 is die publikasie voltooi en op 11 Oktober van daardie jaar is die Bybel in Natal ontvang. Na byna vyftig jaar kon hulle die vrugte van hulle moeisame arbeid pluk.⁷⁵⁾ Eerwaarde Aldin Grout, een van die pioniersendelinge wat saam met dr. Newton Adams en eerwaarde George Champion die eerste woorde in Zulu geskryf het, het op sy tagtigste verjaardag in Amerika 'n eksemplaar van die pas voltooide Zulubibel ontvang.⁷⁶⁾

Dit was wel die Amerikaanse sendelinge wat uiteindelik aan die Zuluvolk die hele Bybel in hulle moedertaal gegee het, maar feitlik gelyktydig met hulle was ook ander sendelinge besig met vertaalwerk en die publikasie van Skrifgedeeltes. Dit was veral die sendelinge van die Church of England wat verantwoordelik was vir die oorvleueling met die werk van die Amerikaners.⁷⁷⁾ Op 'n stadium was die Amerikaners wel bereid om met die sendelinge van die Church of England saam te werk. In 1859 is aan biskop J.W. Colenso geskryf om vas te stel of hy boeke wat hy in Zulu gepubliseer het aan die Amerikaanse sending sou verkoop.⁷⁸⁾ Na hulle publikasie van die Nuwe Testament in Zulu in 1865 het die Amerikaners eksemplare daarvan aan alle sendelinge in Natal gestuur en kommentaar daarop gevra.⁷⁹⁾ Ook met die sendelinge van die Berlynse Sendinggenoot=

75) Loc.cit.

76) N.A.V/1/1; Christofersen, op.cit., p.66.

77) Kyk hoofstuk elf.

78) N.A.I/1/3.

79) N.A.I/1/4.

skap is daar saamgewerk, onder andere in verband met die samestelling en publikasie van skoolboeke.⁸⁰⁾ In 1871 is besluit om die publikasie van die Boek van die Psalms te laat vaar omdat dr. Henry Callaway van die Church of England dit gepubliseer het.⁸¹⁾ Op 'n navraag van die American Board of Commissioners for Foreign Missions oor samewerking ten opsigte van Bybelvertaling het die Amerikaanse sendelinge in Junie 1880 geantwoord dat hulle nie hulle weg oopgesien het om gebruik te maak van die vertalings van die sendelinge van die Church of England nie. Dr. Callaway het op daardie stadium al 'n groot deel van die Bybel vertaal gehad, en 'n paar jaar vantevore was daar sprake van samewerking met hom. Na 'n deeglike ondersoek deur 'n kommissie wat daarvoor benoem is, is besluit om liewers nie met hom saam te werk nie. „Perhaps it is explanation enough to say that he belongs to the High Church Party ... His translations, though excellent in some respects, have defects which render them unsuitable for general use among the natives in the Colony (Natal).⁸²⁾ Ook dr. Colenso het Skrifgedeeltes in Zulu gepubliseer, „... but we should hardly think it safe to circulate them among the natives. He takes liberties which we should not dare to take with Inspired words”.⁸³⁾

Na die verkoop van hulle pers aan 'n medesending in 1861 het die Amerikaanse sending nooit weer die behoefte aan 'n eie sendingpers gevoel nie. Meer as twintig jaar later het hulle tog wel 'n behoefte aan 'n drukpers vir hulle opleidingskollege by Amanzimtoti (tans Adams College) gevoel. In

80) N.A.I/1/4(a).

81) Loc.cit.

82) N.A.III/1/1.

83) Loc.cit.

Mei 1883 is besluit „... that Messrs. Tyler, Goodenough en Wilder be a com(mission) to solicit the gift of a printing press for the use of Amán-zimtoti Seminary".⁸⁴⁾ So 'n pers sou nie alleen gebruik kon word vir die opleiding van vakleerlinge in die tipografie nie, maar sou ook dien as 'n kommersiële pers. Daarbenewens sou dit kon voorsien in die sending se behoeftes ten opsigte van kleiner drukwerk. Die funksie van hierdie pers sou dieselfde wees as dié van die pers wat in 1861 by die Lovedale Missionary Institution opgerig is.⁸⁵⁾ In 1884 is 'n pers vir die opleidingskollege geskenk deur ene mnr. Spear.⁸⁶⁾

In 1885 het die Amerikaanse sending 'n lys van boeke opgestel wat hulle gedruk of laat druk het. Die lys bevat sewe-en-sestig inskrywings waarby herdrukke en afsonderlike Bybelboeke ingesluit is. In baie gevalle is slegs die Engelse vertaling van titels of selfs net 'n beskrywing van die tipe boek gegee, byvoorbeeld „primer", „hymn book" of „catechism". Die gepubliseerde katalogi van Bantoetaalboeke in die Greyversameling en die Johannesburgse Openbare Biblioteek bevat egter inskrywings vir 'n groter aantal boeke in Zulu wat gedurende dieselfde tydperk vir of deur die Amerikaanse sendelinge gedruk is. Die samesteller van die lys het wel toegegee dat hy moontlik onbewus was van enkele werke, maar dat sy lys baie naby aan volledig moes wees.⁸⁷⁾ As hierdie lys as 'n maatstaf kan dien, dan het die produkte van die Amerikaanse sendingpers baie goed en volledig bewaar gebly.

84) N.A.I/1/5.

85) Kyk hoofstuk ses, par.6.4.

86) N.A.I/1/5.

87) N.A.III/1/2.

Behalwe verskillende tipes skoolboeke, kategismusse, gesangeboeke, Bybelboeke en 'n redelike groot aantal godsdienstige traktate, het die Amerikaanse sendelinge ook drie vervolgpublikasies gepubliseer. Gedurende 1850 het die maandblad Inkanyezi yokusa, waarna vroeër verwys is, verskyn. In 1862 het Ikwezi⁸⁸⁾ as 'n maandblad van vier bladsye in Zulu verskyn. Sedert 1877 is die tweemaandelikse blad Ubaqa gepubliseer.⁸⁹⁾

88) 'n Blad met dieselfde titel het van 1844 tot 1845 by Lovedale in Xhosa verskyn. Kyk hoofstuk ses, par. 6.5.

89) N.A.III/1/2.

11 DRUKWERK DEUR SENDELINGE VAN DIE ANGLIKAANSE KERK

Soos dit elders in Suid-Afrika die geval was, het die Anglikaanse Kerk Natal op 'n laat tydstip as sendingveld betree. Die bisdom van Natal is in 1853 gestig toe verskeie sendinggenootskappe reeds gevestigde sendingaksies daar gehad het. Die Anglikaanse sendelinge was ook geen taalpioniers nie. Hulle drukperse het hulle opgerig op 'n stadium toe die Amerikaanse sendelinge hulle sendingpers reeds as oorbodig begin beskou het. Aangesien die twee belangrikste Anglikaanse perse, dié van biskop Colenso en biskop Callaway, minstens gedeeltelik in stand gehou is met fondse wat deur die Natalse regering beskikbaar gestel is met die doel om industriële opleiding aan jong Zulus te gee, was hierdie perse nie sendingperse in die ware sin van die woord nie.¹⁾ Aan die einde van hierdie studie vorm hulle egter die oorgang van die sendingpers na die kommersiële pers.

11.1 Biskop J.W. Colenso se pers

In die kerk- en sendinggeskiedenis is John William Colenso bekend vanweë sy kritiese beskouinge oor die Pentateug en die Boek Josua. Destyds is sy beskouinge verwerp as kettery. Op die gebied van taalstudie en drukwerk sal hy onthou word vanweë sy ongeregverdigde kritiek op die werk van die Zulutaalpioniers. Binne ses jaar nadat hy in Natal aangeland het, het hy beweer dat die ander genootskappe, wat voor die Anglikane in Natal werkzaam was, baie min gedoen het in verband met taalstudies en die samestelling van boeke vir die Zulus. In hierdie opsig sou die sending van

1) Cox. The life of John William Colenso, 1:192-3; Benham. Henry Callaway, p.164.

die Anglikaanse Kerk die ander genootskappe dan ver voor gewees het.²⁾ Toe hy hierdie bewerings gemaak het, het hy dit skynbaar uit die oog verloor dat die Amerikaanse sendelinge toe reeds vyf-en-twintig jaar lank pionierswerk in Zulu en vir die Zulus gedoen het. Enkele maande voor hy hierdie bewerings gemaak het, het die Amerikaners die standaardgrammatika van Grout gepubliseer.³⁾ Deur die bemoeiinge van die pioniersendelinge in Natal is hy in staat gestel om gedurende sy seereis na Natal 'n elementêre Zulugrammatika drie keer deur te werk.⁴⁾ Aan boord van die skip was hy ook gelukkig om met sy taalstudie gehelp te word deur 'n kolonis uit die Oostelike Kaapkolonie wat Xhosa geken het.⁵⁾ Tydens sy eerste besoek van tien weke aan Natal was die Amerikaanse sending se Zuluvertaling van Mattheüs vir hom goed genoeg om hom te help met sy taalstudie. In plaas van waardering vir sulke pionierswerk het hy opgemerk dat die sendelinge voor hom „... had done very little indeed towards laying down the language for other teachers ...”⁶⁾ Prof. C.M. Doke, wat 'n hoë waardering vir Colenso se taalkundige werk gehad het, moes in hierdie verband opmerk: „... the only regret one has about his language work is that he does not seem to have been able to appreciate the great work done by others ...”⁷⁾ In verband met Colenso se Bybelvertaling het Doke opgemerk: „... it was a pity that Colenso, accomplished

2) Ibid., 1:119.

3) Kyk hoofstuk twee, par.2.2.3.3; hoofstuk tien, par.10.5.

4) Burnett. The missionary work of the first Anglican bishop of Natal, p.35. Dit was 'n vertaling van Schreuder se Zulugrammatika.

5) Burnett, op.cit., p.35.

6) Loc.cit.

7) Doke. Contributions to the history of Bantu linguistics, p.46.

Zulu scholar, found it difficult to acknowledge another's ability in Zulu".⁸⁾

In April 1853 het Colenso 'n aanbod aanvaar om biskop van die nuwe bisdom in Natal te word. Teen die einde van daardie jaar het hy na Natal vertrek om eerstehandse kennis op te doen van die toestande daar. Tydens 'n reis na Noord-Natal saam met Theophilus Shepstone het hy soveel van die Zulutaal geleer as wat moontlik was. Na tien weke het hy teruggekeer na Engeland om vroeg in 1855 met sy gesin en verskeie helpers permanent na Natal te vertrek.⁹⁾

Slegs drie maande na sy aankoms in Natal het Colenso drie boeke in Zulu geadverteer: A Kafir-English dictionary of the Zulu-Kafir language, as spoken by the tribes of the Colony of Natal, An elementary grammar of the Zulu-Kafir language en die Evangelie van Mattheüs in Zulu. In die verlede is hierdie drie werke sonder meer tot die krediet van Colenso geplaas.¹⁰⁾ As dit waar moet wees dat hy die samesteller en vertaler van hierdie drie werke was, dan het hy oor bomenslike vermoëns beskik. Dit is wel so dat hy die drie werke kort na sy aankoms in Natal in plaaslike koerante geadverteer het, maar die bestaan van die werke kan nie tot sy krediet geplaas word nie. Aldrie die werke is in Engeland gepubliseer gedurende die paar maande wat tussen sy eerste en tweede besoek aan Natal geval het. Ten tye van hulle publikasie het Colenso slegs 'n aantal weke aan die bestudering van Zulu kon bestee - tydens die bootreis na, en sy eerste verblyf in Natal. Volgens die titelbladsy van die woordeboek waar=

8) Ibid., p.116.

9) S.A.B.W., p.184.

10) Burnett, op.cit., p.35; Hinchliff. John William Colenso, p.68.

na hierbo verwys is, is James Perrin die samesteller daarvan.¹¹⁾ Die elementêre grammatika dra wel die naam van Colenso op die titelbladsy, maar "... it was compiled ... from the ... translation of Mr. Schreuder's Grammar ..."¹²⁾ Die titelbladsy van Mattheüs stel duidelik dit is "Reprinted with some alterations, from the Translation published by the American Missionaries".¹³⁾

Met al die grammatiese en leksikografiese hulpmiddele tot sy beskikking het Colenso die Zulutaal gou bemeester. Reeds in 1856 het hy die behoefte gevoel aan die oprigting van 'n drukpers by sy sendingstasie Ekukanyeni. Daar is gunstig gereageer op sy versoek in hierdie verband, want in Januarie 1857 is die pers in werking gestel. Die drukkerij moes onder andere daartoe dien om Zuluvakleerlinge in die tipografie op te lei "... to satisfy the need for different occupations for boys of higher standing".¹⁴⁾ Hierin het Colenso die daadwerklike steun van sy vriend Shepstone geniet, deur wie se bemiddeling die Natalse owerheid geld beskikbaar gestel het vir sy drukkerij.¹⁵⁾ Aanvanklik was ene mnr. Purcell in bevel van die drukkerij en die opleiding van die vakleerlinge,¹⁶⁾ maar in 1858 is hy vervang deur Walter Baugh. Op 1 April 1858 het Colenso aan G.S. Allnutt geskryf dat hy die eerste produkte van die vakleerlinge se drukpogings aan hom stuur. Die blanke drukker, Walter Baugh, het geen hulp aan die vakleerlinge ver-

11) Bleek. The library of ... Sir George Grey, p.96.

12) Ibid., p.94-5.

13) Ibid., p.103. Kursivering.

14) Hooker. The place of bishop J.W. Colenso, 1:59.

15) Cox, op.cit., 1:192-3.

16) Hooker, op.cit., 1:59.

leen nie, maar slegs leiding gegee.¹⁷⁾ Onder die vakleerlinge was Umkunge, 'n seun van koning Umpande, wat in Colenso se sorg gelaat is om onderrig te ontvang. Hy was 'n intelligente leerling en kon weldra goeie Engels skryf. Behalwe 'n breë algemene kennis het hy ook kennis van die drukkuns opgedoen.¹⁸⁾

Sommige van die vakleerlinge was mettertyd so bedrewe in die boekdruk kuns dat Colenso die drukkery in hulle sorg kon laat. Tydens sy drie jaar = lange besoek aan Engeland in verband met die kerkstryd het hy 'n jong Zulu, Magera, in beheer van die drukkery gelaat. Hierdie man was so bedrewe in die drukkuns dat hy die pers aan die gang gehou het asof Colenso self daar was. In Junie 1863 het hy aan Colenso geskryf en gevra watter drukwerk hy moes doen nadat hy die druk van die Nuwe Testament voltooi het. Op daardie stadium het hy verwag om dit teen April of Mei 1864 te voltooi.¹⁹⁾

In vertaalwerk het Colenso gebruik gemaak van die hulp van sy gevorderdste Zulukategete wat geen of min Engels geken het. Hy het die betekenis van elke Bybelvers so goed as hy kon in Zulu aan die kategete oorgedra, en dan moes hulle dit in hulle eie woorde herhaal.²⁰⁾ Volgens sy oudste seun was Colenso se metode van vertaling dié van "... passing every word of his translations through the mouths of his Zulu fellow-labourers".²¹⁾

17) Cox, op.cit., 1:98.

18) Gregg. The story of bishop Colenso, p.65.

19) Ibid., p.97-8.

20) Ibid., p.74.

21) Hooker, op.cit., 1:64-5.

Burnett het dit soos volg gestel: „All the Bishop's biblical translations were sieved, so to speak, through the Native mind of his able Catechist”.²²⁾ Dit blyk dus nie of daar by Colenso enige sprake van wetenskaplike Bybel=vertaling uit die grondtale was nie.

Tydens die eerste sewe jaar van sy verblyf in Natal²³⁾ het Colenso ver=basend veel bereik op die gebied van lektuurvoorsiening aan die Zulus. In die tyd het hy Genesis, Exodus, I en II Samuel en die hele Nuwe Testament in Zulu vertaal.²⁴⁾ Genesis en Exodus is onderskeidelik in 1863 en 1864 tydens Colenso se besoek aan Engeland op sy pers te Ekukanyeni²⁵⁾ ge=druk. In 1877 het 'n verdere uitgawe van Genesis „... with words of ex=planation” op sy pers verskyn.²⁶⁾ Die twee Boeke van Samuel is in 1871 na Colenso se terugkeer uit Engeland op sy pers gedruk. Oor die publika=sie van sy vertaling van die Nuwe Testament heers daar onsekerheid. Hier=bo is aangedui dat sy Zuludrukker, Magema, in 1863 besig was om die Nu=we Testament te druk, en dat dit die verwagting was dat die druk daarvan in 1864 voltooi sou wees. 'n Nuwe Testament wat ongeveer daardie tyd ge=publiseer is, kon nie opgespoor word nie. Die gepubliseerde katalogi van die Bantoetaalversamelings in die Suid-Afrikaanse Biblioteek en die Johan=nesburgse Openbare Biblioteek bevat geen inskrywings daarvoor nie. In Doke se kronologiese lys van Nuwe Testamente in Bantoetale word slegs

22) Burnett, op.cit., p.36.

23) Hy het in 1855 in Natal aangekom en is in 1862 vir 'n paar jaar terug na Engeland in verband met die kerkstryd.

24) Cox, op.cit., 1:81; Hinchliff, op.cit., p.68; Burnett, op.cit., p.36.

25) Ses myl ten ooste van Pietermaritzburg.

26) Rossouw. Catalogue of African languages, p.40.

verwys na die Amerikaners se uitgawe van 1865. Die enigste uitgawe van Colenso se vertaling van die Nuwe Testament, waarvan Doke bewus was, is die uitgawe van 1897.²⁷⁾ In 1865 het die vier Evangelies en Handelingse wel op Colenso se pers verskyn, terwyl hy die Sendbriewe van Paulus reeds in 1861 gepubliseer het.²⁸⁾ Dit kan wees dat Colenso nie die vertaling van die Nuwe Testament voor sy vertrek na Engeland in 1862 voltooi het nie, maar dan het die skrywers Cox, Hinchliff en Burnett fout toe hulle beweer het dat hy die hele Nuwe Testament gedurende die eerste sewe jaar van sy verblyf in Natal vertaal het.²⁹⁾

Colenso se beste prestasie was op die gebied van die Zulugrammatika en -leksikografie. In 1859 het sy First steps in Zulu op sy pers verskyn, terwyl sy Zulu-English dictionary in 1861 deur 'n kommersiële drukkerij in Pietermaritzburg gepubliseer is. Die publikasie van hierdie woordeboek is deur die Natalse regering gesubsidieer met 'n bedrag van tweehonderd rand.³⁰⁾ Hy was ook verantwoordelik vir die publikasie van verskeie skool- en liturgiese boeke in Zulu. Sonder dat ander sendelinge dit doelbewus nagelaat het, het Colenso meer as enige ander sendeling voor 1875 hom daarop toegelê om lektuur in Engels aan die Bantoe te voorsien. In hierdie opsig het hy Engelse handboeke vir Aardrykskunde, Aardkunde, Geskiedenis en Sterrekunde opgestel en gedruk.³¹⁾

Benewens lektuurvoorsiening aan die Zulus het Colenso sy pers ook gebruik

27) Doke, op.cit., p.108 en 115.

28) Rossouw, op.cit., p.42.

29) Kyk voetnoot 24 hierbo.

30) Burnett, op.cit., p.36.

31) Cox, op.cit., 1:81; Burnett, op.cit., p.37.

vir sy privaat doeleindes. Juis hierom is hy deur F.D. Maurice, 'n amp=tenaar van die Church of England en 'n vroeëre vriend van hom, oor sy vingers getik omdat hy die eerste deel van sy werk Pentateuch and the Book of Joshua critically examined³²⁾ by Ekukanyeni gedruk het. Colenso se verweer hierteen is insiggewend en word hier weergegee:

Die druk van sy boeke kos die sendingfonds nie 'n pennie nie, behalwe as dit veronderstel word dat die ysterpers slyt van die gebruik. As dit nie gebruik is nie, sou roes dit meer beskadig het.

Die helfte van die drukwerk is op Colenso se eie onkoste deur 'n drukker in die dorp (Pietermaritzburg) gedoen. Die res is gedruk met fondse wat deur die Natalse regering beskikbaar gestel is vir die industriële opleiding van jong Zulus.

Hy het sy bediende geleer om goeie drukwerk vanaf Zulumanuskrip te doen, maar hy het geen sodanige manuskrip voorhande gehad nie. Om die Goewerneur se wense uit te voer, naamlik om nuttige mense vir die Kolonie op te lei, was dit nodig dat die bediende moes leer om van Engelse manuskrip af te druk.

Dit het hy hom geleer deur sy eie manuskrip aan hom te gee.

Die bediende wat baie min Engels geken het, was nie in staat om die die strekking van die argument in sy boek te verstaan en te volg nie.

Die klein oplaag wat gedruk is, was nie bedoel om verkoop te word nie, maar om aan die hoofde van die Kerk voor te lê.³³⁾

32) Die werk het uiteindelik sewe dele beslaan en is van 1862 tot 1879 in Londen gepubliseer.

33) Cox, 1:192-3.

Net soos op die gebied van die teologie was Colenso in sendingkringe 'n omstrede figuur. Hy het sy eie siening gehad oor die benaming uTixo vir die Godheid in Zulu en het hom eenvoudig nie gesteur aan die argumente teen sy benaming Umkulunkulu nie.

Hoewel hy binne maklike bereik van verskeie kommersiële perse was, het hy sy eie pers ses myl van Pietermaritzburg af opgerig. Afgesien van wat ander gesê en gedoen het, het hy sy planne in verband met lektuurvoorsiening vir die Zulus ten alle koste uitgevoer. Alle sendelinge het geglo dat goeie lektuur van die grootste belang was om die beskawing en die Christelike godsdiens op die Zulus oor te dra, maar Colenso het geglo dat net hy dit behoorlik kan doen. Hierdie lewenshouding van hom was waarskynlik die rede vir die sukses wat hy met lektuurvoorsiening aan die Zulus behaal het.

11.2 Die drukpers van dr. Henry Callaway

Sonder dat hy enige teologiese opleiding gehad het, is die geneesheer Henry Callaway in 1854 as deacon georden. Gedurende die drie jaar wat hy saam met Colenso by Pietermaritzburg werksaam was, het hy dieselfde minagting as Colenso vir die werk van die pionierssendelinge in Natal aan die dag gelê. Hy het beweer dat die eerste geslag van sendelinge in Natal baie min gedoen het om die Zulus te evangeliseer, en wel omrede hulle onvoldoende kennis van Zulu gehad het.³⁴⁾ Daarom het hy hom voorge= neem om die Zulutaal behoorlik magtig te raak.

34) Lewis & Edwards. Historical records, p.357; Benham. Henry Callaway, p.50.

In 1858 het Callaway die sendingstasie Springvale naby die huidige Richmond in Natal gestig. In sy taalstudie het hy besondere hulp van die intelligente Zulu Umpengula, ontvang.³⁵⁾ Met sy vertalings het hy dieselfde metode as Colenso gevolg. Hy het aan 'n intelligente Zulu verduidelik wat hy vertaal wil hê en dan die Zulu se weergawe daarvan uit sy mond opgeteken. Sover dit Bybelvertaling aangaan, was hier geen sprake van wetenskaplike vertaling nie. Daarom verbaas dit 'n mens nie dat die Amerikaanse sendelinge gevind het dat die Anglikane vir hulle self vryhede in Bybelvertaling toege-eien het nie.³⁶⁾ Sy metode van vertaling het dit vir hom moontlik gemaak dat hy in 1858, toe hy slegs drie jaar in Natal was, kon berig dat hy besig is om Genesis te hersien, en dat dit binnekort in druk sou verskyn. Hy het toegegee dat sy vertaling nie in alle opsigte volmaak was nie, maar dat dit vir die Zulus verstaanbaar sou wees. Hy moes ook nog die vertaling van Exodus, die Boek van die Psalms en die vier Evangelies voltooi.³⁷⁾ Hierdie vertaalwerk is presies dieselfde as die waarmee Colenso hom ongeveer dieselfde tyd besig gehou het. In hierdie selfde tyd het Callaway hom ook nog besig gehou met die optekening van gewoontes, gebruike en gelowe uit die mond van die Zulus. Soos wat dit aan hom vertel is, het hy dit opgeteken en weer teruggelees aan die verteller om korrektheid te verseker.³⁸⁾

In Junie 1865 het Callaway 'n drukpers as 'n geskenk van vriende in Engeland ontvang. Saam met die pers het hy ook die dienste van die drukker

35) Benham, op.cit., p.77-8.

36) N.A.III/1/1; Vgl. ook hoofstuk tien, par.10.5.

37) Lewis & Edwards, op.cit., p.360.

38) Benham, op.cit., p.76.

John A. Blair bekom. Die pers is by Springvale opgerig en sou 'n deel uitmaak van die industriële opleiding van die Zulus. Hiervoor het die Natalse regering jaarliks 'n bedrag van vierhonderd rand beskikbaar gestel. In die lyfblad van die Society for the Propagation of the Gospel is selfs beweer dat „(the press) is worked under the sanction and support of the Colonial Government of Natal”.³⁹⁾ Hierdie pers val dus binne dieselfde kategorie as dié van Colenso en die een te Lovedale.

Callaway het die tweeledige doel van sy pers soos volg gestel: Eerstens om aan alle persone wat Zulu bestudeer het 'n massa leesstof in suiwer idiomatiese Zulu te verskaf. Ongeveer dertig of veertig Zulus het reeds vertellings gedikteer wat deur Callaway opgeteken is om gedruk te word. Tweedens sou die pers vertalings van die Bybel en ander nuttige gods= dienstige boeke in Zulu publiseer.⁴⁰⁾

Reeds in die jaar van sy oprigting het hierdie pers die eerste klein druk= werkies gelewer. Dit sluit in 'n bundel van agt geestelike liederes en Dr. Watt's First Catechism, waarby ingevoeg is die Twaalf Artikels, die Onse Vader en die Tien Gebooe.⁴¹⁾ Die gedeeltes van die Prayer Book van die Anglikaanse Kerk bevattende die „Collects”, „Epistles” en „Gospels”⁴²⁾ was ook reeds op die pers. Die volgende werke was gereed om op die pers te gaan: Die vier Evangelies en Handeling, en 'n woordeboek van

39) Benham, op.cit., p.164; The Mission Field, 11:66-7, 1866.

40) The Mission Field, loc.cit.

41) Daar is nie inskrywings vir hierdie twee werkies in Rossouw, op.cit. nie.

42) Respektiewelik kort gebede, uittreksels uit die Sendbriewe en uittreksels uit die Evangelies vir elke Sondag en feesdag van die Anglikaanse Kerk.

al die eiename in die Nuwe Testament. Geen bewys dat hierdie twee werke ooit verskyn het, 'kon gevind word nie. Die woordeboek van Nuwe Testamen= tiese eiename was 'n interessante onderneming en dit sou sekerlik 'n nuttige doel gedien het. Al het dit nooit in druk verskyn nie, kan daar min twyfel bestaan dat dit wel saamgestel is. Callaway het in hierdie verband berig dat „The translation have been made directly from the Greek, with the co-operation of the Rev. W.O. Newham".⁴³⁾

In 1869 het Callaway 'n bedrag van sestig honderd rand van die Society for Promoting Christian Knowledge ontvang om die Bybel en die Anglikaanse Kerk se gebedeboek in Zulu te druk. Teen hierdie tyd was hy reeds onge= veer veertien jaar lank in Natal werksaam, maar dit skyn asof daar van sy goeie voorneme, om 'n deeglike studie van Zulu te maak, (waarna hierbo verwys is) min tereggekom het. Hy was nog steeds nie in staat om die By= bel self te vertaal nie. 'n Komitee van drie Zulus het vir hom die vertaal= werk gedoen nadat hy die betrokke teks aan hulle verduidelik het. Hulle ver= taling is dan uit hulle monde opgeteken. Na die resultaat van hierdie metode van vertaling het hy grootpraterig verwys as die beste wat nog ooit gedruk is.⁴⁴⁾ Kort hierna moes hy egter tydens die Anglikaanse Sinodesitting in Junie 1871 erken dat hy nie die Nuwe Testament, wat gereed was om op die pers te gaan, gedruk het nie, omdat hy verneem het dat die Amerikaan= se Sendelinge se vertaling daarvan op die pers was.⁴⁵⁾ Indien hierdie ver= taling goedgekeur word, sou dit in die Anglikaanse Kerke gebruik kon word.⁴⁶⁾

43) The Mission Field, 11:66-7, 1866.

44) Ibid., 16:301, 1871.

45) Hier word verwys na die Amerikaners se 1872-druk van die Nuwe Tes= tament. Vgl. hoofstuk tien, par.10.5.

46) The Mission Field, 16:301, 1871.

Van Callaway se druk van die Bybel het slegs die volgende tereggekom: Die Pentateug en Josua (1871-1875), Die Psalms (1872) en die Profete (1872). Dit skyn ook asof hy die bedrag geld wat hy hiervoor ontvang het, vir ander doeleindes begin aanwend het. Aan 'n vriend in Engeland het hy geskryf: „The S.P.C.K. has put me in a fix - they sent me some type &c., and object to my using a portion of their grant to erect a building to put it in. And I have already built a cottage for printers, and an office, now nearly complete.”⁴⁷⁾

Behalwe die bogenoemde aantal Bybelboeke het Callaway ook nog enkele skoolboeke, die gebedeboek en twee kort sangbundels gedruk.⁴⁸⁾ Hoewel Pascoe uitdruklik vermeld dat Callaway geen kategismus gedruk het nie, het hy tog die kategismus van Dr. Watt, waarna hierbo verwys is, gedruk. Daarenteen skryf Hinchliff weer meer aan Callaway toe as wat hom toe=kom. Hy fouteer beslis as hy beweer: „Hy (Callaway) is grotendeels ver=antwoordelik vir die eerste volledige vertaling van die Bybel in die Zulu=taal, wat in 1883 verskyn”.⁴⁹⁾ Geen enkele vertaling van Callaway is in die betrokke Bybel opgeneem nie.⁵⁰⁾

Die werk waardeur Callaway sy grootste bekendheid verwerf het, is sy Nursery tales, traditions, and histories of the Zulus, in their own words, with a translation into English and notes. Reeds in 1855, kort na sy aan=koms in Natal, wou hy vasstel wat die godsdienstige gelowe van die Zulu is, maar hy is hierin verhinder deur sy gebrekkige kennis van die Zulu=

47) Benham, op.cit., p.214.

48) Pascoe. Two hundred years of the S.P.G., p.803.

49) S.A.B.W., p.157.

50) N.A.III/1/1; Vgl. ook hoofstuk tien, par.10.5.

taal. Drie jaar later het hy berig dat hy „dictation lessons" van verskil=
 lende Zulus oor sulke onderwerpe soos hulle gebruike, tradisies en ge=
 loof gekry het. Hierdie lesse was nie net bedoel om die taal te leer nie,
 maar die resultaat daarvan was ook waardevolle inligting oor die betrok=
 ke onderwerpe. Teen 1861 het hy reeds etlike honderde bladsye Zulumanu=
 skripte van hulle stories, gebruike, mitologie ensovoorts gehad. Hierdie
 inligting, in dieselfde woorde as wat die Zulus dit om hulle hutvure gehoor
 het, het hy vanaf die lippe van die Zulus self opgeteken. Van hierdie na=
 vorsing van Callaway het hyself onder andere gesê: „It is very important
 whilst tracing out their traditions to be careful not to mingle with them
 suggestions of our own, or thoughts which they have already had sugges=
 ted to them by others" (blankes).⁵¹⁾ Die eerste deel van hierdie werk is
 in 1868 op Callaway se pers gedruk en dit het 375 bladsye beslaan.⁵²⁾
 Hierdie werk het uiteindelik ses boekdele gevul.

In aansluiting by die Zuluvolksverhale het Callaway ook 'n werk in Engels
 oor die godsdiensstelsels van die Zulu geskryf: The religious system of
 the Amazulu.

Van 1869 af het Callaway ernstige finansiële probleme in verband met sy
 pers ondervind. Op daardie stadium is berig: „(The press) is almost whol=
 ly supported by Government". Natal was feitlik bankrot, en Callaway se
 vrees dat die staatstoelaag vir die drukpers teruggetrek sou word, het
 weldra werklikheid geword.⁵³⁾

51) Benham, op.cit., p.224-5 en 228-9.

52) Ibid., p.229; The Mission Field, 12:368-9, 1867.

53) Benham, op.cit., p.210-1.

In 1873 het Callaway die biskop van Kaffrarië geword. Omdat hy nog nie seker was waar hy hom in die nuwe bisdom sou vestig nie, het hy sy drukpers intussen na Highflats, op die grens tussen Natal en Griekwaland-Oos, verskuif. Callaway self het berig dat sy drukker, Blair, die Evangelies in Zulu by Highflats gedruk het,⁵⁴⁾ maar 'n inskrywing vir so 'n werk kon in geen bibliografie of katalogus opgespoor word nie.

Nadat hy vier jaar lank in die nuwe bisdom diens gedoen het, is die pers van Highflats af na Umtata verskuif om voortaan as die St. Johns Mission Press bekend te staan.⁵⁵⁾ Onder die „... works loudly crying for publication ...” noem Callaway onder andere „... a revised Zulu and Kxosa(!) Prayer Book, and a revised translation of the Kxosa Bible ...”⁵⁶⁾ Hier= die voorneme van Callaway, wat nog nie eens vertrouwd was met die Xhosa-ortografie nie,⁵⁷⁾ laat 'n mens dink dat hy werklik nie geweet het wat om met sy pers te doen nie. Van sy voorneme in verband met die Xhosabybel het in elk geval niks tereggekom nie. In 1878 is sy drukkerij deur 'n or=kaan verwoes.⁵⁸⁾

11.3 Ander perse van Anglikaanse sendelinge

Teen die einde van die tydperk onder behandeling en net daarna is nog drie perse deur Anglikaanse sendelinge in Kaffrarië en Natal opgerig. Die eer=

54) Lewis & Edwards, op.cit., p.363 en 537.

55) Benham, op.cit., p.276.

56) Ibid., p.308.

57) Let op sy spelling van die woord „Xhosa” wat volgens die destydse ortografie „Xosa” moes wees. In die betrokke woord kom geen k-klank voor nie.

58) Lewis & Edwards, op.cit., p.537; Benham, op.cit., p.319.

ste hiervan was 'n klein persie wat in 1861 deur eerwaarde W. Greenstock opgerig is as 'n onderafdeling van die industriële opleiding by die Instituut te Keiskamahoe.⁵⁹⁾ Die fisiese omvang van die enkele werkies wat op hierdie pers gedruk is, is uiters gering. Dit sluit 'n aantal godsdienstige traktaatjies, 'n Xhosa-almanak, 'n Xhosabrieweboek en 'n aanvangsleesboekie in. Na 1865 het hierdie pers skynbaar geen drukwerk meer gelewer nie.⁶⁰⁾

Nog 'n klein persie het teen 1873 drukkerk by die St. Peter's Mission te Gwatyu begin lewer. Die enkele produkte van hierdie pers sluit elementêre skoolboekies, stories en fabels in.⁶¹⁾ Dit skyn asof die laaste drukwerk op hierdie pers in 1877 gedoen is.

In 1885 is 'n hersiene druk van Callaway se Zulugebedeboek by Isandhlwana in Zululand gedruk. Hierdie pers, wat onder die beheer van 'n mnr. Parkin was, het die Zulus ook van boekies in maklike Engels voorsien.⁶²⁾

Uit die geledere van die sendingdrukkerse het drie kommersiële drukkerse ontwikkel wat in die latere jare 'n baie groot rol sou speel in die voorsiening van lektuur aan die Bantoes en Kleurlinge. Hulle is die drukkerse te Lovedale, Morija (Lesotho) en Genadendal. Toe kommersiële drukkerse orals in Suid-Afrika al goed gevestig was, het die Anglikaanse Kerk die sendingterrein betree. Dit was skynbaar die beleid van hierdie Kerk se sendelinge dat feitlik elke sendingstasietjie 'n drukpers moes hê. In die tyd=

59) The Mission Field, 6:276, 1861.

60) S.P.G. Work in the colonies, p.138.

61) The Mission Field, 1877:252.

62) Pascoe, op.cit., p.803; The Net, 1890:18.

perk na 1875 het nog verskeie sendingpersies van verskillende sending=genootskappe op die toneel verskyn. Dit is egter werklik te betwyfel of hulle op so 'n laat stadium enige nuttige doel kon dien. Kommersiële drukkerie, wat veel beter toegerus was, kon dieselfde doel beter en goed= koper dien.

BIBLIOGRAFIE

- Annual report of the American Board of Commissioners for Foreign Missions. Boston, 1810-. Die eerste elf verslae is in 1834 in een band uitgegee.
- Anon. Rooibank - Walvisbaai; tussen duine en water. Immanuel, 5(6):8-14, 1966.
- Anshelm, C. Bischof Hans Peter Hallbeck, der erste schwedische Missionar in Afrika. Lund, (?), 1927. 2 dle.
- Appleyard, J.W. An apology for the Kafir Bible; being a reply to the pamphlet entitled „Rev. J.W. Appleyard's version judged by missionaries of various denominations and others". Mount Coke, Wesleyan mission press, 1867. 195 p.
- B.F.B.S. Annual report(s) of the British and Foreign Bible Society. Londen, 1804-.
- Backhouse, J. A narrative of a visit to the Mauritius and South Africa. Londen, Hamilton, 1844. xvi, 648, lvi p.
- Barrow, J. Travels into the interior of Southern Africa. Londen, Cadell & Davies, 1806. 2 dle.
- Baviaanskloof Diarium. Manuskripdagboek in 15 dle., 1792-1880. Genadendalse argief.
- Benham, M.S. Henry Callaway ... first bishop for Kaffraria; his life story and work. A memoir by Marian S. Benham, ed. by Canon Benham. Londen, Macmillan, 1896. 368 p.
- Berliner Missionsberichte. Berlyn, 1823-.
- Beschlusse der allgemeinen Missions-Conferenz, Süd-Afrika (Westliche Provinz). Gnadenthal, gedruckt in der Gehülfschule, 1883. 12 p.
- Bester, F.A. Die etiologiese agtergrond van die gedragsafwykende Kleurlingkind en die implikasies daarvan vir sy heropvoeding. Potchefstroom, Universiteit vir C.H.O., 1961. 3 dle. (D.Ed.-proefskrif.)
- Bleek, W.H.I. The library of Sir George Grey; philology, vol.1, part 1, South Africa. Londen, Trübner, 1858. 186 p.
- Omsendbrief aan B. Ross. C.L. MS.8829.
- Boekspieël van Suid-Afrika; katalogus van 'n uitstalling van boeke, atlas=

se en kaarte in die Suid-Afrikaanse Biblioteek, Kaapstad 1 Maart tot 5 April 1952. Kaapstad, Komitee vir boekuitstalling Van Riebeeckfees, 1952. 187 p.

Bokwe, J.K. Struggles of the Native press fifty years ago. The Christian Express, 1920:171-2, 1 Nov. 1920.

Boyce, W.B. A grammar of the Kafir language. Grahamstad, Wesleyaanse sendingspers, 1834. viii, 54 p.

Broadbent, S. A narrative of the first introduction of Christianity amongst the Barolong tribe of Bechuanas, South Africa. Londen, Wesleyan Mission House, 1865. 204 p.

Bruwer, J.P. v.S. South West Africa, the disputed land. Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1966. 147 p.

Burchell, W.J. Travels in the interior of Southern Africa. Londen, Longman, 1822 en 1824. 2 dle.

Burnett, B.B. The missionary work of the first Anglican bishop of Natal, the Rt. Reverend John William Colenso D.D. between the years 1852-1873. Grahamstad, Rhodes-Universiteit, 1947. 88 p. (M.A.-verhandeling.)

C.L. Cory Library for historical research. Collection of books, periodicals, letters and miscellaneous documents on loan from the Mission Council of the Church of Scotland in South Africa. Grahamstad, Rhodes-Universiteit, 1963. 118 p.

Calderwood, H. Caffres and Caffre missions. Londen, Nisbet, 1858. 234 p.

Campbell, J. Travels in South Africa ... 2nd ed. Londen, Black, Parry & co., 1815. 400 p.

Canton, W. A history of the British and Foreign Bible Society. Londen, Murray, 1904-1910. 5 dle.

The Cape Cyclopaedia. Kaapstad, Gazette Office, 1835-7. 2 dle.

Casalis, E. The Basutos; or, twenty-three years in South Africa. Londen, Nisbet, 1861. 361 p.

——— My life in Basutoland; a story of missionary enterprise in South Africa. Tr. from the French by J. Brierley. (Londen), Religious Tract Society, 1889. 293 p.

Champion, G. The journal of an American missionary in the Cape Colony, 1835. Kaapstad, Suid-Afrikaanse Biblioteek, 1968. 54 p.

- Champion, G. Journal of the rev. ... 22.12.1835-4.3.1838. Kaapstad, Struik, 1967. 149 p.
- Christofersen, A.F. Adventuring with God; the story of the American Board Mission in South Africa. Durban, Robinson, 1967. 183 p.
- Clinton, D.K. The L.M.S. in South Africa 1798-1936. (B.Litt.-skripsie, Oxford-Universiteit.) Gepubliseer onder die titel The South African melting pot. Londen, Longman's, 1937. 158 p.
- Conference on missions held in 1860 at Liverpool. Londen, Nisbet, 1860. 431 p.
- Cook, H.R. Missionary life and work. Chicago, Moody press, 1959. 382 p.
- Correspondence between the committee of the South African Auxiliary Bible Society and various missionaries and others relative to the translation, printing and circulation of the Scriptures in the Native languages of South Africa ... Kaapstad, Pike, 1857. 119 p.
- Cox, Sir G.W. The life of John William Colenso, bishop of Natal. Londen, Ridgway, 1888. 2 dle.
- Crisp, W. Some account of the diocese of Bloemfontein, in the Province of South Africa, from 1863-1894. Oxford, Parker, 1895. 132 p.
- Dapper, O. e.a. The early Cape Hottentots. Kaapstad, Van Riebeeckver-eniging, 1933. 309 p.
- De Jong, C. Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen. Haarlem, 1802. 3 dle.
- Doke, C.M. Bantu language pioneers of the nineteenth century. Bantu Studies, 14:207-36, 1940.
- The phonetics of the Zulu language. Johannesburg, University of the Witwatersrand press, (1926?). 309 p.
- & Cole, D.T. Contributions to the history of Bantu linguistics. Johannesburg, University of the Witwatersrand press, 1961. 129 p.
- Dugmore, D.P. Beginnings of Methodist missionary policy in Transvaal. Pretoria, Universiteit van, 1939. (M.A.-verhandeling.)
- Du Plessis, J. A history of Christian missions in South Africa. Londen, Longman's, 1911. 494 p.
- Origin and meaning of the name „Hottentot“. Suid-Afrikaanse Joernaal vir Wetenskap, 14:189-93, 1917.

- + Du Toit, H.D.A. Die kerstening van die Bantoe. Pretoria, N.G. Kerk-boekhandel, 1967. 368 p.
- Edwards, J. Reminiscences of the early life and missionary labours of the Rev. John Edwards; ed. by W.C. Holden. Grahamstad, Grocott, 1883. 160 p.
- Ellenberger, V. A century of mission work in Basutoland, 1833-1933. Morija, Sesuto Book Depot, 1938. 382 p.
- Essex, A. e.a. Record of a pioneer family. Kaapstad, Struik, 1966. 158 p.
- Eveleigh, W. red. The story of a century, 1823-1923. Kaapstad, Methodist publishing house, 1923. 67 p.
- G.M.S. Report(s) of the Glasgow Missionary Society, Glasgow, 1821-.
- Godee -Molsbergen, E.C. Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandsche tijd. 'S-Gravenhage, Nijhoff, 1922. 368 p.
- Godfrey, R. John Bennie, the father of Kafir literature. Bantu Studies, 8:123-34, 1934.
- Greenslade, S.L. red. The Cambridge history of the Bible. Cambridge, University press, 1963-. - die. (dl.1).
- Gregg, F. The story of bishop Colenso. Londen, Sunday School Association, 1872. 144 p.
- Groen van Prinsterer, G. Het Parijsche Zendinggenootschap werkzaam in Zuid-Afrika ... 'S-Gravenhage, Roering, 1847. 81 p.
- Grout, L. Autobiography of the Rev. ... Brattleboro, Clapp & Jones, ix, xi, 63, 74 p.
- Halford, S.J. The Griquas of Griqualand. Kaapstad & Johannesburg, Juta, (g.d.). 209 p.
- Hettasch aan die Brethern's Society, gedateer 17.11.1861 te Genadendal. Genadendalse argief.
- Hewson, L.A. Healdtown; a study of a Methodist experiment in African education. Grahamstad, Rhodes-Universiteit, 1959. 360 p. (D.Phil.-proefskrif.)
- An introduction to South African Methodists. Kaapstad, Standard press, (1951?). 114 p.
- Hinchliff, P. John William Colenso, bishop of Natal. (Londen), Nelson,

1964. 199 p.

Hoge, J. Rassenmischung in Süd-Afrika im 17. und 18. Jahrhundert.
Zeitschrift für Rassenkunde, 7:138-51, 1938.

Hooker, M.A. The place of bishop J.W. Colenso in the history of South Africa. Johannesburg, Witwatersrandse Universiteit, 1952. 2 die.

Jacottet, E. The Morija printing office and book depot. Morija, Sesuto book depot, 1912. 29 p.

——— red. Livre d'Or de la Mission du Lessouto ... 1833-1908.
Parys, 1912. 693 p.

Jenkins private papers. Getikte manuskrip in die Merensky-Biblioteek, Universiteit van Pretoria.

Journal des Missions Evangéliques. Parys, 1826-.

Kaapsche Stad Courant en Afrikaansche Berigter, 1.10.1803.

The Kafir Bible. Rev. J.W. Appleyard's version judged by missionaries of various denominations and others. Lovedale, Mission press, 1866. 45 p.

Kotze, D.J. Die eerste Amerikaanse sendelinge onder die Zoeloes (1835-'38). Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1958:1.

——— Letters of the American missionaries 1835-1838. Kaapstad, Van Riebeeckvereniging, 1950. 294 p.

Kruger, B. The pear tree blossoms. Genadendal, Printing works, 1966. 335 p.

+ L.S.G. Argief van die Londense Sendinggenootskap, Londen.

Anderson en Helm aan die Genootskap. Griekwastad, 5.7.1819.

Edmonds aan die Genootskap. Kaapstad, 20.2.1800.

Haweis aan Ledeboer. Londen, 27.1.1800.

Helm aan die Genootskap. Griekwastad, 7.3.1818.

——— 26.1.1821.

Janssens aan Van der Kemp. Kaap die Goeie Hoop, 12.10.1803.

Moffat aan die Genootskap. Latakoo, 12.9.1828.

Moffat en Edwards aan die Genootskap. Kuruman, 22.7.1836.

Read aan die Genootskap. Philipton, 9.1.1843.

Read jr. aan die Genootskap. Katrivier, 30.11.1848.

Sass aan die Genootskap. Griekwastad, 13.10.1825.

Van der Kemp aan die Genootskap. Kaffrarië, geen datum, maar waarskynlik tussen 12.8.1799 en 3.9.1799.

Van der Kemp aan Haweis. Kaffrarië, 14.5.1800.

_____ Dagboek, Julie tot September 1800.

_____ aan die Genootskap. Graaff-Reinet, 4.10.1801.

_____ aan 'n neef. Algoabaai, 6.4.1803.

_____ aan die Genootskap. Bethelsdorp, 29.2.1804.

Laidler, P.W. The Pre-Victorian products of the Cape press, 1796-1837. Johannesburg, S.A.B.V., 1935. 104 p.

Laing, J. Memorials of the missionary career of the Rev. ... Glasgow, Bryce & son, 1875. 364 p.

Leibbrandt, H.C.V. Precs of the Archives of the Cape of Good Hope; letters despatched from the Cape 1652-1662. Kaapstad, Staatsdrukker, 1900. 2 dle.

Lewis, C. & Edwards, G.E. Historical records of the Church of the Province of South Africa. Londen, S.P.C.K., 1934. 821 p.

Lichtenstein, H. Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805, and 1806. Kaapstad, Van Riebeeckvereniging, 1928. 2 dle.

Liebenberg, B.A. Vroeë pogings om die Hottentotte op te voed (1795-1814). Stellenbosch, Universiteit, 1943. (M.Ed.-verhandeling.)

Lloyd, A.C.G. The birth of printing in South Africa. Suid-Afrikaanse Biblioteke, 1:11-8, 1933.

London Missionary Society. Report of the Cape Town Auxiliary to the London Missionary Society. Kaapstad, Pike (later Solomon), 1825-. Titel verander later na: Report of the missions in South Africa, and of auxiliaries, in connection with the London Missionary Society.

M.S. 8865. Brief van J. Laing en W. Chalmers. Burnshill, 5.11.1839. Argief van die Mission Council of the Church of Scotland in South Africa. Cory-Biblioteek, Rhodes-Universiteit.

Manuscript minute book of the Bechuana District Meetings, 1837-1850.

Marais, J.S. The Cape coloured people 1652-1937. Johannesburg, Witwatersrand Univ. press, 1957. 296 p.

Martin, A.D. Dr. Vanderkemp. Westminster, Livingstone press, (g.d.). 195 p.

Maurice, E.L. The history and administration of the education of the coloured peoples of the Cape 1652-1910. Kaapstad, Universiteit, 1946. 2 dle. (B.Ed.-skripsie.)

- Mentzel, O.F. A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope, part II. Kaapstad, Van Riebeeckvereniging, 1924. 159 p.
- Merensky, A. Erinnerungen aus dem Missionsleben in Südost-Afrika (Transvaal) 1859-1882. Bielefeld & Leipzig, Velhagen & Klasing, 1888. 495 p.
- Methodist Church Conference. The Wesleyan Missionary notices, relating principally to the foreign missions ... Londen, Wesleyan Mission-House, 18?
- Minutes of the annual District Meeting of Albany and Kaffraria. Cory-Biblioteek, Rhodes-Universiteit.
- Minutes of the conferences of the Wesleyan Methodist Church of South Africa. Kaapstad, Richard & sons, 1883-1889. 7 dle.
- Minutes of the general meeting of chairmen and representatives of the five South African Districts. Grahamstad, Mission press, 1873, 1876, 1880. 13, 15 en 43 p.
- The Mission Field, a monthly record of the proceedings of the Society for the Propagation of the Gospel, at home and abroad. Londen, Bell & Daldy, 1856-.
- Missionary Herald, at home and abroad. Boston, A.B.C.F.M., 1805-.
- Missionary Notices, relating principally to the foreign missions first established by the Rev. John Wesley. Londen, 1826-.
- Missionary Reports of the Wesleyan-Methodist Missionary Society, 1826-.
- Missionskonferenz, (Notule van die), 1793-1846. Genadendalse argief.
- Moffat, J.S. The lives of Robert & Mary Moffat; 3rd ed. Londen, Unwin, 1885. 484 p.
- Moffat, R. Apprenticeship at Kuruman; being the journals and letters of Robert and Mary Moffat 1820-1828; ed. by I Schapera. Londen, Chatto & Windus, 1951. 308 p.
- Moffat, R. Missionary labours and scenes in Southern Africa. Londen, Snow, 1842. 624 p.
- Molema, S.M. The Bantu past and present. Edinburgh, Green, 1920. 390 p.
- Moritz, W. Vier kerke het alreeds op Rooibank gestaan; Scheppmannsdorfe ou dae. Namib Times, 26.7.1968, p.20, kol.3-5.

N.A. Natsale Argiefbewaarplek. American Board Mission Collection:-

I/1/1 Minutes 1837-1839.

I/1/2 " 1846-1853.

I/1/3 " 1854-1860.

I/1/4 " 1861-1867.

I/1/4a " 1868-1883.

I/1/5 " 1883-1893.

II/1/1 Documents and letters from the Board, 1834-1859.

II/2/1 Official correspondence, 1839-1889.

III/1/1 Letters from A.Z.M. to Boston, 1837-1900.

III/1/2 Letters to the A.B.M., 1874-1893.

V/1/1 General letters, 1848-1900.

VII/1/1 Rev. G. Champions diary, October 1835-May 1836.

Nachrichten aus der Brüdergemeine. Gnadau, 1819-.

Nederlandsch Zendinggenootschap. Levensberigt van I.T. van der Kemp, med. doct. en zendeling in Zuid-Afrika. Groningen, Zuidema, 1831. 52 p.

The Net cast in many waters; sketches from the life of missionaries. London, Bemrose & sons, 1866-.

Nienaber, G.S. Hottentots. Pretoria, Van Schaik, 1963. 539 p.

North, E.M. The book of a thousand tongues ... New York & London, Harper, 1938. 386 p.

Northcott, C. Robert Moffat; pioneer in Africa, 1817-1870. London, Lutterworth press, 1961. 357 p.

Notule van die Z.A. Genootschap, 18 Mei 1799. N.G.-Kerkargief, Kaapstad.

Pascoe, C.F. Two hundred years of the S.P.G.; an historical account of the Society for the Propagation of the Gospel in foreign parts, 1701-1900. London, The Society, 1901. xli, 1429 p.

Pellissier, S.H. Jean Pierre Pellissier van Bethulie. Pretoria, Van Schaik, 1956. 697 p.

Periodical Accounts relating to the missions of the Church of the United Brethren established among the heathen. London, 1792-.

Philip, J. Researches in South Africa. London, Paternoster-Row, 1828. 2 dle.

R.T.S. Annual report(s) of the Religious Tract Society. London, The

Society, 1799-.

Ramsay, Sir William. St. Paul, the traveller and the Roman citizen. Grand Rapids, Baker, 1949. 402 p.

Report of the missions in South Africa and of auxiliaries in connection with the London Missionary Society. Kaapstad, Saul Solomon, 1852-.

Richter, J. Geschichte der Berliner Missionsgesellschaft 1824-1924. Berlin, Missionsgesellschaft, 1924. 740 p.

Rohden, L. von. Geschichte der Rheinischen Missions-Gesellschaft; dritte Ausgabe. Barmen, Wiemann, 1888. 527 p.

Rossouw, D.E. Catalogue of African languages, 1858-1900. Kaapstad, Universiteit, 1947.

S.A.B.W. Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek, dl. 1. (Pretoria), Dept. van Hoër Onderwys, 1968. 934 p.

S.P.G. Society for the propagation of the Gospel in foreign parts. Work in the colonies; some account of the missionary operations of the Church of England. Londen, Griffith & Farran, 1865. 374 p.

Sandilands, A. The ancestor of Tswana grammars. African Studies, 17:192-7, 1958.

Schapera, I.S. The Khoisan peoples of South Africa: Bushmen and Hottentots. Londen, Routledge, 1930. 450 p.

Schmidt, R. Die kweekskool van die Morawiese Sendinggenootskap in Genadendal, 1838-1935. Genadendal, 1935.

Schmoller, H. The press at Morija, Basutoland. Suid-Afrikaanse Biblioteke, 25:5-11, 1957.

Schreuder, J.D. Die opvoedkundige bedrywighede van die Morawiese Broederkerk onder die Kleurlinge in Suid-Afrika. Potchefstroom, Universiteit vir C.H.O., 1951. 277 p. (D.Ed.-proefskrif.)

Schulze, A. 200 Jahre Brüdermission; das zweite Missionsjahrhundert. Herrnhut, Missionsbuchhandlung, 1932. 715 p.

Schulze, L. Aus Namaland und Kalahari ... Jena, Fischer, 1907. 752 p.

Shaw, B. Memorials of Southern Africa. Londen, Mason, 1840. 371 p.

Shaw, W. Never a young man; extracts from the letters and journals of the Rev. William Shaw, comp. by Celia Sadler. Kaapstad, H.A.U.M., 1967. 189 p.

- Shaw, W. The story of my mission in South-Eastern Africa ... Londen, Hamilton, Adams & co., 1860. 577 p.
- Shepherd, R.H.W. Bantu literature and life. (Lovedale), Lovedale press, 1955. 198 p.
- Brownlee J. Ross; his ancestry and some writings. Lovedale, Lovedale press, 1948. 109 p.
- Literature for the South African. Pretoria, Carnegie Corporation Visitors' Grants Committee, 1936. 81 p.
- Lovedale and literature for the Bantu; a brief history and a forecast. (Lovedale), Lovedale press, 1945. 111 p.
- Lovedale South Africa; the story of a century 1841-1941. Lovedale, Lovedale press, 1940. 531 p.
- Shrewsbury, J.V.B. Memorials of the Rev. William J. Shrewsbury, by his son ... Londen, Hamilton, Adams & co., 1869. 528 p.
- Slee, A.T.C. Some aspects of Wesleyan Methodism in the Albany District between 1830 and 1844. Grahamstad, Rhodes-Universiteit, (g.d.). 151 p. (M.A.-verhandelings.)
- Smith, A. The diary of dr. Andrew Smith ... 1834-1836. Kaapstad, Van Riebeeckvereniging, 1939. 2 dle.
- Smith, Anna H. Die Afrikaanse versameling in die Johannesburgse Openbare Biblioteek. Africana Aantekeninge en Nuus, 1(2):16-8, 1944.
- Chronological list of the more important places in South Africa where printing was introduced during the early years. Suid-Afrikaanse Biblioteke, 6:67-71, 1939.
- Smith, E.W. African ideas of God. Londen, Edinburgh House press, 1950. 308 p.
- The Mabilles of Basutoland. (Londen), Hodder & Stoughton, 1939. 382 p.
- The shrine of a people's soul. Londen, Edinburgh House press, 1929. 208 p.
- Smith, T. The earnest missionary; a memoir of the Rev. Horatio Pearse; 4th ed. Londen, Hamilton, 1870. 277 p.
- Memoir of the Rev. J.W. Appleyard, Wesleyan missionary in South Africa. Londen, Wesleyan Missionary Society, 1881. 139 p.

- The South African Christian Watchman and Missionary Magazine, Apr.-Okt. 1847.
- Sparrman, A. A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772-1776; 2nd ed. Londen, Robinson, 1786. 2 dle.
- Statement of the Committee of the Cape Town Auxilary to the British and Foreign Bible Society, relative to the means employed by them in aid of the translation, printing, and circulation of the Scriptures in the Kafir and other vernacular dialects of South Africa. Kaapstad, Pike, 1856. 24 p.
- Suid-Afrikaanse argiefstukke: Kaap, no.1. Kaapstad, 1957. 425 p.
- Taylor, J.D. The American Board Mission in South Africa. Durban, Singleton, 1911. 99 p.
- Theal, G.M. Ethnography and condition of South Africa before A.D. 1505... Londen, Allen & Unwin, 1919. 466 p.
- Thunberg, K.P. Travels in Europe, Africa and Asia. Londen, Rivington, 1795. 4 dle.
- Transactions of the Missionary Society. Londen, Williams, 1804-1813. 3 dle.
- Tylden, G. The rise of the Basuto. Kaapstad, Juta, 1950. 270 p.
- Van der Merwe, F.Z. Suid-Afrikaanse musiekbibliografie, 1787-1952. Pretoria, Van Schaik, 1958. 410 p.
- Van der Merwe, P.J. Die trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie. Kaapstad, Nasionale pers, 1938. 334 p.
- Van Riebeeck, J. Journal of ... 1651-1662. Kaapstad, Balkema, 1952-1958. 3 dle.
- Varley, D.H. The Bethelsdorp catechism of 1804. Africana Aantekeninge en Nuus, 4:3-8, 1946.
- An early Cape printing discovery. Kwartaalblad van die Suid-Afrikaanse Biblioteek, 1:7-12, 1946.
- Vedder, H. The Nama. (In Hahn, C.H.L., Vedder, H. en Fourie, L. The Native tribes of South West Africa. Londen, Cass, 1966. p.107-152.)
- red. Quellen zur Geschichte von Südwest-Afrika. Ongepubliseerde manuskrip in besit van die Universiteit van Stellenbosch.

Vedder, H. South West Africa in early times. Londen, Frank Cass, 1966. 525 p.

——— Die voorgesiedenis van Suidwes-Afrika. Windhoek, Meinert, 1937. 751 p.

——— Zur Vorgeschichte der eingeborenen Völkerschaften von Südwest-Afrika. Joernaal van die S.W.A. Wetenskaplike Vereniging, 1:39, 1925-26.

Venter, I.S.J. Die Anglikaanse Kerk en die onderwys in die Oranje-Vrystaat, 1854-1900. Pretoria, Van Schaik, 1959. 268 p.

——— Platberg, die eerste Wesleyaanse sendingstasie in die Transgariëp, 1826-1833. Kwartaalblad van die Suid-Afrikaanse Biblioteek, 22:69-75, 1968.

——— Die rol van die drukpers in die Wesleyaanse Betsjoeanasending gedurende die halfeeue 1825-1875. Historia, 4:161-9, 1959.

——— Die rol wat die Engelse Kerke gespeel het in die onderwys in die gebied tussen die Oranje- en die Vaalrivier vanaf 1826 tot 1900. Bloemfontein, U.O.V.S., 1956. 761 p. (D.Ed.-proefskrif.)

W.S.G. Argief van die Wesleyaanse Sendinggenootskap te londen. Archbell aan die Sendingkomitee, gedateer te Platberg 30.6.1830.

——— Thaba Nchu 1.8.1836.

Edwards aan die Sendingkomitee, gedateer te Umpukani 6.10.1837.

Giddy aan die Sendingkomitee, gedateer te Thaba Nchu 7.10.1837.

Walker, J.A. A study of certain aspects of the Mount Coke Missionary Institution. Grahamstad, Rhodes-Universiteit, 1955. 185 p. (B.D.-skripsie.)

Wells, J. Stewart of Lovedale. Londen, Hodder & Stoughton, 1909. 419 p.

Werner, A. Myths and legends of the Bantu. Londen, Harrap, 1933. 334 p.

Williams, D. The missionaries on the eastern frontier of the Cape Colony, 1799-1853. Johannesburg, Witwatersrandse Universiteit, 1960. 553 p. (D.Phil.-proefskrif.)

——— When races meet. Johannesburg, A.P.B., 1967. 246 p.

Young, R. African wastes reclaimed. Londen, Dent, 1902. 268 p.

Zuid-Afrikaansche Genootskap. Inkomende briewe, 25.3.1800. N.G.-Kerkargief, Kaapstad.

——— Uitgaande briewe, 20.5.1799. N.G.-Kerkargief, Kaapstad.